VIR ELKE DAG

'n Bybelse Dagboek
ten dienste van
die daaglikse gebruik
deur gelowiges.

1972

VOORWOORD

Die sewende aflewering van hierdie kort oordenkings vir elke jaar bring ons by die Bybelse voltal sewe. Die redaksie nodig alle gebruikers van die dagboek om ons van hulle kommentaar oor die inhoud en vorm van die oordenkings te voorsien. Graag sou ons ook van predikante en kerkrade berig ontvang oor die gebruik van die dagboek deur lidmate van die kerk. Ons bedoeling is immers dat die dagboek gebruik sal word. Word hy wel gebruik en deur hoeveel lidmate van die kerk?

Met betrekking tot die medewerkers vir die uitgawe van 1969 word die volgende korreksie aangebring sodat dit sal lees:

21-27 Sept.: C. J. Mans.
28 Sept. — 4 Okt.: N. H. Buitenweg.
5-11 Okt.: D. F. Erasmus (Jnr.)
12-18 Okt.: J. J. Engelbrecht (Jnr.)
19-25 Okt.: P. W. van Heerden.
26 Okt. — 1 Nov.: J. G. du Plessis
2-8 Nov.: J. H. Koekemoer.
9-15 Nov.: S. J. Botha.
16-22 Nov.: E. Engelbrecht.
23-29 Nov.: H. G. van der Westhuizen.

en van 1970:

14-20 Junie: W. J. Engelbrecht.

On hartlike dank aan ons medewerkers wie se name hier onder verskyn, en in besonder aan ds. P. M. Smith wat die verantwoordelikheid vir die ontvangs van die bydraes en die tegniese versorging op hom geneem het.

F. J. van Zyl.
B. J. Engelbrecht.
J. P. Oberholzer.

MEDEWERKERS

1-7 Jan.: F. G. J. Loots.
8-14 Jan.: L. M. le Roux.
15-21 Jan.: S. P. Viljoen.
22-28 Jan.: J. J. Engelbrecht (Snr.)
29 Jan. — 4 Feb.: A. J. Nolte.
5-11 Feb.: G. J. J. Roos
12-18 Feb.: J. A. Smit.
19-25 Feb.: D. B. Snyman.
26 Feb. — 3 Maart: J. D. H. Smit.
4-10 Maart: P. G. van Staden.

11-17 Maart: Thos. F. Dreyer.
18-24 Maart: C. G. Botha.
25-31 Maart: G. J. van Jaarsveld.
1-7 April: C. J. S. van Niekerk.
8-14 April: J. H. Naude.
15-21 April: P. J. T. Koekemoer.
22-28 April; J. P. B. Viljoen.
29 April — 5 Mei: J. J. Smit.
6-12 Mei: J. H. Koekemoer.
13-19 Mei: S. J. Botha.
20-26 Mei: E. Engelbrecht.
27 Mei — 2 Junie: H. G. van der Westhuizen.
3-9 Junie: S. J. Prins.
10-16 Junie: N. H. Buitenweg.
17-23 Junie: R. P. Botha.
24-30 Junie: J. B. J van Rensburg.
1-7 Julie: J. C. de Lange.
8-14 Julie: F. du C. Labuschagne.
15-21 Julie: M. J. Redelinghuys.
22-28 Julie: D. F. Erasmus (Jnr.)
29 Julie — 4 Aug.: J. J. Engelbrecht (Jnr.)
5-11 Aug.: L. A. Nel
12-18 Aug. C. L. Badenhorst.
19-25 Aug.: A. A. da Silva.
26 Aug. — 1 Sept.: J. H. H. Jacobs.
2-8 Sept: T. Snyman.
9-15 Sept.: G. N. Bloem.
16-22 Sept.: P. P. Jooste.
23-29 Sept.: L. A. Pretorius.
30 Sept. — 6 Okt.: J. Steyn.
7-13 Okt.: J. J. P. Muller.
14-20 Okt.: Hans Dreyer.
21-27 Okt.: D. J. Claassens.
28 Okt. — 3 Nov.: H. C. Coetzee.
4-10 Nov.: P. J. de Beer.
11-17 Nov.: T. F. J. Dreyer (Jnr.)
18-24 Nov.: L. J. Steyn.
25 Nov. — 1 Des.: W. H. Steyn.
2-8 Des.: C. J. Botha.
9-15 Des.: P. J. van der Merwe.
16-22 Des.: W. J. Bezuidenhout.
23-29 Des.: D. J. Smith.
30-31 Des.: J. H. van Heerden.

1 Januarie. **Lees** Mark. 1:1-8. **Teks:** Mark. 1:3.

NUWEJAARSVOORNEMENS.

Waar ons nou weer 'n jaar betree wat sig **voor ons uitstrek,** is dit goed en reg dat ons ook dink aan die pad wat agter ons lê. Dit is noodsaaklik dat ons aandag aan ons eie lewensloop sal gee. Wat is my verhouding tot God? Wat is die oorsaak dat ek koud geword het in my geloof? Wat doen ek met my Bybel? Gaan ek nog op my knieë om tot God te bid? Wat doen ek met die talle geleenthede wat die Here God aan my gee? Die jaar 1972 het aangebreek, 'n jaar met al sy onbekendhede, 'n jaar waarin ons weer die lief en die leed van die lewe sal ondervind.

„Berei die weg van die Here." Terwyl Johannes homself in die woestyn teruggetrek het, is hy deur God voorberei vir sy besondere lewenstaak. Hierdie taak het ingesluit dat Johannes moes verkondig, dat hy as voorloper, as padregmaker van die Verlosser moes dien. Daarom was dit nodig en het dit deel uitgemaak van Johannes se kragtige prediking dat die weg van die Here berei moes word. Dit was noodsaaklik dat die wegbereiding sou geskied, sodat alle geestelike hindernisse uit die weg geruim word, sodat Christus 'n onbelemmerde toegang tot die harte sou hê. Daarom kan die prediking van Johannes saamgevat word in sy eie woorde: „Bekeer julle." Hierdie bekering van die mens dui op 'n verandering van die mens se verhouding tot God. So vra God van die mens 'n toegewyde hart, 'n lewe waarin die mens hom aan God oorgee.

Wat moes Johannes dan doen, hoe moes hy die weg berei? Alleen dit: Dat die mense wakker gemaak word uit hulle diepe sondeslaap. Daarom het Johannes voortgegaan met sy prediking, het hy op sy kragtige manier gepoog om die mense tot ware berou te bring. Het ons **al** tot daardie berou oor ons sonde en belydenis van ons oortredinge gekom?

2 Januarie. **Lees** Mark. 1:9-13. **Teks:** Mark. 1:9.

JESUS IS GEDOOP

Ons was al talle kere teenwoordig wanneer die doop van mense **plaasvind.** Elke keer bring die doop gedagtes navore, raak ons meer **en** meer bewus van die Here God se allesoortreffende liefde. In die **doop** spreek Hy tot die mens dat ons Sy eiendom is, dat ons in die **liggaam** van Christus ingeplant word.

In die tyd toe Johannes besig was om te doop, kom Jesus van **Násaret** in Galiléa en laat Hom deur Johannes in die Jordaanrivier doop. Dit klink vir ons meteens baie eienaardig dat Jesus gedoop word. Hy is dan sonder sonde. Waarom dan die doop van bekering tot vergifnis van sonde ontvang? Ons moet die doop van Jesus sien as 'n daad waarvan Hy ten volle bewus was. Hy het geweet dat Hy die Een is wat die sou kom, dat Hy sou instaan vir die sonde van Sy volk. Hy moes die wil van Sy Vader volbring. Hierdie Jesus het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Daarom word Hy gedoop, omdat Hy een is met Sy volk, omdat Hy ons krankhede op Hom geneem en ons smarte gedra het.

Die doop behoort nie iets anders te preek nie, as net maar genade. God het geen welgevalle daarin dat ons verlore gaan nie, maar daarin dat ons ons bekeer en lewe. Nou dien dit as ryke troos, as eindelose bemoediging dat Jesus vir ons tot sonde gemaak is. Hy het in ons plek kom staan om die toorn van God teen die sonde te dra. Vertel aan u kinders dat hulle gedoop is en sê aan hulle wat die doop beteken.

3 Januarie. **Lees** Mark. 1:14-20. **Teks:** Mark. 1:17.

LIDMAATSKAP

Wanneer aan ons gevra word waarom ons lidmate van die kerk is, sal ons baie uiteenlopende antwoorde vind. Moontlik het ons baie jare gelede voor die kansel gestaan, moontlik lê die aflegging van ons belydenis in die nabye verlede. Weet u dat die kerklike lewe in 'n baie groot gevaar staan dat alles kan verword tot doodsheid? Die mens is self die oorsaak daarvan dat dit so word. Ons moet altyd in gedagte hou dat dit mense is wat aan die kerk behoort, nie omdat ons sulke besondere eienskappe het nie. 'n Mens word ook nie lid van die kerk, soos wat iemand lid van 'n vereniging of organisasie word nie. Nee, ons is lidmate, omdat God vir ons raakgesien het.

Twee broers, Simon en Andréas, is besig om vis te vang. Hulle is heel eenvoudige mense. Terwyl hulle besig is, hoor hulle 'n bevel van die kant van die meer: „Kom agter my aan." Hulle moet Jesus volg. Maar, sal ons sê, dit is mos baie onredelik dat hulle weggeroep word om agter iemand anders aan te loop. Wanneer jy besig is om arbeid te verrig, dan wil jy nie gepla word nie.

Die saak verander geheel en al, omdat hierdie iemand Anders, Jesus Christus is, Hy wat gekom het om diensbaar te wees, wat blindes laat sien en kreupeles laat loop het. Om Christus te volg, hou in dat hierdie manne bereid moes wees om diens te lewer. Dit bring mee dat so 'n persoon homself moet verloën, die oue mens met sy begeerlikhede moet kruisig. Om die roeping van Jesus te gehoorsaam, beteken 'n volle oorgawe.

Ons het ons die roeping laat welgeval toe ons in die openbaar belydenis van die geloof afgelê het. Wat doen ons met ons roeping?

4 Januarie. **Lees** Mark. 1:14-20. **Teks:** Mark. 1:18

SONDER HUIWERING MOET ONS VOLG

Is dit nie so dat ons male sonder tal blare soek waaragter ons kan skuil nie? Sou aan ons gevra word waarom ons nie die kerk besoek nie, is dit heel maklik om verskonings uit te dink. Die mens is maar altoos geneig om weg te vlug, om agter een of ander blaar te skuil. So was dit van die vroegste tye af. Toe ons lidmate geword het, het ons dit met verantwoordelikheid geword. Ons het in die openbaar bely dat ons in God glo, ons het die roeping van God met 'n „ja" beantwoord. Ons moes kies tussen die lewende God en die ongelowige wêreld.

Terwyl Simon en Andreas besig was om hulle daaglikse beroep uit te oefen, is hulle aangespreek. Hulle wat elke dag talle opofferings moes doen sodat hulle aan die lewe kon bly, ontvang nie alleen 'n uitnodiging van God nie, maar 'n bevel. Hierdie manne het nie na blare gesoek of weggevlug van God se aangesig nie. Hulle het dadelik hulle nette laat staan en Jesus gevolg. Hulle het geen rede aangevoer dat Jesus eers 'n bietjie moes wag nie. Op 'n onvoorwaardelike wyse het hulle hulle die roeping laat welgeval.

Toe God ons geroep het, het ons met ons ja 'n keuse gemaak. Aangesien ons gekies het om God te volg, beteken dit dat ons ons met volkome vertroue in die hande van God plaas. Hy is die Een wat ons lei, vertroos en versorg in alle tydelike en ewige dinge.

Waar ons dan lidmate van die kerk is, mag ons nooit die lees van die Bybel verwaarloos, die gebed in ons binnekamer vergeet nie, mag ons nooit ons onderlinge byeenkomste in die kerk versuim nie. Ons roeping mag nooit sonder getrouheid en erns daaraan toe gaan nie. Ons lewenswandel van elke dag moet digte aansluiting met ons belydenis vind. Stel ons nie maar telkemale uit om ons nette, om ons belange te verlaat nie?

5 Januarie. **Lees** Mark. 1:21-28. **Teks:** Mark. 1:27.

MET GESAG BEKLEE.

Die toestand van die sonde waarbinne die mens beweeg, is tog so anders as wat God bedoel het. Hy het die mens na Sy beeld en gelykenis geskape. Dit was die bedoeling van God met die mens dat die mens in God se goedheid moes voortbeweeg. Die mens wou dit so anders hê. Hy het sonde gedoen, hy het in opstand teen God gekom.

Die Here God het die mens nie in hierdie verlore en vervalle toestand gelaat nie. Hy het ons eerste liefgehad, so lief dat Hy Sy eie, enigste en geliefde Seun na ons gestuur het. God het in Sy neerbuigende liefde Sy hand na ons uitgesteek om ons uit die modderige slyk van die sonde op te help.

Tydens Sy omwandeling op aarde het Jesus verskeie genesings en wonders laat plaasvind. Die bedoeling hiervan is geensins daarop ingestel om Hom net as 'n wonderdoener te beskou nie. Deur Sy persoon en werke, deur Sy Woord en leer, openbaar God Homself aan die mens.

Terwyl Jesus besig is om op die sabbat die mense te leer, het 'n man met 'n onreine gees met harde uitroepe blyke gegee dat hy in verset teen Jesus is. Die bose gees in die man het deur die teenwoordigheid van Jesus hom bedreig gevoel. Vandaar dan ook sy uitroepe dat Jesus moet ophou om die skare te leer. Hierdie Jesus het die skare geleer soos Een wat gesag het, omdat Hy met die Heilige Gees gesalf is, omdat Hy gestuurde van God is.

Daarom kon Jesus die onreine gees bestraf en met gesag praat. Die skare wat dit aanskou het, was baie verbaas. Hulle kon nie 'n gangbare verklaring vind waarom die onreine gees aan Jesus gehoorsaam is nie. Hierdie Jesus het gekom om die werke van die duiwel te verbreek. Waar ons mag terugkyk na die kruis op Golgota, het ons die versekering dat die magte van die hel gebreek, dat die onreine geeste nie oorwinning nie, maar neerlaag gesmaak het.

6 Januarie. **Lees** Mark. 2:1-12. **Teks**: Mark. 2:5.

SONDEVERGEWING

Daar is seker geen mens op aarde wat nie probleme het nie. Ons tref uiteenlopende moeilikhede aan, maar elkeen van hulle het op sy eie manier 'n uitwerking op die gesteldheid van die mens. Een van die sake wat 'n uitwerking op die mens het, is krankheid. Soms hou siekte vir weke, maande, selfs vir jare aan. So kan 'n mens maar net rondom jou kyk, bewus raak van daardie sake wat onrus en soms pyn in die binneste wek.

Van die vroegste tye af was dit so dat daar krankheid in die wêreld is. Uit die gelese Skrifgedeelte verneem ons van 'n man wat verlam is. Toe Jesus per geleentheid in Kapérnaüm kom, het Hy in 'n sekere huis gegaan om aan die mense die Woord te verkondig. Van alle oorde het hulle toegestroom. Daar was so 'n menigte dat niemand van buite daardie huis meer kon binnegaan nie.

Onder hulle wat gehoor het dat Jesus in Kapérnaüm is, was die verlamde man en sy vriende. Weens die drukte van die skare kon hulle nie by die deur van die huis ingaan nie. Hulle het egter nie die weg na hulle eie huis opgesoek nie. Daarom het hulle hulle skrede na die trap van die huis gewend, wat aan hulle geleentheid sou bied om die verlamde by Jesus te kry. Nadat hulle die dak oopgebreek het, laat hulle die verlamde op sy bed afsak.

„Seun, jou sondes is jou vergewe!" Jesus ken die grootste nood van die mens, die grootste ellende van die hart. Daarom sien Hy verby die verlamming en spreek Hy van die vergifnis van sonde. Hy kon van die vergewing van sonde praat, omdat Sy koms na die aarde inhou dat Hy Sy volk van hulle sonde verlos. Jesus was nie gebind om eers, soos die Jode van ouds, 'n offer te bring nie, want Hy is dan self die Lam wat na die slagplek gelei is. Dit kon die mense nie verstaan nie, want Golgota het nog vir Hom gewag.

Dit dien vir ons as troos dat Golgota agter ons lê, dat ons krankhede en smarte gedra is. Daarom kan ons met blymoedigheid en vaste vertroue die toekoms inbeweeg, hoef die probleme nie die lus om te lewe ons ontneem nie.

7 Januarie. **Lees** Mark. 2:1-12. **Teks.** Mark. 2:11.

OPSTANDING

Die verlamde man wat op sy bed neergelaat is, sodat hy by Jesus kon uitkom, het eers verneem van die vergifnis van sonde. In hierdie huis was ook skrifgeleerdes teenwoordig, hulle wat 'n saak wou vind waarop Jesus aangekla kon word. Toe hulle dan verneem van die vergifnis van sonde waarvan Jesus praat, het dit dadelik hulle teenstand opgewek. Hulle was van mening dat Hy godslasterlik praat, want wie kan sonde vergewe, behalwe God.

Daarom het Jesus gehandel, sodat die mense kon sien dat Hy ook mag het om genesing te bewerk. „Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe." Omdat die sondes hom vergewe is, omdat die grootste nood hom ontneem is, daarom het Jesus opdrag gegee dat die verlamde opstaan.

Elke Sondag is dit opstandingsdag. Sondag, 'n dag in die week waartydens ons ons moet onttrek van ons gewone daaglikse werk, 'n dag waarop ons saam met die gemeente in erediens moet vergader, sodat ons mag verneem van die Christus wat opgestaan het. Opstanding, omdat ons sondes ons ook vergewe is deur Jesus Christus se sterwe aan die kruis.

Snaaks genoeg, dat die koms van Jesus in hierdie wêreld die weerstand van die mense opwek. Sy koms dien vir sommiges as aanstoot en ergenis, maar Goddank vir ander dien dit as verheerliking van Sy Naam, die evangelie wat krag tot saligheid en redding is vir elkeen wat glo.

Mag God ons telkens laaf deur die gehoor van die gepredikte Woord. Mag Hy die geloof in ons wek deur die werking van die Heilige Gees. Mag ons telkens by doop en nagmaal na die innerlike gevoed en gesterk word tot by die Wederkoms van Christus.

8 Januarie. **Lees** Mark. 2:13-17. **Teks.** Mark. 2:14.

ONS IS GEROEP! WAT DOEN ONS?

Daarvoor het Jesus Christus in hierdie wêreld gekom: Om te roep. Hy roep uit die duisternis tot sy wonderbare lig. Hy roep ons tot sy koninkryk. Hy roep ons uit die gebied waar ons ons eie selfsugtige verlangens bevredig tot die gehoorsaamheid aan Hom. Dit het Hy daardie dag, waarvan ons gelees het, met Levi gedoen. Hierdie man kon so 'n bevoorregting seker nooit verwag het nie. Sy medemense kon dit ook glad nie begryp nie.

Hy was seker die mees veragtelike man in Kapérnaüm. Levi was 'n tollenaar. Tollenaar was, in daardie dae, deur elkeen gehaat. Daar was twee soorte van hulle. Die soort wat minder verag was, was die gewone belastingamptenare. In opdrag van die Romeinse owerheid het hulle die gewone verpligte belastings op die inkomste, ingevorder. So moes byvoorbeeld elkeen een tiende van die graanoes afgee. Die groep wat egter met wrewelige haat en afsku bejeën was, was die doeane amptenare. Levi was 'n doeane amptenaar. Hulle moes op alle in- en uitvoer die tol hef. Daarom was sy tolkantoor heelwaarskynlik ook naby die see van Galiléa. Elke skip wat van die anderkant van die meer gekom het is deursoek, en tol is gehef. Ook die karavane van handelsreisigers is deur tolamptenare voorgekeer, deursoek en belas. Briewe, pakkette ensovoorts is oopgemaak deur hierdie gehate uitsuiers en handlangers van die vreemde owerheid.

Van uit sy tolkantoor het hierdie parasiet en volksverraaier alle mensebewegings in Kapérnaüm gadegeslaan. Toe groot mensemassas rondom Jesus saamgedrom het, moes hy dit ook gewaar het. Hy moes op die een of ander wyse ook berig ontvang het van wat Jesus gesê en gedoen het. By dit alles was sy lewe ook glad nie so rustig van binne nie. Die onrus het toegeneem telkens as hy van Jesus hoor. Tegelyk het die verlange begin groei om ook met Jesus self in aanraking te kom. Maar dit was feitlik onmoontlik. Jesus sal ook maar net soos die ander, vir hom geen tyd of aandag oor hê nie. Hy voel dat sy lewe nie in orde is nie. Dat hy deur die onregverdige manier waarop hy sy beroep uitgeoefen het, hom nie alleen gehaat gemaak het by die mense nie, maar ook diep skuldig voor God. As hy tog maar voor

Jesus al die ellende van sy lewe kon uitkla. As hy maar die ganse tollenaarslewe vaarwel kon sê, en 'n nuwe lewe kon begin. Op so 'n moment was dit, heelwaarskynlik, dat Jesus by sy kantoor verbygegaan het, en hom sien sit het. Maar Jesus sien veel dieper. Hy ken die skuldgevoel en die hunkering van Levi. En toe, toe het Hy niks anders gedoen as net maar een kort en wonderlike woord gespreek: „Volg My." Waar ons vandag ook al beland het, in watter ongelukkige sielstoestand ons ook al verkeer, Jesus ken ons en Hy sê dieselfde woorde aan ons. Levi het onmiddellik opgestaan en Hom gevolg. Wat gaan ons doen?

9 Januarie. **Lees** Mark. 2:18-22. **Teks.** Mark. 2:19.

BLYMOEDIGHEID EN GEEN LANG GESIGTE NIE.

Nadat Levi Jesus gevolg het, was daar 'n maaltyd waar baie tollenaars en sondaars saam met Jesus en sy dissipels geëet het. Dit het heelwaarskynlik op 'n vasdag gebeur. Maandag en Donderdag was vasdae. Die Fariseërs het gesê, dat Moses op 'n Maandag die berg Sinai bestyg het, toe hy die tweede keer die tafels van die Wet ontvang het. Op 'n Donderdag het hy weer van die berg afgedaal. Daarom het hulle op die twee dae gevas. Johannes die Doper se dissipels het hulle ook aangesluit by hierdie gebruik. Daarom was hulle, sowel as die Fariseërs, verbaas dat Jesus en sy volgelinge die gebruik nie in ere hou nie. Jesus het hulle toe daarop gewys, dat Hy die Evangelie, dit is die blye boodskap bring. As Hy blydskap bring, kan daar tog nie langer die stroewe en droewe gesigte wees, wat op die vasdae gesien was nie. Bruilofsgaste is mos nie bedruk en bedroef as die bruidegom by hulle is nie. Sou die dissipels van Johannes dan vergeet het, dat hulle leidsman, Jesus die bruidegom, die Messias, wat die vreugde bring. genoem het. Daar sal wel vir sy volgelinge 'n kort onderbreking in die bruilofsvreugde kom. Die Bruidegom sal weggeruk word. Tog sal daardie nuwe vasdag iets anders wees as die ou vasdae. Dit sal 'n Goeie Vrydag wees. Die nuwe wat Christus bring kan ook nie in die ou vorme gesit word nie. 'n Nuwe stuk lap, kan nie op 'n ou kleed vasgewerk word nie. God maak alle dinge deur Jesus Christus nuut. Die nuwe lap wat nog nie gewas is nie, sal krimp en die oue skeur. So ook met nuwe wyn wat nog sal gis. In 'n ou leersak sal dit skeure veroorsaak, en die wyn sal uitloop. Daar moet ooreenstemming wees tussen die inhoud en vorm. Daarom het die Protestantse Kerk ook 'n ander erediensvorm as die Rooms Katolieke Kerk. Ons kan nie die Evangelie van Christus aanneem, en dit wil aanpas aan ou en niechristelike gewoontes en beskouinge nie.

10 Januarie. **Lees** Mark. 2:23-28. **Teks:** Mark. 2:28.

BOTSING MET JESUS OOR DIE SABBAT

Na die botsing met Jesus oor die vasdae, kom die konflik oor die sabbatsbeskouing. Sulke botsings oor die sabbatsopvatting het dikwels voorgekom en die haat wat op die kruisdood van Jesus sou uitloop, versterk. Die sabbat was oorspronklik 'n gawe van God aan sy volk Israel. Die volk ontvang die geskenk, die seën van God om elke week

een dag onder-die-werk-uit-te-kom. Wie dit so neem voel die vaderlike in die sabbat. Hulle kom tot die houding van kinders tot hul Vader. Hulle snap wat Hy bedoel met sy geskenk en weldaad aan hulle, naamlik **hou 'n oomblik op met u swoeë, kyk op na My en luister 'n bietjie.**

Die dag word van God uit ontvang. Hier word niks van die mens uit gedoen, om as prestasie voor God en die ander mense, te dien nie. Die sabbat is deur God aan die mense gegee van uit sy goedheid, ter wille van die welsyn en die beswil van die mens. Die mens is nie 'n slaaf van die sabbat nie. Op die dag sien die mens deur die gawe heen, die vaderlike Gewer met dankbaarheid aan.

Die Fariseërs het daar heeltemal iets anders van gemaak. Dit het in plaas van 'n weldaad van God, geword 'n dag van angsvallige sorg. Reekse van werksaamhede wat op die sabbat nie geoorloof was nie, is opgestel. Daarop het nog weer 'n onderverdeling gevolg. Een van die onderdele was ook die are wat nie op die sabbat gepluk moes word nie.

Op al die pogings om die sabbat ongeskonde te bewaar, het Jesus geantwoord dat die sabbat daar is ter wille van die mens en nie omgekeerd nie. Dat Jesus Christus die Here ook van die sabbat is. Die sabbat moet Hom dien en moet daarom 'n vreugdedag, 'n genadedag bly. Jesus doen so nie te kort aan die sabbat nie, maar gee die sabbat sy oorspronklike betekenis terug. Hy bevry die sabbat van die Farisese verwording van die rusdag. Ons moet op Sondag, die dag van die Here altyd in vreugde en dankbaarheid in die kerkdiens en in die omgang met ons Bybel, God loof wat die sabbat soos dit oorspronklik was, weer aan ons teruggegee het.

11 Januarie. **Lees** Mark. 3:1-6. **Teks:** Mark. 3:4.

OP DIE SABBAT MOET ONS BARMHARTIGHEID BEWYS.

Barmhartigheidsdiens is altyd vreugdesdiens. Dit geld vir sowel die wat dit ontvang as vir wat dit betoon. Die vreugde van die sabbat word verstik in die Farisese pynlike nakoming van die baie gebooie en verbooie. By die barmhartigheidsdiens gee die liefde die deurslag. By Jesus Christus, wat die wesenlike in die sabbat terugbring, is die liefde van God die begin en die einde.

Die Fariseërs in hul liefdeloosheid het baie skerp oë vir die sabbatsgebod. Gepaardgaande met hul opvatting, is daar die vanselfsprekende groeiende haat teen die liefde. Daarom het hulle weer op die sabbat Jesus dopgehou. Hulle het geweet dat daar by Hom barmhartigheid is, en dat dit die gestalte sal aanneem waar daar lyding verduur word.

In die sinagoge was 'n man met spierverlamming in sy regterhand. Rondom hierdie man sal die **liefde van Jesus,** wat die vreugdevolle van die sabbat terugbring, en die **haat van die Fariseërs,** wat die sabbat tot 'n pynbank vir die mense gemaak het, teenoor mekaar te staan kom. Die siekte van hierdie man was nie 'n onmiddellike bedreiging van die lewe nie. Daarom was genesing hier 'n oortreding van die sabbatsgebod. Indien Jesus hom gaan genees, kan hulle met 'n duidelike aanklag teen Hom kom. Jesus het dit nie ontwyk nie. Hy neem die stryd op teen die haat. Hy roep die man wat ly om op te staan. Opstaan is 'n geloofsdaad. So kry die mag van Jesus ruimte. Hy werk alleen met mense tot verlossing as hulle glo. Hierdie man kom deur die geloofsdaad tot die vryheid en die vreugde. Daar sal die vrug nie uit bly nie.

Maar Jesus is besig met die stryd teen die haat. Die haat wat hier eintlik toegespits is op Jesus wat self die liefde is. Daarom vra Hy: „Is dit geoofloof om op die sabbat goed of kwaad te doen, 'n lewe te red of dood te maak?" Om hier niks te doen nie, of te versuim om goed te doen, is dieselfde as kwaad te doen. Daar was geen antwoord nie. Toe het Jesus die Here van die sabbat self die antwoord gegee in droefheid en toorn oor hulle liefdeloosheid, en vir die man gesê: „Steek jou hand uit." Toe hy dit doen, was hy genees. So bring Jesus die sabbat op daardie plek en dag in sy ware wese terug vir die noodlydende. So sal Hy eenmaal die ganse noodlydende mensheid, wat opstaan as Hy spreek en gelowig op Hom wag, terugvoer na die ewige sabbatsvreugde by God. Mag God gee dat ons ook daarin sal deel, terwyl ons hier reeds die voorsmaak van die egte sabbatsvreugde sal ken, waar ons op die dag van die Here barmhartigheid gaan bewys aan ons medemens.

12 Januarie. **Lees** Mark. 3:13-19. **Teks:** Mark. 3:14.

DIE DOEL VAN ONS ROEPING

Jesus Christus het uit die skare wat Hom gevolg het, **twaalf** „wat Hy wou hê" aangestel „sodat hulle saam met Hom kon wees, en Hy hulle kon uitstuur om te preek." Dat Hy die twaalf gekies het, is sy eie vrye wil. Hulle sal deel uitmaak van sy sending in die wêreld. Hulle moet voortdurend in die toekoms met Hom wees. Dus sy dissipels wat van Hom moet leer. Dissipel beteken leerling. Maar hulle sal ook in die toekoms uitgestuur word. Die naam apostel beteken gestuurde. Hulle sal ook mag kry oor die demone. Christus het in hierdie wêreld gekom om die mensdom van die demone te verlos. Hierdie stryd sal deurgaan tot die eindoorwinning, wanneer daar 'n finale afrekening met hulle sal kom. Dan sal die Koninkryk van God, waarvoor Hy gekom het, volledig wees. Hy het twaalf gekies. Dit is nie 'n toevalligheid nie. Die getal herinner aan die indeling van die volk in twaalf stamme. Jesus lê daarmee beslag op gans Israel, en op die ganse mensdom. Want met die twaalf kom die vorming van die nuwe volk van die Here. Die twaalf verteenwoordig die Kerk van Christus in hierdie eindtyd waarin ons ook lewe. Die Christelike Kerk is in kiem aanwesig in die twaalf, wat Jesus daar uitgekies het.

Was dit 'n party wat Hy gestig het? Nee! Dit gaan veel dieper. Die twaalf is die nuwe stamvaders van die nuwe Volk van God. So gesien was dit ook dapper en moedig toe die twaalf „Ja" gesê het op die roeping. Hulle het tog ook gewaar hoe daar onweerswolke oor Jesus begin opsteek het.

Wanneer ons die name van die twaalf noukeurig nagaan, sien ons verskil in aanleg, kultuur en tradisie. Twee kom uit die kring waar Griekse invloed heers, naamlik Andréas en Filippus. Daar is 'n tollenaar, naamlik Matthéüs en 'n seloot Simon, die allerfelste teenstander van die Romeinse owerheid. Maar hulle is een in hunkering en visie op die Koninkryk van God, wat vir die ganse mensheid moet kom.

Ons word ook vandag, al is dit nie op die selfde wyse nie, geroep om leerlinge van Jesus te wees en om wat Hy gebring het na ander deur te gee.

13 Januarie. **Lees** Mark. 3:20-30. **Teks:** Mark. 3:29.

DIE SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES.

Daar is twee soorte verhoudings ten opsigte van die Nuwe Koninkryk wat Jesus Christus gebring het moontlik: 1. Wanbegrip soos by sy familie en 2. vyandskap soos by die skrifgeleerdes en Fariseërs.

Teenoor die eerste groep het Jesus met groot verdraagsaamheid gestaan. Daar is by Hom vergewing van hulle sonde. Maar wat die tweede geroep betref kom daar 'n grens aan sy genade en vergewing. Hy noem dit die sonde teen die Heilige Gees, wat die ewige oordeel ten gevolg gaan hê.

Skrifgeleerdes het van Jerusalem gekom om as gevolg van die spanning wat rondom Jesus opgelaai het, verdere ondersoek in te stel. Hulle oordeel was tweevoudig: 1. Hy het Beëlsebul, dit wil sê, Hy is deur daardie duiwel besete. 2. Hy het 'n verbond met die opperduiwel gesluit om self duiwels te kan uitdryf. Hulle erken dus, dat Hy duiwels uitdryf, maar stel dit nie in verband met die Koninkyrk van God wat Hy bring nie. Hy doen dit dus nie deur die Heilige Gees van God nie, maar deur die krag van die bose geeste.

Jesus gaan toe op hulle aantyging in, en weerlê dit met gelykenisse. Hoe kon Satan sy eie ryk dan ondermyn en vernietig. 'n Koninkryk wat aan burgeroorlog prysgegee word, moet ondergaan. 'n Huis wat teen homself verdeeld is, gaan tot niet. Indien iemand in die bose huis van die huisbewoner, Beëlsebul, inbreek, moet hy die sterk man eers boei voor hy sy huis kan berowe. As Hy klaar weerlê het, spreek Hy 'n goddelike waarheid uit wat Hy met die bekende „Amen" begin. Dit word hier met „voorwaar" vertaal. Dit lei 'n gewigtige en onwankelbare waarheidstelling in. Hy sê, dat daar 'n grens kom aan die vergewende genade van God. Die sonde teen die Heilige Gees sal tot in ewigheid nie vergewe word nie. In die erkenning dat duiwels deur Jesus uitgedrywe word, maar dat Hy dit nie deur die Heilige Gees doen soos wat Hy beweer nie, maar wel deur Beëlsebul, daarmee sondig hulle teen die Heilige Gees. Die Koninkryk van God, en die Gees van God hang baie nou met mekaar saam. Die sonde teen die Heilige Gees is hierdie teen-die-beterwete-in afwysing van die deurbraak van die Koninkryk van God in Jesus Christus. Dit is die hardnekkige selfhandhawing van die mens teenoor God, wat Homself in Jesus Christus openbaar. Dié sonde sal nie vergewe word nie. Ons kan die sonde teen die Heilige Gees ook so omskrywe: Bewuste verwerping en terugstoot van die reddende krag en genade, wat deur Jesus Christus na die mense kom. Die wat sig teen die **vergewing verset,** is daarvan **uitgesluit.** Dit is die sonde teen die Heilige Gees dat die mens wel die sending van Jesus Christus erken, maar dit tog afwys en vervloek. Wie die krag van die Heilige Gees in hierdie wêreld veragtelik duiwelswerk noem, en dit weerstaan, moet gewaarsku wees. God laat nie sy liefde deur moedswillige mense vertrap nie.

14 Januarie. **Lees** Mark. 3:31-35. **Teks:** Mark. 3:35.

VIR WIE NOEM JESUS SY FAMILIE?

Die familie van Jesus het Hom ook in die hande probeer kry daar waar die skrifgeleerdes Hom kom beskuldig het. Hulle het van sy

merkwaardige dade gehoor. Ook hulle het met wanbegrip teenoor Hom gestaan. Daardeur het hulle die wil van God, naamlik dat sy Koninkryk deur sy Seun Jesus Christus moet kom, weerstaan. Hulle wou Hom heelwaarskynlik verhinder om verder in botsing te kom met die leidsliede van die volk. Daarmee is ook hulle besig om mee te werk aan die oorwinning van die teenstanders van die Koninkryk van God. Maar teenoor sulke sonde, wat uit misverstand, en nie teen die-beter-wete-in, voortspruit nie, is Jesus lankmoedig.

Tog kan Hy die houding van sy familie nie goedkeur nie, en wys Hy dit af. Toe die wat aan die voete van Jesus sit vir Hom sê: „U moeder en u broers soek U daarbuite", antwoord Hy deur aan hulle te vra: „Wie is my moeder en my broers?" Toe kyk Hy rond na dié wat daar sit en sê: „Daar is my moeder en my broers!" Want elkeen wat die wil van God doen, dié is my broer en my suster en my moeder."

Die orde waaruit Hy lewe, styg uit bo die samehang van bloed en gesin. Vlees en bloed kan nie die Koninkryk van God beërwe nie. Die Koninkryk stig ook gemeenskap, maar dit is 'n gans ander gemeenskap! Dit is nie van hierdie wêreld nie. Die maatstaf is die navolging van Jesus Christus. Die nuwe gemeenskap is gerealiseer in diegene wat die wil van God doen. Hy bedoel die **heilswil** van God. Dit is die heilsraad van God. Dit is in Jesus Christus geopenbaar. Die wat met Jesus Christus deur geloof en geloofsgehoorsaamheid verbonde is, doen die heilswil van God in Hom. Jesus noem elkeen van ons wat so in die nuwe gemeenskap en gemeente opgeneem is, sy broer, sy suster en sy moeder.

15 Januarie. **Lees** Mark. 4:1-9. **Teks:** Mark. 4:2, 3.

DIE WOORD WAT GESAAI WORD.

Weer is Jesus besig om mense te leer. Sy klaskamer is by die see onder die blote hemel. Sy klas is nie 'n uitgesoekte groep nie maar 'n gewone volksmenigte. Sommige het ver gekom, hulle het moeite gedoen om by Hom te kom. Wonderlike dinge het hulle van Hom gehoor. Hulle wil self kom kyk en luister.

Jesus vertel en die menigte luister met aandag. Hy leer soos ander leermeesters van sy tyd ook gedoen het; deur middel van gelykenisse. 'n Gelykenis het altyd twee dele. Die eerste deel is 'n gewone vertelling uit die daaglikse lewe, daar is niks geheimsinnigs in nie. Die tweede deel is die les, die betekenis van die gelykenis en dit moet die leerling self uitmaak. Die gelykenis is dus soos 'n raaisel.

Die leerling wat nie goed luister nie sal nie by die les uitkom nie.

Met die gelykenis van die saaier, wat Jesus hier vertel, wil Hy sekere kenmerke van die koninkryk van God by sy hoorders tuisbring.

Hierdie mense het geluister en nie verstaan nie. Hulle verstaan nie omdat hulle Jesus met sy verlossingswerk nie verstaan nie. Hulle glo nie.

So kan 'n mens die evangelie hoor sonder om dit te verstaan. Lees ons Gods Woord, luister ons na die prediking dan moet dit wees met die bede dat die Here ons verstand sal open om die skrifte te verstaan. Dan gebeur met ons, wat met ons moet gebeur, dat die Here aan kindertjies die dinge openbaar wat Hy vir wyse en verstandige mense verberg het.

16 Januarie. **Lees** Mark. 4:13-17. **Teks:** Mark. 4:15.

DIE SAAD OP DIE PAD.

Hierdie saaier, van wie Jesus vertel, is nie baie voorspoedig in sy werk nie. Drie dele van die saad beland op plekke waar dit geen oes oplewer nie. Wie die saaier is word nie gesê nie, maar die saad is die woord van Gods koninkryk.

Elke medewerker in Gods koninkryk doen ook saaiwerk. Die mensehart is die akker waarin gesaai word. Hierdie saaiwerk is ook teleurstellend, nie omdat die saad nie goed is nie, maar omdat daar fout is by die grond waarop dit val.

Verskillende dinge kan met die akker verkeerd wees. Jesus vertel dat die eerste deel van die saad op 'n pad val. Waarskynlik langs die land is die vasgetrapte pad. Moontlik vroeër deel van die land, maar mense het daaroor geloop en gery totdat dit kliphard geword het. Die saad val daarop, maar nie meer daarin nie. Op sulke grond kan die beste saad nie groei en wortelskiet nie.

Wat word van die saad van die woord wat in my hart gesaai word? My mensehart kan ook so hard word soos 'n vasgetrapte pad. Nie meteens nie, maar mettertyd, soos 'n pad al harder en harder word. Het ek oor 'n lang tyd al meer onverskillig en ongevoelig geword? Verkeerde vriende en slegte gewoontes het moontlik saamgewerk.

So 'n pad kan net weer vrugbare land word deur dit op te breek; om te ploeg. Die Here steek baie maal sy ploeg in om 'n harde mensehart op te breek en weer vrugbaar te maak.

Dit is pynlik maar, Here as dit nodig is, doen dit ook met my.

17 Januarie. **Lees** Mark. 4:30-34. **Teks:** Mark. 4:31, 32.

DIE GROOTSTE UIT DIE KLEINSTE.

Met die gelykenis van die mosterdsaad wys Jesus op die verborge, inwendige krag van Sy koninkryk. Hier gebeur die wonder dat die sterkste uit die swakste, die grootste uit die kleinste tevoorskyn kom.

Die Evangelie is 'n saad wat Jesus in die aarde gelê het, bestem om 'n groot boom te word. Die mosterdsaad, wat spreekwoordelik klein is, groei tot 'n boom van vier meter hoog.

Wanneer Jesus die woorde uitspreek is die koninkryk nog net in Hom teenwoordig, maar eenmaal sal dit die hele wêreld omvat. 'n Boom wat sy takke oor al die volke op die aarde uitsprei.

Soos klein saadjies ongemerk ontkiem en groei, so kom Gods koninkryk. Dit kom nie met groot uiterlike vertoon van mag en geweld nie. Die wat werk in daardie koninkryk doen dit ook met beskeidenheid en bewus van eie swakheid. So het Paulus gewerk, die man wat in sy swakhede roem. As ons dit goed besef sal ons meer bereid wees om ons beskeie deeltjie te doen.

Die koninkryk is bestem om heil te bring vir alle volke. Jesus het die hele heidenwêreld in gedagte wanneer Hy daardie gelykenis uitspreek.

Ons hoef nie te vrees dat sy koninkryk sal doodloop nie. Daar is geen mag wat dit in sy groei kan keer nie. Eenmaal sal dit in volle heerlikheid daar wees. Terwyl ons daarvoor werk sal ons aanhou om te bid: „Laat U koninkryk kom."

18 Januarie. **Lees** Mark. 4:35-41. **Teks:** Mark. 4:38.

DIE SLAPENDE MEESTER.

Dit was 'n besige dag. Bleikbaar onderneem Jesus en sy dissipels hierdie vaart om tot rus te kom. Die dissipels sorg vir die vaart terwyl Jesus op die agterste kussing rustig slaap. Skielik oorval die storm hulle. Dit is gevaarlik. Hulle vrees nie net die stormwind nie, maar as Jode glo hulle ook dat daar duiwelse magte in die see is. Hulle sien die storm as 'n duiwelse aanslag wat op Jesus en op hulle gedoen word.

Hulle aarsel om Jesus wakker te maak want hulle weet Hy is moeg en het die rus nodig. Dit verbaas hulle net dat Hy onder al die geraas so rustig kan slaap.

Die storm word sterker. Hulle vrees neem toe. Hulle aarsel nie langer nie maar maak Jesus wakker met die woorde: „Meester gee U nie om dat ons vergaan nie?"

Die woorde lyk na 'n beskuldiging, asof Jesus nie omgee wat van hulle word nie.

Toe gebeur daar 'n wonder. Hy maak die wind en die see stil. Ons lees dat Hy die wind bestraf soos ons ook lees dat Hy duiwels bestraf. 'n Meester wat skynbaar nie omgee nie is aan ons ook bekend. Dit lyk asof Hy ons ellende nie raaksien nie. Ons kla dat die Here ons vergeet het en verlaat het. Soms duur dit lank en Sy hulp kom nie. Dan wil ons ook sê: „Meester gee U nie om dat ons vergaan nie?"

Daardie mense het nie vergaan nie. Hy is magtiger as die storm wat hulle trotseer. Dit is Hy wat hulle hulle ongeloof moet verwyt. Doen Hy dit met ons dan moet ons ook skaam voel omdat ons geloof so klein was.

19 Januarie. **Lees** Mark. 5:15-20. **Teks:** Mark. 5:19.

GAAN VERTEL!

Hy was 'n besetene, 'n ontembare woestaard wat op die berge en tussen die graftes rusteloos rondgedwaal het. Altyd dag en nag, is sy aaklige geskreeu gehoor. Hulle kon hom selfs met kettings nie bind nie. Hy is ellende vir homself en vir ander.

Dan ontmoet hy Jesus. Dit bring 'n totale ommekeer in sy bestaan. Net 'n paar woorde en hy is rustig en by sy volle verstand.

Groot blydskap en dankbaarheid vul sy hart. Hy het net een begeerte; hy wil by sy weldoener bly.

Jesus staan sy versoek nie toe nie, maar stuur hom na sy huis en na sy mense toe. Aan hulle moet hy gaan vertel watter groot dinge die Here aan hom gedoen het en dat Hy hom barmhartig was. Hierdie opdrag het hy met blymoedigheid uitgevoer.

Het ons nie ook baie om te vertel nie? Het die Here nie ook groot dinge, goeie dinge, aan elkeen van ons gedoen nie? Het ons sy barmhartigheid nie ook in ruime mate ondervind nie?

Waarom praat ons so min van die goedheid van die Here? Eers moet ons dit aan ons eie mense vertel, veral aan ons kinders. Hierdie mens wat Jesus maar eenmaal ontmoet het is 'n beskamende voorbeeld vir ons wat Hom al lewenslank ken. Waarskynlik is ons so stom omdat dit ons aan dankbaarheid ontbreek. Dankbaarheid moet kenmerkend van ons lewe wees want ook ons het Hy uit satansmag verlos.

20 Januarie. **Lees** Mark. 5:25-34. **Teks:** Mark: 5:34.

DEUR DIE GELOOF.

Die evangelis Markus vleg twee verhale hier saam. Ons lees van twee mense wat ernstig siek is; die een is 'n vrou wat reeds twaalf jaar aan haar siekte ly, die ander is 'n twaalfjarige dogtertjie wat ernstig siek is.

Terwyl Jesus op pad is om die dogtertjie te help ontmoet Hy die vrou.

Weer is daar 'n samedromming van mense om Jesus wat saam met Hom beweeg. Ongemerk het die vrou, wat reeds twaalf jaar aan haar kwaal ly, haar by hulle gevoeg. Sy het reeds baie doktersgeld betaal maar alles tevergeefs.

Sy het van Jesus gehoor en besluit om haar toevlug tot Hom te neem. Skroomvallig met 'n mate van vrees sukkel sy tussen die menigte deur totdat sy vlak agter Jesus is.

In haar primitiewe geloof glo sy dat as sy maar net sy kleed kan aanraak, sal sy gesond word. Sy doen dit en is nie teleurgestel nie. Jesus weet onmiddellik wat sy gedoen het en keer Hom om na haar toe. Bewend van vrees val sy voor Jesus neer. Medelydend kom sy woorde: „Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees."

Haar geloof het haar gered. So min het sy van Jesus geweet. Dis te betwyfel of sy iets van sy ware verlossingswerk verstaan het. Daardie sekere kennis van God en sy beloftes het in haar geloof seker ontbreek. Wat wel by haar aanwesig was, was die hartlike vertroue. Hierdie, nog gebrekkige geloof is Jesus welgevallig.

Is ons geloof ook swak; dikwels vermeng met twyfel en onsekerheid? Ons Heiland het medelye met ons swakhede. Baie maal is dit nodig dat ons moet bid: „Here gee ons meer geloof."

21 Januarie. **Lees** Mark. 5:35-43. **Teks:** Mark. 5:36.

MOENIE VREES NIE; GLO NET.

Dringend rig Jaïrus sy versoek. Jesus moet kom, sy kind is tot die dood siek. Hy glo as Jesus Sy hande op haar lê sal sy gesond word. Jaïrus is haastig, Jesus moet dadelik kom.

Dan is daar soveel oponthoud. Die menigte, wat Hom verdring, belemmer Sy gang. Dan kom die voorval met die siek vrou. Kosbare tyd gaan vir Jaïrus verlore. Die oponthoud is 'n beproewing vir sy geloof. Jesus gee nog aandag aan die vrou toe kom die berig dat die kind dood is.

Wat sal Jaïrus nou doen? Jesus gee hom nie tyd om te dink nie, maar sê dadelik aan hom: „Moenie vrees nie, glo net." Teenoor sy vrees, verdriet en teleurstelling stel Jesus die geloof. Geloof teenoor die mag van die dood. Jaïrus gaan stil saam met Jesus na sy huis waar die dood reeds ingegaan het.

Vir die eerste keer word Petrus, Johannes en Jakobus afgesonder om getuies van Jesus se almag te wees. Behalwe die vader en moeder mag net hulle saam met Jesus die sterfkamer binnegaan.

'n Enkele magswoord van Jesus en die dood moet teruggee wat hy so wreed geneem het.

Jesus het mag oor siekte en dood. Eers die siek vrou met haar gebrekkige geloof, dan die oorlede dogtertjie en Jaïrus met sy swaarbeproefde geloof. Watter spanning moet ons geloof nie verduur by siekte en dood nie. Beter as Jaïrus weet ons dat Jesus mag het oor die dood want ons weet van Sy opstanding. Ons het Sy sekere belofte: „Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe." Daarom: „Moenie vrees nie, glo net."

22 Januarie. **Lees** Mark. 6:1-6. **Teks:** Mark. 6:4.

JESUS 'N ROTS VAN STRUIKELING

Jesus het reeds 'n hele reeks wonderwerke verrig. Toe gaan Hy na sy vaderstad Nasaret en begin op die sabbat in die sinagoge te leer. Sy prediking het 'n oorweldigende indruk op die hoorders gemaak, sodat baie van hulle verslae was en mekaar gevra het: „Waar kry Hy hierdie dinge vandaan en watter wysheid is aan Hom gegee, dat ook sulke kragte deur sy hande plaasvind? Is Hy nie die timmerman, die Seun van Maria en die broer van Jakobus en Joses en Judas en Simon nie? En is sy susters nie hier by ons nie. En hulle het aanstoot aan Hom geneem."

Hierdie mense van Nasaret het dus byna tot die geloof in Jesus Christus gekom; maar toe hulle daaraan dink dat Hy die aan hulle goed bekende timmerman was, kom hulle in verset en neem aanstoot aan Hom. Iemand wat aan die inwoners van Nasaret van jongs af bekend was, kon nie, volgens hulle, 'n groot profeet wees nie, allermins die Messias. As Hy 'n vreemde persoon van elders was, sou hulle nie aanstoot aan Hom geneem het nie, maar nou struikel hulle oor sy bekendheid en kom tot 'n val. Letterlik het hulle die vanghoutjie van die lokval van Satan raakgetrap tot hulle geestelike ondergang, omdat hulle geweier het om in Jesus Christus te glo.

'n Engelse spreekwoord sê dat familiariteit veragting baar. Die sondaar is afgunstig op iemand wat hy ken, en wil nie erken dat so iemand sy meerdere kan wees nie. Om dieselfde rede het Jesus vir die Nasareners 'n rots van struikeling en 'n steen van aanstoot geword. En vanweë hulle ongeloof kon Jesus nie wonders daar doen nie, behalwe dat Hy enkele siekes genees het.

So was en is die kruisdood van Jesus vir baie mense nog 'n groter aanleiding om aanstoot aan Hom te neem. Is iemand wat aan 'n kruis sterf dan nie 'n God vervloekte nie? Hoe kan Hy dan die Messias wees? As gelowiges verstaan ons egter dat Hy juis die vloekdood moes sterwe sodat ons kan lewe. Salig is elkeen wat aan Hom nie aanstoot neem nie.

23 Januarie. **Lees** Mark. 6:7-13. **Teks:** Mark. 6:11.

DIE EVANGELIE 'N REUK VAN DIE DOOD

Tot dusver was die twaalf geroepenes slegs dissipels, dit wil sê leerlinge van die Here Jesus. Maar nou word hulle apostels, dit wil sê gestuurdes, gevolmagtigde gesante van Christus. Hulle word uitgestuur om demone uit te dryf en siekes te genees. Hiertoe sou hulle nie in eie krag in staat wees nie, daarom gee Hy hulle mag oor die onreine geeste en oor die krankhede.

Volgens Matt. 10:7 moes hulle ook gaan preek en sê, „die koninkhyk van die hemele het naby gekom." Daarom moes hulle die mense oproep tot bekering. Hulle het dan ook uitgegaan en gepreek dat die mense hulle moes bekeer.

Hulle het dan ook baie demone uitgedryf en baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak. Hulle sending was dan met die doel om drievoudige weldadigheid te betoon aan almal wat hulle prediking sou aanneem: Weldade van gesondmaking van allerlei krankhede: weldade van bevryding uit die mag van Satan se demone en, wat die hoofsaak was, weldade van redding van siele tot saligheid deur die geloof in Jesus Christus.

Dit was die gunstige tyd toe God die stede van Israel besoek het. Dit was vir hulle die dag van verlossing. Salig dan ook hulle wat die apostels geglo het en so hierdie weldade deelagtig geword het.

Maar almal wat geweier het om die apostels of hulle prediking te ontvang, het 'n oordeel oor hulle self ingeroep, naamlik dat die lig vir hulle geskyn het, maar hulle het die duisternis liewer gehad as die lig. Vir hulle het die Evangelie 'n reuk van die dood tot die dood geword. Dis 'n geestelike waarheid wat ook nou nog geld. Wat sal dan u houding wees teenoor die Evangelie?

24 Januarie. **Lees** Mark. 6:14-29. **Teks:** Mark. 6:20.

BYNA BEWOË.

Herodus was nie geestelik heeltemal blind of doof vir die Woord van God nie. Die prediking van Johannes het beslis op hom 'n indruk gemaak, sodat hy bang was vir hom en geweet het dat hy 'n regverdige en heilige man was. Hy het Johannes dan ook beskerm teen die moordlus van Herodias.

Verder lees ons dat hy baie dinge gedoen het onder die invloed van Johannes se prediking, en dat hy graag na die profeet geluister het, en dit ten spyte daarvan dat Johannes hom bestraf het oor sy onwettige saamleef met Herodias, die vrou van sy broer. Oor hierdie bestraffing het Herodias Johannes gehaat en sy wou hom doodmaak, maar omdat Herodus hom beskerm het, kon sy haar moordlus nie bevredig nie. Ons het rede om te vermoed dat dit ook Herodias was wat hom beweeg het om Johannes in die gevangenis te werp.

Maar dit tipeer Herodus as morele swakkeling wat wel graag na Johannes geluister het, maar nie bereid was om te handel na die uitspraak van sy verontruste gewete nie. Hy moes gehoor gegee het en Herodias van hom weggestuur het en Johannes vrygelaat het. In plaas daarvan laat hy hom van kwaad tot erger beweeg deur die goddelose vrou, totdat hy die godsman, Johannes, se hoof op 'n skottel aan haar en haar dogter skenk.

Herodus het wel graag geluister na die prediking van Johannes, maar sy dubbelhartigheid het hom verhinder om in te gaan in die koninkryk van God. Die prediking van Johannes sal in die oordeelsdag teen Herodus getuig. So ook sal dit gaan met elkeen wat die Woord van God gehoor het maar nie wou gehoorsaam nie. Hy wat in die Seun glo het die ewige lewe, maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.

25 Januarie. **Lees** Mark. 6:30.-44. **Teks:** Mark. 6:42.

JESUS DIE VRIENDELIKE GASHEER

Die apostels wat twee-twee rondgegaan het en op bevel van die Here Jesus die evangelie verkondig en siekes genees het, het by Jesus saamgekom en verslag gegee van wat hulle gedoen en geleer het. Hulle was moeg, en Jesus neem hulle na 'n eensame plek om 'n bietjie te rus, oorkant die meer van Genesaret. Maar van die rus het niks gekom nie, want die menigtes het te voet rondom die noordelike kant van die meer gegaan en Hom daar, naby Betsaïda, gevind.

Jesus het hulle innig jammer gekry, omdat hulle soos skape sonder 'n herder was. Dit bly egter nie by jammer kry nie. Jesus doen iets vir hulle: Hy begin om hulle baie dinge te leer. En toe dit laat namiddag word en sy dissipels besorgd raak oor die skare, omdat hulle nie kos gehad het nie, doen Hy die groot wonder: Hy spysig die vyfduisend manne asook hulle vroue en kinders met vyf brode en twee visse. Die dissipels wou hê dat Hy die skare moes wegstuur om vir hulleself brood te gaan koop. Maar Jesus handel soos 'n goeie gasheer wat nie sy gaste ledig en honger wegstuur nie. Hy doen die wonder wat nodig was om die skare te spysig. Almal het geëet en versadig geword, en nog twaalf mandjies brokstukke bly oor.

So handel Hy nog steeds met almal wat na Hom toe kom in hulle nood. Hy stuur niemand ledig of honger van Hom af weg nie. Hy spysig en laaf ons siele deur sy Woord en Gees en sorg ook vir ons op stoflike gebied. Laat ons nooit teleurgesteld van Hom af weggaan nie, maar juis na Hom toe gaan. Hy stel nie teleur nie.

26 Januarie. **Lees** Mark. 6:45-56. **Teks:** Mark. 6:50b.

AS DIE STORMS KOM.

Die Here Jesus stel sy dissipels op die proef deur hulle te dwing om laat namiddag in die skuit te klim met die opdrag om na die oorkant van die meer te vaar, terwyl Hyself agter bly. Hy weet van die storm wat sou opkom in die aand. Sou hulle geloof sterk genoeg wees om ook in die stormagtige nag op Hom te vertrou?

Toe dit aand geword het was die skuit in die middel van die see en Hy alleen op die land. Hy het vandaar gesien dat hulle swaar kry met die roei, want die wind was teen hulle. Hy sien dat hulle swaar kry, maar Hy snel hulle nie dadelik tegemoet nie. Uit die ondervinding moes hulle wysheid leer en hulle geloof versterk word. Daarom versuim Hy tot met die derde nagwaak, dit wil sê omtrent drie-uur in die nag. Toe gaan Hy na hulle toe, al wandelende op die water. Hulle sien Hom vir 'n spook aan en begin hard te skreeu.

Toe kom Jesus hulle swak geloof en bangheid tegemoet en sê aan hulle: „Hou goeie moed, dit is Ek, moenie vrees nie". Toe klim Hy by hulle in die skuit, en die wind het gaan lê. Hieroor was hulle baie verwonderd. Want hulle het by die wonder van die brode nie verstandig geword nie, omdat hulle hart verhad was.

So word elkeen wat in Christus glo soms tot die uiterste beproef, ja totdat alles hopeloos en verlore lyk en daar skynbaar niks oorbly as om hardop te skreeu van angs nie. Die Here is naby. Hy klim by ons in ons lewensbootjie en gee ons die versekering: „Hou goeie moed, dit is Ek; moenie vrees nie". Die Griekse woorde wat vertaal met „Dit is Ek" herinner aan die Naam van God wat Hy aan Moses bekend gemaak het: „Ek is wat Ek is". In Jesus kom die onveranderlike God ons te hulp, sodat ons nie beswyk en verlore gaan nie. Hou moed en moenie vrees nie.

27 Januarie. **Lees** Mark. 7:1-13. **Teks:** Mark. 7.

GEBOD OF TRADISIE.

Daar is geen goddelike gebod dat 'n Israeliet nie mag eet sonder dat hy eers sy hande gereinig het deur hulle te was nie. Dit was wel 'n tradisie of oorlewering van die ou mense, waaraan die Fariseërs streng gehou het, net asof dit wel 'n gebod was. Hulle gaan so ver dat hulle ernstig beswaar maak toe hulle sien dat Jesus se dissipels hulle nie aan die oorlewering hou nie, deur met ongewaste hande te eet. Hulle gaan direk na die Here Jesus en vra Hom waarom sy dissipels so handel, teen die tradisie in.

Hy gee hulle nie dadelik 'n antwoord op hulle vraag nie, maar Hy noem hulle geveinsdes, mense dus wie se godsdiens nie eg was nie. Hulle eer God met die lippe, maar hulle hart is ver van Hom af. Hulle ken die kuns om die gebod van God opsy tesit en so hulle menslike oorlewerings te onderhou. Hy noem as voorbeeld, dat hulle leer dat 'n mens vir sy ouers mag sê dat enigiets wat hulle van hom ontvang „korban" is, dit wil sê 'n offergawe vir die tempel. So maak hulle die gebod van God kragteloos en eer hulle nie vader en moeder nie.

Die here Jesus veroordeel hier nie alle godsdienstige tradisies of oorleweringe nie, wat op sigself nie sondig hoef te wees nie; maar hy stel hulle geveinsdheid aan die kaak, naamlik dat hulle die tradisie bo die woord van God gaan stel het. Geen lering van mense bind die gelowige nie. As oorleweringe en gebod met mekaar bots, moet die gebod gehoorsaam word en nie die tradisie nie. Die Kerkhervorming het ook tot 'n groot mate juis oor hierdie beginsel gegaan. Laat ons dit handhaaf.

28 Januarie. **Lees** Mark. 7:14-23. **Teks:** Mark. 7:20.

LAAT DIE HART GEREINIG WORD.

Nadat die Here Jesus die Fariseërs en skrifgeleerdes reggehelp het oor die verhouding van gebod en tradisie, wend Hy Hom tot die skare om hulle te onderrig oor die kwessie van verontreiniging van die mens, en Hy leer hulle nou uitdruklik dat niks wat van buite in die maag ingaan die mens kan verontreinig nie, maar wel die dinge wat van hom uitgaan.

Hierdie lering was revolusionêr ten opsigte van die destyds heersende beskouing van die Fariseërs en skrifgeleerdes en ook van die Jode in die algemeen. Daarom het die waarheid hiervan ook nie dadelik tot die dissipels deurgedring nie. Daarom vra hulle Hom, toe hulle alleen by Hom in 'n huis was, om nadere toeligting van wat

Hy aan die skare verkondig het. Die Here Jesus was teleurgesteld oor die onbevatlikheid van die dissipels, en Hy vra hulle: „Is julle ook so sonder verstand?" Kan hulle dan die eenvoudige waarheid nie verstaan dat wat in die mond ingaan die mens nie kan verontreinig nie, aangesien die voedsel slegs in die maag ingaan en die reste daarvan in die privaat uitgaan. Sodoende word die voedsel gereinig. Nie die maag nie, maar die hart is die bron van onreinheid. Vanuit die hart kom al die gruwel van sondes, en dis hulle wat die hele mens verontreinig. Nie die hande hoef deur seremoniële wassery gereinig te word nie, maar wel die hart.

Ook vir ons geld nog die woorde van Spreuke 4:23: „Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe," asook die woorde van Jesus: „Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien" (Matt. 5:8).

Die hart word gereinig, nie met wassing van hande nie, maar deur die bloed en gees van Jesus Christus.

29 Januarie. **Lees** Mark. 7:24-30. **Teks:** Mark. 7:28.

VOLHARD IN DIE GEBED

'n Siro-Feniciese vrou kom na die Here Jesus om te vra om haar dogter wat van die duiwel besete is te help. Sy het seker vantevore al baie moeite gedoen om haar kind te help.

En nou hoor sy van hierdie Man, Jesus van Nazareth, wat wonders doen. Toe die geleentheid kom val sy voor sy voete neer en pleit vir haar kind.

Maar Jesus help haar nie. Sy antwoord beteken daar is nie by Hom hulp vir haar kind nie. Dit is al weer 'n mislukking.

En wat doen sy nou? Sy gaan nie moedeloos weg nie. Sy gee dit nie op nie. Sy weet sy het nie aanspraak op Sy hulp nie. Daarom pleit sy net vir die krummels wat van die tafel afval. Êrens verwag sy tog 'n bietjie genade.

En die keer is dit nie weer 'n teleurstelling nie. Die hart van die Here gaan na haar uit. Sulke geloof en so 'n volhardende en vertrouende gebed beantwoord Hy. Hy sê: ter wille van die woord word haar kind gehelp.

Dit lyk baie keer asof die Here nie hoor nie wanneer ons in nood na Hom roep nie. Maar as daar werklik die kinderlike vertroue is wat gelowig wil wag ook op die geringste genade, dan word ons nie met leë hande weggestuur nie. Die Heer hoor die versugtinge van sy kinders wat diep uit die harte kom. Daarom word ons nie moeg of ook opstandig as ons lank moet wag nie.

30 Januarie. **Lees** Mark. 7:31-39. **Teks:** Mark. 7:35.

DIE BEGENADIGDE VERKONDIG DIE LOF VAN GOD DUIDELIK.

Ons het gelees van 'n dowe wat swaar praat, wat onduidelik praat. Hy kan natuurlik nie duidelik praat nie, omdat hy nooit duidelik kon hoor nie. Omdat hy nie kon hoor nie, het hy moontlik ook min geweet, en kon oor min dinge praat, en dan nog baie onduidelik. Mens moet kan hoor voor jy kan leer praat.

Hierdie dowe se ore word deur Jesus geopen en daarna kon hy reg praat — duidelik en verstaanbaar. Hy hoor en hy sien die ontferming van Jesus wat sy ore oopmaak en sy tong raak los. Hy praat duidelik. En dit is duidelik dat hy saam met die ander praat oor die wonder van genade wat aan hom verrig is.

Dit is so dat ons harte as vanself oorloop van die lof van God as ons deel kan hê aan Sy genade. Dat ons baie keer stom is, en nie 'n duidelike geluid oor Gods genade in Christus Jesus laat hoor nie, is veelal daaraan toe te skryf dat ons doof is en blind vir die veelvuldige genadeblyke van God; die stomheid is veelal die gevolg van ons blindheid vir verlossing uit sonde deur Jesus Christus. Ons hoor die evangelie, maar ons hou ons doof — en dan het ons nie 'n duidelike besef van sy genade nie; dan kan ons daaroor nie praat nie; ons laat nie 'n duidelike verkondiging van Sy lof hoor nie.

Ons het ore om te hoor. Ons moet leer om die evangelie van genade te hoor. Dan sal ons tonge dit ook duidelik verkondig.

31 Januarie. **Lees** Mark. 8:1-9. **Teks:** Mark. 8:8.

UIT DIE HAND VAN DIE HERE LEEF ONS.

Die wonderwerke van die vermeerdering van die brode ken ons almal goed. Ons staan telkens verbaas oor die wonder daarvan. Mens kan dit so beswaarlik glo dat duisende mense van 'n paar brode en vissies versadig kon word, en dat daar nog so baie oorbly.

Die dissipels van die Here het ook gedink dit is onmoontlik om so 'n skare in die verlate plekke, waar jy niks kan koop nie, te voed.

Maar die wonder gebeur as Jesus die brode en die vissies in sy hande neem. Daar, terwyl Hy daarmee besig is, word dit meer, word dit genoeg, word dit meer as genoeg.

Met die bietjie wat ons het, aan aardse goed, aan vermoëns en talente, aan geloof, met die bietjie kan ons maar na Jesus gaan. Vir Hom is dit nooit te min nie. Selfs die swakheid van mense gebruik Hy om sy groot werk te doen.

Maar dan is dit nodig dat onsself ook deur hande sal gaan. Ons lewe, ons talente, ons bekwaamhede moet gevorm word in die gelowige omgang met Hom. Dan ontvang ons altyd genoeg om van te eet en van te lewe.

Die geestelike vermoëns word meer, die gewilligheid om onsself in Sy diens te gee word meer. Die wêreld staan dan verbaas oor wat 'n klein klompie gelowiges kan verrig.

Maar dit kan alleen as ons uit die hand van die Here leef. As ons in Sy omgang, deur Sy Woord gevorm word. Dan word ons ook in staat gestel om aan die wêreld die spyse wat bly tot in die ewigheid aan te bied.

1 Februarie. **Lees** Mark. 8:10-21. **Teks:** Mark. 8:15, 16.

DIE VERBONDENHEID AAN AARDSE GOED STOMP DIE GEESTELIKE INSIG AF.

Die gesprek van die Here Jesus met sy dissipels oor die geval van die suurdeug van die Fariseërs, het volgens Markus plaasgevind onmiddellik na die tweede vermeerdering van die brode.

Mens sou verwag het dat hulle gedagtes nog vol sou wees van die wonder wat hulle kon aanskou en waaraan hulle deel kon hê. Mens sou werklik nie verwag nie dat hulle nog begaan sou wees oor 'n moontlike tekort aan aardse brood.

En tog is dit presies wat gebeur. As Jesus waarsku teen die suurdeeg van die Fariseërs, as Hy waarsku om nie deur die invloed van die Fariseërs beïndruk te word nie, dan kan hulle nie verder dink as aan die feit dat hulle vergeet het om brode saam te bring nie.

Die aardse brood, die elke dag se behoeftes staan by hulle nog voorop. Daarom kan hulle die geestelike betekenis en strekking van Jesus se waarskuwing nie verstaan nie. Dit gaan by hulle verby.

Ons moet maar versigtig wees om nie te veel van die aardse goed te verwag nie — ons moet nie dink dat aardse goed alles in orde kan maak nie. Dan sien ons die Here ook graag as iemand wat net vir die aardse bestaan moet sorg.

En dan sien ons dit wat werklik van betekenis is nie raak nie. Ons geestesoog en ons hart raak afgestomp sodat ons naderhand die evangelie van sondevergiffenis nie meer hoor nie, en nie meer kan glo nie.

2 Februarie. **Lees** Mark. 8:22-26. **Teks:** Mark. 8:24, 25.

BY JESUS LEER ONS STEEDS BETER SIEN.

Hier het ons 'n man wat deel het aan die wondermag van Jesus. Sy oë word geopen. Hy leer sien. In die begin sien hy nie so goed nie. Hy sien die mense, maar hulle lyk soos bome,maar toe Jesus hom weer die hande oplê sien hy duidelik, hy sien alles duidelik van veraf.

Sy aanraking met Jesus, sy voortdurende kontak met Jesus het hom uitermate ten goede gekom.

Dit is veral waar in geestelike opsig. By Jesus, in die lig van Sy Woord, onder die leiding van die Heilige Gees, leer ons sien, leer ons dudelik sien — so leer ons onderskeidend sien.

Want omdat die sonde in ons hart 'n tuiste het, is ons verstand verduister. Ons kan nie goed sien en die kwaad onderskei en betyds uitken nie. En so raak ons maklik op dwaalpaaie.

Ons het nodig om die Here te hoor in Sy Woord, gedurig weer. Ons het nodig om die Here te sien in Sy oneindige genade in Christus Jesus. Dan word ons nie verblind deur die prag van die aarde nie; maar dan leer ons sien dat dit alles maar verbygaande is. Ons sien dan steeds beter die grootheid van Sy vergewende genade wat staan teenoor ons grote sonde.

Hierdie dinge kan ons sien as die Woord van die Here waarlik plek, die belangrikste plek, in ons hart en in ons huise het.

3 Februarie. **Lees** Mark. 8:27-33. **Teks:** Mark 8:29.

DIS VAN BETEKENIS HOE ONS JESUS KEN.

Daar is baie maniere waarop ons Jesus kan ken. Ons kan byvoorbeeld van Hom weet dat Hy byna 2000 jaar gelede in Bethlehem gebore is. Ons kan van Hom weet dat Hy 'n man met wondermag was. Ons kan van Hom weet dat Hy altyd met liefde teenoor lydendes vervul was.

As ons dit weet, weet ons baie en belangrike dinge van Jesus. Maar solank Hy vir ons maar net die verskyning van 'n mens is, al is dit dan ook 'n baie voortreflike mens wat oor buitengewone kragte beskik het, weet ons nog nie wat werklik van betekenis is nie; dan ken ons Jesus nog nie werklik nie.

As die Here aan Sy dissipels vra toe sê hulle: Wie is Hy? Dan antwoord Petrus: U is die Christus.

Jesus is die Christus, Hy is die gestuurde en gesalfde van God. Hy is die een wat lankal beloof is, wat beloof is as Verlosser vir Sy volk. Hy is dus die Een wat 'n nuwe bedeling sou bring.

So moet ons Hom ken. Hy is die gestuurde van God. Hy het gekom om verlossing te bring. Hy maak die bande van die sonde los wat ons bind. So begin daar vir ons 'n nuwe bedeling. Ons is nie meer onder die juk van die slawerny van die sonde nie; maar ons is vrye kinders wat in blydskap dien. En ons sien met stellige verwagting uit na 'n ewigheid van diens aan die Here, wanneer geen sonde of swakheid meer die diens kan strem nie.

4 Februarie. **Lees** Mark. 8:34--9:1. **Teks:** Mark. 8:35.

ONS MOET BAIE PRYSGEE OM WERKLIK TE BESIT.

Die Here praat in die gedeelte byna in raaisels. 'n Mens kan dit nie sommer so logies verklaar kry nie. Hy sê die een wat sy lewe wil red, verloor dit, en die een wat sy lewe prysgee die red dit.

Wat 'n mens probeer doen is dus sonder sukses. Die werk en inspanning en opoffering van 'n mens ter wille van sy lewe lewer dus eintlik niks op nie. Maar die een wat nie vashou nie, wat nie probeer behou nie, die een wat homself nie inpsan nie, die word behou.

Ons moet dit so sien dat die Here waarsku teen die neiging om met eie inspanning, deur die versorging van die aardse lewe 'n toekoms te probeer verseker, teleurgesteld sal wees. Want hy kan tog nie verder sorg as wat vir die aardse bestaan nie — en dit kan hy ook maar net baie gebrekkig doen. Daarom sê die Here dat al sou iemand ook die wêreld win dit op sigself nog niks baat nie.

Maar hy wat sy lewe sien, nie as iets kosbaars om teenoor Jesus te behou nie, maar wat gewillig is om alles, selfs sy lewe, prys te gee as hy Jesus maar kan behou, die wen op die ou end. Hy behou sy lewe omdat dit by Jesus behoue is.

Laat ons dan maar altyd onthou om nie van die aardse bestaan, al bied dit ook welke goeie geleenthede, alles te maak nie, want dan verloor ons die ewigheid uit die oog en gaan dit vir ons verlore.

5 Februarie. **Lees** Mark. 9:2-13. **Teks:** Mark. 9:7b.

VERHEERLIKING.

Jesus, Petrus, Johannes en Jakobus verkeer saam op 'n berg, vermoedelik 'n spits van die Hermon, in die omgewing van van Cesaréa — Filippi. Iets onbeskryflik-wonderlik vind plaas. Jesus verander van gedaante voor hulle oë — iets van Sy goddelike heerlikheid word sigbaar vir mense oë; sy bekende gestalte word vir 'n wyle opgehef. In die oomblik van heerlikheid oordek 'n wolk hulle en 'n stem kom uit

die wolk wat sê: „Dit is my geliefde Seun, luister na Hom." Terwyl die beeltenis van Moses en Elia (Verteenwoordigers van die Wet en die Profete uit die ou Testament) vir 'n oomblik sigbaar word vir die mense oog, saam met die heerlikheid van Christus — is alles eensklaps verby — Jesus bly alleen voor die dissipels staan. Vir 'n enkele sekonde kyk die mens byna binne in die ontsaglike heerlikheid van die ewigheid; die volgende sekonde is hulle terug op die aarde.

Een ding moes vir die drie mense duidelik gewees het daarna: Hulle het te doen met Jesus Christus, die Seun van die Lewende God, wat in die wêreld gekom het tot heil van sondare — geen twyfel meer daaroor nie. En — en dit belangrik — die mens, die sondaarmens — leef nie van heerlike gesigte en visioene of wat ook al nie, nee, hy moet leef van die luister, die hoor van die Woord van God, van die gehoorsaamheid. „Ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie." (2 Kor. 5:7). Petrus wil daar hutte maak, die heerlikheid vasvang en net kyk en aanskou. Die stem sê: „Luister na Hom." — Leef van Sy Woord, leef van Hom, die Woord wat vlees geword het.

6 Februarie. **Lees** Mark. 9:14-29. **Teks:** Mark. 9:24b.

SONDAARSGELOOF.

Om te glo beteken om jouself met alles wat jy het en soos jy is, te plaas in die hande van die Lewende God;om in elke situasie en in alle omstandighede diep afhanklik te wees van Hom, om wanneer jy alles verloor het en prys gegee het, God oor te hou. Daar is 'n geloof wat loop en roem, wat groot praat, wat selfversekerd is en wat daarom in eiegeregtigheid allerlei aansprake het op God se wil en werk. Dis nie die geloof van die doemwaardige, boetvaardige sondaar nie. Die werklike geloof van 'n sondaar sien ons by die tollenaar wat bid: „O God, wees my sondaar genadig" of by hierdie gebroke vader van die maansieke kind, wat nog net kan sê: „Ek glo Here, kom my ongeloof tot hulp." Hier is nie sprake van eiegeregtigheid nie, van omdat ek sê ek glo, moet U iets doen nie. Hierdie vader se geloof is bewus van sy oneindige geringheid, afhanklikheid van God se goedheid en genade. Sy geloof is só min, só klein, dat dit, na sy beskeie oordeel, eerder grens aan die ongeloof as aan die ware geloof. Maar ook hier geld die magtige Woord van die Heiland: „ . . . as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo." Dit gaan nie om 'n „groot" geloof, of 'n „klein" geloof nie; ook nie om „baie" geloof of „bietjie" geloof nie; dit gaan daarom of ek myself met my baie of bietjie, groot of klein geloof totaal en onvoorwaardelik stel en plaas in die hande van God, sonder om bekommerd te wees oor die gevolge daarvan. „Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie." (Hebr. 11:1). Geloof verwag alles van God, niks van homself nie.

7 Februarie. **Lees** Mark. 9:30-37. **Teks:** Mark. 9:35.

WIE IS WERKLIK GROOT?

In die Joodse vroomheid van Christus se dae het daar dikwels die vraag oor wie die grootste is of sal wees, voorgekom. Die grootheid kan verky word deur opregtheid van lewe, kennis van die wet of

deur martelaarskap. Die dissipels, omdat hulle die koninkryk van die hemele verwag en weet dat elkeen daarin sy plek sou kry, stel nou ook hierdie vraag onder mekaar. Dit bly tog maar drang en begeerte van die sondige mensehart om groot en belangrik te wees voor God en mens — groter en belangriker as die volgende man. Die Heiland weet dat hulle op die pad onder mekaar geredeneer het oor hierdie vraag. Hy gaan sit en roep hulle na Hom toe en sê vir hulle: „As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees." Wat bedoel Hy? Hy wat groot wil wees, moet klein wees en klein word voor God. 'n Kind is klein voor die groot mense, is gehoorsaam, is gering en ongeag. 'n Kind kan niks vergoed nie, daarom kan waaragtige, egte diens aan hulle verrig word.

Om waarlik groot te wees beteken om klein, gering, onbelangrik te word en egte, waaragtige diens te lewer, sonder om vergoeding te verwag. As iemand eerste wil wees, moet hy laaste staan, moet hy geleer het om te dien, sonder bybedoelinge. So sien ons dit in die lewe van die Heiland. Hy is waaragtig die Seun van God, dus die grootste op aarde vir alle tye. Maar Hy was die voete van Sy dissipels (Joh. 13); Hy loop die pad van onreg, veragting, verguising, oordeel, dood, ter wille van mense soos u en ek — mense wat in elke opsig ver minder is as Hy. Selfverloëning maak jou groot.

8 Februarie. **Lees** Mark. 9:38-41. **Teks:** Mark. 9:40.

MEDEWERKER OF TEENSTANDER?

Johannes voel beswaard. Daar is iemand wat wonderwerke doen in die Naam van Jesus. Hy dryf duiwels uit besete mense. Maar die persoon behoort nie tot Jesus en sy kring dissipels nie. Hy is 'n buitestander. Hy verkeer nie onder dié wat onderrig by die Heer ontvang nie. Die dissipels het gevoel dis verkeerd, daarom belet hulle hom om voort te gaan. Nou stel Johannes die saak aan Christus met die stellige verwagting dat die Heiland met die reëling sou saamstem. Wat moes sy verbasing en teleurstelling groot gewees het toe die Heer sê: „Moet hom nie belet nie." Laat hy sy gang gaan, „want wie nie geloof moet hê in die Naam, anders sal hy die Naam nie gebruik om duiwels uit te dryf, beteken dit tog eerstens dat so 'n persoon 'n bondgenoot van die bevordering van die Koninkryk van die hemele is. Hy lê nie 'n struikelblok op die pad van die koms van die Koninkryk nie. Tweedens beteken dit dat die persoon wat Jesus se Naam gebruik, geloof moet hê in die Naam, anders sal hy die Naam nie gebruik om wonderwerke mee te doen nie. Derdens erken die persoon dat in die Naam van Jesus krag opgesluit lê: Krag om duiwels uit te dryf, krag om sondes te vergewe, krag om gebroke en verwoeste lewens heel te maak, krag om die lig te laat skyn vir hulle wat in duisternis sit. Almal wat dit bely is medewerkers. Hulle staan die werk van Christus nie teen nie.

9 Februarie. **Lees** Mark. 9:42-50. **Teks:** Mark. 9:42.

WEE DIE STRUIKELBLOKKE.

In hierdie gedeelte spreek die Heer 'n ernstige woord tot Sy volgelinge. Daar is gewoonweg baie struikelblokke op die pad van die gelowige (sonde, versoeking, ontrou ens.). Daar is ook mense, ook

gelowiges wat hulle tot struikelblokke maak op die pad van andere. Die „Kleintjies" in ons teks kan wees óf kindertjies óf die geringes onder die gelowiges. Vir kinders wat glo kan baie mense 'n struikelblok wees, mense wat hulle verkeerd leer en verkeerd lei en 'n verkeerde invloed op hul uitoefen. Ook ouers kan vir hul kinders tot struikelblokke word. In ons tyd is daar baie sulke ouers. Ondanks die plegtige belofte by die doop van hul kind, is hulle geen voorbeeld in leer of lewe vir hul kinders nie. Hul belowe baie, net om die kind gedoop te kry; as dit kom by die gehoorsaam-wees aan die belofte by die opvoeding, ontwyk hulle op baie maniere die verantwoordelikheid. Die kind word groot, hoewel gedoop, sonder kerk, sonder Bybel, sonder God, sonder gesag en dissipline.

Daar is ook dikwels gelowiges wat baie van hulleself dink. Hulle is beter, groter en belangriker as andere. Dink aan die Fariseër wat bid in die tempel. Hul blink uit in eie geregtigheid. Hulle is dikwels vir die geringes tot aanstoot, deur hul houding of in die dinge wat hulle sê en praat — sodat die geringes nie meer 'n voorbeeld by hulle kry nie. Die ware godsvrug ontbreek en die warmte van die liefde bestaan nie. Dikwels is die gedrag van die soort mens ook 'n aanstoot. Wee diesulkes! Oor hulle spreek die Heer harde woorde.

10 Februarie. **Lees** Mark. 10:1-12. **Teks:** Mark. 10:9.

EGSKEIDING.

Die huwelik as onverbreekbare band tussen man en vrou is instelling van God. Instellinge van God is heilig en het 'n doel. As God die huwelik instel beteken dit dat dit Sy wil is dat elke man 'n vrou en elke vrou 'n man sal hê. God is onveranderlik. Sy wil verander dus nooit. Dit kan nie die wil van God wees dat 'n jongman en 'n jongmeisie op 'n sekere datum 'n huwelik aangaan en oor drie of vyf jaar is dit nou die wil van God dat hulle maar kan skei nie. Alleen die dood kan 'n huwelik tot niet maak. Daarom is die huweliksluiting so 'n ernstige saak en moet elke jong man en jong dogter baie seker maak van hulle gevoelens teenoor mekaar, voordat hulle met mekaar trou. As gelowiges weet ons die sluiting van 'n huwelik is 'n gawe van God, soos wat liefde en geloof gawes van God is. Jy kan nie straffeloos mors met die gawes van God nie. Egbreuk en egskeiding beteken om Gods gawes goedkoop te maak en dit bly daarom sonde voor God, al sê die wêreld ook wat. „Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." Om te skei beteken altyd om teen Gods wil te handel. Laat ons dit tog bedink. God voeg man en vrou saam in die huwelik omdat Hy aan hulle die gawe van die liefde skenk vir mekaar. Die liefde is soos 'n plantjie wat in ons hart geplant word. As ek 'n blomplantjie in my tuin plant, laat ek hom nie aan homself oor nie en hoop maar hy sal blom nie. Ek koester en vertroetel hom, skoffel, gee water en pas hom op. Alleen dan kom daar 'n blom. Die liefde wat God skenk moet gekoester, vertroetel, opgepas word in die huwelik — anders sterf dit ook stadig. Dit dra geen blom nie. Dit beantwoord nie aan Gods doel nie.

11 Februarie. **Lees** Mark. 10:13-16. **Teks:** Mark. 10:15.

WIE BEËRWE GODS KONINKRYK?

„Kinders word gesien, maar nie gehoor nie", is die atmosfeer waarin baie van ons ouer garde groot geword het. Blykbaar was dit ook so in die dae van Christus. Die dissipels stuur die moeders met hulle kinders wat hulle gebring het na Jesus toe, weg. Die Heer is te besig en kan nie aandag gee aan kinders nie. Hulle pla. Die Heer neem hulle egter kwalik en beveel dat die kindertjies na Hom gebring moet word, want „aan sulkes behoort die koninkryk van God", aan sulke geringes, ongeagtes, wat nederig en kinderlik kom. Dan volg die les: om Gods koninkryk in te gaan, moet die grotes, die belangrikes, die oues word soos die kindertjies.

'n Kind is in die eerste plek diep afhanklik van sy ouers. Sy wel en wee is aan hulle verbind. Tweedens glo 'n kind onvoorwaardelik dit wat vader of moeder hom voorhou — ook dit wat hulle uit die Bybel leer. Derdens is daar by 'n kind daardie nederigheid wat aangeneem is voor God. Laastens het 'n kind 'n onbeperkte vertroue in die reggeaarde vader en moeder.

So moet die grooot mens wees en word voordat hulle die ewige lewe uit Gods hand kan ontvang: afhanklik van God, diepe geloof in God, nederdigheid voor God, vertroue in Sy Alwyse leiding. In lewe en in sterwe oorgegee in die hande van God. Is dit nie die belangrike wat ons sien in die lewe van ons Heiland nie? In geboorte, lewe en dood was die Heiland die een wat Homself vrywillig en gewillig gestel het in die hande van Sy Vader — tot by die bitter eindpunt van die misdadigersdood aan die kruis. Daarom is Hy ook „uitermate verhoog."

12 Februarie. **Lees** Mark. 10:17-31. **Teks:** Mark. 10:21.

JESUS KYK NOG AAN.

Markus en Lukas vermeld albei in hulle verhale van die ryk jongman dat Jesus hom aangekyk het. Dit was egte ontmoeting. Diè is wanneer twee mense mekaar stip in die oë kyk. Dit is dan persoonlik, want slegs twee mense kan mekaar so aankyk, gelyktydig, wederkerig. Dan is hulle so gebind dat hulle mekaar nie kan ontwyk nie.

Die jongman kyk in die oë van 'n medemens. Wat hy ervaar word onderstreep deur die woorde wat Markus byvoeg: „en hom liefgekry." Hy weet dadelik, hier is iemand wat my verstaan. Daarom die spontane: „Goeie Meester". Hy kan maar vrymoedig alles uiter: sy diepe verlange, sy ideale, sy teleurstelling, sy mislukking.

Hy verstaan, beleef dat egte lewe nie gevorm word deur geld, invloed, 'n mooi loopbaan nie. Hy het gehoor van die Ryk van God met sy ewige lewe. As aktiewe jong lidmaat van die Joodse gemeente kan hy eerlik sê dat hy die wet stiptelik naleef. Tog is hy nie gelukkig nie. Iets ontbreek nog. Maar wat? Hy wil so graag die ewige lewe beërwe.

Jesus kyk hom aan, begrypend, herderlik, maar met die oë van die ewige Mens. Hierdie aankyk bly nie staan by die beminlikheid van die gawe jong lidmaat nie. Hierdie liefde is nie blind nie. Dit deursien. Dit is ongemaklik om deur sulke oë aangekyk te word.

Geen nuwe prestase word van hom gevra nie. Hy staan voor God en daar geld „ek het alles volbring" nie meer nie. Hy moet losgemaak word van sy slawerny aan „baie besittings" en Jesus volg as vry mens. Hy gaan bedroef weg. Jesus kyk nog aan. Kan ons dit verdra?

13 Februarie. **Lees** Mark. 10:32-45. **Teks:** Mark. 10:45.

LOSPRYS VIR BAIE.

Reeds op weg na Jerusalem deur Galilea het die dissipels onder mekaar getwis oor wie die grootste is. Teen hierdie agtergrond moet stellig die verontwaardiging van die tien gesien word oor die eienaardige versoek van Johannes en Jakobus. Dit het nou gelei tot openlike twis tussen die dissipels.

Jesus roep hulle bymekaar en vermaan hulle met 'n drieledige uitspraak. Owerstes van nasies heers oor hulle. Groot manne oefen gesag uit. Die Seun van die mens het gekom om te dien, en sy lewe te gee as losprys vir baie. Hy, meer as enigiemand anders het die reg om Hom te laat dien.

Hoeveel het Hy tydens sy veelbewoë aardse omwandeling nie reeds gedien nie? Hoe smartlik was die misverstand van sy volk nie vir Hom nie? Maar Hy sou bly dien tot in die allerdiepste versmaadheid en angs met liggaam en siel aan die kruishout, „om sy lewe te gee as losprys vir baie". Dit sou die uiterste konsekwensie wees van sy diens.

Met hierdie beeld openbaar die Here egter ook aan sy dissipels die fatale toestand waarin die mens verkeer. Hoe pynlik sal die oomblik wees wanneer hy opgeroep sal word om rekenskap te gee van die lewe wat God hom gee. Die Here sien die mens staan met leë hande sonder 'n losprys vir die skade wat hy God, die besitter van die lewe, aangedoen het. Hoe sal hy ooit hierdie groot skuld vir sy eie rekening kan neem? Hoe sal hy 'n besoedelde lewe kan gee in die plek van die ongeskonde lewe wat God geskape het?

Jesus het gekom om sy ongeskonde lewe te gee. Dit is algenoegsame losprys vir baie deur die sonde beskadigde lewes. „Vir baie" deur sy genade ook vir ons.

14 Februarie. **Lees** Mark. 10:46-52. **Teks:** Mark. 10:49.

ROEP — HY HOOR.

Jesus is met sy dissipels op weg na Jerusalem. Hulle volg Hom met verbasing en onrus. Trouens, hulle verwag die ergste. Ongeveer 'n halfjaar gelede is sy lewe in Jerusalem bedreig. In die Galilese gebied waarheen Hy sedertdien uitgewyk het, was Hy, so het hulle gedink, betreklik veilig.

Maar nou, so onverwags weer terug na Jerusalem! Hulle vrees is juis verskerp deur sy verklaring dat Hy daar tot die dood veroordeel sal word. Ja, Hy is op weg na die kruis en graf. Hulle vermoed en vrees dit; Hy weet en aanvaar dit. Wat hulle nou nog nie kan besef nie is dat Hy ook met hierdie laaste voetstappe van sy aardse lewe Saligmaker is.

Op sy pad deur Jerigo is daar die blinde bedelaar Bartimèüs. Jesus die Nasarèner kom verby, sê hulle vir hom. Hoe baie is hy nie al vertel van hierdie wonderlike Man nie! Hy sal hom uit sy ellendige toestand verlos. Dan roep hy na Jesus, herhaaldelik en al harder bo die bestraffing van baie mense uit. Die vrees en twyfel van die dissipels ken hy nie. Vir hom is hierdie Jesus van Nasaret Verlosser.

Dan, die bemoedigende boodskap: „Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou". Bartimèüs staan op en nou sien hy die Verlosser van wie hy nog net gehoor het. Op sy weg om die nood van die ganse mensdom te gaan dra, het Jesus nog tyd vir hierdie eenvoudige, baie mense se ongeduld ten spyt. Ons hoor Hom nie aankom soos Bartimèüs nie maar Hy is naby diè wat in die geloof na Hom roep. Twyfel ons miskien soms of Hy sal hoor as ons roep en swyg ons maar liewer? Bartimèüs het nie.

15 Februarie. **Lees** Mark. 10:46-52. **Lees:** Mark. 10:52b.

GLO IS SIEN.

In die ryk skat van die evangeliese geskiedenis tref ons enkele verhale aan wat kan geld as klein evangelies. Die toneel naby die poort van Jerigo tydens die laaste tog van Jesus na Jerusalem is so een. Kan ons die geskiedenis van die blinde Bartimèüs lees sonder om te besef dat ons hier 'n beeld het van ons eie behoudenis? Die mense by hom kan hom slegs oppervlakkig help. Hulle kan geen lig in sy nag bring nie.

Maar dit is hierdie blinde man van Jerigo wat die weg aan ander na Christus toe aanwys. Nouliks het hy die Naam Jesus gehoor of al die stemme wat alreeds solank om hulp roep span saam in die kreet: „Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!" Dit is 'n diepe gevoel van eie ellende maar ook 'n heilbegerige geloof in die mag en liefde van die Here wat hom so laat roep. Daarom staan hy onmiddellik op as hy hoor: „Hy roep jou."

Hoe ryk word die blinde bedelaar nie langs hierdie weg nie? Hierdie mens vir wie die persoonlike ontmoeting met Jesus bo alles die groot lewensvraag is, vind hierdie ankertou in sy maalstroom: „Sien! jou geloof het jou gered". Hy sien alles rondom hom. Hy sien die mense wat met liefde en offervaardigheid hom so lankal bystaan. Hy sien Jesus die Nasarèner voor hom staan soos soveel ander, insonderheid diè wat hom sopas bestraf het om stil te bly. Maar hy sien tog anders, hy sien meer as die meeste mense van die palmstad. Hy sien en ken die Verlosser van sondaars. Dankbaar volg hy Hom verder.

16 Februarie. **Lees** Mark. 11:1-10. **Teks:** Mark. 11:10.

OORWINNING NIE DEUR DIE SWAARD

Op reis na Jerusalem voer Jesus onderweg gesprek met sy dissipels. Dit gaan oor die geheimnis van sy lyding en dood. By Cesarea-Filippi het hulle Hom reeds as Messias erken. Hulle het van die verheerliking op die berg gehoor, die herhaalde verklaring van sy godseunskap aangehoor. Herhaaldelik het Hy hulle daarop gewys dat Hy moes ly.

Deurgaans skep hulle egter die indruk dat hulle tog iets anders verwag. Vir hulle is dit onaanvaarbaar. Hulle kan aan niks beter glo as dat Hy, wat met soveel duidelik sigbare mag beklee is, die troon van Dawid in Jerusalem sal bestyg nie. Dit is vir hulle totaal ondenkbaar dat Hy kan sterf.

Daarom Petrus se protes, bestraffing selfs. Vandaar die onderlinge tweespalt oor wie die grootste in sy Koninkryk is en die versoek van die twee seuns van Sebedèüs.

Jesus bring egter sy Ryk, dit is die Godsryk, in volstrekte teëstelling met aardse mag en grootheid. Tot hulle en duisende ander se groot vreugde gaan Hy Jerusalem triomfantlik binne. Maar dit is op die rug van 'n eselvul. Dit is die teken dat Hy kom in vrede en nie om met geweld te verower nie. Hy bestyg nie die troon van Dawid nie.

Petrus kry later bevel om sy swaard in die skede terug te sit. Hy sterwe die kruisdood. Dit is sy veroweringskrag. Dit is sy koningsmag. Hy oorwin nie met die swaard van die vlees nie maar met die swaard van sy Gees, dit is sy Woord. So alleen, oorwin ook sy Kerk.

17 Februarie. **Lees** Mark. 11:11-19. **Teks**: Mark. 11:17.

HEER VAN SY HUIS.

Na die intog in Jerusalem het Jesus met sy dissipels reguit na die tempel gegaan. Daar het Hy volgens Markus „alles rondom" bekyk. Dit is veelseggend in die lig daarvan dat Hy die volgende dag met sy aankoms by die tempel onmiddellik begin het om die ongewenste elemente daaruit te verdryf en te verwyder.

Hierdie buitengewone daad het vir Hom veel erger vyandskap meegebring. Die konflik met die Joodse godsdienstige leiers is verskerp Reeds in Galilea was daar herhaaldelik botsing met die skrifgeleerdes meeste van hulle Fariseërs, oor die Wet. Sy vertolking en toepassing van die wet sonder die mensgemaakte aanhangsels, is deur hulle bejeën as minagting. Vir die skrifgeleerdes was Hy 'n wetlose misdadiger.

Nou is ook die priesters by die kring van felle haters gevoeg. Oor die tempelmark het die hoëpriester seggenskap gehad. Hierdie daad van tempelreiniging het inbreuk gemaak op hulle regte en bevoegdhede Die posisie van die priesters het naamlik berus op hulle offerdiens, net soos diè van die skrifgeleerdes berus het op hulle kennis van die wet Vir hulle was dit die toppunt van vermetelheid dat hierdie „wettelose" man Hom so kon bemoei met die tempeldiens.

Van toe af het hulle goeie rede gesoek om Hom ter dood te veroordeel. Hoewel hulle diè mag daartoe gehad het was hulle „bang vir Hom, omdat die hele skare verslae was oor sy leer." Hulle sou ook die Romeinse goewerneur wat die doodstraf moes bekragtig oortuig van sy skuld. Dit het gelei tot sy doodvonnis.

Maar vir ons was Hy die Heer van die huis wat 'n „huis van gebed genoem word vir al die nasies . . . "

18 Februarie. **Lees** Mark. 11:27-12:12. **Teks:** Mark. 11:28.

DIE MESSIAS MISKEN.

Jesus spreek en handel as 'n maghebbende, anders as die skrifgeleerdes. Hy genees siekes, vergeef sonde, voer die wet terug na sy hoofsom en stel sy Woord teenoor hulle oorleweringe en tradisies. Hy kom die hoofstad binne as 'n Messias en reinig die tempel eiemagtig.

Meermale is al met groot verontwaardiging gevra waar Hy aan die reg kom om so op te tree. Die reiniging van die tempel is vir hulle die toppunt van sy reeds bekende „eiegeregtigheid". Hulle is erg in die eer gekrenk. 'n Afvaardiging van die Hoë Joodse Raad ontmoet in die tempel om Hom tot verantwoording te roep.

„Deur watter gesag doen U hierdie dinge . . . " is die ondersoekende vraag. Waar kom hierdie timmerman uit Nasaret aan sy gesag? Waarop grond Hy sy Mesiaanse aanspraak? By implikasie gaan dit oor sy afkoms. Miskien kan Hy aantoon dat Hy direk van Koning Dawid afstam? Die bewyse is nie voorhande nie. Jesus verswyg dit. Hy antwoord met 'n wedervraag oor die doop van Johannes. Hulle durf daarop nie antwoord nie.

Deur Johannes is die weg reeds na Hom toe gewys. Die Godsgeheimnis van die Lam wat sou kom om die sonde van die hele volk te dra wou hulle uit sy mond nie glo nie. 'n Gesant van God kan en mag alleen getuig, nie oortuig nie. God moet op sy Woord geglo word. Daarom laat Jesus hulle „bewysloos" weggaan.

Is dit dan nie 'n wonder van goddelike genade dat ons in Hom glo as die ware Messias nie?

19 Februarie. **Lees** Mark. 11:27-33. **Teks:** Mark. 11:27.

TWISGESPREKKE MET TEENSTANDERS

Die evangelis Markus het hier (hoofstuk 11 vers 27 tot hoofstuk 12 vers 40) 'n aantal twisgesprekke saamgevat wat Jesus gevoer het met die geestelike leiers van Israel. Dit het gegaan oor die vraag oor die gesag van Jesus; oor die betaling van belasting aan die keiser; oor die opstanding; oor die groot gebod en oor die Messias as die Seun van Dawid. Die strydgesprekke word dan afgesluit (hoofstuk 12 vers 37 tot 40) met 'n ernstige waarskuwing wat Jesus uitspreek teen die skriftgeleerdes.

In die vyf strydgesprekke wat in Galilea plaasgevind het, (hoofstuk 2 tot hoofstuk 3 vers 6), het dit gegaan oor vraagstukke van aktuele belang vir die godsdienstige lewe. Hier in Jerusalem gaan dit egter oor die vraag of Jesus wel die Messias is. In die groepering van die gesprekke kan ons dan ook 'n sekere styging tot 'n klimaks opmerk. Terwyl die eerste vier gesprekke oor onderwerpe gaan wat van die grootste belang vir die destydse jodedom was en min of meer 'n duidelike Messiaanse agtergrond het, gaan Jesus in die vyfde gesprek self tot die aanval oor. Hier is die vraag aangaande die Messias sentraal. Die konflik tussen Jesus en die geestelike leiers van Israel het die kloof tussen hulle oopgevlek en niks anders as die lyde kan nou oor Jesus kom nie.

20 Februarie. **Lees** Mark. 12:13-17. **Teks:** Mark. 12:17.

SKATTE AAN DIE KEISER.

Die Fariseërs het gemerk dat Jesus Homself beskou het as die deur God beloofde koning van die Jode — die Messias — wat die koninkryk van Israel weer sou herstel. Waar die land nou deur die Romeine beset word, kon die herstel van die land natuurlik nie saamgaan met die Romeinse keiser se heerskappy oor die land nie. Sou Jesus die keiser van Rome erken as die persoon aan wie hulle hul moes onderwerp en aan wie hulle dus die belasting moes betaal of nie? Met hierdie vraag het hulle gehoop om Jesus heeltemal in 'n strik vas te vang. Hulle taktiek is verder om 'n onheilige bondgenootskap met die Herodiane te smee. Hierdie Herodiane was mense wat die Romeinse oorheersing begeer het. Daarom het die Fariseërs 'n aantal Herodiane met hulle saamgebring. As Jesus dus sou sê dat hulle die belasting **nie** moes betaal nie omdat hulle die keiser nie mag erken nie; dan sou die Herodiane wel daarvoor sorg dat Hy deur die Romeinse stadhouer Pilatus gearresteer word. As Hy weer aan die anderkant sou sê dat hulle uit vrees vir die Romeine maar moet betaal, dan kon geen Jood weer glo dat Hy wél die beloofde Messias is nie. So wou hulle Hom probeer betrap op 'n woord wat Hom in die hitte van die gesprek moontlik onverhoeds sou ontval.

Jesus ken hulle bedoelinge en spreek dit dan ook uit. Hy wys hulle daarop dat op die muntstuk waarmee hulle die belasting moet betaal, die beeld van die keiser voorkom. Die gebruikers van die muntstuk staan dus onder die keiser se heerskappy en daarom is hulle belastingpligtig. Aan die keiser moet betaal word wat die keiser toekom. Maar netso moet daar ook aan God betaal word wat Hom toekom. Die staatkundige gesag is nie die hoogste gesag in hierdie lewe nie, maar wel die heerskappy van God. Daarom roep Jesus hulle op om, soos hulle die heerskappy van die keiser aanvaar het, só moet hulle nou ook die heerskappy van God erken deur die Messiaanse uitsprake van Jesus te aanvaar. Sy koningskap is nie van hierdie wêreld nie.

Die mens is onderhorig aan 'n tweërlei onderwerping: aan die owerheid én aan God. Laasgenoemde is beslissend. Die mens moet aan elkeen gee wat aan hom behoort: aan die keiser sy aardse skatte waarop sy beeld afgedruk is, en aan God die mens self — die siel — waarop die beeld van God afgedruk is.

21 Februarie. **Lees** Mark. 12:18-27. **Teks:** Mark. 12:27.

OPSTANDING VAN DIE DODE.

Hierdie keer is die Sadduseërs, lede van die hoëpriesterlike party, die teenstanders van Jesus. Hulle geliefkoosde strydpunt was die kwessie van die opstanding van die dode. Hulle het nie hieraan geglo nie en vanuit die wette van Moses probeer hulle nou aantoon dat die geloof aan 'n opstanding noodwendig tot 'n belaglikheid moet lei as jy konsekwent by die wette wil hou. Met ander woorde — Moses

het nie rekening met die opstanding gehou toe hy die wette gegee het nie. Daar is dan die hipotetiese geval van 7 broers wat op grond van die voorskrif van Moses om die beurt met dieselfde vrou trou (die sogenaamde leviraatshuwelik — Deut. 25:5). Gestel nou dat daar wel 'n opstanding is — wie se vrou sal sy dan wees?

Jesus toon hulle hulle dwalinge aan as gevolg van hulle gebrekkige insig in die Skrifte en hulle onkunde aangaande die krag van God. God is 'n God van lewendes en elkeen wat Hom by God voeg, val nie in die mag van die dood nie, maar sal aan die lewe deel hê en die opstanding uit die dode deelagtig word. As God die God van Abraham, Isak en Jakob genoem word, volg daaruit dat hulle nóg lewe en die opstanding deelagtig sal word. Die opstandingslewe is in sy geheel anders as die huidige lewe. Die aardse huwelik bestaan nie meer nie, omdat die opstandingslewe nie 'n voortsetting nie maar 'n herskepping van die lewe is. In Jesus Christus breek 'n nuwe bedeling aan: die Messiastydperk — dit is die tydperk van die opwekking van die dode — die opwekking van 'n wêreld wat dood is in die sonde, tot nuwe lewe in Christus, die opwekking van 'n siel tot nuwe lewe — en die uiteindelike opwekking van gestorwenes tot 'n lewe in ewigheid.

Die God van die lewendes is met ons.

22 Februarie. Lees Mark. 12:28-34. **Teks:** Mark. 12:28-34.

DIE VRAAG OOR DIE GROOTSTE GEBOD.

Nadat die priesters, die Fariseërs en die Sadduseërs deur Jesus op 'n afdoende wyse geantwoord is, kom die skrifgeleerde in die vierde strydgesprek aan die woord. Jesus wys hierdie man nie skerp tereg nie, maar spreek hom waarderend en bemoedigend aan. Hy is 'n opregte soeker na die waarheid en hy wil weet watter een van die honderde gebooie van die Joodse godsdiens nou werklik die belangrikste was. Daar was 613 gebooie en verbooie wat die vrome Israeliet moes nakom. Die behoefte aan ordening en veral aan 'n samevatting in 'n beknopte hoofsom van die wet is sterk aangevoel. Van Jesus verlang die skrifgeleerde nou om te weet wat die hoofgebod is waaruit al die ander afgelei word. By Hom is daar geen sweem van onsekerheid nie: Die verhouding tot God moet dié wees van 'n liefde wat die hele mens met al sy vermoëns en lewensuitinge omvat. Met jou denke, wil en verstand en begeertes, moet die mens God met alle krag liefhê. Dit is die hoofgebod — 'n samevatting van die eerste tafel van die wet van Moses.

Jesus bied meer as wat gevra word, en wys op 'n tweede gebod wat naas die eerste staan. Uit Lev. 19 vers 18 haal Hy dit aan: „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Dit is 'n samevatting van die tweede tafel van die wet van Moses. Die afloop van die gesprek was 'n oorwinning vir Jesus. Die teenstanders begryp terdeë dat hulle nie teen Hom opgewasse is nie en hulle, waag dit nie meer om Hom met strikvrae aan te val nie.

23 Februarie. **Lees** Mark. 12:35-37. **Teks:** Mark. 12:35-37.

DAWIDS SEUN, DAWIDS HEER.

Na die afdoende weerlegging van al Sy teenstanders, waag niemand dit om verder met Jesus te redetwis nie. Hy word dus toegelaat om ongehinderd in die tempel onderrig te gee. Hy weerlê 'n verkeerde opvatting wat as gevolg van die prediking van die skrifgeleerdes by die volk posgevat het, naamlik dat die Messias noodwendig die Seun van Dawid moet wees. Hy toon aan dat die Messias aan 'n hoër en belangriker kwalifikasie as hierdie moet voldoen. Hy stel Sy betoog in die vorm van 'n vraag waarop daar geen antwoord volg nie. Die bedoeling is egter baie duidelik: nie die Seunskap van Dawid maak Hom tot die Messias soos die skrifgeleerdes beweer nie, maar die feit dat Hy die Messias is, maak Hom tot Seun van Dawid wanneer Hy mens word op aarde. Omdat Hy van ewigheid af deur die Vader bestem is om die Messias te wees, verskyn Hy op aarde as Seun van Dawid.

Diegene wat meen dat Hy Messias kan wees alleen indien Hy Seun van Dawid is, lê die nadruk op die verkeerde plek.

Hierdie sekerheid van Jesus dien as die vaste grond van ons geloof dat Hy die Heiland is. Uiterlike dinge wil ook ons geloof veryde!, maar ons is versekerd dat Hy wat gekom het, as Seun van Dawid, ook waaragtiglik die Messias is. Uit daardie geloof leef ons, hier, en ook tot in ewigheid.

24 Februarie. **Lees** Mark. 12:38-40. **Teks:** Mark. 12:38-40.

WAARSKUWING TEEN DIE SKRIFGELEERDES

Jesus waarsku die volk teen die skrifgeleerdes, wat 'n openlike gevaar is weens die onopregtheid van hulle godsdiens. Deur hulle godsdienstig vóór te doen, soek hulle na eie eer. By alle godsdienstige en sosiale byeenkomste het hulle die voorrang opgeëis. Veral in hulle optrede teenoor die onbeskermdes in die samelewing blyk die huigelagtigheid van hulle godsdienstige voordoenery. Die vrou was in 'n baie onderhorige posisie en van die man afhanklik. Die weduwee laat haar gevolglik maklik deur 'n man bedrieg — veral deur 'n skrifgeleerde wat as kenner van die wet en met die skyn van godsdienstigheid optree. Dit gaan gepaard met lang gebede. Hulle verenig dus berowing en gebed. Die gebed kom in so 'n geval nie uit die hart nie. Die diens van God word verlaag tot niks anders nie as 'n geleentheid vir bedrog en selfverheffing. Vir hierdie mense sal daar 'n swaarder oordeel wees as vir die gewone volk.

Die strydgesprekke tussen Jesus en sy teenstanders eindig op hierdie noot van dreigende oordeel. Hy self verkeer onder die skadu van die oordeel wat Hy vir ander sal moet dra en op diegene wat geen gehoor wil gee aan Sy woorde nie. Laat ons waak teen die tipiese sondes van die godsdienstige mens: ydelheid en eersug, gierigheid en huigelary.

25 Februarie. **Lees** Mark. 12:41-44. **Teks:** Mark. 12:44.

DIE AALMOES VAN DIE WEDUWEE.

So pas het Jesus gewaarsku teen die skrifgeleerdes met hulle skyn van godsdienstigheid en hulle berowing van die weduwees. Nou prys Hy 'n arme weduwee vir haar geringe offergawe en opregtheid van hart. Hy sit in die vroue-voorhof teenoor een van die dertien skatkiste en let op hoedat die volk hulle vrywillige offers bring.

Volgens Joodse gebruik moes die offergawe by die skatkis aan die priester oorhandig word. Hy prys dan elkeen wat 'n oorweldige offer bring maar het ook die reg om 'n onvoldoende offer te betreur of te weier. Dit is moontlik dat die arm weduwee hier verneder is deur die priester weens die geringheid van haar offer. Sy het maar twee lepta — dit is die kleinste Joodse munstuk, gegee. Die feit dat sy twee muntstukke ingooi, is bewys dat sy wél minder kon gegee het, maar ten spyte van haar armoede dit nie gedoen het nie.

Jesus het groot waardering vir haar daad. Hy roep die dissipels byeen om aan hulle 'n grondwaarheid van Sy koninkryk mee te deel Plegtig verklaar Hy dat die weduwee meer ingegooi het as al die ander, omdat die motief van haar daad opreg was. Daarby was dit 'n daad van ware offervaardigheid. Andere het uit hulle oorvloed gegee, maar sy het haarself tekort gedoen. Sy bied haar hele lewensonderhoud aan God om Hom daarmee te vereer. So 'n offervaardigheid word deur Jesus opgemerk en openlik geprys.

Gawes aan die Here is 'n wesenlike element van die praktiese godsdiens, maar dit het by God alleen waarde as dit ook aan Sy maatstaf voldoen. By die Jode was die maatstaf die verering wat die gewer kon inoes. By Jesus is dit die prys wat dit die gewer kos om aan God verering toe te bring.

Jesus lê 'n nuwe lewensbeginsel neer, naamlik om met ons hele lewe 'n vrywillige offer die Here te verheerlik. Hierdie beginsel is vandag nog die inspirasie vir lofwaardige dade van toewyding.

26 Februarie. **Lees** Joh. 12:20-23. **Teks:** Joh. 12:23.

DIE UUR VAN VERHEERLIKING

Dit wil voorkom of alles nou vir Jesus opvoer na 'n klimaks. Eers was daar die hulde in die intieme vriendekring toe Maria Sy voete gesalf het. Dan volg die huldiging van die volk tydens Sy intog in Jerusalem. En nou kom nog die hulde van die heidene.

Sommige Grieke „onder die wat gekom het om op die fees te aanbid", nader Filippus met die versoek om met Jesus kennis te maak. Filippus op sy beurt bespreek dit eers met Andreas en na beraadslaging dra hulle dit aan Jesus oor.

Johannes vermeld nie of aan hierdie versoek voldoen is nie. Hy vestig die aandag direk op Jesus om te laat sien hoe Jesus die betekenis van hierdie versoek deurskou het. Jesus antwoord: „Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word."

Vir die dissipels moes die versoek van die Grieke ook besondere betekenis gehad het veral in die lig van Jesus se antwoord daarop. Kom nou eindelik die gelukkige wending in die lewe van hulle Meester? Begin nou die dag van heerlikheid waarop hulle gehoop het? Breek nou eindelik Sy volle glorie aan, nou dat die deur na die wye wêreld van die heidene vir Hom oopgaan?

Ja, die uur van verheerliking het werklik gekom, maar nie soos hulle dit verwag het nie. Hierdie uur word nie deur mense of uiterlike omstandighede bepaal nie. Hierdie uur is die uur waarvan tot nou toe gegeld het: Nog nie. Hierdie uur is die uur waarin die heilsraad van God verwerklik sal word. Hierdie uur is en bly die uur van die Kruis.

Die ontmoeting tussen Jesus en die heidenwêreld sal plaasvind, maar dit sal geskied langs die misterieuse omweg van die Kruis. Die versoening met God moet eers bewerk word. Die skuld moet eers betaal word. Dit beteken vir Hom die Kruis. Daarna sal Hy as verhoogde Here almal na Hom toe trek.

27 Februarie. **Lees:** Joh. 12:24-26. **Teks:** Joh. 12:24.

DEUR STERWE TEN LEWE.

Om te verduidelik wat Hy met „die uur van verheerliking" bedoel, gebruik Jesus die beeld van die koringkorrel. Die koringkorrel wat nie in die grond val en nie sterf nie, bring geen vrug voort nie. As dit egter in die grond gesaai en bedek word, as dit geoffer word en ten gronde gaan, dan bring dit vrug voort.

Die koringkorrel kan ook heel nuttig vir ander doeleindes gebruik word, maar dan bly dit alleen. Dit vermeerder nie. Dit dra nie vrug nie. Vrugbaarheid en vermeerdering val dit alleen ten deel wanneer dit aan bederf en die dood prysgegee word.

Net so kan Jesus, as dit Sy Vader behaag, op enige wyse en op enige oomblik, ja ook nou, majesteitlik verheerlik word. Maar dan bly Hy „alleen", dit wil sê Hy sal 'n Heer sonder 'n gemeente wees. Dan word die soenoffer nie gebring nie en dan moet alle mense met hulle eie rekening voor God verskyn. En dan kan hulle in hulle sonde en skuld alleen verlore gaan.

Die Kruisdood is vir Hom 'n moet. Sy soenoffer is die enigste grond waarop sondaars behou kan word, waarop Hy vir Hom 'n gemeente uit verlorenes kan verkry. Dit is die heilsbetekenis van hierdie sterwenswet vir Jesus: deur Sy dood dra Hy veel vrug. Deur Sy dood heen sal Hy as verhoogde en verheerlikte Heiland vir Hom 'n kudde bymekaar maak.

Hierdie wet geld egter ook Sy dissipels, Sy gelowiges, Sy gemeente. „Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor." Wie homself wil handhaaf, wie homself wil behou, sal verlore gaan. Wie homself prysgee aan die genade van God, wie aan homself sterwe, sal deur Christus lewe. Hy bly ook nie alleen nie. Hy word opgeneem in die gemeenskap van God, deel in die gemeenskap van die heiliges en dra vrugte van dankbaarheid tot lof van God.

28 Februarie. **Lees** Joh. 12:27-33. **Teks:** Joh. 12:31.

GERIG.

Jesus, die Seun van God is ook waaragtige mens. Dat Hy die weg van die koringkorrel moet gaan, vervul Hom met verskrikking. Wat moet Hy sê? Sal Hy die Vader bid dat dit Hom gespaar moet bly? Nee, dit kan Hy nie doen nie! Want om uit hierdie uur te vlug, sal beteken dat die betekenis van hierdie uur tot niet gemaak word. Hierdie uur kan alleen betekenis hê as dit in diens van God tot Sy eer staan. Daarom bid Jesus: „Vader verheerlik U Naam!" Hy bid dat deur Sy lydingswerk die heerlikheid van God wat deur die sonde by die mense verbreek is; weer helder sal straal.

Dan antwoord Sy Vader: „Ek het dit verheerlik en sal dit weer verheerlik." Deur Jesus se lering en werke is Gods Naam reeds verheerlik en dit sal straks deur Sy lyding en verhoging grootliks verheerlik word. Deur hierdie uitspraak van Sy Vader oor Hom is die stryd beslis en die oorwinning behaal.

Jesus sluit hierby jubelend aan as Hy sê: „Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word." Die uur van Sy verheerliking is ook die oordeel van die sondige wêreld. Daar aan die kruis sal die ware wese van die wêreld oopgevlek en geoordeel word. Die wêreld is nie 'n neutrale en onafhanklike grootheid met goeie en slegte, met mooi en lelike kante nie. Nee, die wêreld is gevangene. Hy het sy heerser, sy owerste. Hy is in die greep van Satan wat hom en almal wat hom toebehoort steeds in die skuld, in die dood indwing.

Maar nou word Satan geoordeel en uitgewerp. Aan die kruis word voldoen aan die eis van Gods geregtigheid en die losprys betaal. Hier val dus die beslissing. Die owerste van die wêreld sit nie meer op die troon nie. Triomfantlik verklaar Jesus: „En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek".

29 Februarie. **Lees** Joh. 12:34-50. **Teks:** Joh. 12:35b.

LIG EN DUISTERNIS.

Vir Sy toehoorders is die woorde van Jesus se verheerliking onverstaanbaar. Hulle neem dit letterlik op in die sin dat Sy pad hier sal doodloop en dat Hy van die aarde sal verdwyn. Dit strook nie met wat hulle geleer is aangaande die Messias nie. „Ons het uit die wet gehoor dat die Christus tot in ewigheid bly en hoe sê U dat die Seun van die mens verhoog sal word? Wie is hierdie Seun van die mens?" Hierdie vraag is egter nie uitdrukking van 'n heilbegerige soeke na waarheid nie. Dit is niks anders as 'n hooghartige en ongelowige afwysing van Jesus nie.

Hierop gaan Jesus nie breedvoerig in nie. Hy het meer as genoeg tot hulle gespreek. Hy rig nog slegs 'n laaste vermaning aan hulle adres. Hy is die Lig van die wêreld en hierdie Lig is nog vir 'n klein tydjie by hulle. God het hierdie Lig nie bedoel dat mense daaroor sal debatteer en dit sal kritiseer nie. „Wandel solank julle die Lig het." Hierdie „in die Lig wandel" beteken om in Hom te glo. Hy is nie 'n lig wat toevallig opgegaan het nie. Hy is die gestuurde van God. Hy is

die genadelig wat in die duisternis van hulle sonde kom skyn het. Nou is dit die welaangename tyd. Daarom Sy vermaning „sodat die duisternis julle nie oorval nie."

As hulle nie glo nie, Hy self sal hulle nie oordeel nie, maar die Woord van saligheid wat in Hom na hulle gekom het en moedswillig deur hulle verwerp is, sal teen hulle getuig en hulle veroordeel. Want dit moet almal weet: Wie Hom verwerp, verwerp God wat Hom gestuur het.

Dit is Jesus se slotwoord aan Israel. Daarna verlaat Hy hulle om te volbring wat God Hom opgedra het om te doen. Hy gaan die Kruis tegemoet. Hy gaan in die duisternis van sondaars sodat Sy oorwinningslig oor hulle kan skyn.

1 Maart. **Lees** Joh. 13:1-11. **Teks:** Joh. 13:7.

DIE VOETEWASSING.

Jesus se openbare optrede in die midde van Sy volk word met hoofstuk 12 afgesluit. „Hy het na Sy eiendom gekom, en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie." Vervolgens bepaal Hy Sy aandag net by Sy dissipels. Nou gaan dit vir Hom om hulle toerusting vir 'n taak in hierdie wêreld. En dan moet hulle dit van die begin af weet dat die grondslag van hulle roeping en taak Sy onwankelbare liefde vir hulle is. Hy het hulle van die begin af liefgehad en sal hulle liefhê tot die einde toe.

Hy is met Sy dissipels saam rondom die Paasmaaltyd. Met hierdie laaste maaltyd begin die eintlike lydingsgeskiedenis. Die voetewassing is dan ook sinnebeeld van Jesus se ganse werk in Sy lyding.

Gedurende die maaltyd het Jesus opgestaan, Sy bokleed uitgetrek en Hom omgord met die doek wat vir die doel van die voetewassing beskikbaar was. Die voetewassing was die taak van die geringste slaaf. Om nou te beklemtoon wat hier gebeur, vermeld Johannes dat Jesus geweet het dat God alles in Sy hande oorgegee het. Hy is Heer van alle Here en tog verneder Hy Hom tot die peil van die geringste slaaf.

Daar heers 'n gespanne stilte. Stilswyend laat die eerste dissipels Jesus toe om hulle voete te was. Dan kom Hy by Petrus en hier kom oombliklik reaksie. „Here gaan U my voete was?" Petrus se gesonde menseverstand kan hierdie skynbare absurde optrede nie begryp nie. Geduldig antwoord Jesus: „Wat Ek doen, begryp jy nie nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan." As Petrus dan nog volstrek weier, sê Jesus: „Dan het jy geen deel aan My nie."

Wat hier gebeur is sinnebeeld van wat aan die Kruis volbring sal word. Daarom sê Jesus ook: „Julle is rein." Hier ontvang hulle reeds wat hulle later na Kruis en Opstanding sal verstaan. Deur Sy dood is hulle gereinig, het hulle deel aan Hom, is hulle in Hom. Eers dan sal hulle verstaan tot hoe 'n mate Hy Hom tot hulle heil verneder het.

2 Maart. **Lees** Joh. 13:12-20. **Teks:** Joh. 13:14.

TOT DIENS GEROEP.

Die voetewassing is afgehandel. Die gesprek hier rondom moet egter voortgaan. Die voetewassing wil 'n tweevoudige gedagte na vore bring, naamlik die reiniging van sondes en die dienende nederigheid.

Die reiniging kan Jesus alleen tot stand bring waar Hy in Sy dienskneggestalte vir hulle aan die kruis die versoening en vergewing bewerk. Daarom sê Hy ook vir Petrus: Hierin kan jy My nie volg nie.

Maar wat die tweede gedagte betref, het Hy in die voetewassing vir hulle 'n voorbeeld gegee om na te volg. „Julle noem My Here en Meester en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was." Die voetewassing moet vir hulle dien as rigsnoer in hulle verhouding met mekaar. Hy weet dat dit sal indruis teen hulle menslike natuur, want by die mense wil die een altyd hoër wees as die ander. Juis daarom het Hy vir hulle die voorbeeld ter navolging gegee. Hulle moet dit altyd besef dat hierdie dienswerk by hulle, deur hulle en vir mekaar alleen moontlik, seënryk en vrugbaar kan wees, as dit in die liefdesdiens wat Hy ten behoewe van almal volbring het, gegrond is. Alleen deur die geloof in Hom en deur Sy krag, sal hulle daartoe in staat wees.

As diensknegte is hulle nie meer as hulle Heer nie. Hulle is verplig tot hierdie nederige liefdesdiens. Hulle moet hulle nie daarvoor skaam nie. Want alhoewel hierdie dienswerk in nederigheid verrig moet word, is dit tog iets buitengewoon groots. Wie hulle sal ontvang, ontvang Hom wat hulle gestuur het. En wie Hom ontvang, ontvang die Vader wat Hom gestuur het. In opdrag van God en in die Naam van God sal hulle hierdie diensweg bewandel. God sal dit vir hulle voleindig.

3 Maart. **Lees** Joh. 13:21-30. **Teks:** Joh. 13:21b.

VERRAAD.

By die voetewassing het Jesus al daarna verwys dat een van hulle Hom sou verraai. Daar het Hy vir hulle gesê dat hulle op grond van Sy versoeningswerk rein is. „Maar nie almal nie", omdat Hy geweet het van Judas Iskariot. Toe het hulle egter die betekenis van Sy woorde nie gesnap nie. Nou bring Hy hierdie verskriklike feit duidelik na vore. Met ontsteltenis kondig Jesus aan: „Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai."

Met skrik kyk hulle mekaar aan. Op 'n wenk van Petrus vra Johannes vir Jesus wie dit tog kan wees. Dan gee Hy vir Johannes 'n duidelike teken deur 'n stukkie brood in die sous te doop en aan Judas Iskariot te gee.

Hiermee het die proses van Judas se oorgawe aan Satan sy laaste fase bereik. Judas het sy verwagtinge vir Jesus en op grond daarvan vir homself gekoester. Maar na mate dit uit die lering van Jesus al duideliker geword het wat die doel van Sy koms in hierdie wêreld is, wat Sy uiteinde hier op aarde sal wees en wat die konsekwensies daarvan ook vir hulle sal wees, het Judas al verder van Jesus af weggedryf, het die proses van Satan al sterker vorm aangeneem in sy hart.

'n Geruime tyd het hy nog huigelagtig saamgeloop. Nou weet hy egter dat hy ontdek is. Nou weet hy dat Jesus weet dat hy nie 'n Heer en Meester wat wil dien en wil ly, wil hê nie. Hy laat hom ook nie 'n plek van diens aanwys nie.

Judas wil 'n Here hê wat in grootheid regeer en hy wil 'n kerk hê wat heers. Daarom verkies hy liewer sy eie duisternis bo die Lig van Christus. Maar daarom word hy uitgedryf in die buitenste duisternis: „Wat jy wil doen, doen dit haastig."

Dadelik gaan hy en hy gaan sy verderf tegemoet. Wie „nee" sê vir die genade wat in Christus geskenk is, kan alleen in sy eie verdorwenheid verlore gaan.

Ly u smarte, — Hy vertroos.

Ween u trane, — Hy droog dit.

Brand u wonde — Hy verbind dit.

Sit u in duisternis — Hy is die lig.

Daarom as die laaste storm van die dood losbars, vrees nie, Hy sal met u gaan.

4 Maart. **Lees** Ps. 22:1-12. **Teks:** Joh. 14:1.

GELOOF DRYF DIE VREES UIT.

Die Heiland nader die einde van Sy veelbewoë lewe. Weldra sal die Judaskus van verraad op Sy voorhoof brand en sy hande gebind word. Petrus sal die swaard trek, maar Hom in dieselfde nag driemaal verloën. En al die dissipels sal wegvlug want ontsettende dinge gaan gebeur.

Nou wil die Heiland hulle nie alleen bemoedig nie maar ook vertroos. Hulle moet weet om deur die geloof veranker te bly aan Hom en die Vader, selfs al sou alles hulle ontval en hulle verward en verlore voel. Hulle moet sterk wees en nie ontsteld word nie. Sy dissipels moenie bang wees nie al sou die ontsettende dinge gebeur want hulle is nie ontredder nie.

Al sou alles hulle ontval, die Vader en Christus is nog daar. In tye van donkerheid moet die geloofsverbintenis met God en Christus die vrees uit hulle lewe verdryf. Selfs wanneer die wêreld Christus uitwerp en die donker gordyn die hoop afsluit, of as Hy in Getsemane worstel of op Gabbata gegésel word of op Golgotha sterwe, moet die geloof nie weifel nie.

Die geloof is die stukrag in ons lewe as alles verander en vrees ons bekruip. As storms oor ons gaan en die nag van benoudheid en angste sy vlerke oor ons sprei, as alles moeite en verdriet word, bly Hy nog dié Een wat die winde bestraf, die Helper in benoudhede en die Trooster vir ons bang gemoed.

5 Maart. **Lees** Ps. 42. **Teks:** Joh. 14:2.

DIE HEERLIKE UITSIG OP DIE VADERHUIS.

Hierdie Vaderhuis waarvan Christus spreek was vir Hom 'n uitsig in Sy donkerste lewensuur. Hy merk die drinkbeker van Getsemane, Hy sien die géseling van Gabbata, Hy weet van die kruis en dood en verlatenheid op Golgota, maar Hy sien ook anderkant dit alles die ligtende Vaderhuis.

Stéfanus, die eerste martelaar, sien ook die Jode met hulle hande vol klippe om hom te stenig maar hy roep nog uit: „Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan." En daarom kon hy uitroep: „Here Jesus, ontvang my gees."

En eenmaal antwoord Luther tydens die Kerkhervorming, terwyl hy nêrens meer veilig was nie, op 'n vraag „waarheen gaan jy vlug as die ergste gebeur?" — „dan vlug ek na die hemel."

Die Vaderhuis is nog daar — ook vir ons. En juis in die donkerste ure van ons lewe skyn die lig van die Vaderhuis die helderste. En die Vaderhuis bestaan nie alleen nie, maar daar word ook vir my 'n plek berei.

Jesus het vooruitgegaan om vir my 'n plek te gaan berei. En as die plek berei is, kom Hy weer om ons te kom haal sodat ons ook kan wees waar Hy is.

Terwyl ons dan moedig stry met uitsig op die Vaderhuis, is Jesus besig om vir ons daar 'n woning in te rig. En Hy kom as Bruidegom om sy bruid te kom haal sodra die woning voltooi is.

Wanneer sal my plek berei wees? — ek weet nie, — môre, oormôre — dit maak nie saak nie, ek moet bereid wees. Miskien moet ons nog baie verduur en die Golgotasweg gaan, maar onthou: daar is 'n hemel wat vir die aarde vergoed.

6 Maart. **Lees** Joh. 14:1-6. **Teks:** Joh. 14:6.

JESUS DIE WEG NA DIE VADER.

As Jesus met Sy laaste onderwys besig is om te spreek oor Sy heengaan na die Vader, val Thomas Hom in die rede met die woorde: „Here, ons weet nie waar u gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?" Dit was miskien oneerbiedig van Thomas, maar ons is hom tog dankbaar, want hierop antwoord Jesus: „Ek is die weg."

In hierdie wêreld is daar baie padvinders maar nog meer padsoekers. Die hele wêreld soek 'n weg uit uiterlike en innerlike ellende. Dit doen die man in die tempel wat op sy bors slaan met die woorde „wees my sondaar genadig." Dit doen die bedevaartganger met die spykers in sy skoene, die monnik in die kloostersel en die protestant wat na God wil opklim met sy trane, gebede, bekering en goeie werke.

Almal is padsoekers na die hemel, maar nie almal is padvinders nie. Jesus het gesê: „Ek is die weg, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Daar bestaan van die mensekant geen weg na God nie.

Die mens kan 'n leer bou, maar nie 'n hemelleer nie; 'n toring, maar die spits sal die hemel nie bereik nie; 'n trappegang van goeie werke — maar nie die hemel daarmee binnestap nie. Daar is geen weg van die mens na God nie, maar omgekeerd, van God na die mens in Christus. Hy is die weg. Hy het in die Betlehemsnag die hemel verlaat om die weg te baan. En op die aarde moes Hy die weg van smarte gaan om deur graf en dood, die weg van Godverlatenheid, die weg van behoud vir die sondaar te wees.

Daarvoor het Jesus in dienskneggestalte gekom om deur die kruisdood die pad te bou na die ewige lewe in die Vaderhuis. U hoef nie langer te soek nie, werp u in die arms van Jesus — Hy bring u, en dra u na die Vader.

7 Maart. **Lees** Joh. 14:7-12. **Teks:** Joh. 14:8.

DIE FILIPPUSVRAAG.

Filippus was onder die dissipels die nugtere mens wat met alles rekening gehou het behalwe met die groot mag van God. In die woestyn wil hy hê Jesus moet die skare wegstuur want 200 pennings is te min om vir die skare voedsel te koop. Alles moes vir hom tasbaar, sigbaar en meetbaar wees. Hy kon nie begryp dat God se rekenmetode anders as dié van die mense is nie.

Hierdie Filippus het 'n groot familie. Hulle wil alles menslik bereken, selfs in die godsdiens, en dan loop alles skeef omdat die faktor van die geloof ontbreek.

Die vraag „toon ons die Vader", is eerstens 'n dwase vraag. Want God is Gees en nie sigbaar en tasbaar nie. Om God te sien het die mens 'n geloofsorgaan nodig. En as die ongelowige wêreld u vra: Waar is u God?, moet u antwoord: die geloofsoog is nodig om Hom te sien.

Hierdie vraag is ook 'n sielevraag, want ons is van Gods geslag en die mens kan nie rus vind nie tensy hy rus vind in God. Daarom kan die skatte van die wêreld ons nooit werklik bevredig nie want „My siel dors na die Heer . . . "

Hierdie vraag is ook 'n lewensvraag, want wat maak die lewe so ondraaglik? Pyn, armoede en sorge? Nee, maar die gevoel dat God nie daar is nie en my weg vir die Here verborge is en my reg by my God verbygaan. Daarom wil ek in my siele eensaamheid en ballingskap my Vader sien en Sy hand op my skouer voel.

Hierdie vraag is ook 'n ewigheidsvraag want as ons eenmaal tuiskom sal ons die Vader wil sien wat ons so onuitspreeklik liefgehad het. Dan staan ons verheerlik as kind by die Vader. Salig hulle wat hierdie heimwee ken.

Filippus, ons is bly oor hierdie vraag. Dit bring ons by die kruis en by die kruis ontdek ons die Vader en Vaderhuis.

8 Maart. **Lees** Joh. 15:1-8. **Teks:** Joh. 15:1

CHRISTUS ONS VREUGDE.

Sommige skrifverklaarders is van mening dat Jesus na Sy rede in Joh. 14, op pad na Getsemane by 'n wingerd verby gegaan het en toe sy rede van Joh. 15 gehou het. Ander meen dat Hy die rede gehou het na aanleiding van 'n druiwetros wat oor een van die tempelpoorte gehang het. Dit is egter duidelik dat Joh. 14 tot Joh. 17 nie maklik geskei kan word nie.

Die hoofstaak is dat Jesus by die afskeid Sy dissipels wil voorhou hoe noodsaaklik dit is om in gemeenskap met Hom en die Vader te lewe.

„My Vader is die landbouer." Hy besluit oor die plek en die tyd, dit wil sê waar en wanneer Hy die wynstok moet plant. Christus is die wynstok. En die Landbouer het die plek en tyd bepaal en dit deur die eeue deur die mond van Sy profete al aangekondig. Daarom het Hy toe die volheid van die tyd aangebreek het, Christus in die wêreld geplant. „Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Die wynstok is die simbool en beeld van verkwikking en vreugde. God stuur Christus dus tot verkwikking van en vir hierdie met sondebelaaide wêreld en tot vreugde van die sondaars wat hulle verbly in die vrug van die wynstok, naamlik in sy versoenende bloed.

Die Vader het die Wynstok nie alleen geplant nie, maar deur die jare versorg en onderhou sodat Jesus tot ware verkwikking en vreugde van elke vermoeide en beswaarde sondaar in die oesseisoen kan uitroep „Dit is volbring".

9 Maart. **Lees** Hebr. 12:1-11. **Teks:** Joh. 15:2.

DIE SNOEISKÊR VAN GOD.

Die Vader is die landbouer, Christus die wynstok en ons die lote. Daarom plant en versorg die Landbouer nie alleen die Wynstok nie, maar inspekteer ook voortdurend die lote. Hy laat dit nie aan iemand anders oor nie. Dit bring dankbaarheid om te weet dat Hy na ons omsien en ons met alle goeie dinge wil versorg. Maar dit is ook die ontsettende omdat ek dikwels anders versorg wil wees as wat Hy dit doen.

Die Vader soek ook vrugte aan die lote, want die Wynstok Christus is die voedende en kraggewende stam om vrugte te laat vorm. En hierdie „vrugdra" van die lote is nie alleen 'n versoek nie, maar 'n eis deur God gestel. En so streng is hierdie eis dat die ranke wat nie vrug dra nie, afgesny en in die vuur gewerp word.

As ek onveranderd en onvrugbaar bly by al die genadewerk van God aan my verrig, dan is ek 'n nuttelose planting, 'n waardelose loot wat verbrand sal word.

„En elke loot wat vrugdra, die maak Hy skoon sodat dit meer vrug kan dra." Hy bestry dus die onkruid wat die vorming en groei van die vrug kan belemmer en benadeel. En Hy maak die ranke skoon op Sy wyse. Hiervoor gebruik Hy die snoeiskêr van Sy beproewing. Die snoeiskêr bring altyd wonde en pyn en soms huil die lote as dit gesnoei word. So vloei daar ook dikwels trane uit ons oë. Maar dit moet nooit vrugteloos wees nie, maar sodat ons meer vrug kan dra.

En hierdie vrugte word ook eenmaal in die oesseisoen ingesamel vir die skatkamers van die hemele.

10 Maart. **Lees** Joh. 15:18-27. **Teks:** Joh. 15:22.

AS JESUS NIE GEKOM HET NIE

As Jesus nie gekom het nie, dan het ons geen saligheid gehad vir die ontdekte sondaar nie. Want Hy het gekom om die volk salig te maak van hulle sonde. In Christus het ons dus 'n Saligmaker waardeur ons heenvlug na die ark van behoud — Een na wie ons kan gaan met skuld en sonde. Sonder Jesus was geen sondaar gered, maar met Hom deur die nou poort na die pêrelpoort van die Vaderhuis.

As Jesus nie gekom het nie, was daar geen gids op pad na Sion nie. Maar Hy kom uit die hemel en ken die weg daarheen terug. Hy wys nie alleen die pad nie maar gaan ons daarop voor. Ons weë is soms eensaam, onbegaanbaar en vol gevare maar Hy lei ons veilig. Met Hom trek ons oor berge en deur dale as pelgrims na die blye sale.

As Jesus nie gekom het nie, was ons sonder beskerming. Want in hierdie wêreld sal ons verdrukking hê maar Hy het die wêreld en daarom ook die verdrukkingsmagte oorwin. Hy, die goeie Herder lê Sy lewe af vir die skape. Al is die lewe dan hard en ru en kneus en maal dit ons, Hy my Bewaarder lê my aan Sy boesem neer.

As Jesus nie gekom het nie, was ons alleen in Getsemane. Die weg na die hemel loop deur Getsemane en daar vat Hy ons hand en sê: „drink hierdie beker, Ek het dit ook eenmaal vir jou gedrink". So kry ons lydingsbeker nuwe betekenis.

As Jesus nie gekom het nie, sou ons onder ons lewenskruis beswyk het, want die kruise is so swaar en ons kragte so min. Maar Hy het gekom en dra ons met ons kruis.

As Jesus nie gekom het nie, was ons alleen in ons sterfuur. Maar nou roem ek: „Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my."

11 Maart. **Lees** Joh. 16:1-6. **Teks**: Joh. 16:6.

DROEFHEID DEUR ONKUNDE.

Deur onkunde is daar in baie mense se harte en lewens droefheid wat soos 'n swaar las hulle neerdruk. Miskien vandag ook in u lewe, droefheid deur onkunde, omdat u nie weet wat tot u vrede en heil dien nie.

So was daar ook by die dissipels droefheid toe hulle hoor dat Jesus van hulle weggaan. Hy is met hulle in gesprek oor sy lyding, Hy berei hulle voor deur hulle te vertel wat met Hom en met hulle sal gebeur. Die dinge het Hy aan die begin nie vir hulle gesê nie, maar nou dat Hy weggaan moet hulle dit weet.

Die dissipels vra Hom nie: waar gaan u heen? Maar daar het droefheid in hulle harte gekom. Hierdie droefheid maak hulle kortsigtig sodat hulle nie verstaan waarom Hy weggaan nie. Hulle begryp nie dat dit vir hulle voordelig is dat Hy weggaan nie. Hy gaan na „Hom wat My gestuur het".

Wat nodig is, is droefheid wat kom deur die aanskoue van ons eie sondes. Dit bring droefheid wat die bekering werk, dit lei tot heilsame vreugde.

Watter droefheid is in u lewe? Die wat u kortsigtig maak? Of die wat u uitdryf na Jesus Christus die Verlosser?

12 Maart. **Lees** Joh. 16:7-14. **Teks:** Joh. 16:13.

DIE WERK VAN DIE GEES.

Daar is 'n Gees van die waarheid en die van die leuen of die dwaling. Die Heilige Gees is die Gees van die waarheid.

Jesus berei sy dissipels voor vir wat gaan gebeur. Herinner hulle aan die Heilige Gees wat sal kom en hulle in die waarheid sal lei. En hierdie waarheid sal nie iets vreemds of nuut wees nie. Hy sal nie uit Homself praat nie. Hy sal neem uit wat aan Jesus behoort en dit aan hulle bekendmaak. Hy sal Jesus verheerlik. Deur die werk van die Heilige Gees sal die werk van Jesus tot sy volle betekenis kom, want Hy sal die mense oortuig van sonde, en van geregtigheid en van oordeel.

Eers as dit plaasgevind het neem hulle Hom waarlik aan as Verlosser deur wie daar vergewing van sonde is. Deur hierdie Verlosser is hulle waarlik vry en kinders van God.

Die verlossingswerk van Jesus Christus het ook vir ons deur die werk van die Heilige Gees volle betekenis. Laat ons daarom bid: Neem U Heilige Gees nie van ons weg nie, maar laat die ons elke dag lei.

13 Maart. **Lees** Joh. 6:19-22. **Teks:** Joh. 16:20.

DROEFHEID WORD BLYDSKAP.

Die Psalmdigter sê: Hy wat met trane saai, sal met gejuig maai. Hy dra die saadkoring en loop aldeur en ween. Hy sal kom en sy gerwe dra. Droefheid word blydskap, die moeitevolle arbeid word blydskap as die oes in sy volheid daar is.

Hier is ook sprake van droefheid wat blydskap word. As Jesus aan die kruis sterf sal julle (die dissipels) treur en die wêreld sal juig. Die dissipels is dan sonder hulle Here, soos skape sonder herder, die wêreld ontslae van iemand wat in hulle pad gestaan het.

Na die opstanding sal hulle juig en bly wees. Opvallend is dat hier niks gesê word van die wêreld nie.

Al die klem val hier op die blydskap van die dissipels, wanneer Jesus uit die dode opstaan. Hierdie wete sal die dissipels ook sterker laat verlang na die Heilige Gees wat hulle sal lei en troos.

Wanneer ons die verlossinsplan van God ook met ons begryp sal ons jubel en bly wees, want dan aanskou ons ook die volheid van die oes.

14 Maart. **Lees** Joh. 16:23-27. **Teks:** Joh. 16:24.

BID EN ONTVANG.

Wie goed verstaan dat God gewillig en ryklik skenk as ons in die Naam van Jesus Christus bid, sal nie hulp by enigiemand anders gaan soek as net by Jesus Christus nie. Hy bied ons sy volbragte werk aan en skenk dit aan ons.

Die gedagte van 'n Middelaar was aan die volgelinge van Jesus bekend. Hulle was gewoond om offers te bring as hulle bid. Hulle was daaraan gewoond dat die priesters vir die volk intree.

Maar die voorhangsel was nog nie geskeur nie omdat die ware Hoëpriester nog nie in die allerheiligste ingegaan het nie. Hulle het dus nog nie in die Naam van Jesus gebid nie.

Maar Jesus het genoegsaam verklaar dat Hy die Middelaar is. Nou kan hulle in sy Naam bid. En as hulle so bid dan sal hulle ontvang. Hulle blydskap sal sodoende volkome word.

Ons moet ook ons verwagting net op Hom bou, ons hulp net by Hom soek, net die wete: God skenk ryk en vry in die Naam van Jesus Christus aan hulle wat in Sy Naam bid.

15 Maart. **Lees:** Joh. 16:26-31. **Teks:** Joh. 16:31.

TOETS VAN DIE GELOOF.

Toe die dissipels alles gehoor het was hulle vol selfvertroue en sê vir Jesus: kyk nou spreek U ronduit . . . daarom glo ons dat U van God uitgegaan het. Miskien was hulle te ingenome met hulleself, te seker

dat hulle die volle diepte van alles gepeil het. En dit lyk asof Jesus in die vraag van die teksvers hulle tot nadenke wil bring, daarom vra Hy: Glo julle nou? Is dit korrek, weet julle wat julle sê, as julle sê: ons glo? Hulle moet die perke van hulle eie kleinheid en swakheid ken en onthou.

Maar 'n mens weet nooit hoever jy te kort skiet en hoe klein en onvolmaak jou geloof is, totdat jy te doen het met 'n moelike taak nie.

Daar kom 'n uur dat julle uitmekaar gejaag sal word . . . Jesus wys daarop dat hulle Hom sal verlaat. Vervolging is 'n toets vir die geloof en die kleingeloof word sigbaar as hulle begin terugdeins en Hom verlaat.

Christus se vraag is waarskuwend. Ons moet ons rekenskap gee. Glo julle nou? Waak dat ons geloof nie net lippetaal is nie, maar dit moet die toets kan deurstaan.

16 Maart. **Lees** Joh. 16:28-33. **Teks.** Joh. 16:32.

NIE ALLEEN NIE.

Vir elke mens is dit belangrik om te weet dat hy nie alleen is en ook nie sal wees nie, nie in voorspoed en ook nie in teenspoed nie.

Nou sê Jesus vir sy dissipels al verlaat hulle Hom en vlug weg sal Hy tog nie alleen wees nie. Sy Vader is altyd by Hom. As mense Hom verlaat word Hy nie beroof nie. Hy is immers nie van mense afhanklik en het ook nie hulle hulp nodig nie.

Die Vader is met My! Dit beteken soveel as om te sê dat God aan sy kant sal wees.

Wie hieroor nadink kan nie anders as om hom te verheug nie in die wete dat hy ook nie alleen sal wees nie. God het in Christus naby, by ons gekom. As God by 'n mens is, is hy sterk ook wanneer alle ander mense wankel en faal. Ander se swakheid moet nie mens se geloof laat wankel nie, inteendeel, juis dan moet die geloof sigbaar word.

As God alleen ons hoop en bergvesting is, die Een na wie ons vlug en by wie ons skuil, dan gee ons Hom die volle eer en verskuldigde eerbied. Dan is ons sterk en kan ons roem: Niks kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here is nie.

17 Maart. **Lees** Joh. 17:1-7. **Teks:** Joh. 17:3.

DIE LEWE.

Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. Ons dink die lewe is dat ons al hierdie dinge ken wat in die wêreld is. Die wetenskaplike ontwikkelings ken, die metodes om geld te maak ken, alle genietinge ken en geniet — ons dink dit is die lewe.

Jesus Christus skuif die blik op na iets geheel en al anders, na die lewe waar God die sentrum en middelpunt is. Dit is die lewe dat hulle U ken . . . en Jesus Christus.

Jesus praat hier nie van die vrug van die lewe waarop ons wag nie, maar praat oor die wyse waarop mens dit verkry. Ons is almal in die dood, totdat God ons verlig. As ons Hom ken het ons die ewige lewe.

Die kennis wat ons verander na die beeld van God is nodig. Ons moet Hom ken, ons ken God alleen deur Jesus Christus, daarom se Hy: Dit it die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

Die lewe is nie die dinge wat ons ken, waarna ons daagliks streef nie. Die lewe is dit wat Christus gee deur die kennis van God in Jesus Christus. Met die kragte en geleenthede van vandag moet ons die lewe weer najaag.

18 Maart. **Lees** Mark. 14:3-9. **Teks:** Mark. 14:6b.

DIE VROMES EN BARMHARTIGHEID.

Vroomheid is vir ons iets bekends. Die Christelike Kerk is vol vromes, dit is trouens die verwagting dat ons almal vroom sal wees.

Die verontwaardiging en uitspraak van sommige mense oor die geldverkwisting van die vrou wat Jesus met kosbare olie gesalf het, was gelaai met vroomheid. Daardie olie kon vir drie honderd pennings verkoop word en die geld kon vir die armes gegee word. 'n Pragtige vroom uitspraak en dink net aan die groot barmhartigheidsdiens wat gelewer kan word.

Barmhartigheid is immers 'n belangrike deel van die uitlewing van die godsdiens.

Jesus maak vir hulle die deure egter oop — Hy toon aan dat die barmhartigheid by Hom begin en dat hierdie vrou 'n besondere liefdeswerk gedoen het. Deur die salwing van sy hoof het sy aan Hom koninklike eer betoon — sy het Hom as koning en hoëpriester erken, want salwing met mirre was bedoel vir die hoëpriester en die koning. Daarom sê Jesus sy het 'n goeie werk aan Hom gedoen — „Wat sy kon, het sy gedoen — sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf."

Hierdie vrou was geen erkende vrome nie; tog het sy 'n werklik vrome daad verrig — sy het aan Hom die eer gegee — sy het haar geloof in Hom betuig — sy het voor Hom gebuig — hom as Heer en Koning erken.

Hierin is die ware vroomheid geleë — laat ons dan so ons vroomheid betuig en betoon.

19 Maart. **Lees** Mark. 14:10-21. **Teks:** Mark. 14:18.

VROOMHEID EN VERRAAD.

Deur die eeue heen het talle vromes verraad gepleeg. So was een van die vromes by die maaltyd in Betanië bestem om Jesus te verraai.

Judas wat die kassier van Jesus en sy dissipels was, het hom hier besonder vroom voorgedoen. Hy veroordeel eintlik ook die optrede van Jesus, wat die vrou toelaat om Hom met die kosbare olie te salf.

As ons Markus se beriggewing van die gebeure in volgorde plaas, dan sou Judas na hierdie gebeure na die owerpriesters gegaan het om samesprekings te voer oor wat die voorwaardes vir die oorlewering is. Daarna het Judas weer heel vroom saam met Jesus aan die tafel gegaan om die pasga te geniet. By hierdie laaste pasga word Judas egter nie uitdruklik as die verraaier aangewys nie. Die een wat saam met Hom eet sal Hom verraai sê Jesus.

Daar is droefheid onder die dissipels en in vrome opregtheid vra hulle: „is dit miskien ek?" Die een wat saam met My sy hand in die skottel steek, antwoord Jesus.

Jesus gaan sy dood in gehoorsaamheid tegemoet maar die mens wat in die boosheid van sy hart die verraad voorgeneem het is skuldig voor God. Die voorbeskikking van God onthef die mens nie van sy verantwoordelikheid nie.

Judas se vroomheid was doel in sigself — dit loop op verraad uit. Ware vroomheid is geleë in sondebelydenis en dankbaarheid.

20 Maart. **Lees** Mark. 14:27-42. **Teks:** Mark. 14:37.

MOEDIGE VROMES.

Dit is nodig dat die vromes moedig moet wees. Hulle moet durf en daadkrag hê want die Evangelie van Christus kan alleen deur diesulkes verkondig word.

So hoor ons vir Petrus sê dat hy nooit aan Jesus aanstoot sal neem nie (v 29). Toe Jesus hom waarsku dat hy Hom drie keer sal verloën tree hy met nog groter moedigheid na vore en sê: „Al moes ek saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie!" Markus berig dat die ander Petrus se woorde bevestig het. Pragtig! Christus se Kerk is in gewillige, moedige, durwende en daadkragtige hande — dit is mense met die moed van hulle oortuiging.

Jesus stap met 'n paar van hulle die tuin van Getsemane binne en Hy roep hulle op om saam met Hom te waak.

Jesus gaan alleen 'n bietjie verder om te bid en te worstel met hierdie uur, met die beker wat Hy moet ledig. Hy kom terug en vind sy dissipels aan die slaap.

„Simon — slaap jy" — jy wat My nie sal verloën nie — waar is jou vrome beloftes nou — waar is jou moed, waar jou oortuiging. Kon jy nie eers hierdie uur waak nie?

Die moed van die vrome is nie in hierdie soort uitsprake van Petrus geleë nie — dit is grootpratery. Maar dit is geleë in die erkennng van skuld, van eie swakheid en hulpeloosheid en in die besef dat ware moed en krag, om in Christus se diens te staan, alleen in Sy krag te vinde is. Slegs as ons onsself elke dag verloën is ons in staat tot moed — tot geloofsmoed.

21 Maart. **Lees** Mark. 14:53-65. **Teks:** Mark. 14:61a.

BESKULDIGERS EN BESKULDIGDE

Jesus is gevange geneem. Nou staan Hy tereg voor die Joodse Raad — hulle moet regspreek oor Hom. Hy is die beskuldigde — 'n misdadiger. Die regbank is veronderstel om die getuienisse aan weerskante aan te hoor en om dan 'n regverdige uitspraak te gee.

Hierdie regbank was egter nie onbevooroordeeld nie want ons lees in vers 55 — „En die owerpriesters en die hele Raad het getuienis teen Jesus gesoek om Hom dood te maak . . . " Hulle het dus klaar besluit om hom dood te maak — hulle soek nou net getuienis om hierdie besluit te regverdig.

Daar was baie getuienisse, maar die evangelie noem dit vals en dit was ook nie eenders nie. Hulle probeer 'n skulderkenning afdwing maar Jesus het stil gebly. Hierdie swye van Jesus was nie moedswillig nie. Hy swyg omdat Hy Hom onderwerp het aan die wil van die Vader. Hy moet die beskuldigde wees omdat Hy daarvoor gekom het. Hy is onskuldig maar tog die beskuldigde wat reeds skuldig gevind is — hy moet die skuld van 'n sondige wêreld op Hom neem — sodat ons onskuldig verklaar kan word.

Jesus verdedig Homself nie met angs en in paniek nie. As Hy praat is sy enigste verdediging om te getuig dat Hy die Christus — die gesalfde van God is.

In hierdie getuienis lê vir ons die lewe opgesluit — want dit was genoegsame getuienis vir die Raad om hulle besluit te regverdig.

Jesus moes die dood van 'n misdadiger sterwe sodat ons die lewe van vrygespreektes mag lewe.

22 Maart. **Lees** Mark. 14:66-72. **Teks:** Mark. 14:71.

VERLOËNING.

Ek ken Jesus nie — dit het Petrus eintlik bedoel toe hy gesê het — „ek ken daardie man nie . . . "

Petrus was in die kamp van die vyand en hy was bang, bang dat hulle hom ook sou vang en voor die regbank daag.

Hoe verskillend is die getuienis van twee mense wat so dig bymekaar geleef het. Op die vraag van die hoëpriester aan Jesus of Hy die Christus is antwoord Hy onomwonde „Ek is." Petrus word ook opgeroep om homself te identifiseer — hy skrik terug — „ek begryp nie wat jy sê nie". „Ek ken daardie man nie." Hy wil dus onder hierdie moeilike en delikate omstandighede liewer nie met Jesus vereenselwig wees nie. Hy speel veilig.

Dit is dieselfde Petrus wat voor die gevangeneming — nadat Jesus hom gewaarsku het dat hy Hom driemaal sal verloën, sê: „Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal u nooit verloën nie.'

Petrus was in daardie dae 'n man met kragtige en besondere vroom en gelowige uitsprake. Hierdie geloofsuitsprake was egter nooit voor vyandiges en ongelowiges nie, nooit in 'n krisisoomblik nie. Toe hy die eerste geleentheid om waaragtig te getuig kry, verval hy in vrees en ongeloof — toe verwerp hy Jesus.

Hierdie lewenshouding is egter nie net eie aan Petrus nie. Dit gebeur met ons daagliks. Wanneer daar waaragtige getuienis oor ons Christen wees geëis word, word ons bang want ons bevind ons tussen die vyand wat ons leed kan aandoen.

Dank die Here elke dag dat daar soiets soos berou en vergewing is.

23 Maart. **Lees** Joh. 18:28-40. **Teks:** Joh. 18:37c.

WAARHEID.

Voor die heidense regter getuig Jesus vir die waarheid. Hy is gebore om 'n koning te wees, Hy het in die wêreld gekom om vir die waarheid te getuig.

Na aanleiding van valse getuienis is Jesus deur die Jode skuldig bevind en tot die dood veroordeel. Pilatus moet die vonnis bekragtig en laat uitvoer. Dit word van hom verwag om die beskuldigings teen Jesus as waar te aanvaar.

Dit is gerespekteerde geestelikes wat hier die beskuldigdes is; hulle woord mag nie in twyfel getrek word nie. Tog is daar in Pilatus se gemoed tweespalt. Hy besef die onskuld van Jesus maar word deur die aandrang van die Jode gedwing om na hulle pype te dans.

Die waarheid waarvan Jesus praat, ken hy nie. Hy besef nie dat Hy, Jesus, self die Waarheid is nie. Hy moet die Waarheid veroordeel en weet nie dat hy dit doen nie. Hy is die werktuig van die lewe wat oënskynlik die Waarheid die genadeslag toedien.

Jesus het gekom om vir die Waarheid te getuig. „Elkeen wat uit die Waarheid is, luister na My stem."

Elkeen wat uit die Waarheid is, elkeen wat uit God is, wat Jesus Christus as Verlosser aanvaar, luister na sy stem. Elkeen wie se doop en belydenis 'n werklikheid is ken vir Jesus en weet dat in Hom die **LEWE** is.

24 Maart. **Lees** Joh. 19:1-16. **Teks:** Joh. 19:5.

DIE MENS.

Pilatus wend allerlei pogings aan om Jesus te red. Hy laat Hom gésel en bespot. Jesus word in die gesig geslaan. 'n Kroon van dorings word op Sy hoof geplaas en 'n purper kleed word Hom aangetrek.

Na die géseling word Jesus weer na buite gebring. Hy is gekneus, stukkend en met bloed bevlek — 'n misrabele gestalte. Pilatus verwys na Hom met die woorde „Dáár is die mens."

Die mens wat julle vrees — die mens wat julle 'n koning noem. Hier sien julle hom soos wat hy is — hy is van alle heerlikheid en selfgenoegsaamheid ontneem. Die woorde van Pilatus getuig ook van meewarigheid en medelye.

Dit was miskien Pilatus se gevoelens maar daar is wel meer in hierdie gestalte geleë. „Dáár is die mens" — vestig die aandag op Jesus maar ons sien in sy lydende, bespotte, geslane gestalte tegelyk die mens wat hierdie dinge aan Hom gedoen het of dit toelaat. Ons sien die Joodse en Romeinse volk, ons sien die geestelike en wêreldlike owerheid, ons sien die kultuurmens in sy beraadslagings en die brullende menigte in sy handtastelikheid, ons sien misdaad en onverantwoordelikheid.

Ja ons sien die mensheid saamgetrek in en rondom hierdie gestalte.

„Dáár is die mens" die Adam, die nuwe mens, die nuwe beelddraer van God. Sy verskyning is die nuwe maatstaf, beliggaam die nuwe gebod. In Hom vind ons ons regter. Hier is Hy egter ook die skulddraer, priester en offer. Hy is alles in een. Jesus Christus het afgedaal na ons toe om ons in perspektief te plaas — in Hom is ons ware menswees geopenbaar en gekruisig. In Hom ontvang ons die nuwe mens — die God gerigte mens.

In Hom sien ons dat die menslike nie 'n opbloeiende plant is nie, nie 'n ontplooiende krag is nie, maar 'n ontmoeting tussen Hom en ons, waarby ons lewe afgebreek word sodat die nuwe lewe in Hom kan begin.

25 Maart. **Lees** Mark. 14:66-72. **Teks:** Mark. 14:71b.

JESUS NIE GEKEN NIE.

„Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie." So het Petrus geantwoord op die waarskuwing van Jesus. Petrus het gedink dat hy sy Meester ken. Petrus was nog altyd vasgevang aan sy eie idee. Hy het van Jesus aardse grootheid en mag verwag. Jesus sal hulle seker van die Romeinse juk verlos.

En nou is Jesus 'n gevangene. Petrus wou trou bly en volg Jesus van ver af. Maar dit was juis sy groot probleem . . . hy het Jesus van ver af gevolg, daarom het hy Hom nie geken nie. Daarom het hy Hom in die krisisuur uiteindelik verloën.

As die diensmeisie Petrus vra of hy nie by die Nasaréner, Jesus, was nie, antwoord hy: „Ek ken die man nie." En toe hy dit sê kraai die haan. Ja, hy het Jesus nie werklik geken nie. Maar Jesus het hom geken; daarom het Hy vir hom gesterwe om vir hom met sy dierbare bloed los te koop uit die mag van die sonde.

26 Maart. **Lees** Mark. 15:1-5. **Teks:** Mark. 15:4a.

JESUS SWYG.

Jesus, die Seun van God staan geboeid voor Pontius Pilatus. Die Koning van alle Konings staan voor 'n aarde koning. Die owerpriesters het saam met die ouderlinge en die skrifgeleerdes en die hele Raad, Jesus aan Pilatus oorgelewer. Hulle het nie die reg gehad om die doodvonnis oor Hom uit te spreek nie. Die Romeinse owerheid kon dit alleen doen, daarom word Jesus aan Pilatus oorgelewer.

Gewoonlik word iemand geboei as hy alreeds skuldig bevind is, maar Jesus word byvoorbaat geboei omdat die Raad net een vonnis verwag. Hy moet die dood sterwe. Pilatus staan magteloos. Hy het nie die moed om Jesus vry te spreek nie. Hy neem Jesus onder kruisverhoor. Maar Jesus het stil gebly.

Jesus kon net een woord spreek en dan was Hy vry. Maar Hy het gekom om die wil van Sy Vader te doen. Hy het gekom om sondaars te verlos. Dit het Sy dood gekos. Ja, „Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie, soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie." Jes. 53.

27 Maart. **Lees** Mark. 15:6-15. **Teks:** Mark. 15:15a.

JESUS WORD GEKRUISIG.

Pilatus het baie gou ontdek dat Jesus nie 'n gevaarlike misdadiger is nie. Inteendeel hy vind dat Hy geen misdadiger is nie.

Maar Pilatus het nie die moed om Hom vry te spreek nie. Hy wil die onus op die skare plaas. Hy is nie bereid om sy verantwoordelikheid te dra nie. Dit was die gewoonte dat daar op die fees 'n gevangene losgelaat word. Pilatus sien hier 'n geleentheid. Daar was 'n man in die tronk wat aan 'n opstand deelgeneem het en so 'n moord gepleeg het. Barabbas was 'n moordenaar. Pilatus wil die twee persone teenoor mekaar plaas. Die moordenaar Barabbas en Jesus. Wie moet ek vir

julle loslaat? En almal skreeu dit uit: „Barabbas moet losgelaat word en Jesus moet gekruisig word." Hy vra weer: „Watter kwaad het Hy dan gedoen? Maar die skare wil niks weet nie: Jesus moet gekruisig word. Dit was die gebruik dat iemand wat die grootste misdaad begaan het en die swaarste straf verdien het gekruisig moet word. So moes Jesus nou verneder word. Barabbas, die skuldige word vrygelaat deurdat Jesus die onskuldige sy plek inneem. So het Hy ook in ons plek kom staan om ons van ons sonde te verlos.

28 Maart. **Lees** Mark. 15:16-21. **Teks:** Mark. 15:18.

JESUS WORD BESPOT.

Voordat Jesus weggevoer word om gekruisig te word, word Hy eers verneder en bespot tot in die stof van die aarde. Die soldate wat bekend was vir hulle ruheid tree nou na vore en lei Jesus in die binneplaas. Hulle trek Sy klere uit en trek Hom soos 'n koning aan. Dit was immers die beskuldiging wat die Jode teen Hom ingebring het.

Jesus word 'n rooi saldatemantel aangerek. Die mantel moes dien as koninklike purper. Daar word 'n kroon van doringe gevleg en op Sy hoof gesit. Nou lyk Hy mos soos 'n koning. In hulle sataniese haat en woede bars die soldate dan los en groet Hom soos 'n koning. „Wees gegroet, Koning van die Jode!"

Hulle slaan Hom met 'n riet en spuug in Sy gesig.

„Is dit, is dit my Koning,
Die vadere se wens
Is dit, is dit Sy kroning
Kyk daar, aanskou die mens
Is dit sy koningshulde:
Dié riet, dié kleed, dié kroon
Boet Hy só vir my skude,
Word só Gods Seun vertoon.

Ja, ek kos Hom die slae,
die smarte en die hoon;
vir my word daar gedrae
die kleed, die doringkroon;
vir my was daardie wonde,
vir my moes Hy daar staan;
Hy moes vir al my sonde
die bitt're kruisweg gaan.

— Ges. 120:1 en 2.

29 Maart. **Lees** Mark. 15:22-32. **Teks:** Mark. 15:23.

JESUS WEIER OM WYN MET MIRRE GEMENG TE DRINK.

Jesus word weggelei om geruisig te word. Die skare het hulle sin gekry. Op pad na Golgota het 'n sekere Simon van Ciréne by die stoet gekom en hy is gedwing om Jesus te help om die kruis te dra. Jesus moes immers self Sy kruis dra. Simon was nie 'n dissipel van Jesus nie maar hy kon moontlik een word na hierdie gebeure.

Golgotha was die eindpunt van die pad wat Jesus op aarde bewandel het. Golgotha word hoofskedel plek genoem. Hier vind die gruwelikste daad op aarde plaas. Jesus die Seun van God, die Verlosser van sondaars word gekruisig tussen twee rowers. Hy hang tussen die twee rowers as teken dat Hy die grootste oortreder is. Die skare meng wyn met mirre en wil dit vir Hom gee om te drink. Dit is 'n bedwelmende drank om die lyding te versag. Maar Jesus weier om daarvan te drink. Gedagtig aan die woorde aan Sy dissipels: „Voorwaar Ek sê vir julle, Ek sal nooit weer van die vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit nuut sal drink in die koninkryk van God nie", weier Hy standvastig om iets daarvan te neem. Jesus drink die beker van smart doelbewus tot die bitter einde om ons van sonde te verlos. Ja, so hang Hy daar sodat u en ek deur Hom na die Vader kan gaan.

30 Maart. **Lees:** Mark. 15:33-41. **Teks:** Mark. 15:34b.

JESUS DEUR GOD VERLAAT.

Oor die aarde het daar 'n duisternis toegesak. Dit was nie 'n gewone sonsverduistering nie, want dit was die Joodse Paasfees, en dan was dit altyd volmaan. Hier was 'n bonatuurlike verskynsel want dit was ongeveer middel van die dag. Die aarde was donker en die mense verstom en verslae. Luister, daar klink die uitroep: „My God, my God waarom het U my verlaat?"

Die stilte aan die kruis is verbreek. Jesus die Seun van God kan die verlatenheid nie staan nie. Verlate te wees van mense wat naby jou gelcef het en saam met jou gewerk het moet swaar wees. Maar om verlate te wees van God, dit moes dubbeld swaar wees, onuithoubaar swaar. Maar dat Jesus die Seun van God sy Vader met wie Hy ten nouste saam geleef het, dat God Hom verlaat het, dit moes onuitspreeklik swaar wees.

Dit is die enigste kruiswoord waarvan Markus melding maak. Jesus het hierdie woorde in Aramees Sy moedertaal uitgespreek. Dit is seker 'n aanduiding hoe verlate Jesus moes wees. Maar in die donkerste uur van verlatenheid klem Hy Hom vas aan God, Sy Vader. Hy soek by Hom sterkte en krag. By Hom alleen is daar sterkte en krag.

Jesus is verlate „sodat ons tot God geneem en nimmer meer deur Hom verlaat sou word nie".

31 Maart. **Lees** Mark. 15:42-47. **Teks:** Mark. 15:46.

JESUS WORD BEGRAWE.

Op die Vrydagaand kom Josef van Arimathea, hy was lid van die Joodse Raad, na Pilatus. Hy wou die liggaam van Jesus hê. Hy kom nou openlik na vore. Pilatus kan nie glo dat Jesus al dood is nie. Hy wil eers bevestiging daarvoor hê. Hy laat roep 'n hoofman oor honderd om te verneem of Jesus al lank dood is. Daarmee is die offisiële bewys gelewer dat Jesus werklik dood was. Josef gedring deur die liefde vir Jesus neem die liggaam met groot eerbied weg. Hy het nuwe linne gekoop en die liggaam daarin toegedraai. Daarna word Jesus weggelê

in 'n graf in 'n rots uitgekap was. Markus sê nie of dit Josef se eie graf was nie. Hy sê ook nie of dit 'n nuwe graf was nie. Daar word voor die graf, 'n groot klip voor die kelder geplaas. Alles is nou verby. Jesus is begrawe.

So het Jesus die beker gewillig geledig om Sy Vader in alles gehoorsaam te word. Maar die graf het Hom nie gehou nie. Die graf kon Hom nie hou nie. Hy het die bande van die dood gebreek en op die Sondagmôre opgestaan sodat ons kan lewe.

Daarom kan die gemeente saam met 'n Paulus dit uitjubel: „Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning."

1 April. **Lees** Mark. 16:1-8. **Teks**: Mark. 16:1.

GEVAARLIKE BERUSTING

Die derde dag na die kruisiging en begrafnis van Jesus het aangebreek. En nog skaars het die dag gebreek of die vroue is op pad na die graf met speserye om Sy liggaam te salf. Natuurlik is hulle hartseer . . . hulle Heer is dan dood. Maar ondanks die hartseer leef daar tog in hulle 'n intense dankbaarheid dat hulle nog die graf het (Hy is immers begrawe in die tuin van een van hulle vriende) en Sy liggaam, al is Hy dood. Hulle gaan dan ook nou om daardie liggaam te salf ten einde dit langer teen verderwing en ontbinding te bewaar. Daarmee is hulle tevrede en kan hulle hulle berus.

Gelukkig dat niemand van Sy vyande aangedring het op Sy liggaam nie, want wat sou hulle dan gehad het? Nou is hulle tevrede, hierdie vroue, met 'n Jesus wat dood is, met 'n lewelose liggaam in die graf. Kan 'n mens dit glo? Hulle is tevrede, hulle kan hulle daarin berus. Wat 'n noodlottige berusting? Wat 'n ineenstorting van geloof? Dat Jesus sou opstaan uit die dode, dat Hy die graf sou oorwin . . . daaraan het hulle geen gedagte meer gegee nie. Geen wonder dat hulle geskrik het by die aanskouing van die leë graf en die jongman met die lang wit kleed nie. Hierdie vroue moes geskok word, tot die werklikheid geskok word, tot die geloof geskok word . . . hulle soek dan die Lewende by die dooies.

God is dood, klink dit vandag oor die ganse wêreld. En die leuen dat die liggaam van Jesus uit die graf gesteel is leef vandag nog voort. Wat is vir ons die waarheid en die werklikheid? Leef ons by 'n digverseëlde graf en 'n leë graf? Dien ons 'n Jesus wat dood is of een wat lewe? Aanbid ons 'n magtelose, lewelose Jesus in die graf of Een wat as oorwinnaar uit die dode opgestaan het? Leef ons of Jesus dood is of lewe? Of het ons in sy dood berus? Gevaarlik, lewensgevaarlik vir ons.

2 April. **Lees** Joh. 20:1-10. **Teks**: Joh. 20:1.

'N LEË GRAF.

Dit is Paassondag — opstandingsdag. God het dit so beskik, dit het reeds gebeur . . . Jesus het opgestaan uit die dode. Hy het die graf en die dood oorwin. Maria Magdalena is diep ontsteld . . . vir haar het dit nog nie Paasfees geword nie. Sy aanskou die tekens van die goddelike wonder. die steen is weggerol, die graf is leeg, maar vir haar

is dit nog donker nag, nou eers nag. Sy leef nog saam met die dode. Vir haar is die liggaam gesteel, deur wie ookal. Dit ontstel ook vir Petrus en Johannes. Hulle haas na die graf. Ook hulle aanskou die tekens van die goddelike wonder: die doeke waarin Jesus toegedraai was; die doek wat om sy hoof was. Maar ook vir hulle was dit nog nag — dit het nog nie vir hulle Paasfees geword nie, „want hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Hy uit die dode moes opstaan nie."

Wat beteken dit? Jesus het opgestaan uit die dode, maar Maria Magdalena en Petrus en Johannes weet dit nie en besef dit nie. Die grootste wonder van alle tye het gebeur en dit dring nie tot hulle deur nie God het ingegryp in die gang en geskiedenis van die wêreld, Hy het ingegryp tot in die grafte, en hulle merk dit nie. Maar of Maria en Petrus en Johannes dit besef of nie . . .die dood en die hel en die graf is oorwin. Of die wêreld dit wil erken of nie, ook vir die wêreld het dit reeds Paasfees geword; ook vir die wêreld is daar hoop en lewe uit die dood en natuurlik ook vir Maria en Petrus en Johannes.

Of ons dit wil erken of nie . . . die wonder het gebeur. Die graf waarin Jesus begrawe is, is leeg. En Sy liggaam is nie gesteel nie, Hy het opgestaan uit die dood. „Die dood is verslind in die oorwinning. Dood waar is jou angel, doderyk waar is jou oorwinning?" Jesus het waarlik opgestaan. Vir die wêreld en vir ons het dit Paasfees geword. Ons hoef nie meer die dood en die graf te vrees nie . . . Jesus het dit oorwin. Ons kan deur die dood en die graf heenlewe die ewigheid in, want die ewige lewe het reeds op aarde begin.

3 April. **Lees** Joh. 20:11-18. **Teks:** Joh. 20:16.

DIE ONTDEKKING

Om iets te ontdek waarna 'n mens intens, opgewonde en met koorsagtige haas gesoek het, moet 'n wonderlike ondervinding wees. Dit moet die ontdekker aangryp en hom in ekstase laat jubel, dit moet selfs ander mense tot stille of uitbundige verwondering aanspoor. Dink maar aan die ontdekking van 'n skitterende diamant of die splitsing van die atoom. Hoeveel aangrypender, wonderliker moet dit nie wees om te ontdek dat iemand wat dood was lewe nie?

So 'n ontdekking het Maria gemaak. Vir haar was Jesus dood, begrawe en nou uit die graf gesteel. Sy soek na Hom, sy wil Hom vind. Sy soek Hom in doodgestalte. En Jesus laat Hom vind, opnuut ontdek. Maria ontdek Hom opnuut, sy vind die lewende Heer. Op Sy woord: „Maria", herontdek sy Hom, in volle, werklike lewe. In ekstatiese verwondering is al wat sy kan sê: „Rabboeni-Meester". In soveel woorde sê sy: ek het Hom gevind, ek het Hom weer ontdek. Sy het Hom lank geken en tog nie geken nie. Sy het Hom laas as dood geken — nou is Hy 'n ander Meester. Maria moes Hom weer ontdek, lewend en in verheerlikte gedaante.

Hierdie ontdekking laat haar sprakeloos, net: „Rabboeni." Maria het na Jesus gesoek en Hy het Hom laat ontdek. Sy het 'n dooie Jesus gesoek, Hy laat Hom lewend ontdek. Maria moes Jesus weer ontdek en in Hom die Meester, die Here vind.

Soos Maria moet ons Jesus altyd ook weer ontdek, elke keer opnuut ontdek. Want ons verloor Hom so maklik en so dikwels deur kleingeloof en ongeloof. En dikwels is die Jesus wat ons „het" nie die ware Jesus nie, dan moet ons die ware Jesus ontdek. Dikwels is die Jesus wat ons aanbid en dien 'n dooie Jesus en dan moet ons weer die lewende Heer ontdek. Vir Maria was hierdie ontdekking die lewe — die lewe in die opgestane Heer. So 'n ontdekking kan ook vir ons die lewe wees.

4 April. **Lees** Joh. 20:19-31. **Teks:** Joh. 20:19(b).

WARE BLYDSKAP.

Na die ontdekking dat die graf leeg is en die verskyning van Jesus aan Maria Magdalena, wonder 'n mens . . . wat sou die reaksie van die dissipels wees as Jesus aan hulle verskyn? As hulle Hom lewend aanskou? Sou hulle dit waarlik glo dat Hy opgestaan het uit die dode? En indien hulle dit glo, sou hulle Hom oorweldig met lofuitinge van dankbaarheid — menslike uitinge? Sou hulle Hom oorweldig met ontboesemende belydenisse?

Ons hoef nie lank te wonder nie, want daardie selfde aand nog het dit gebeur. Terwyl die dissipels uit vrees in afgesonderdheid byeen was het Jesus skielik in hulle midde gestaan, lewend en verheerlik. Jesus, soos hulle Hom altyd geken het, net met die merke van die spies en die spykers. Geen twyfel, geen ongeloof. Die Bybel vermeld ook niks van opgewonde menslike uitinge of onkeerbare geloofsbelydenisse nie . . . slegs 'n doodse swye van hulle kant, maar met 'n pertinente mededeling: „En die dissipels was bly toe hulle die Here sien".

Hier verneem ons iets van blydskap. Nie 'n uitspattige, luidrugtige blydskap nie, maar 'n blydskap wat diep in die hart ingryp, 'n blydskap wat die dissipels sprakeloos laat. „Hulle was bly toe hulle die Here sien." Bly omdat Hy uit die graf opgestaan en die dood oorwin het; bly omdat Hy lewe en vir altyd sal lewe; bly omdat Hy nou by hulle is en vir altyd by hulle sal wees; bly omdat hulle nie alleen die toekoms hoef in te gaan nie.

Leef daar nog in ons so 'n blydskap? 'n Blydskap wat ons stom van verwondering en dankbaarheid laat? Leef daar nog in ons die diepere vrede-gevoel — die vrede wat Jesus op Sy dissipels uitgestort het? Ons is dikwels so bang vir die toekoms, vir die alleenwees; ons steier terug vir ons taak, ons roeping, ons getuienis aangaande die opgestane Heer. In plaas van vrede is daar onrus en vrees in ons harte. Die ware blydskap het uit ons lewens verdwyn, gesterf . . . Maar wie waarlik glo in die opstanding van Jesus het vrede en blydskap in die hart.

5 April. **Lees** Joh. 21:1-6. **Teks:** Joh. 21:5.

ONS ARMOEDE . . .

Die dissipels is verward, oorweldig deur al die gebeure van die jongste tyd. Hulle is verveeld, sonder koers en rigting. En in hierdie leegheid en doelloosheid van hulle bestaan besluit hulle om te gaan visvang. Wat 'n vangs sou dit nie wees nie? Aanvanklik 'n algehele teleurstelling, 'n totale mislukking. Hulle het die hele nag tevergeefs

probeer. Toe die dag breek het hulle nog niks. En nou staan daar nog 'n onbekende op die strand 'n honger mens. Deur honger gedryf vra hy hulle of hulle nie iets het om te eet nie. By hulle wat die hele nag gevang het moet 'n hongerige tog seker iets kan vind om sy honger te stil. Buitendien is hulle dissipels van die Here, die Here wat so pas die dood oorwin het. Hulle behoort iets vir 'n hongerige te hê. Maar hulle moet antwoord: „Nee. Ons het niks."

Op die vraag van Jesus, want dit was Hy wat op die oewer gestaan het, „My kinders het julle nie 'n stukkie om te eet nie", moet hulle antwoord: „Nee". Hulle het niks, hulle is arm. Hoe onderstreep Jesus nie hier hulle armoede nie. Om van hulle menslike onmag nie eers te praat nie. Hulle is niks, hulle het niks; uit hulle eie kan hulle niks aanbied nie.

Die dissipels word gestuur 'n honger wêreld in; 'n wêreld wat smekend, bedelend vra: het julle nie 'n stukkie om te eet nie? Het julle nie iets om hierdie skreeuende, dodelike honger te stil nie? Sonder Jesus het hulle niks en moet hulle antwoord: Nee. So is dit ook met die kerk in die wêreld — die wêreld vra van die kerk. Sonder Jesus is die antwoord: Nee, niks. So is dit ook met ons in die wêreld, onder die mense. Hulle kyk na ons met smekende blik, hulle vra van ons iets om die honger te stil. Die dissipels, die kerk en ons het dit nie uit onsself nie. Maar met Jesus word dit anders. Onder Sy opdrag dat hulle die net aan die regterkant moet ingooi was hulle nie meer instaat om die net te trek nie. Met Jesus het ons alles, ook die voedsel vir die hongerige wêreld. Sonder Jesus is ons arm, ontsettend arm.

6 April. **Lees** Joh. 21:6-14. **Teks:** Joh. 21:7.

DIE OOG OP JESUS.

Met die wonderlike visvangs het die dissipels aanvanglik nie geweet wie die onbekende was wat vanaf die oewer vir hulle iets gevra het om te eet nie. En eers toe hulle op sy bevel die net aan die regterkant ingegooi het en dit vanweë die menigte visse nie kon trek nie, het Johannes ontdek dat dit die Here is. Die wonder moes eers geskied voordat hy dit ontdek het. En toe Petrus dit hoor doen hy wat geen mens onder normale omstandighede sal doen nie. Hy gord sy bokleed om en werp homself in die see.

O, die onverklaarbare, onpeilbare Petrus. Hy doen altyd die onverwagte. Soms verbrand hy sy vingers, maar dan weer dui hy vir ons die duidelike weg aan. 'n Mens sou hom kan beskuldig dat hy sy makkers in die steek laat, dat hy hulle alleen met hulle taak laat. Maar toe Petrus hoor dat dit Jesus is wat op die oewer staan, steur hy hom aan niemand nie. Hy spring in die water en swem na Jesus toe. Hy wil by die Here wees. Miskien kan ons hom selfsugtig noem, hy wil eerste by die Here wees. Waarvan ons hom egter nie kan beskuldig nie is dat hy nie vir Jesus in die oog gehad het nie.

Hy spring in die see, hy steur hom nie aan die golwe om hom heen nie. Hy het net vir Jesus in die oog. Hy is op pad na Jesus toe. So doende dui hy egter ook vir sy makkers die rigting aan. Wie in diens van Jesus staan, moet altyd vir Jesus in die oog hê. Hy moet nie kyk na die ander wat om hom en saam met hom in die diens van die

Here staan nie. Elkeen moet sy taak verrig met vaste hand, die oë van almal op die Heer gerig. Want alleen so trek ons saam en werk ons saam in diens van Hom wat ons geroep het.

So sal ons ook soms die onverklaarbare doen, want dan gaan dit nie om onsself of om die ander nie, maar enkel om Jesus. Op Hom moet die oog altyd gerig wees, want Hy is die Here.

7 April. **Lees** Joh. 21:15-25. **Teks:** Joh. 21:21.

NIE JY NIE, EK . . .

Aan Petrus, die geroepe en belydende Petrus, wys Jesus sy lewenspad duidelik aan. Hy sal 'n draer wees van die evangelie, 'n verkondiger van die Heilsboodskap. Dit sal sy voorreg wees om dit te kan doen, maar in die vervulling van sy lewensroeping sal stryd en lyding hom nie gespaar bly nie. Om die evangelie van vrede en verlossing te verkondig in 'n vyandige wêreld, sal hom sy lewe kos. Oor hoedanig sy dood sou wees, 'n dood waarmee hy God sou verheerlik, laat Jesus hom nie in die duister nie. Petrus weet wat op hom wag . . .

Terwyl die heerlike opdrag egter nog in sy ore klink: „Laat My skape wei" en sy lewensweg vir hom duidelik uitgestippel word, tree die ou Simon weer in hom na vore. „Here, maar wat van hom? — wat van Johannes? Moet hy nie ook ly en sterwe nie? Of is dit sy voorreg om 'n lang lewe te hê? As ek 'n martelaar moet word, wat van Johannes? Petrus dring blykbaar by die Here aan dat Hy almal gelyk moet behandel.

Hierdie eis van Petrus wys Christus af met 'n nie-onsigbare wrewel. As dit Hom behaag om een dissipel se weg anders te laat verloop as 'n ander een s'n, wat het Petrus dan daarmee te doen? Verskillend is die weë waarop die Here Sy volgelinge lei.

Wat vir Petrus geld, geld ook vir ons. Ons het ook 'n opdrag om uit te voer en 'n weg waarlangs ons moet gaan. God beskik dit en ons durf nie vra: Here wat van hom nie? As die vervulling van ons taak stryd en moeite inhou, as ons weg oor lyding en die dood moet gaan, dan is dit 'n saak tussen „God en my" en het dit niks te maak met „ek en jy nie". Vir elkeen van ons moet dit in alles gaan om God se weg met my en die verheerliking van God deur my.

8 April. **Lees** Matt. 28:1-10. **Teks:** Matt. 28:9.

'N VREUGDEGROET.

Jode het mekaar begroet met die woord sjaloom wat beteken: Vrede vir jou. Kom die opgestane Heer die vroue teen op hulle weg na die dissipels toe, groet Hy hulle met die woord: wees gegroet. So het die Grieke mekaar gegroet. Die groet beteken: Verheug u!; vreugde wens ek u toe!

Toe Jesus dus na sy lyding, sy dood en opstanding na sy geliefde volgelinge terugkeer, is sy eerste woorde: Verheug u! Hierdie griekse groet wat daagliks in hulle omgang met mekaar gebruik is, is by monde van die opgestane Heer egter iets besonders. Dit is 'n geskenk. Normaalweg is hierdie groet 'n gewone toewensing van vreugde. In die opgestane Heer is dié vreugde 'n volle werklikheid. Hierdie eerste woord, hierdie groet oorbrug die grense van die dood wat hulle van mekaar geskei het. Die gemeenskap is herstel.

Wees gegroet! Verheug u! Ek het gekom om aan u vreugde van die oorwinning oor die dood te skenk. Hierdie besondere groet het die deur tot gemeensktp met God laat oopgaan.

Wees gegroet! Alles is vrede! Alles is goed! Selfs die dood sal ons nie meer skei van die liefde van God wat daar in Jesus Christus, ons Here, is nie.

9 April. **Lees** Luk. 24:13-23. **Teks:** Luk. 24:21.

DIE HOOP BESKAAM NIE.

By die wieg koester die moeder die hoop dat haar kind eendag aan die verwagtings wat sy van hom koester, sal voldoen. Die landbouer koester die hoop dat God sy arbeid sal seën en wasdom daarop sal gee. Israel wat verkneg was onder die heerskappy van Rome het die hoop gekoester dat Jesus hulle tot vryheid en onafhanklikheid sal lei. Met die spysiging van die vyfduisend met vyf brode en twee visse wou hulle Hom met geweld neem om Hom koning te maak. Die Heer onttrek Hom aan hulle. „My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie". Dié hoop op verlossing het opgevlam toe die Hosannas, geseënd is die koninkryk wat kom in die Naam van die Here, die koninkryk van ons vader Dawid! in die strate van Jerusalem weergalm het.

Hierdie hoop op verlossing van die juk van Rome, is verydel. Christus is gekruisig en begrawe. Maar juis deur die kruis, die dood en die opstanding heen, het Hy die Hoop van die wêreld geword. Hy leef en regeer oor alles en almal. Hy gebied die winde en die wolke om reën vir die aarde te berei. Ons hoop is op Hom wat by die Vader vir ons intree om sy hand oor ons te open en ons te versadig na sy welbehae. Op die dankdag vir die oes kom ons aanbidding Hom toe. Hy gee wasdom op die arbeid en brood op die tafel.

Christus is ons Hoop op ons ewige verlossing uit die mag van sonde en dood. Hy is ons opstanding en ons lewe. Wie in Hom glo, het die ewige lewe.

10 April. **Lees** Luk. 24:21-29. **Teks:** Luk. 24:25.

GEESTELIKE LUIHEID.

Geleerde mense sê soms onverstandige dinge en doen soms onverstandige dade. Dit is te wyte aan 'n gebrek aan volledige begrip en insig oor 'n bepaalde saak. Op grond van Jesus se woorde en werk wat kragtig was voor God en die hele volk, is baie van Hom verwag. Dié verwagting is egter nie in die lig van die woorde van die profete gesien nie. En hulle wat kennis het van die profesieë aangaande die Messias, behoort die verband tussen die profesieë en die kruisiging te gesien het. Hulle staar hulle nou egter blind teen 'n Jesus wat wonders doen. As hulle liewer in Hom die lydende kneg van God gesien het; die Een op wie die straf oor ons sonde gekom het sodat ons weer vrede met God sal hê.

Die Emmaüsgangers is traag om hulle kennis van die profesieë op die Heer toe te pas. Hulle maak nie behoorlik gebruik van die kennis wat God beskikbaar stel nie. Daarom verstaan hulle nie waarom die Heer gekruisig is nie.

Hulle is traag om te glo alles wat die profete gespreek het. Traag wees beteken om onwillig te wees; om onbeslis op te tree; om met verdeelde aandag ag te gee. Hulle is geestelik lui. Daarom het die kruisiging van Christus vir hulle op hierdie oomblik geen heilsame betekenis nie. Die Heer wek hulle egter uit hierdie onverstandigheid en traagheid van hart op. Hulle moet met aandag na Hom luister.

Versuim nie om gedurig na die Woord van God te luister nie. Die Heilige Gees bring deur die verkondiging van die woord die betekenis van kruisiging en opstanding in ons hart. Luister en u siel sal lewe!

11 April. **Lees** Luk. 24:27-35. **Teks:** Luk. 24:31.

DIE WONDER VAN PAASFEES.

Die Emmaüsgangers se oë is eers weerhou om die Heer nie te herken nie. Gedagtes en gesprekke het gegaan oor die kruisiging van Jesus, die verydeling van die hoop dat Hy Israel sou verlos en die berig dat Hy opgestaan het. Ten spyte hiervan herken hulle die Heer nie. Hy het Homself immers nie aan hulle bekend gemaak as die Opgestane nie. Hulle moes self tot die ontdekking kom dat Hy die Oorwinnaar oor die dood is. Hulle staar hulle blind teen die kruis. Hulle sal die kruis anders moet leer sien as met oë van teleurstelling. Hulle moet die kruis sien as 'n vervulling van die profesieë. Die Heer moes soos 'n lam na die slagplek gelei word. Só open die Heer hulle oë vir die goddelike betekenis van die kruis. Alleen op hierdie wyse kon die Ryk van God kom. Alleen op hierdie wyse het die krag en die heerlikheid van God tot in die dood gekom.

Met die breking van die brood herken hulle Hom. Die verband tussen die profesieë en die gebeure van die paasnaweek was vir hulle duidelik. Hulle oë is geopen. Hulle herken nou die Gekruisigde.

Met die hart geopen vir die Skrifte, is daar kennis en begrip oor die geheim van dié verlossing waarin lyding en heerlikheid opgesluit is. Die wonder van paasfees is dat daar geopende oë en herkenning geskenk is om met blydskap te juig: Die Heer het waarlik opgestaan.

ONS DURF NIE SWYG NIE.

12 April. **Lees** Luk. 24:33-40. **Teks:** Luk. 24:36.

Die Emmaüsgangers was bly toe hulle die opgestane Heer herken. Hulle haas hulle na Jerusalem toe om hulle vreugde met die dissipels te gaan deel. Hulle moes hul wedervaringe op die pad na Emmaüs aan andere meedeel. Die vreugde dat Jesus leef, die vreugde dat die dood oorwin is, die sekerheid dat Hy weer in hulle midde sal wees, was die dryfkrag agter hierdie daad. Dan ontsien hulle nie die lang afstand deur die donker en die gevaar van rowers waaraan hulle blootgestel is nie. Hulle het net een doel voor oë en dit is om met ander

oor hierdie dinge te praat. Almal moet weet dat Jesus leef. Dié lig wat tot ons verlossing uit sonde en dood in die wêreld gekom het, is deur die duisternis van sonde en dood nie oorweldig nie. Dié Lig behou sy glans in alle duisternisse, — ook in die graf en die dood.

Hulle moes met andere hieroor praat.

Ons maak hier kennis met twee van die eerste geroepenes in diens van die Koninkryk van God. Hulle ontsien geen moeite om die blydskap van hul hart bekend te maak nie. Die liefde van Christus het hulle gedring om hierdie roeping en taak te vervul.

Kom dié gesindheid ook nog in u lewe voor? Praat ons nog met mekaar oor die Evangelie van verlossing, oor die troosryke versekering: Jesus leef!?

Lewe u geloofsblydskap uit tot eer van sy Naam. Getuig in woord en wandel dat Christus u Here is.

13 April. **Lees** Luk. 24:39-45. **Teks:** Luk. 24:41.

DIE WEDEROPSTANDING VAN DIE VLEES.

Sonder om aan te klop en binne genooi te word, staan die Heer in hulle midde. Verskrik en bang staar hulle Hom aan. Hoe verskyn die Heer aan hulle — in 'n geestelike verskyning of soos hulle Hom voor die kruisiging geken het? Die gedagtes wek twyfel by hulle. Ten spyte van die uitnodiging om aan Hom te voel, want 'n gees het nie vlees en bene nie, is hulle nog nie oortuig dat dit die Here is nie. Hy vra dan iets om te eet. Hy wil bo alle twyfel aan hulle bewys dat Hy uit die dode opgestaan het. Hy, die Christus, leef!

Al het die Heer hulle belowe dat Hy sal opstaan en weer na hulle toe kom, het hulle Hom nie verwag nie. En nou staan die mens Jesus in hul midde. En 'n mens is na sy wese 'n mens met liggaam én gees. Waak daarteen om die liggaam en die gees van mekaar te skei asof dit twee afsonderlike dele van ons bestaan is. Die hele mens se liggaam en siel is deur God geskape. Met hierdie liggaam en siel staan die Heer uit die dode op. Met hierdie liggaam en siel behoort ons in lewe en sterwe aan ons getroue Saligmaker, Jesus Christus. Hy het ons na sy ewebeeld herskep in geregtigheid en heiligheid. In hierdie nuwe lewe sal ons eet en drink. As ons verstorwe liggame opgewek is en onverganklik beklee is, sal ons saam aansit in die Koninkryk van God.

Toe Hy voor hulle oë geëet het, is hulle oortuig dat Hy die opgestane Heer Self is. Aan Cornelius sê Petrus dat Hy verkyn het aan ons wat met Hom saam geëet en gedrink het nadat Hy uit die dode opgestaan het. Ons bely dan ook: Ek glo die wederopstanding van die vlees.

14 April. **Lees** Matt. 28:16-20. **Teks:** Matt. 28:20.

SY TEENWOORDIGHEID GEEN WAARBORG VIR ONS VOORSPOED.

Dawid het gesê: Here, U sluit my in van agter en van voor en U lê u hand op my. Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!

Toe die Heer die dissipels voorberei het vir hulle roeping om die Evangelie te verkondig, het Hy hulle ontmoedigend gewaarsku: In die wêreld sal julle verdrukking hê. Daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys. Hulle moet nou met hul werk begin. Dit is inderdaad 'n heerlike taak. Dit is hemelse werk, — wat egter teengestaan sal word.

Die versekering van die Heer aan hulle: Ek is met julle, was nie 'n waarborg dat hulle weë voorspoedig sal wees nie. Dit was nietemin die versekering dat hulle nooit alleen sou wees in tye van vervolging, van gevangenskap, van skipbreuk, van gevaar in die oop veld, en ook nie alleen sou wees as hulle ter wille van die Evangelie moes sterf, nie. In al dié dae, onder al dié omstandighede is die Heer by en met hulle. En waar Hy is, klaar die duisternis om ons heen op en is ons toegerus met krag vir ons stryd; is ons bemoedig in teleurstellings; is ons getroos in smart; staan ons onoorwinbaar sterk in die stryd; het ons vrede in lewe in die dood. Daarom sing Paulus en Silas lofliedere in die nag van gevangenskap. As die Heer by en met ons is, hoef ons geen gevaar of dood te vrees nie.

„Beloftewoord sal U vir altyd hou".

15 April. **Lees** Gal. 5:16-24. **Teks:** Gal. 5:22.

DIE VRUG VAN DIE GEES.

Die een bron of fontein van die veelheid van vorme van die liefde, is die Gees. Dit is die Heilige Gees of die Gees van God. Paulus spreek hier dus nie oor die natuurlike liefde nie. Natuurlike liefde **kan** in sy uiterste vorm ook ontug word! Die liefde waarvan hy hier praat, word gewek en versterk deur die Heilige Gees, God Self. Van hierdie liefde het Paulus ook gepraat toe hy die verdeelde en verskeurde gemeente van Korinthe aangespreek het (1 Kor. 13). Onder die Galasiërs merk Paulus helaas dieselfde dinge as by die Korinthiërs. Hy noem die sonde (die werke van die vlees) op sy naam: „owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap," ensovoorts. Hierteenoor staan die eenheid van die vrug van die werking van die Gees van God. Presies so het Jesus eenmaal aan Nikodemus gesê: „Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees" (Joh. 3:7).

Die apostel praat van „vrug". Dis 'n beeld om die organiese verband tussen die Geesgewerkte of verwekte liefde, en die veelvuldige uitinge daarvan, duidelik te maak. Ook Jesus het dieselfde beeld gebruik in sy bergrede: „Aan hulle **vrugte** sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie. So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte." (Matt. 7:16 en 17). Wat is nou hierdie veelvuldige uitinge waaraan u en my lewe vandag gekenmerk **behoort** te word, (of ons uit die vlees lewe of uit die Gees)? Dis duidelik gestel: „Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." Waar is egter iemand wat hieroor beskik, wat so kan leef? Ja seker, daar is so 'n iemand; laat ons Hom navolg. Sy naam is Jesus die Christus!

16 April. **Lees** 1 Kor. 13. **Teks:** Gal. 5:22.

„VRUG VAN DIE GEES IS LIEFDE . . . "

Jesus Christus het die sin en betekenis van die geregtigheid onder die Ou Verbond en die Nuwe Verbond saamgevat toe Hy gesê het: „Jy moet die Here jou God liefhê . . . en jou naaste soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete." (Matt. 22:40). Die liefde tot God plaas die mens voor die keuse: óf . . . óf! Jy moet óf God dien óf die mammon, maar nie albei nie.

Die Gees van God spreek ons aan deur Sy Woord. Gees en Woord gaan altyd saam. Sonder die **Gees** is die Woord soos dooie letters. Dit is die Gees wat lewendig maak. Wanneer die Gees van God die mens aanspreek, sodat hy as aangesprokene voor God staan, **gebeur** daar iets. Die aangesproke mens, as „oue" mens, kom in „beweging". Die „oue" word afgelê. Alles word „nuut', anders! Die „nuwe" mens kan nou nie meer vir homself leef nie. Hy is duur gekoop deur die bloed van Jesus Christus. Sy houding tot en verhouding met God en medemens draai nou nie meer enkel en alleen om homself nie. Hy het God lief en sy naaste. Die vrug van die Gees is liefde. Hieraan sal ons vandag getoets word of ons uit die Gees leef of uit die oue Adam wat alles self opeis. Dat God die wêreld lief het, en daarom bemoeienis met die wêreld maak, is evangelie (Joh. 3:16). Wanneer ons vandag in hierdie wêreld ons dagtaak verrig, sal dit goed wees om te onthou dat ons **in** die wêreld (nie **van** die wêreld nie), die liefde van God sal beantwoord met 'n hartlike liefde jeens Hom en Sy skepping en skepsels. „Want die Vrug van die Gees is liefde . . . "

17 April. **Lees** Gal. 6:16. **Teks:** Gal. 5:22.

„MAAR DIE VRUG VAN DIE GEES IS . . . BLYDSKAP."

Die Gees van God druk nie terneer nie, ook nie dan wanneer dit ons tot insig in onsself bring nie. Die Gees ken geen pessimisme of swartgalligheid nie, selfs nie in die aangesig van die dood nie. Waar die Gees werk, kan depressiwiteit nie langer bestaan nie. „Verbly julle **altyd** in die Here, ek herhaal, verbly julle." Selfs oujaarsaand (of middernag) in die kerk, is nie die oomblik waarin die kerk en die wêreld mekaar om die hals val om hartroerend uit te snik dat hulle dit tog een is in die gedagte dat die lewe maar al te kortstondig is nie. 'n Prediker wat op 25 Desember jubelend die **blydskap** (**blye** tyding) van die engele verklank het aan sy gemeente, behoort nie ses dae later so bedruk te voel dat hy sy gemeente ontstig nie. Die **„goeie tyding van groot blydskap** wat vir die hele volk sal wees," duur tog immers langer as ses dae! Nee, die vrug van die Gees is . . . **blydskap!** Dieselfde woord wat Paulus hier gebruik vir blydskap, gebruik Jesus ook in die gelykenisse van die verdwaalde skaap en die verlore penning: „So ek sê vir julle, is daar **blydskap** voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer." (Luk. 15:10).

Daar is 'n blydskap wat van korte duur is, die blydskap wat sy basis en fondament slegs in die „gevoelens" van die mens het. Die apostel Paulus beklemtoon dat die blydskap **„in die Here"** moet wees, dan alleen is dit durend. Die Filippense se blydskap moet verbind word **met die geloof** (Filip. 1:25).

„Jesus blydskap van ons harte,
Bron van alle ware heil . . "

18 April. **Lees** Ef. 5:1-14. **Teks:** Gal. 5:22.

„MAAR DIE VRUG VAN DIE GEES IS . . . VREDE . . . "

Vrede . . buite die Gees van God om, vrede wat gesluit word enkel en alleen op grond van die „good-will" van mense, is bra van korte duur. Die twee wêreldoorloë het mekaar gou opgevolg . . . so was dit ook voorheen . . . en so sal dit in die toekoms ook wees.

Wanneer Sagaria, die vader van Johannes die Doper, in profetiesverlede tyd spreek van die opgaande Lig wat ons besoek **het**, bedoelende dat die Lig Jesus Christus is, dan sê hy verder dat die koms van hierdie opgaande Lig 'n heel bepaalde doel voor oë het, onder andere, om ons voete na **die pad van vrede** te rig. Vrede is 'n eg **Bybelse** woord. Dit sou 'n ontsettende verskraling van die betekenis van **Bybelse** vrede wees, indien ons sou reken dat vrede beteken slegs die afwesigheid van rusie of oorlog! Die Bybelse begroeting „vrede" kan allen daar wees waar God met ons is. Waar is God met ons? Hy is met ons in die **Immanuel**, sy Seun! Hierdie Immanuel is Vrede, Hy is die **Vredevors.** Vrede is dus baie meer as net ons gewone alledaagse begrip van vrede. Bybelse vrede, vrede gewek en tot stand gebring deur die Gees van God is persoonlik. **Vrede is 'n persoon.** Waar Hy is, daar is blywende, durende vrede. „O Vredevors, u ryke erbarme, bring vrede op aarde en in my siel . . . " Hy die Vredevors, wil ons voete plaas, deur die werking van Sy Gees(want die Gees van God is ook die Gees van Christus), op 'n bepaalde pad, die pad van vrede. Eer aan God in die hoogste hemele en **Vrede** op aarde. (Luk. 2:14). **Vrede** laat ek julle na, my vrede gee ek julle. (Joh. 14:26). Vandag is die vraag of ons as skoene aan ons voete wil aantrek, „die **Evangelie van Vrede"** (Ef. 6:15).

19 April. **Lees** Matt. 18:21-35. **Teks:** Gal. 5:22.

„MAAR DIE VRUG VAN DIE GEES IS . . . LANKMOEDIGHEID."

God is in en deur Jesus Christus die groot Lankmoedige. „Barmhartig en genadig is die Here, **lankmoedig** en groot van goedertierenheid." Sy ganse Woord wil hierdie lankmoedigheid aan ons illustreer. Jeremia pleit: „Here, neem my in U lankmoedigheid nie weg nie." Paulus skryf aan die Romeine dat hulle die rykdom van Sy lankmoedigheid en goedertierenheid nie moet verag nie.

Wie dan navolgers van God wil word, „soos geliefde kinders," sal God ook moet navolg in die lankmoedigheid van Sy Seun. Die jonge Timotheus kry die raad dat hy die gemeente in lankmoedigheid moet vermaan.

Lankmoedigheid lê opgesluit in die eintlike aard en wese van die liefde, want die liefde is lankmoedig. (1 Kor. 13). Wat is lankmoedigheid eintlik? Die ou Bybelvertaler, Petrus Canisius, het dit goed uitgedruk toe hy vertaal het: „Die liefde is **geduldig.** Een van ons ou Afrikaanse digters het dan ook tereg gesê: „Geduld, o geduld, wat so baie kan dra."

Waarom moet ons soveel geduld beoefen, ja selfs met sulke „moeilike" mense soos die wat daagliks op ons weg kom? Die antwoord is eenvoudig: Omdat God **ons** so geduldig verdra, daarom moet ons ook hulle, die beelddraers van God, duld en verdra. Paulus skryf aan die Korinthiërs: „As julle my net 'n bietjie wou verdra . . . ons verdra alles om geen hindernis te veroorsaak nie." Johannes skryf vanaf die eiland Patmos aan Efese: „Ek ken jou werke en jou arbeid en jou **geduld** . . . dat jy **verdra** het en **geduld** besit en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie."

Jesus Christus het die kruis gedra en verdra! Hy is die mees volmaakte Voorbeeld van lankmoedigheid en verdraagsaamheid.

„Straf tog nie in ongenade my misdade,
Heer, **verdra my met geduld.**"

20 April. Lees 1 Pet. 3:8-12. **Teks:** Gal. 5:22

„MAAR DIE VRUG VAN DIE GEES IS . . . VRIENDELIKHEID . . . "

„Vriendelikheid kos niks", maar daaroor gaan dit nie hier nie! Dit gaan hier oor waaragtige ongeveinsde vriendelikheid. Dingaan was ook op 'n stadium vriendelik toe die Boere moes kyk hoe sy soldate kan dans! Dit gaan hier oor vriendelikheid as vrug van die werking van die Gees van God. In dankbaarheid teenoor God, speel die vriendelikheid uit die hart op die gelaat van die dankbare mens.

Maar . . . die woord wat hier vir vriendelikheid gebruik word, beteken eintlik meer: Dit beteken ook welwillendheid en goedertierenheid of goedheid. Welwillendheid beteken die wil om wel te doen, goed te doen. Dit kan ook genoem word weldadigheid, om weldade te doen. As gevolg van God se liefde het Hy 'n groot weldaad gedoen toe Hy Sy Seun gegee het. Uit dankbaarheid vir hierdie weldaad doen ons ook, deur die geloof, 'n weldaad aan ons naaste. Dit sal seker ook vandag op ons weg geplaas word. So werk die Gees van God. Waar Hy werk omskep Hy opgeblase mense tot vriendelike **mede**-mense, tot „goeie" mense. Paulus skryf aan die Galasiërs: „Laat ons dan almal goed doen," en aan die Thessalonicense: „Moenie in goeddoen verflou nie", terwyl Jacobus vermaan: „Wie dan weet om goed te doen, en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde." Vriendelikheid is minsaamheid. **So was Hy.**

„Wat 'n liefde en mededoë
en teerheid was daar in **U** oë
en minsaamheid op **U gelaat.**
Vriend en vyand, hoe onwaardig,
Vir elkeen was **U** hier volvaardig
tot troos en hulp met raad en daad.
Ag was die minsaamheid,
ook in my doen altyd,
Dierbare Heiland, O heilig my,
dat U gewy, ek in my omgang minsaam sy."

21 April. **Lees** 1 Tim. 6:1-11. **Teks:** Gal. 5:22.

„MAAR DIE VRUG VAN DIE GEES IS . . . SELFBEHEERSING."

Ons Afrikaanse Bybelvertaling gebruik hier 'n passende woord, „selfbeheersing". Die diepte van die woord wat Paulus gebruik, laat ons egter toe om ook die volgende te verstaan:

Die vrug van die Gees is **„matigheid,"** aldus die oue Statevertaling. Inderdaad is matigheid 'n Christelike „deug". Van hierdie deug het die apostel Paulus gepraat toe hy voor Felix gestaan het. (Hand. 24:25). Ook hier is selfbeheersing te verstaan as matigheid, dit kan ook wel beteken om **ingetoë** te wees (Leidse vertaling).

Die vrug van die Gees is **kuisheid**, aldus die Lutherse Nederlandse Bybel. Dit word veral gebruik ten opsigte van **reinheid** in die sedelike sin van die woord. Die Christen weet dat sy liggaam 'n tempel van God is. Die Korinthiërs het gedink dat hulle, in die aanbidding van die godin van die liefde, met hulle liggame kan maak wat hulle wil, dat dit met hulle godsdiens niks te maak het nie. Derhalwe moes hulle gemaan word tot kuisheid. Verheerlik God dan in julle siel, **en julle liggaam,** wat aan God behoort. **Dit is selfbeheersing.**

Die vrug van die Gees is . . . **betroubaarheid.** Hiervan is die Bybel vol. Veral die Spreukedigter praat dikwels hieroor. „Hy wat betroubaar is van gees, bedek 'n saak" (Spreuke 11:13). „Hy wat geregtigheid saai behaal 'n betroubare loon (Spreuke 11:18). „'n Betroubare getuie red lewens" (Spreuke 14:25). „'n Betroubare man is ryk aan seëninge." (Spreuke 28:20). Dus: Die vrug van die Gees is . . . selfbeheersing, matigheid, ingetoënheid, kuisheid, en betroubaarheid . . . 'n woord met 'n diepe en ryke betekenis. Dis almal mooi Christelike „deugde"!

Maar . . . 'n deug bestaan vir 'n Christen nie buite Christus om nie. Al hierdie „deugde," wanneer dit losgemaak word van Jesus, bring moeilik brawe en sedelik-sterk mense na vore. **In Christus** vind ons al hierdie deugde verenig. Deur die **geloof in Hom,** kry ook ék deel daaraan. Buite Hom . . . nooit!

22 April. **Lees** Filip. 1:1-14. **Teks:** Filip. 1:12.

DINGE WAT ONS OORKOM.

Paulus skryf hierdie brief uit gevangenskap in Rome in die jaar 62 nC.

Wat het Paulus oorgekom? Boeie en gevangeskap! Is dit nie 'n ramp vir die Evangelie nie? Paulus, die gestuurde om die Evangelie oral uit te dra, magteloos in die gevangenis! Paulus, die prediker van die Christelike vryheid self in boeie! Maar dan sê Paulus self dat wat hom oorgekom het op bevordering van die Evangelie uitgeloop het, „sodat my boeie openbaar geword het onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander." Wat het hierdie heidene gesien? 'n Man in boeie wat waaragtig innerlik vry is! Paulus sê nog meer: die broeders het deur sy boeie vertroue gekry om des te meer die Woord onbevrees te spreek. Wat het hierdie broeders gesien? 'n Man wie se geloof waaragtig is!

Daar is die dinge wat ons sê en die dinge wat ons doen. Ons woorde en dade kan in wonderlike ooreenstemming met mekaar wees en tog kan dit naboots-Christendom wees. Ons waaragtige menswees word openbaar in ons reaksie op die dinge wat ons oorkom. Hoe staan dit met ons geloof in die uur van krisis, wanneer 'n groot beproewing ons tref?

'n Mens sou graag soms 'n buite-kerklike wou saamneem na die siekbed van 'n gelowige om vir hom te sê: „Kyk wat 'n krag is die geloof in 'n mens se lewe," maar ons is bang om dit te doen, omdat ons bevrees is dat ons 'n hopeloos-verslae mens sal aantref.

Blyk dit nie dalk in die uur van krisis dat ons Christelike woorde en dade naboots-Christendom was, 'n dooie ortodoksie, 'n stel etiese reëls waarvan die lewende Christus nie meer die dryfkrag is nie? Van so 'n Christendom gaan geen krag uit nie. „Ondersoek julleself, stel julleself op die proef of julle in die geloof is."

23 April. **Lees** Filip. 1:15-26. **Teks:** Filip. 1:21.

DIE LEWE CHRISTUS, DIE STERWE WINS.

Verlange na die dood is onnatuurlik. Die mens is immers geskape om in ware geregtigheid en heiligheid God sy Skepper reg te ken, Hom van harte lief te hê en met Hom in die ewige saligheid te lewe om Hom te loof en te prys. Volgens die Skrif is die dood 'n vyand, 'n gevolg van die sonde. „Ek het geen behae in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe.'

Daarom is Jesus Christus Oorwinnaar oor sonde en dood. Deur Sy opstanding het die dood geword 'n ingang tot die lewe. Paulus verlang dus nie na die dood nie, maar na die volmaakte lewe saam met Christus. Maar Paulus weet ook dat die ewige lewe nie maar net in die hiernamaals bestaan nie, maar reeds in hierdie lewe die deel van die gelowiges is. „Wie in My glo het die ewige lewe en hy sal nooit sterwe in der ewigheid nie." Daarom is Paulus ook bereid om te wag op die bestemde dag vir die opneming in heerlikheid. As dit nodig is vir sy mede-gelowiges is hy bereid om te bly.

'n Christen moet dan ook nie 'n mens wees wat soos 'n passasier op 'n stasie sit en wag vir die vertreksein nie. Daar is vir ons 'n taak en 'n roeping! Al is ons soos Paulus in die gevangenis! Watter onsterflike werk het hy nie deur sy briewe uit die gevangenis gelewer nie! Al is ons oud, ons het nog 'n taak: om aan die volgende geslag die groot dade van die Here te verkondig. Ons kan in ons menslike kortsigtigheid nie altyd die taak sien nie. Maar ons kan ons troos daarin soek dat dit by die Here bekend is. Hy ken Sy tyd. Solank ons maar leef met die bereidheid: „Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins".

24 April. **Lees** Filip. 1:27-2:30. **Teks:** Filip. 1:27.

DIE PREDIKER OF DIE WOORD?

Dis vir Paulus 'n pynlike saak dat hy deur sy gevangenskap geskei is van sy geliefde gemeente. Maar dan vermaan hy die gemeente dat hulle nie hulle geloof moet veranker in die persoon van die Apostel nie, maar in die Woord wat hy verkondig het. Soos hy op 'n ander plek sê: „Ek het geplant, Apollos het nat gemaak, maar God het laat groei."

Die doel van die Evangelie is om mense te laat opgroei tot volwasse manne en vroue in Christus, vir elke goeie werk volkome toegerus. Die taak van die Evangeliedienaar is om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk. Die persoon van die Evangeliedienaar is van geen belang nie. Wat van belang is, is dat die woord wat hy bring sal vrugte dra. Dan kan hy maar gerus afwesig wees, die Woord en Gees sal in afwesigheid werk.

'n Te groot verknogtheid aan die persoon van die prediker getuig van geestelike onvolwassenheid. Dit geld veral ten opsigte van die eensgesindheid in die gemeente. Hoe dikwels wanneer 'n prediker vertrek en die gemeente dan sogenaamd „leierloos" is, ontstaan daar nie twiste in die gemeente nie.

Wat van daardie „een gees" waarin ons moet vasstaan, die saamstryd vir die Evangelie? Nee, ons woon nie ouderlingdienste by nie. So sê ons. Gaan dit by ons om die Evangelie of om die persoon van dié prediker?

Toe die predikant kom huisbesoek doen het, het ons ons „sondag-gesigte" opgesit en toe hy weer vertrek het, het ons in ons ou weë volhard. Toe hy finaal uit die gemeente vertrek het, het ons die geleentheid gebruik om twiste te ontketen of in traagheid terug te leun. Was ons nie dalk mensebehaers of hoogstens „predikantmense" nie. Waarlik die vermaning is nog net so aktueel as in die tyd van Paulus: „Gedra julle waardig die Evangelie van Christus."

25 April. **Lees** Filip. 3:1-14. **Teks:** Filip. 3:12.

GRYP NA DIE VOLMAAKTHEID!

Paulus bely dat hy nog nie die volmaaktheid bereik het nie. Wat hy hier bely is eintlik dat daar by die gelowige maar 'n klein beginsel van die volle gehoorsaamheid aanwesig is. Maar dit is by Paulus geen stoelkussing waarop hy heerlik uitrus nie.

Hoewel ons nagmaalsformulier ook bely dat ons nog niks anders as sonde en ellendigheid in onsself vind nie, tog stel die formulier dit ook dat ons gesindheid moet wees om volgens al die gebooie van God te lewe.

In sy vorige lewe het Paulus dit probeer nastrewe deur sorgvuldige betragting van die wet. Maar Paulus het sy eie magteloosheid en vervloeking voor God leer ken. Hy het uitgevind dat hy nooit die volmaaktheid kan bereik deur 'n vrugtelose poging tot wetsvervulling nie. Maar hy is deur Jesus Christus gegryp op die pad na Damaskus en sedertdien het Paulus geleer dat wat vir die wet onmoontlik was moontlik gemaak is deur Jesus Christus.

Jesus Christus het die volkome geregtigheid vervul „en vir ons die lewendmakende Gees verwerf, sodat ons deur die Gees wat in Christus, as die Hoof en in ons as sy lidmate woon, met Hom waaragtige gemeenskap sou hê en aan al sy heilsgoedere die geregtigheid, die heerlikheid en die ewige lewe deel sou kry." Paulus beskik dus nou oor die opstandingskrag van Jesus Christus.

Maar daar is tegelyk die stryd tussen die ou mens en die nuwe mens. „Daar is 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed."

Daar is dus geen plek vir 'n leuningstoellewe vir 'n Christen nie. Daar is stryd. Daar is heilige aktiwiteit. Jesus Christus het ons gegryp met 'n doel. Daar is 'n roeping. Al weet ons dat ons die volmaaktheid eers in die hiernamaals sal bereik, jaag ons daarna om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Jesus Christus.

26 April. **Lees** Filip. 3:15-4 4. **Teks:** Filip. 4:4.

BLYDSKAP IN DIE HERE.

Die blydskap waartoe die Apostel opwek is nie maar bloot „verbly julle" nie. Dis nie maar 'n wens: „Mag dit met jou goed gaan" nie. As dit bloot 'n toewens van blydskap is sonder dat die grond daarvoor aangegee word sal dit hol en leeg wees. Wat is daar immers in die gewone gang van sulke sake om ons oor te verbly? Die lewe is immers dikwels net 'n sleur waaroor die woorde van die Prediker geskryf staan: Daar is niks nuuts onder die son nie." Dis immers net 'n sirkelgang van geboorte, sonde, siekte, dood.

Daarom is dit 'n belangrike byvoeging wat die Apostel maak: „in die Here". Wie die verlossende liefde van God in Jesus Christus leer ken het, het eers werklik rede tot blydskap. Hy het immers Hom ontmoet wat gesê het: „Kyk Ek maak alles nuut." Wie besef dat hy uit die helledieptes van sonde, dood en hel uitgeruk is en die ewige lewe in Christus deelagtig geword het, het voorwaar stof tot dankbare blydskap.

Wie besef dat sy lewe nie beheers word deur noodlotsmagte nie, maar dat die plan van 'n Alwyse Vader ook die kwade ten goede laat meewerk, het voorwaar stof tot blydskap.

Daarom pas dit ons nie om langgesig-Christene te wees nie. Sulke mense handel asof hulle self hulle saligheid moet uitwerk. Die Fariseërs was humorlose mense omdat hulle verkramp was deur die gedagte van en gedurige strewe na selfverlossing.

Van die eerste Christelike gemeente lees ons egter: „Hulle het hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet."

Watter getuienis lewer ons as Christene? Lang gesigte met 'n bekommerde uitdrukking ingegrif in ons gesigte? Of mense wat kinderlik bly is, 'n blydskap wat van ons uitstraal en ook ander aantrek tot die Evangelie van Christus?

27 April. **Lees** Filip. 4:5-9. **Teks:** Filip. 4:8, 9.

GEDAGTES EN DADE.

Twee sleutelgedagtes word in ons teks gevind: „Bedink dit" en „doen dit".

Die ou Fariseërs het iemand beoordeel alleen volgens sy dade. Sonde het vir hulle alleen bestaan in daadsondes. Daarom dat hulle nie skuldig gevoel het aan die oortreding van die tien gebooie nie. En dan kom die Here Jesus en noem hulle witgepleisterde grafte wat van binne vol doodsbeendere is. Ten opsigte van die wet wys Hy daarop dat die vervulling van die wet bestaan in die liefde tot God en liefde tot die naaste. Die mens se innerlike dryfvere is dus net soveel indien nie van meer belang as sy dade nie. Sy dade is die uitdrukking van sy gesindheid.

Onder die sonde is die gesindheid van die mens haat teen God en die naaste. Hierdie haat wortel in die gedagtelewe van die mens. Die sondige gedagte lei tot die sondige daad, die sondige daad lei tot die sondige gewoonte, die sondige gewoonte tot 'n sondige karakter.

As vrygemaaktes deur Jesus Christus word ons innerlike dryfvere ook verander in liefde tot God en die naaste. Ons hart word verander en dan verander nie net ons dade nie, maar ons dade word die uitdrukking van wat in ons gedagtes omgaan. Die gedagtelewe word dan beheers deur liefde.

As Christene sondig ons egter nog daagliks teen die Here met gedagtes, woorde en dade. Daarom pas dit om waaksaam te wees ten opsigte van die dinge wat ons dink. Paulus sê in die Kolossense brief: „As julle dan saam met Christus opgewek is, bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie."

Ons moet veral waaksaam wees ten opsigte van wat ons toelaat om toegang te verkry tot ons gedagtewêreld: die soort geselskap waarmee ons genoeë neem, die boeke wat ons lees.

Watter soort geselskap het u vandag gevoer? Wat het in u gedagtes omgegaan? Watter soort boek lees u?

28 April. **Lees** Filip. 4:10-23. **Teks:** Filip. 4:13.

TOT ALLES IN STAAT DEUR CHRISTUS.

Die woord van Paulus dra die gedagte saam dat hy tot niks in staat is sonder Christus nie. Op die vraag: kan ek die wet van God ten volle onderhou? antwoord die Kategismus: „Nee want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat." En as ons sou vra: „kan ek die wet ten dele onderhou is die antwoord: „Nee, ek is onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad."

Maar dit is alleen maar 'n „nee" solank ons nie deur die Gees van God weergebore is nie. Die Gees werk deur 'n middel, naamlik die verkondiging van die Evangelie. Soos 'n kind wat traag is om sy ouers te gehoorsaam, so was die mens onder die wet gewees. Maar as daar dan iets gebeur waaruit die liefde van die ouer blyk deur byvoorbeeld vir die kind die lewe te waag, dan verander die gesindheid van die kind. Paulus ken die Christus wat aan mense gelyk geword en Homself vir die mens gegee het tot in die dood van die kruis.

En hierdie liefde het 'n krag in sy lewe geword. In Rom. 8 roep hy uit: „Wat sal ons skei van die liefde van Christus?" Paulus betrek dit nie net op die inspirasie wat dit in sy dadelewe meebring nie, maar ook op die krag wat van Christus uitgaan om moeilike lewensomstandighede te dra en te aanvaar.

Paulus weet om in voorspoed dankbaar en in teëspoed geduldig te wees.

Hy weet dat die gelowige langs dieselfde pad gelei word as sy Saligmaker: deur stryd tot oorwinning. Maar die gelowige is op hierdie pad nooit alleen nie. Christus was van God verlate sodat ons tot God geneem kan word om nimmermeer deur Hom verlaat te word nie. „In al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het." Is ek swak by Hom is krag."

29 April. **Lees** Kol. 1:5-8. **Teks:** Kol. 1:5.

HOOP VIR ONS WEGGELÊ.

Dit is blykbaar Eprafas, 'n inwoner van Kolosse, wat die gemeente gestig, die Woord aan hulle bedien en hulle geleer het „om alles te onderhou wat die Here beveel." Onder andere skryf Paulus aan hulle dat hy gehoor het van hulle geloof in Christus Jesus en hulle liefde tot al die heiliges. Om dié rede kan hy nou ook praat van die hoop wat vir die Kolossense weggelê is. Die verkondiging van die Evangelie onder hulle was nie tevergeefs nie, want as heidene en sondaars het hulle gehoor en geglo. Saam met die geloof het hulle hoop ontvang wat vir hulle weggelê is in die hemele. Christus is Heer en Saligmaker wat vir die sonde gesterf en deur sy opstanding die mag van die dood oorwin het. Hulle liefde tot Christus het liefde by hulle vir die medegelowiges gewek en hulle hoop op die ewige lewe wat hulle te wagte is, bevorder.

Hoop is een van die besondere gawes van God aan die mens. Saam met geloof en liefde, word ook die hoop as belangrik genoem. 'n Mens wat nie meer kan hoop nie, kan ook nie meer lewe nie. Petrus sê dat sy vlees oog nog sal rus in hoop en Paulus het voor die Joodse Raad uitgeroep dat hy oor die hoop en die opstanding van die dode voor hulle regbank staan. Vir Paulus lê hoop en opstanding uit die dode vlak langs mekaar. Die hoop beskaam nie al kan die hoop nie gesien word nie. „Verbly julle in die hoop", skryf hy aan die Romeine. Dit is asof hy nie oor die hoop uitgepraat kan raak nie.

Vir die gelowige is daar hoop; hoe moeilik die omstandighede en hoe donker die nag van die hede ookal mag wees, daar is hoop wat vir ons weggelê is. Ook die treurendes wat ween oor ontslape dierbares, maar glo, moet dááran dink, sodat hulle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.

30 April. **Lees** Kol. 1:9-13. **Teks:** Kol. 1:13.

VERLOS UIT DIE MAG VAN DIE DUISTERNIS.

Die Kolossense wat soos alle mense uit hulleself verlore en onder die mag van die duisternis is, kan nou van die Apostel Paulus verneem dat hulle deur die geloof in Christus verlos is. Hierdie verlossing dui op die dade van God deur die Gawe van sy Seun en sy heilswerk aan die kruis en sy opstanding uit die dode waardeur Hy sy kinders uitgetrek het uit die gevangenskap van die sonde en die dood. Dit is 'n stryd wat Hy aangeknoop het teen die mag van die duisternis. die mag van Satan en die Bose. Aan die kruis het Hy uitgeroep dat dit volbring is. Hierdeur is hulle bevry en aan die mag van die duisternis ontworstel. Die duiwel wat die mag oor die dood het, is nou onttroon en hulle wat hulle hele lewe lank deur angs vir die dood tot slawerny gedoem was, is nou almal bevry. Deur sy opstanding uit die dode het Hy in beginsel die oorwinning behaal wat terselfdertyd verlossing beteken vir die wat in Hom glo. Sy triomf sal uiteindelik die eindoorwinning vir sy gemeente beteken.

Daarom moet ons in ons stryd en taak steeds goeie moed hou. Die oorwinning is reeds beklink en die Kolossense asook al die gelowiges sal uiteindelik ondanks alle skyn van die teenoorgestelde, die oorwinning behaal, solank hulle aan Christus verbonde is. Hy wat reeds getriomfeer het, sal weldra weer kom en dan volledig triomfeer. Die Here wat eenmaal in sy heilsopenbaring die werk van verlossing begin het, sal dit sekerlik volbring.

Christus is die lig van die wêreld. Die lig skyn in die duisternis en die duisternis sal dit nie oorweldig nie. Paulus is gestuur na die heidene, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God en deur die geloof vergewing van sondes kan ontvang.

1 Mei. **Lees** Kol. 1:13-18 **Teks:** Kol. 1:18.

CHRISTUS, DIE EERSGEBORENE UIIT DIE DODE.

Op die blye Paasmôre het Christus uit die dode opgestaan. Vir die menslike verstand is so-iets onmoontlik. Toe Paulus in die Areopagus oor die opwekking van Christus uit die dode gepreek het, het die mense vir hom gelag en geweier om verder na hom te luister. Dit is ook die standpunt van die Stoïsyne en die Epikuriërs. Hulle meen dat hulle mense van goeie verstand is en dat dit tog nie van hulle verwag moet word om die onmoontlike te glo nie.

Tog hou Paulus hierdie godswonder as troos en bemoediging aan die Kolossense voor. Hy konstateer dit met groot geloofssekerheid as 'n vasstaande feit. Hierin lê immers die vervulling en blywende bevestiging van die beloftes wat die Here gemaak het. Sonder die opstanding van Christus, sou die Evangelies slegs 'n lewensbeskrywing van die Here gewees het, maar sy opstanding maak dit tot prediking. Die opstanding van Christus is die triomf van Gods liefde en openbaring van die feit dat Hy nie tevergeefs liefgehad het nie. Sy liefde was 'n liefde tot in en tot anderkant die dood. Die opwekking van Christus gee aan die Kolossense en aan almal wat glo 'n nuwe perspektief, 'n onwrikbare vertroue op 'n beter en ewige toekoms. As Eersgeborene uit die dood, is Hy die begin van die herskepping wat alles weer nuut en mooi gemaak het. Hy het die dood oorwin en eerste uit die dood na die lewe teruggekeer. Die Openbaringsboek noem Hom ook die Eersgeborene uit die dode. Dit veronderstel dat daar na Hom nog ander uit die dode gebore sal word. Sy opstanding is die belofte, die gewisse pand en waarborg van ons eie opstanding. „Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood". „Ek is die opstanding en die lewe." Elkeen wat in Hom glo, sal lewe al het hy ook gesterwe.

2 Mei. **Lees** Kol. 1:24-28. **Teks:** Kol. 1:28.

HOM VERKONDIG ONS.

Paulus het hom voorgeneem om niks anders onder die mense te weet nie, as Jesus Christus en Hom die gekruisigde. Dié verkondiging is so groot en so ryk! Mensewoorde kan dit eintlik nie bevat nie en daar is so baie dinge wat die kerk moet sê dat hy eintlik nooit sy

taak sal kan voltooi nie. Maar as Paulus nou aan die Kolossense skryf, dan som hy sy taak kort en bondig op in die woorde: Hom verkondig ons. Hy wat van ewigheid tot ewigheid God was; Hy wat in die gestalte van 'n mens gekom het, nie om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie, Hy wat gely het en verdruk was maar nou geopenbaar is; Hy wat onder sy swaar kruis deur die strate van Jerusalem gestrompel het en met skerpe spykers op Golgotha daaraan vasgenael is; Hy wat gesterwe het en begrawe is; Hy wat op die derde dag as Oorwinnaar oor die mag van sonde en die dood lewend langs sy geopende graf gestaan het; Hy wat vir ons die weg gebaan het sodat ons tot God kan gaan; Hy in Wie se hande alle mag gegee is in die hemel en op die aarde; Hy wat wil verkondig wees en wat moet verkondig word. Paulus verkondig Hom in sy rykdom en sy heerlikheid. Vir Hom moet ons arbei en stry volgens sy werking wat in ons werk met krag.

Aan sy genade, verlossing en vergewing kan en mag ons ook deel kry. Die geloof is uit die gepredikte Woord wat almal kan hoor sodat hulle die ewige lewe kan beërwe.

3 Mei. **Lees** Kol. 2:8-15. **Teks:** Kol. 2:13.

DOOD DEUR DIE MISDADE, SAAM MET HOM LEWEND GEMAAK.

Die loon van die sonde is die dood. Paulus praat hier van die misdade, dit is die wandade van die Kolossense. 'n Misdaad is 'n juridiese begrip, 'n wetsoortreding wat ernstiger is as 'n gewone privaatregtelike verpligting en wat in daardie tyd — vandag ook nog met enkele uitsonderinge — strafbaar was met die dood. Iemand wat sulke misdade gepleeg het — vandag word dit gemeenregtelike misdade genoem — was dus in beginsel reeds dood. Maar hulle was ook reeds dood voor die gereg en die oordeel van God wat die sonde nie ongestraf wil laat bly nie.

Hierdie „julle" van wie Paulus nou praat, dui op die Kolossense as Christene wat hulle uit die heidendom bekeer het. In hulle onbekeerde toestand en ongelowige staat, was hulle geestelik dood deur dis misdade, die onreine en vleeslike gesindheid. Maar nou het die Here sy Seun vir die wêreld gegee as Middelaar en Verlosser wat gekruisig en opgewek is. Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom, en ons smarte, die het Hy gedra. Dit het Hom sy lewe gekos wat plaasvervangend vir die gelowiges gegee is. Groter liefde as dit het niemand nie dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Hierdie liefde is sterker as die dood. Die sonde het die Christus gekruisig maar God het Hom weer opgewek en as resultaat daarvan het Hy uit die dode opgestaan.

In beginsel is die gelowiges saam met die Christus weer lewend gemaak al moet hulle ook sterwe. Hy het ons misdade vergewe en daarom het ons in Hom die ewige lewe.

4 Mei. **Lees** Kol. 3:1-4. **Teks:** Kol. 3:1.

SOEK DIE DINGE DAARBO WAAR CHRISTUS IS

Die Kolossense het die Woord gehoor en geglo. Hulle aanvaar dat hulle sondaars is wie se sonde hulle om Christus ontwil nie toegereken is nie; ook dat hulle bestemming nie op die aarde is nie maar dat hulle burgerskap nou in die hemel is.

As dit dan nou vir hulle so is dat hulle saam met Christus opgewek is, sal hulle hele lewe verander wees. Hy wat verlos is van die sonde en die dood, se strewe en gedagtes sal voortaan op die Christus en sy beloftes gerig wees. Die geestelike verbondenheid aan Christus, sal hulle lewe voortaan rig, hulle gedagterigting en hulle belangstellingsfeer bepaal. Paulus stel dit as 'n opdrag dat hulle die dinge daarbo moet soek. Daarbo, dit dui op die plek waar Christus na sy opstanding en hemelvaart is Dit is algemeen aanvaar dat die Here sy troon daarbo, bokant die wolke in die hemel gevestig het. Ons bely dat die Here nou aan die regterhand van God is in majesteit en heerlikheid en heiligheid. Daarbo waar Hy regeer, sal God al die trane van hulle oë afvee en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. Daar sal die gelowiges gereinig en geheilig in die bloed van die Lam, vir altyd by die Here kan wees.

Dit is die dinge wat daarbo is, wat Paulus wil hê dat die Kolossense en ook ons moet soek.

5 Mei. **Lees** Kol. 3:12-17. **Teks:** Kol. 3:13.

VERGEWE MEKAAR

Daar was blykbaar onder die Kolossense, net soos onder ons mense vandag, verskille en seker ook geskille. Deur die eeue heen het mense teen mekaar gesondig. Petrus vra dan ook: „Here hoe dikwels sal my broer teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe." Ons ken almal die aangrypende gelykenis van die skuldenaar wat smeek om kwytskelding van sy skuld, maar as sy eie skuldenaar dieselfde vra, dan gryp hy hom aan die keel en eis terugbetaling van sy skuld en werp hom in die gevangenis. So sal die hemelse Vader aan ons doen as ons nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.

Paulus vra die Kolossense om mekaar te vergewe as die een teen die ander 'n klag het. Immers, die gelowige vergeld niemand kwaad vir kwaad nie. „Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn, . . . aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here". Daar bestaan 'n goeie grond waarom hy hulle vra om mekaar te vergewe. Christus het hulle vergewe en so moet hulle ook doen. Hoe kan 'n sondaar verwag om vergewe te word as hyself nie bereid is om te vergewe nie? Die gelowige wat alleen uit vergewing kan lewe, kan tog nie vergelding vir sy naaste eis nie.

In die „Onse Vader" leer die Here ons bid: „En vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe". Ons kan vergifnis en die ewige lewe ontvang, maar insgelyks moet ons mekaar ook voortdurend vergewe.

6 Mei. **Lees** 1 Thess. 1:1-10. **Teks:** 1 Thess. 1:1.

DIE GEMEENTE VAN JESUS CHRISTUS.

In die tyd van die apostel Paulus was Thessalonika 'n bloeiende en vooruitstrewende stad. Die stad is gestig omstreeks 315 v.C. Die stad is vernoem na die stigter se vrou, Thessaloniki, wat 'n halfsuster van Alexander was. Dit is geleë aan die groot Romeinse verbindingsweg

tussen Rome en die ooste, waarlangs die handelsverkeer beweeg het. So het dit dan ontwikkel tot 'n groot en kosmopolitiese hawestad. Na 146 v.C. het dit die hoofstad van die Romeinse provinsie Macedonië geword en as sodanig die setel van die prokonsul. Verder is dit belangrik dat daar volgens Hand. 17:1 'n Joodse sinagoge in die stad was.

Vir die skrywer van die brief, wat 'n stuk Christelike sielsorg aan die gemeente is, is die stad egter nie belangrik vanweë sy ligging of gemengde bevolking of vooruitstrewendheid nie. Belangrik vir hom is dat in die stad 'n gemeente van Jesus Christus is. Gemeente — dit is mense wat deur Jesus Christus uit die wêreld geroep is tot Sy diens. En hier leef en werk 'n gemeente te Thessalonika, daarom word hulle ook die gemeente van Thessalonika genoem. Hier in die stad glo hulle in Jesus Christus en verkondig hulle Sy Woord. Aan hierdie gemeente word daar geskryf: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus. Want uit genade is hulle gered, sonder die werke van die wet, en dit nie uit hulleself nie, sodat niemand mag roem nie.

Daarom is die brief ook vir ons belangrik. Ons, die gemeente van Jesus Christus in die twintigste eeu in die wêreld. Dit wil óns vermaan en bemoedig en aanspreek. Dit wil ook aan ons die evangelie van Jesus Christus verkondig. Ons wat deur die genade van God in Jesus Christus, gemeente van Jesus Christus mag wees, vrede met God kan hê. Ons wat deur God uit die wêreld geroep is om Sy Woord te verkondig.

7 Mei. **Lees** 1 Thess. 2:1-16. **Teks:** 1 Thess. 2:3 en 4.

DIE PREDIKING.

In hierdie gedeelte gaan dit vir die apostel Paulus oor die bedoeling van sy evangelieverkondiging. Hy vat sy hele arbeid saam in die woordjie „vermaan". Die woord is hier 'n samevatting van die hele heilsprediking van Paulus. Daarom kan dit hier ook met „prediking" vertaal word.

En hierdie prediking kom nie voort uit dwaling nie, dit wil sê die inhoud van sy leer is nie verkeerd nie. Dit is ook nie uit onsuiwerheid nie, dit wil sê sy hart, sy lewenswandel, is ook nie verkeerd nie. Sy lewenswandel is nie in stryd met dit wat hy verkondig nie. Dit is ook nie bedrog nie, hy wil die mense nie 'n rat voor die oë draai nie. Dit wat hy verkondig is die waarheid dit is lewensbelangrik dat die mense dit moet hoor en glo omdat dit God behaag het om deur die dwaasheid van die prediking dié wat glo te red.

Die verkondiging is 'n opdrag van God. Daarom spreek hy ook nie om mense te behaag nie, maar om God wat die harte beproef te behaag. Dit gaan om die eer van en die gehoorsaamheid aan God wat die hart, die ganse lewensuitkyk en lewe van die mens ken en deurgrond. So is dit met alle evangelieverkondiging, met alle prediking. Die bedoeling daarvan sal nooit wees om die ore van die hoorders te streel nie, maar om God welbehaaglik te wees. En na sulke prediking moet ons luister.

Want hoe kan ons Hom dan aanroep in wie ons nie glo nie, en hoe kan ons in Hom glo van wie ons nie gehoor het nie, en hoe kan ons hoor sonder een wat preek? Die geloof is dus uit die geloor en die gehoor is deur die Woord van God.

8 Mei. **Lees** 1 Thess. 3:1-13. **Teks:** 1 Thess. 3:3.

DIE VERDRUKKING VAN DIE GEMEENTE.

Vir Paulus is die verdrukking en vervolging van die Christelike gemeente in die wêreld geen toevalligheid nie. Dit hoort veeleer tot die bestaan van die gemeente. Ons is daartoe bestem, skryf hy. In hierdie wêreld is en bly die Christelike gemeente 'n strydende gemeente, draer van die Christus-evangelie, 'n evangelie wat vir hierdie wêreld vreemd en onaanvaarbaar is. 'n Evangelie wat deur die magte van die duisternis teengestaan word. Daarom kan dit beteken dat die draers van die evangelie ook vervolg sal word. 'n Dienskneg is nie groter as sy Heer nie, as hulle die Christus vervolg het sal hulle die gelowiges, Sy gemeente, ook vervolg. Dit gebeur omdat die gemeente nie van die wêreld is nie. As die gemeente van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar nou het God die gelowiges uit die wêreld sy kies tot Sy diens, dáárom die haat van die wêreld. Dit moet die gemeente egter nooit moedeloos maak nie. Daarom word Timotheus na die gemeente van Thessalonika gestuur om hulle te versterk en te bemoedig. Hy moet aan die gemeente gaan stel dat hulle onder al die verdrukkinge moet vasstaan in die geloof, moet voortgaan om te verkondig en te bely dat Jesus die Here is. So moet die gemeente van die twintigste eeu standvastig voortgaan om die goeie stryd van die geloof te stry.

„Die spotter mag die waarheid smaad,
niks kan ons dit ontroof nie,
hoeseer die ongeloof dit haat,
tog wankel ons geloof nie.
U, Jesus, U sy eer!
Wie U verkies as Heer,
U Woord opreg betrag,
word deur geen helse mag
die saligheid ontroof nie."

9 Mei. **Lees** 1 Thess. 4:1-12. **Teks:** 1 Thess. 4:7.

GEROEPE TOT DIENS.

God het die gemeente geroep tot Sy diens. Hy het ons uit die duisternis geroep tot Sy wonderbare lig om te verkondig die deugde van Hom wat ons geroep het. Die gemeente leef dus in diens van die Heer en tot eer van die Heer. Hy het die gemeente nie tot onreinheid geroep nie. Die gemeente het as bestemming die heiligmaking. Daar moet geleef word om God te behaag. Die lewe, die doen en late van die gemeente, moet sig beweeg op die weg van gehoorsaamheid, want God wil gehoorsaam word. Die evangelie is ook 'n oproep tot 'n nuwe lewe. Dit is onmoontlik dat hierdie regverdigmakende geloof die mens onverskillig sou kan maak om heilig te lewe omdat hierdie waaragtige geloof, wanneer dit in die mens gewerk is deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, hom wederbaar en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde. Ons kan dus sê dat die heiligmaking van die mens ook beteken om uit die geloof in Jesus Christus te lewe. Christus Jesus is die regverdiging en heiliging van die gemeente. In

antwoord op hierdie heiliging weet die mens om homself te heilig, dit is, om homself te stel in diens van God. Want „heilig" in die spraakgebruik van die Bybel beteken om uit te sonder uit die gewone alledaagse gebruik en af te sonder in diens van die Here. So word die huis van die Here byvoorbeeld heilig genoem. Die gewone gebruik van 'n huis is om daarin te woon en te slaap. As die huis van die Here nou heilig genoem word, beteken dit dat dit uitgesonder is uit hierdie gewone alledaagse gebruik en afgesonder is vir die diens van die Here. So word Israel ook heilig genoem, afgesonder vir die diens van die Here. So is die gemeente ook heilig. Daarom stel die apostel dit dat die gelowiges hulle moet onthou van hoerery. Ook die huwelik moet as gawe van God gesien word en heilig gehou word. Dit geld ook die gelowiges van die twintigste eeu.

10 Mei. **Lees** 1 Thess. 5:12-28. **Teks:** 1 Thess. 5:16.

DIE BLYDSKAP VAN DIE GELOOF.

Dankbaarheid, vreugde, blydskap, dit is die kenmerk van die gemeente van Jesus Christus. Dit is hierdie blydskap waartoe Paulus die gemeente oproep. Dit is die teendeel van sugte en klae en 'n swaarmoedige en negatiewe lewensbeskouing. Hierdie vreugde waartoe Paulus die gelowiges oproep is nie gegrond in bepaalde lewensomstandighede nie. Dit is nie gegrond in die mens en sy prestasies nie. As dit so sou wees sou dit beteken dat wanneer die mens se omstandighede verander, sy blydskap dan plek moet maak vir sugte en klae. Nee, hierdie blydskap is eintlik onafhanklik van geluk of ongeluk, vreugde of droefheid wat oor die gelowiges mag kom. Dit is gegrond in Gods heil en werk in Jesus Christus. Met ander woorde die gelowige is bly nie omdat sy omstandighede dit toelaat nie, maar omdat hy met liggaam en siel nie aan homself nie maar aan sy getroue Saligmaker Jesus Christus behoort, wat met Sy dierbare bloed vir al ons sondes ten volle betaal en ons uit alle mag van die duiwel verlos het, en ons so bewaar dat sonder die wil van ons hemelse Vader geen haar van ons hoof kan val nie, ja, ook, dat alles tot ons saligheid moet dien. Die gelowiges is bly omdat hulle lidmate van die gemeente van Jesus Christus mag wees, omdat hulle versekerd kan wees dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel hulle sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie. Daarom verander die blydskap nie as die situasie verander nie, nee, dit gaan altyd deur, want die gemeente staan altyd in die lig van Gods heilswerk in Jesus Christus.

11 Mei. **Lees** 2 Thess. 1:1-12. **Teks:** 2 Thess. 1:6 en 7.

HEMELVAART EN WEDERKOMS.

Die hemelvaart van Christus hou vir die gelowige sekere dinge in wat belangrik is. Ten eerste, dat Hy in die hemel voor die aangesig van Sy Vader ons Voorspraak is. Ten tweede, dat ons ons vlees in die hemel as 'n gewisse pand het, dat Hy as die Hoof ons as sy lede ook tot Hom sal neem. Ten derde, dat Hy ons Sy Gees as 'n teenpand stuur, deur wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie wat op aarde is nie.

Dit hou ook in dat die gemeente nou leef tussen die hemelvaart en die wederkoms met 'n taak om te vervul, 'n opdrag om uit te voer. In die uitvoering van hierdie opdrag kan die gemeente vervolg, belaster en gesmaad word. Die wederkoms van die Heer wil ons nou vertroos. Omdat ons in alle droefenis en vervolging met n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker wat Hom tevore om ons ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van ons weggeneem het, as 'n Regter uit die hemel verwag wat al sy en ons vyande in die ewige verdoemenis sal werp maar ons met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem.

Ons toekoms is dus Jesus die Heer. Die apostel Paulus sê, Hy sal geopenbaar word, dit is, Hy sal tevoorskyn tree as Oorwinnaar. Hierdie openbaring van Jesus Christus geskied vanuit die hemel waarheen Hy opgevaar het. Hy word begelei deur Sy engele. Vir die verdrukkers van die gemeente hou dit hulle val in. Hulle het geen toekoms nie. Maar vir die gemeente wat nou verdruk word, hou dit verkwikking, rus, heerlikheid, vrede in. Die gemeente deel in die vreugde van die komende Heer. So kyk die skrywer die toekoms in, so kan die gelowiges dit ook doen. Dit is 'n bepaalde toekoms, 'n gevulde toekoms, want die Regter wat kom om te oordeel is dieselfde Christus wat ons verlos het.

12 Mei. **Lees** 2 Thess. 2:1-17. **Teks:** 2 Thess. 2:15.

STANDVASTIG, ONBEWEEGLIK, STERK.

Die gemeente van Jesus Christus, ja elke gelowige mag nooit in selftevredenheid agteroorsit nie. Gemeente wees en Christen wees is nou eenmaal nie 'n rustige lewe agter veilige skanse nie. Dit vra stryd en opoffering. Dit beteken om jou kruis op te neem en Jesus te volg. Want niemand wat die hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk is geskik vir die koninkryk van God nie. Dit beteken om die goeie stryd van die geloof te stry met die volle wapenrusting van God aan, om die wedloop te voleindig sonder om moedeloos langs die pad te bly lê. Dit is daarom dat Paulus die gemeente oproep om vas te staan.

Dit beteken: Staan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, vry van die slawerny van die sonde. Daarby moet die gemeente ook vashou aan die voorskrifte, die oorlewering, die prediking van Paulus. Hierdie is nie 'n tweede opdrag naas die eerste, om vas te staan, nie. Die twee is identies. Deur aan die voorskrifte, die prediking van Paulus, vas te hou sal die gemeente kan vasstaan teen enige dwaalleer. Hierdie evangelie wat aan die gemeente verkondig is, is geen menslike uitvinding nie — ook die apostel het dit ontvang. Dit kom van die Here self.

Die standvastigheid van die gemeente moet nou daarin na vore tree dat die gemeente hierdie evangelie reg en suiwer sal „oorlewer", verkondig. Hierdie apostoliese prediking moet die norm van die geloof en getuienis van elke gemeente wees, ook van die gemeente van die twintigste eeu. Hierdie opdrag is dus ook op ons van toepassing. Deur getrou vas te hou aan die leer van die apostels en profete sal ook ons standvastig kan voortgaan tot eer van God.

13 Mei. **Lees** Hebr. 1:1-14. **Teks:** Hebr. 1:1.

DIE SEUN; VOLLEDIGE OPENBARING VAN GOD.

Hierdie teks kan gesien word as die opskrif en tema van die brief, wat in die res van die brief breër en dieper uitgewerk word.

In die tyd, dit wil sê onder die Ou Verbond, het God Hom nie onbetuig gelaat nie. Hy het wel tot die vadere, die Ou Testamentlese voorgeslagte, baie keer of beter gestel: in baie stukke en op baie maniere, soos in hoorbare woorde, drome en gesigte, deur opeenvolgende profete gespreek. Maar tog was dit 'n onvolledige en stuksgewyse openbaring.

Aan die einde van die dae egter spreek Hy deur die Seun: Christus Jesus. As erfgenaam van die Vader wat Hom volkome ken, as die Een wat so ondeelbaar verbonde is met God soos die afskynsel met die heerlikheid en die afdruksel met die wese, is Christus Jesus en Hy alleen, die volledige en afdoende openbaring van God. God openbaar Hom nou nie meer dán deur hierdie en dán deur daardie profeet nie, of nou op hierdie en dan weer op daardie manier nie, want in Christus Jesus is Hy volledig geopenbaar en kan ons Hom ken soos wat Hy is.

Daarom kan Johannes van die Woord wat vlees geword het verklaar: „Niemand het ooit God gesien nie, die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, díe het Hom verklaar." Self het Jesus ook gesê: „Hy wat My gesien het, het die Vader gesien." En die apostel Paulus verklaar: „Hy is die beeld van die onsienlike God."

Buite Christus Jesus om kan God nie waarlik geken word nie. Maar in en deur Jesus Christus kan ons God tegelyk leer ken as die Regverdige Regter wat die sonde nie ongestraf laat bly nie, maar tog ook as die Genadige Vader wat aan die sondaar Sy genade wil bewys deur aan hom vergifnis van sonde en hoop op saligheid te skenk.

14 Mei. **Lees:** Hebr. 2:1-18. **Teks:** Hebr. 2:16.

DIE SEUN HET MENS GEWORD TER WILLE VAN DIE MENS.

„In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." „En die Woord het vlees geword . . . " So het die evangelis Johannes die menswording van die Ewige Seun van God beskrywe.

In die tekshoofstuk gaan dit ook om die verkondiging van díe waarheid dat die Seun van God mens, en dan waaragtig mens, geword het. Dieselfde vlees en bloed wat die mens deelagtig is het Hy ook deelagtig geword. In alle opsigte het Hy aan die mens gelyk geword. Vir Hom het dit vernedering en lyding beteken. Hy wat die Skeppingsmiddelaar was, is vir 'n tydjie minder as die engele gemaak. Selfs versoeking is Hom nie gespaar nie, maar sonder sonde. „Hy wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word."

Nou het die Woord vlees geword, die Seun van God mens geword, juis omdat Hy Hom nie oor die engele nie, maar oor die mens bekommer het. Dat Hy mens geword het is daarom geen kompliment vir ons mense nie, asof Hy op díe manier aan ons groter eer wou bewys as aan die engele omdat ons dan groter eer waardig sou wees nie.

inteendeel, dat Hy mens geword het dien tot ons oordeel. Dit sê aan ons dat ons in ons menswees gefaal het en dat ons nie deug nie. Dit sê aan ons dat ons daardie eer wat God ons aangedoen het, deur ons slegs 'n weinig minder as die engele om Sy troon te maak, nie waardig is nie. En tog, dat Hy mens geword het dien juis ook tot ons redding. Want juis ter wille van ons het Hy mens geword, omdat Hy Hom oor ons bekommer het en met ons medelye gehad het. En so het Hy ons eer aangedoen wat selfs nie die engele te beurt geval het nie.

15 Mei. **Lees** Hebr. 3:1-19. **Teks:** Hebr. 3:13.

ONS ROEPING TEENOOR MEKAAR IN HIERDIE TYD.

Ons leef nou in die tyd tussen die koms en die wederkoms van Christus Jesus, die Seun van God. Hierdie tyd is nou die welvangename tyd van Gods geduld en lankmoedigheid met ons. Dit is nou die tyd waarin Hy aan ons die geleentheid gee om die lewensbeslissing, die geloofsbeslissing te neem. Dit is dringend dat in hierdie tyd, terwyl dit nog vandag genoem kan word, gedoen sal word wat gedoen behoort te word. Uitstel kan noodlottig wees, want hierdie tyd is nie eindeloos nie.

Verder is dit 'n tyd waarin die duiwel, ons teenstander, rondloop soos 'n brullende leeu om te soek wie hy kan verslind. In hierdie tyd is die groot verleier listiger as ooit besig om ons van God afvallig te probeer maak. Sy doel is dat ons hart ongelowig en boos sal word, verhard deur die verleiding van die sonde. Daarom is dit 'n tyd wat nugterheid en waaksaamheid van ons eis.

Nou word ons juis geroep om in hierdie dringende en gevaarlike tyd vir mekaar verantwoordelikheid te aanvaar. Ons word naamlik geroep om mekaar te vermaan of, soos dit ookal vertaal kan word, te bestraf, te bemoedig en te vertroos. Elke dag moet ons toesig oor mekaar hou, om by afdwaling mekaar te vermaan en te bestraf, om by struikeling mekaar te bemoedig en te vertroos.

Dit is 'n saak van groot dringendheid. Dit moet elke dag gebeur solank dit nog vandag genoem word, want die tyd gaan verby. Dit is 'n saak van groot noodsaak, want wie sy hart in hierdie tyd in ongeloof verhard, sal die ewige rus nie kan ingaan nie.

16 Mei. **Lees** Hebr. 4:1-13. **Teks:** Hebr. 4:9.

BELOFTE VAN SABBATSRUS.

Sedert die sondeval het die mens 'n onrustig voortvlugtende wese geword. Die dood as beloning op die sonde maak hom onseker; sy sondige naaktheid voor God vervul sy hart met vrees. Met moeite, in die sweet van sy aangesig, moet hy sy brood eet. Dit alles, vrees, onsekerheid, moeite, maak die mens se ganse bestaan kommervol en onrustig. Geen wonder dat Job oor die mens gesê het nie: „Die mens, uit 'n vrou gebore, is kort van dae en sat van onrus." Daarom is die mens se lewe dikwels niks anders as 'n soeke na rus nie.

Juis van hierdie rus, waaraan ons so 'n behoefte het, is daar sprake in die teks. Daar word die belofte gemaak dat vir die volk van God 'n sabbatsrus weggelê is. 'n Sabbatsrus wat beteken dat al die stryd en moeite en onrus dan klaar en afgehandel sal wees vir die mens. Ewig sal hy dan in teenwoordigheid van God kan bestaan, sonder vrees en onsekerheid, maar jubelend en rustig, besig met erediens.

Hierdie belofte van ewige sabbatsrus sou daar egter vir die volk van God nie gewees het, as die Seun van God nie Sy versoeningswerk gedoen het nie. Sy opstanding en verheerliking is die waarborg dat daar vir sy volk, dit wil sê vir die wat in Hom glo, sabbatsrus sal wees.

Getrou moet ons ons beywer om díe rus, dit is die saligheid wat deur God beloof is, in te gaan. Voortdurend moet ons daarteen waak om nie in dieselfde soort ongehoorsaamheid te verval as die volk Israel wat die evangelie van 'n beloofde land nie aanvaar het nie, en daarom daar nie kon ingaan nie.

17 Mei. **Lees** Hebr. 4:14-5:14. **Teks:** Hebr. 4:14.

JESUS, DIE SEUN VAN GOD, ONS GROOT HOËPRIESTER.

Onder die Ou Verbond was die Hoëpriester in die tempeldiens 'n belangrike figuur. Hy was iemand wat deur God geroep is om ten behoewe van mense op te tree in die dinge wat in betrekking tot God staan om gawes en offers vir die sondes te bring. Omdat hy 'n mens was kon hy saamvoel met die swakkes en die dwalendes omdat hy ook met swakheid bevange was. Maar omdat hy mens was en daarom self sondaar, moes hy net soos vir die volk ook vir homself 'n soenoffer bring om eers vir homself en dan vir die volk versoening voor God te verkry.

Aan al hierdie vereistes vir die hoëpriesterskap het Jesus Christus voldoen, en selfs baie meer, want Hy is ons groot Hoëpriester. Hy is deur God self tot Hoëpriester gestel, nie net vir 'n tyd nie, maar vir ewig volgens die orde van Megisédek. Hy was mens net soos ons en kon daarom met ons swakhede medelye hê. Ten behoewe van ons het Hy voor God opgetree om versoening te doen oor ons sondes en die versoening wat Hy op daardie Groot Versoendag gebring het is eenmalig, onherhaalbaar en genoegsaam want dit was 'n volkome versoening vanweë die volkome en afdoende offer wat Hy gebring het. Hy was naamlik nie alleen die Offeraar nie, maar Hy was tegelyk ook die Offerlam, sonder gebrek, wat Sy geseënde liggaam aan die kruis laat spyker het om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te nael en met Sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige Testament, die verbond van die genade en die versoening, te beseël. Deur die hemele het Hy deurgegaan om te gaan sit aan die regterhand van die Vader, waar Hy ook vir ons intree. Vir almal wat Hom gehoorsaam is, het Hy 'n bewerker van ewige saligheid geword.

Laat ons dan aan hierdie belydenis vashou.

18 Mei. **Lees** Hebr. 6:1-20. **Teks:** Hebr. 6:17 en 18.

VASTE HOOP.

Die ongehoorsame en gevalle mens kon alleen maar straf op sy sonde verwag en daarom die toekoms met vrees tegemoet sien. Deur sy heilswerk van God in Christus Jesus het daar egter vir die mens

hoop op 'n salige toekoms deurgebreek. Wie tot God sy toevlug neem, om aan hierdie hoop wat daar nou voorlê, vas te hou, kan díe hoop juis hê as vaste en sekere anker vir die lewe.

Nou kan ons weet dat hierdie 'n vaste en sekere hoop is, want nie alleen het God dit beloof nie, maar ook het Hy dit met 'n eed bevestig. Dit is twee onveranderlike sake. As God beloof dan staan dit reeds vas en dan is dit seker en onveranderlik en dan maak dit die eed oorbodig. Maar om die erfgename van Sy belofte, die onveranderlikheid van Sy raad duidelik te toon het Hy dit met 'n eed, wat Hy by Homself gesweer het, gewaarborg. Hierdie belofte en eed van God is twee onveranderlike sake. Immers, die mens kan nog 'n belofte breek en meineed pleeg, maar God kan nie lieg nie.

Vir ons wat aan díe hoop, wat nou nog voorlê, wil vashou, dien hierdie belofte en eed van God tot bemoediging, dit wil sê tot vertroosting en vermaning. Dit is vir ons tot troos dat ons 'n vaste hoop kan hê te midde van al die onsekere in hierdie wêreld. Dit dien tot ons vermaning om te bly vashou aan die hoop, wat ons enigste anker in die lewe is.

19 Mei. **Lees** Hebr. 7:1-28. **Teks:** Hebr. 7:25.

CHRISTUS ONS VOORSPRAAK.

Op die vraag: „Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?" antwoord die Heidelbergse Kategsmus: „Ten eerste, dat Hy in die hemel voor die aangesig van Sy Vader ons Voorspraak is." Ook in die teks gaan dit juis om die voorspraak-wees van Christus voor God ter wille van die wat deur Hom tot God gaan.

In die teksgedeelte werk die skrywer die Hoëpriesterskap van Christus verder uit. Eers handel hy oor Melgisédek, die priesterkoning van God, ook in vergelyking met die Levitiese priesterskap. Dan stel hy dit dat hoewel Christus uit de stam van Juda, wat geen priesterstam was nie, voortgespruit het, was Hy tog 'n hoër priester as enige van die Levitiese priesters want Hy is vir ewig tot priester gestel volgens die orde van Melgisédek. Teenoor die onvolkome priesterskap van die Leviete, wat tydelik is omdat die dood hulle verhinder, staan die Hoëpriester Christus, wat die dood oorwin het en altyd leef en daarom altyd kan intree vir hulle wat deur Hom tot God wil gaan. Nie alleen het Hy eenmaal die volkome en afdoende offer tot versoening oor ons sondes gebring nie, maar ook nou, waar Hy sy heilswerk volbring het en opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, tree Hy as ware en lewende Hoëpriester vir ons as Voorspraak op by die Vader.

Christus is die Een wat gesterf het, maar wat ook opgewek is, dit wil sê wat ook lewe, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Juis op grond van Sy volkome en genoegsame offer kan Hy vir ons intree by God. Daarom kan ons sonder vrees en bewing deur Hom tot God kom.

20 Mei. **Lees** Hand. 1:6-11. **Teks:** Hand. 1:8.

. . . EN JULLE SAL MY GETUIES WEES.

Ons hele lewe staan in die teken van God se genade en gawe. Hy het aan ons sy Seun gegee en Hy het aan ons sy Gees gegee. God het na ons toe gekom. Hierin moet ons sy liefde vir ons sien. God is altyd by ons, want Hy het na ons toe gekom in sy Seun en in sy Gees.

Ook dat die Gees gekom het, moet ons sien as God se liefde vir ons. Want deur sy Gees is die Here aktief besig om heil vir sy gemeente te skep en om deur sy gemeente die heil aan die hele wêreld te verkondig. As die Gees gekom het, word die gemeente tot getuie van die liefde van God in Jesus Christus.

Die liefde van Christus dring ons om sy getuies deur die hele wêreld te wees. Die hele gemeente van Christus (dus elkeen van ons) het hierdie heerlike voorreg om sy getuies in die hele wêreld te wees. Hy wil deur sy Gees elkeen van ons gebruik as sy getuie.

Ons getuienis is dus nie vanselfsprekend nie. Die Gees het gekom sodat ons krag kon ontvang om te getuig. Want ons is tog altyd so besig met onsself en met ons eie dinge dat ons nie tyd het om nog te getuig ook nie. En as ons tyd het is ons so bang dat die wêreld ons sal spot as ons van God se liefde getuig. En al het ons tyd en al skaam ons ons nie vir Jesus Christus en sy woorde nie, word ons tog so gou moedeloos. Hierom het die Gees gekom, sodat ons krag kon ontvang om te getuig.

Dit is belangrik om te onthou dat alhoewel hierdie getuienistaak die hele wêreld in die oog het, dit **tuis** begin. Ons getuienistaak begin in ons eie huis en by ons eie mense wat ons goed ken en verstaan. Noudat die Gees gekom het, hoef (en kan!) niemand ledig staan nie.

21 Mei. **Lees** Hand. 2:14-36. **Teks:** Hand. 2:36.

JESUS IS ÉN HERE ÉN CHRISTUS.

Die Woord en Gees is onafskeidbaar van mekaar soos die son en sy strale. Die Heilige Gees getuig van Jesus Christus. „Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig." (Joh. 16:14.) Só is die Heilige Gees God se gawe omdat Jesus die Vader vir sy koms en ewige verblyf gebid het. (Joh. 14:16.)

Hierom is die hoogtepunt van Petrus se pinksterpreek dan dat God Jesus én Here én Christus gemaak het. Dit sou ons nooit kon glo nie. Ons ken Hom mos te goed. Hy is dan magteloos gekruisig. Redelik is dit ons tot 'n aanstoot dat Jesus én Here én Christus is. Maar deur die Gees bely ons dat Jesus Here is. Want die Gees neem **ons** in besit. Hy is tog nie ons besit dat ons oor Hom bevoegdheid sou hê nie. Ons kan die Gees nie vang wanneer ons wil nie.Ons kan die Gees nie dryf nie. Nee, eerder neem Hy ons in besit en dryf Hy ons. Wanneer Hy ons in besit neem, droom ons nie vreemde drome en sien ons nie **vreemde** gesigte nie.. Nee, dan sien ons dat Jesus én Here én Christus is, die Jesus wat gekruisig is. Dit is tragies dat die Wederdopers, wat juis die Geestesbesit so hoog aanslaan en op die persoon van die Heilige Gees so besondere klem lê, Hom verloor het. Want hulle dink

dat hulle die Gees kan vang wanneer en so dikwels hulle wil. Op sy koms wag hulle nie. Tog is Hy die vrye Gees wat in liefde na ons toe kom. Die Gees wat ons wil dryf is nooit God se Gees nie, maar 'n vreemde gees. Daarom sê hierdie vreemde gees dan ook vir die geesdrywers vreemde goed.

Die Heilige Gees wat op Christus se gebed na ons toe kom van die Vader af, is die Gees wat ons laat bely dat Jesus én Here én Christus is.

22 Mei. **Lees** Heb. 8. **Teks:** Heb. 8:6.

DIE MIDDELAAR VAN 'N BETER VERBOND.

Die Hebreërbrief kom met dié blye boodskap na ons toe dat in Jesus Christus die ou dinge verbygegaan het en dat alles nuut geword het. Ons leef **nou** in die heilstyd waarin ons Jesus as Middelaar en Voorloper het. Ons leef **nou** in die tyd waarin God die voorafgaande orde opgehef het weens die nuttelоosheid daarvan en waarin God vir ons 'n beter hoop gegee het waardeur ons tot Hom kan nader. **Nou** kom die blye boodskap na ons toe dat Jesus Christus volkome kan red dié wat deur Hom tot God gaan omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. Toe Hy Homself eenmaal geoffer het, was hierdie offer genoegsaam vir alle mense.

Op weg na die beloofde land word ons gewaarsku om nie op onsself of op enige mens te steun nie, maar ons oog steeds op Jesus Christus ons Voorloper te hou. Agter ons lê nou die onvolkome priesterdiens en die wet wat kragteloos gemaak is. Dit alles is nou vervang deur Jesus Christus „wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, 'n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie."

Die invoering van hierdie beter hoop was egter nie 'n „onwettige" invoering nie. Jesus is Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek. Hy is geen ordelose priester nie. En die voortreflikheid van hierdie orde word duidelik as selfs Abraham aan Melgisedek die voorkeurtiende van die buit gee. Die kern van die nuwe verbond is veral dat dit 'n **genade**-verbond is. (Heb. 8:12.) Dit sou 'n verwerping van die nuwe verbond wees van Christus self — as ons weer na die ou verbond wil teruggryp. As ons op mense — hoe heilig hulle ookal is — vertrou, of ook op onsself, verwerp ons die genade in Jesus Christus vir ons aangebied.

23 Mei. **Lees** Heb. 9:24-28. **Teks:** Hand. 1:8.

EEN MAAL.

Die brief aan die Hebreërs is altyd besig om die volkomenheid van Jesus Christus te besing. Hy was priester uit 'n voortrefliker orde as die wat uit die orde van Levi was. Hy is die beter hoop waardeur ons tot God kan nader. Die offer wat Jesus Christus gebring het, moes Hy net eenmaal bring. Hierdie „eenmaal" staan skerp teenoor die herhaalde offers in die ou verbond. In die ou verbond kon net die Hoëpriester — en dit eers nadat hy vir sy eie sondes geoffer het — die Allerheiligste ingaan.

Deur die Heilige Gees gelei, kan die gemeente hierdie saak interpreteer. Die weg na die heiligdom en daarom na God se teenwoordigheid is in die ou verbond nog nie geopen nie. Die gelowige het geen direkte toegang tot God nie. Ook het hy voortdurend getwyfel of daar genoegsaam vir sy sondes geoffer is.

Hoeveel heerliker is die versoening wat Jesus Christus bewerk het! Een maal het Hy geoffer — Homself geoffer — en hierdie offer was genoeg vir alle mense. Toe het Hy ingegaan in 'n tempel wat nie met mensehande gemaak is nie en voor die aangesig van God verskyn. Agter ons lê nou die tyd dat ons gewete gepla is deur 'n onvolkome versoening. Nou is ons in Christus volkome versoen en het ons in Hom 'n beter hoop waardeur ons tot God kan nader.

Die gelowige leef in die spanning wat daar is tussen Christus se offer een maal en sy wederkoms. Nadat Hy een maal geoffer is om ons sondes weg te neem, kom Hy 'n tweede keer om die wat Hom verwag na die saligheid te voer.

24 Mei. **Lees** Heb. 10:1-18. **Teks:** Heb. 10:14.

VIR ALTYD VOLMAAK.

Buite Christus is daar altyd onvolkomendheid. Hierom is daar buite Christus ook altyd onrus. Die mens wat op sy goeie werke vertrou, sal al meer goeie werke wil doen en tog altyd weer onrustig voel. Die volmaaktheid kan hy maar net nie bereik nie. Ook die herhaalde offers van Rome dui op 'n onrustigheid — 'n onrustigheid wat altyd daar is waar Jesus Christus se offer wat eenmaal gebring is nie genoeg geag word nie. Die gewete van die mens wat nie op Jesus Christus alleen vertrou nie, is altyd gepla.

Maar Jesus Christus het „deur een offer vir altyd volmaak die wat geheilig is". Daar is nou geen veroordeling meer vir die wat in Jesus Christus is nie. (Rom. 8:1). Hierin lê ons volkomenheid dat God ons regverdig gemaak het toe Christus vir ons een maal gesterf het. Nou is ons ook verlos van die dooie werke tot selfversoening en selfverlossing. Ons volmaaktheid lê in Jesus Christus, maar dan ook volkome in Hom.

Die offer wat Jesus Christus gebring het, is effektief: ons word vir ewig volmaak. Verlos van alle kwellinge hoe om volmaak te word, kan die gelowige God nou met sy **hele lewe dien.** Deur die bloed van Christus is on gestel tot priesters in die diens van God. Ons volmaaktheid hou ons **hartelike** diens aan God in. Ons hartelike diens self is ook geen eie deug nie. God self het sy wet in ons hart ingegee en in ons verstand geskrywe.

Omdat die blye boodskap ons steeds toeklink dat God aan ons sondes nooit meer wil dink nie, hou ons volmaking in dat ons nou met ons hele lewe in God se diens staan.

25 Mei. **Lees** Heb. 10:19-39. **Teks.** Heb. 10:22.

LAAT ONS TOETREE.

In Jesus Christus het ons die weg na God se teenwoordigheid. Omdat ons Hom as Voorspraak en Voorloper het, kan ons toetree. Ons

Die Hebreërbrief het as agtergrond die beeld dat die volk van God staan in Hom voor hierdie heerlike werklikheid: Die Heiligdom is geopen.

op tog is na die ewigheid — beter nog — na God self toe. Hierdie hoop is gevestig in Jesus Christus. Ons vrymoedigheid, ons hoop, is die lewende weg Jesus Christus.

Hierdie tog na die Heiligdom maak ons nie eensaam nie. Dit is die volk van God wat op tog is. Ons toetrede op die weg is 'n toetrede tot God, maar is altyd 'n toetrede in die gemeenskap van die gelowiges. Ons toetrede is altyd 'n saamgaan met mede-gelowiges. Die toetrede tot die Heiligdom gaan met die pad Christus en gaan deur die erediens. Hy wat die Heiligdom langs 'n ander pad na Christus wil bereik, sal gou verdwaal. Hy wat die tog alleen wil maak, sal gou vereensaam.

Ons is lief om te sê dat ons iets by die erediens gaan haal. Baie belangrik is egter dat ons ook iets na die erediens toe neem: 'n waaragtige hart. Ons kan nie toetree met 'n hart vol twyfel of vol selfversekerdheid nie. Die waaragtige hart is die hart wat op Christus gerig is. Hy wat met die oog op Christus toetree, sal dit **belydend** doen. Die gemeente kom kerk toe omdat hulle alreeds iets ontvang het — hulle het Christus en daarom ook sy Gees. Hierom kan die gemeente toetree met 'n waaragtige hart terwyl hulle die Naam van God bely.

26 Mei. **Lees** Heb. 12:1-13. **Teks:** Heb. 12:2.

JESUS DIE LEIDSMAN EN DIE VOLEINDER VAN DIE GELOOF.

Die brief aan die Hebreërs het Jesus al die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis en ook ons Voorloper genoem. Hiér word Jesus die Aanvanger en die Voleinder van ons geloof genoem. Hebreërs 12 is 'n oproep tot geloofsvolharding. Hierdie oproep rus in die heerlike wete dat Jesus die oorsprong en die voleinding van ons geloof is.

In die eindtyd kom die versoeking met besondere krag na die gelowige toe. Dié voorstel word aan die gelowige gemaak dat hy sy geloof moet prysgee — dat hy sy tog na die ewigheid moet aflas — dat hy tou moet opgooi omdat die pad vir hom te swaar geword het. Die ongeloof is nooit iets veraf, iets abstrak, iets sonder gevolg vir ons lewe nie. Dit maak vir die gelowige onmoontlik om sy tog voort te sit. In die gemeente kom die ongeloof in die allereerste plek tot openbaring in die wegbly van die erediens af. Die gelowige word stom. Dit is opvallend dat die ongeloof wat deur die Hebreërbrief beskryf word, baie „modern" is. Dit is omdat die ongeloof deur al die eeue dieselfde gestalte aanneem.

Maar ook die geloof neem deur die eeue dieselfde gestalte aan van volharding in die stryd, die aflê van elke sondelas, gehoorsaamheid, nie traag om die onderlinge byeenkoms by te woon nie, vol van die lof van God en bereid om as kind van God ook die tugtigting van God te dra.

Ons teksvers wys op die eintlike kenmerk van die geloof: die oog gevestig op Jesus Christus — die Leidsman en die Voleinder van die geloof. Die gelowige is op sy eie geloofspad nooit eensaam nie. Die Here sluit ons in van agter en van voor.

27 Mei. **Lees** Hand. 3:1-6. **Teks:** Hand. 3:1.

'N BIDUUR.

Die hedendaagse sogenaamde Pinksterbidure en weekbidstonde van sommige kerke kan nie teruggevoer word na hierdie „uur van gebed" in ons teksvers nie. Dit was 'n privaat gebedsuur en nie 'n openbare gemeentelike biduur nie.

Die vrome Jood het driekeer op 'n dag gebid. „Saans en smôrens en smiddags klaag ek en steun, en Hy hoor my stem." So sê Dawid in Ps. 55:18. Toe die tempel daar was, soos in die geval van ons teksvers, het die Jode daarheen gegaan, maar elkeen het privaat gebid. Daarom is hierdie gebede onderhou al was die tempel nie beskikbaar nie. Daniël (6:11) „. . . het in sy bokamer vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem, en hy het driemaal op 'n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysings uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het." Daniël was in Babilonië. Petrus in Joppe het op die middaguur op die dak geklim om te bid (Hand. 10:9).

Die kreupele van ons tekshoofstuk het nié eers kom bid nie — net kom bedel. En hy moes vir baie jare kom. Op die dag van sy genesing het hy ook al die heeldag gelê. Teen die aand daag die uitkoms. Hoeveel temeer mag u hoop wat jare en lang dae biddend lewe. Christus daag op vir diegene wat wag. Al is jy ook onbewus waarvoor jy op Hom wag. Bly by die wagpos, die Skonepoort, die gebed.

28 Mei. **Lees** Hand. 3:6-9. **Teks:** Hand. 3:7.

TRAGEDIE WORD BLYSPEL.

By die Skonepoort speel 'n toneel af. Elke dag, vir vele jare, want dié man is van sy geboorte af aan sy voete en enkels verlam.

'n Tragedie vir baie jare. Hy lê by die Skonepoort. Maar hy lê buite — daarom sien hy Petrus as hy nog aankom tempel toe. 'n Tragedie: by die Skone maar buite. Sy gesig is gedraai na die pad waarlangs hulle hom ook hierheen gedra het — daarom sien hy die bidders wat wil ingaan. 'n Tragedie: by die Skone maar sy lewensvisie is truwaarts. Sy oogmerk is 'n aalmoes sodat hy vanaand weer met daardie pad wat hy sien huis toe kan gaan. Tragies — hy verlang silwer en goud, lewensonderhoud.

Dis die tragiek van ons lewe. By die Skonepoort lê ons met die droom van die Paradys in ons oë. Die Skonepoort is die grens tussen lewe en dood, tempel en wêreld, hemel en aarde. En ons verlang lewensonderhoud!

Om oor die poortdrumpel te gaan na binne — dit is blyspel — „terwyl hy rondloop en spring en God prys" (vers 8).

Daniël in Babilonië was nader aan die tempel as hierdie lamme, want Daniël se visie was tempelvisie. Die lamme s'n was bestaansvisie. Ons gaan sit ook soms as daar 'n samekoms is by die tempel, net om 'n aalmoes vir ons gewete, in plaas van aktiefgelowig God te loof. Christus is die Skonepoort. Hy is die verskil tussen tragedie en blyspel in ons lewe. Die lamme het Christus gevind en vir die eerste keer deur die Skonepoort gegaan en God geloof.

29 Mei. **Lees** Hand. 3:10-15. **Teks:** Hand. 3:15.

CHRISTUS DIE STADSBOUER.

Soos 'n weerligstraal skiet Petrus se woorde in onder die verdwaasde nuuskierigheid van stormende mense: Israeliete, 'n moordenaar het julle laat lewe en die Leidsman tot die lewe het julle gedood.

Dit gaan nie wesenlik om die gesondheid of siekte, die goedheid of swakheid van mense in die Kerk van Christus nie. Dit gaan in die tempel, in die Kerk, altoos om, soos Petrus hier, die aandag te vestig op die Leidsman tot die lewe.

Die woord Leidsman in sy Griekse betekenis wys na die stadsheld. Dis die een wat 'n stad sou gevestig het, dit nog beskerm, en na wie die stad vernoem is. In die Griekse mitologie byvoorbeeld het die godin Pallas Athena na 'n worstelstryd met die god Poseidon, die beskermgodin geword van die stad na haar genoem, Athene. Die archegos of stadsheld is die bestaansprinsipe, die beginsel en lewe van 'n stad. Die stadsplan ontstaan by hom.

Die Stad van die Lewe se held is Christus. Hy het die Dood oorwin. Die nuwe Jerusalem in wie se Skonepoort, die Kerk, ons staan. is deur Jesus Christus gestig, gebou en bewaak.

Elke dag in daardie Stad is 'n veilige dag!

30 Mei. **Lees** Hand. 4:1-13. **Teks:** Hand. 4:13.

EENVOUDIGE VRYMOEDIGHEID.

Die Joodse Raad het iets waargeneem van Petrus en Johannes: hulle vrymoedigheid. Om twee redes is hierdie Christene se vrymoedigheid opmerklik:

Die Christene (Petrus en Johannes in hierdie geval) is vrymoedig ten spyte van gevaar. Om hierdie saak is Jesus gekruisig en Stephanus gesteen'g. Die toestand is lewensgevaarlik — want dis nog dieselfde Joodse senatore!

Daar staan die Christene — sonder angsvolle sorge vir die lewe. Hulle kan gedood word, tog is daar geen onderworpe gunssoekery nie. Hulle staan vry, regop en vierkantig omdat hulle op God vertrou. Hulle staan met vreugde omdat hulle vertrouensbasis, die lewende Christus, onwankelbaar is.

Hierdie vrymoedigheid was ontsagwekkend by die Joodse Raad.

Dié Christene se vrymoedigheid was tweedens opmerklik omdat hulle ongeletterde, Galilese vissers is. Aan geen skool het hulle geleer nie. As met hulle oor 'n filosofiese punt geredeneer sou word, oor die wiskunde of staatkunde of regskunde, sou hulle onkunde blyk. Hulle vrymoedigheid is nie geleë in hulle ontwikkeling nie; maar in Christus. Van Christus kan hulle getuig. Sy lewe ken hulle; Sy dood ook; ook Sy Opstanding.

Uit wat ander mense by u sien moet hulle weet u is 'n metgesel van Christus.

31 Mei. **Lees** Hand. 4:23-31. **Teks:** Hand. 4:29.

DIE WOORD VAN GOD.

Eenvoudige vrymoedigheid beteken self niks. Eenvoudige vrymoedigheid kan ook nie soos 'n kosbare besitting toegelaat word om te bewaar nie.

Die grond vir die Christelike vrymoedigheid is die kennis van Jesus Christus, maar die geheim vir die instandhouding van hierdie vrymoedigheid is geleë in die gebed: „En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte . . . vrymoedigheid . . . "

Maar as ons nou die vrymoedigheid ontvang, wat maak ons daarmee? Is dit 'n deug om dit net te besit? Soos geleerdheid sonder kennis, so is vrymoedigheid sonder daadwerklikheid.

Vrymoedigheid is 'n draagbaar. Daarmee moet Gods Woord vervoer word van die een mens na die ander: „ . . . om met alle vrymoedigheid U woord te spreek."

Die Woord van God, dit wil sê die prediking, die Bybel — ja Jesus Christus as vrymakende Waarheid, vereis van u vrymoedigheid. Die vryheid van hierdie vrymoedigheid is groter as die vryheid van ons Republiek.

Vrymoedigheid om kerk toe te gaan — elke Sondag.

Vrymoedigheid om u Bybel te lees — elke dag.

Vrymoedigheid om te spreek van Christus — voor elke mens.

1 Junie. **Lees** Hand. 4:32-37. **Teks:** Hand. 4:34.

CHRISTELIKE KOMMUNISME?

Waar die wêreld-christendom soms alles in die stryd werp om alle mense kos en klere, stemreg en sogenaamde menseregte te gee, vra 'n mens jou af of dit nie ondersteun word deur ons teksvers nie. 'n Mens moet egter jou nie blind staar teen die ooreenkoms van woorde, en so die verskil van sake nie bemerk nie.

Nie almal in die vroeë christendom het hulle huise en grond verkoop nie. In Hand. 12:12 lees ons van Maria, die moeder van Johannes Markus wat nog haar huis het. Almal (Hand. 4:34) vir wie dit nodig geblyk het, het sy huis en landerye verkoop om die armes te help. Die hedendaagse Kommunisme wil geen privaatbesit toelaat nie.

Die Christene het verkoop omdat hulle die Wederkoms binnekort verwag het. Hulle het geen aardse toekomsprogram gehad nie. Dit het hulle só verarm dat Paulus in Korinthe vir hulle moes kollekteer. Die Kommunisme is 'n utopie van 'n Godlose aardse vóórbestaan. Húlle het 'n toekomsprogram.

Die Christene het spontaan verkoop. Die Kommunisme beveel om oor te gee.

Die „kommunisme" van die Jerusalemse gemeente was 'n mislukte oorhaas om by God te kom; die Kommunisme van vandag is 'n gretigheid om van God weg te kom.

Christelike Kommunisme sou wees om waar nodig Christene, nie almal wat leef en beef — heiden, Jood, Griek, Mohammedaan nie, deur die Kerk se diakonale inrigting te help soos die Kerk nog altyd doen en behoort te doen.

2 Junie. **Lees** Hand. 5:1-20. **Teks:** Hand. 5:20.

ONS ROEPING.

Dis nie die Kerk se taak om sy diakonale funksie onder gelowiges te verhef tot 'n almal-insluitende sosiale program waaronder die Woordverkondiging verdwerg nie.

Dis nie die Kerk se taak om Annanias en Saffira vir hulle oneerlikheid te laat dood neerslaan nie (5:5, 10); ewemin om met die kerk se skaduwee siekes te genees (5:15) en die menigtes se sosiale kwellinge op te los. Dis reg: Petrus het dit gedoen en die ander Apostels.

Die verskil is: destyds was dit die vestiging, die grondvesting, die fundering van die Kerk. Hierdie dinge is die fondament waarop die Kerk staan. Dis 'n merkwaardige, vaste fondament wat getuig van krag en waarsku teen valsheid (Ef. 2:20). Ná die fondamentlegging kom die uitbreiding, die bouwerk (1 Petrus 2:5). Die bouwerk bestaan nie uit 'n herhaling van die fondamentlegging nie (daarom was die Apostelamp eenmalig) maar uit die bou op dáárdie fondament.

Ons roeping is: „Gaan heen, staan en vertel in die tempel aan die volk al die woorde van hierdie lewe." (5:20).

3 Junie. **Lees** Hand. 6:1-7. **Teks:** Hand. 6:7.

TOENAME IN DIE GELOOF.

In Jerusalem het daar mettertyd twee groepe gelowiges ontstaan, naamlik die hebreeussprekendes en die griekssprekendes. Weens die verskil in taal en kultuur het daar bevoordeling plaasgevind en dit het weer aanleiding gegee tot agterdog en wantroue tussen die groepe. Die eenheid en die geloofstoename in die gemeente is daardeur ernstig in gevaar gestel.

Die ontevredenheid van die griekssprekendes met betrekking tot die versorging van hulle weduwees is egter bygelê met die verkiesing van die sewe diakens wat waarskynlik bestaan het uit hebreeus- sowel as griekssprekende manne. Naas die apostels wat die prediking behartig het, was hierdie manne ook kragtige werkers op die saailand van God. Daar het 'n navolgenswaardige voorbeeld van godsvrug van hulle uitgegaan, want hulle was vol geloofsvertroue en -ywer. Dit het meegebring dat die Woord van God toegeneem het. Dit wil sê, die evangelie is deur vele met blydskap aangeneem.

Dit was nie net die geval by die gewone mense nie, maar dit was veral betekenisvol dat so 'n groot aantal Joodse priesters „gehoorsaam geword het aan die geloof". Hierdie toename impliseer dat die geloofsbelydenis, die gesindheid en die omstandighede in die Christelike gemeente logies, oortuigend en aangenaam moes gewees het. Dit kon ook nie anders gewees het nie, want daar is eerlik getrag om die onderlinge vrede te bewaar en om God te dien in „gees en waarheid". Op so 'n afhanklike, gehoorsame en toegewyde geloofsvertroue, laat die Heer van die kerk sy seën rus.

Hierdie toename het egter nie plotseling plaasgevind nie, maar oor 'n geruime tyd. Dikwels wil ons die vrugte op ons arbeid dadelik sien, anders pak moedeloosheid en frustrasie wat in wanhoop eindig, ons beet. Die plig van elke gelowige bestaan egter daarin om steeds met 'n eie gloedvolle geloofsoortuiging die evangelie van Jesus te verkondig sodat die ander persoon dit met tyd kan oordink en verwerk — dit by hom kan insink. Met die oog op die toename in die geloof, is ons dan almal medewerkers op die akker van die Meester.

4 Junie. **Lees** Hand. 6:8-15. **Teks:** Hand. 6:9.

AKSIE EN REAKSIE.

Onder die sewe diakens was 'n man met besondere gawes en 'n unieke geloofsvertroue: Stefanus! Hy was nie alleen briljant en welsprekend nie, maar op grond van 'n innige geloofslewe was hy ook vervul met die Heilige Gees. As sodanig kon hy onbevrees, „enkel in sy Godsvertroue', spreek soos hy moes spreek. Verder kon hy dit met krag en oortuiging doen. Ja, daar het 'n dinamiese invloed van hom uitgegaan.

Die resultaat was: vrug op sy arbeid in die kerk van die Meester. Daar het aksie gekom in die gemeente. Maar dit is juis hierdie aksie, hierdie toename in die geloof, wat deur die sielevyand nie geduld kan word nie. Die gevolg was 'n heftige reaksie van die kant van die satan. Dit het gekom in die vorm van redetwiste wat die Libertyne, Cireneërs en Alexandryne met Stefanus begin voer het.

Omdat hy egter deur die Gees gespreek het, kon hulle niks vermag teen die wysheid waarmee hy vorendag gekom het nie. Hulle het besef dat hulle verstandelik en geestelik sy minderes was. Die satan in wie se hand hulle die instrumente was, kon egter geen nederlaag duld nie. Daarom het hy hulle verder aangespoor om van valse getuies gebruik te maak en so die volk teen Stefanus in die harnas te jaag. Hy is naamlik valslik beskuldig van godslastering en minagting van die wet.

Vandag nog is die vors van die duisternis voortdurend besig met teenreaksies op die aksie, of handelinge, van die kerk van Jesus Christus. Deur kwaadstekery, verdagmaking en skinderpraatjies word die arbeid, goedbedoelde arbeid, op die saailand van God dikwels bemoeilik en selfs verhoed. Hierdie sataniese lis en -aanvalle kom nie net van die openlike vyande van die kerk nie, maar menigmaal word dit bedink en uitgevoer deur mense in die kerk.

Die handel van die gelowige moet derhalwe altyd positief gerig wees op die diens aan en die verheerliking van die Drieënige God. In 'n godsdiens waarin so 'n doel nagestreef word, verdwyn alle kleingeestigheid en waandenkbeelde. Satan kan so 'n persoon ook nie gebruik in sy afbrekings en geloofsverwoestende reaksie op die werk van die kerk nie.

Ons moet derhalwe daarvoor bid om altyd aktiewe en dankbare deelnemers te wees aan die aksie van die kerk. Tegelyk moet ons smekend daarteen waak om nie mee te doen aan die reaksie van die verleier nie.

5 Junie. **Lees** Hand. 7:51-55. **Teks:** Hand. 7:55.

KRAG IN VERDRUKKING.

Die reaksie van die satan op die aksie van die kerk, was om toe te slaan op die verkondigers van die Woord. Hiervoor is die kragtigste en die welsprekendste prediker uitgesonder.

Vir die uitvoering van hierdie taak is nie gebruik gemaak van die ongeleerdste en onopvallendste mense nie, maar wel van geleerde en vrome persone. Met hulle redetwiste trag hulle om Stefanus van stryk te bring ten opsigte van sy geloofsoortuiging en verder is hy verdag gemaak by die volk. Daardeur is nie alleen die fanatisme van die menigte opgewek nie, maar ook die toorn van die geestelike leiers. En so het Satan sy handlangers gewerf uit die geledere van die godsdienstiges.

Geloofsoortuiging en ywer is egter nie noodwendig die waarborg vir sukses en 'n ongehinderde voortsetting van godsdienstige bearbeiding nie. Soos vir Stefanus word daar dikwels hindernisse op die weg van die gelowige gelê — en dikwels deur mense en instansies van wie dit nooit verwag is nie. Dikwels gaan die teenstand oor in verdrukking. Dit is egter te verstaan as in gedagte gehou word dat die evangelie juis teen die wêreld en teen die sondige en eiegeregtige oorlegginge en motiewe van mense ingaan.

Hierdeur mag die christen-gelowige nooit afgeskrik word nie, want te midde van teenspoed en eventuele verdrukking, skenk die Meester ook lydsaamheid en krag aan sy getroue arbeiders. Stefanus het besef dat hy geestelik wel die meerdere van sy teenstanders is, maar dat hy liggaamlik nie bestand kon wees teen hulle brute geweld nie. In die aangesig van die dood is hy egter nie weerloos nie, want hy is vervul met die Heilige Gees; hy word besiel deur God wat hom heeltemal in beslag neem. Vervul met hierdie goddelike ekstase, sien hy dan voor sy geestesoog die heerlikheid van God en vir Jesus wat gereed staan om hom te ontvang. Dit maak hom doof en blind vir die duiwelse rumoer van sy vyande en vir die brandende moordlus in hul oë.

Voorwaar 'n aansporing en 'n besieling vir ons in die strydperk van die geloof.

6 Junie. **Lees** Hand. 7:55-60. **Teks:** Hand. 7:59, 60.

GETROU TOT IN DIE DOOD.

Nog voordat 'n oordeel oor hom uitgespreek is, het hulle op Stefanus afgestorm en buite Jerusalem met hom na die Kidrondal gegaan. Nadat hulle hom nakend uitgetrek het, moes die eerste getuie hom daar van 'n krans afstamp. Daarna moes die tweede getuie met 'n swaar klip hom die doodhou op die hart toedien. En om hierdie uitputtende werk te verrig, het die getuies hulle wye mantels afgehaal en dit by die voete van Paulus neergelê.

Terwyl hy sterwend was, bid hy. Hy bid twee gebede wat feitlik ooreenkom met dié wat ook Jesus aan die kruis uitgespreek het. Aan die skandhout het Jesus vir sy gelowiges die voorbeeld gestel hoe om lydsaam te wees en om tot in die dood getrou te wees aan die Vaderwil. So het Stefanus dan ook sy geloofsoortuiging, en voortspruitende daaruit sy geloofsvertroue, behou en uitgeleef tot sy laaste ademtog.

Hy het dit as 'n eer beskou om sy gees aan die Hemelheer oor te gee — dit aan Hom, as die Gewer daarvan, terug te gee. Meer nog, om, bewus van die sonde wat daaraan kleef, die Heer te bid om dit vergewend in ontvangs te neem. Bewus van sy menslike swakheid en neiging tot die sonde, dring sy geloof hom dan verder om in hierdie sterwensoomblikke uitvoering te gee aan die voorbeeld en eis van die Meester: te bid vir die vyande.

Dit is dan ook die hoofverskil tussen die gebede van Jesus en die van Stefanus. Jesus het eers vir sy vyande gebid en toe vir Homself, terwyl dit by Stefanus in die omgekeerde volgorde plaasgevind het.

Hoe het Stefanus dit reggekry? Hy was vervul met die Heilige Gees, want hy het voortdurend na Bo gekyk, gebid, geleer en sy lewe aan God oorgegee. En so kon Stefanus, wie se naam „kroon" beteken, dan ook die kroon van oorwinning ontvang. Heerlik moet dit wees om na 'n lewe van geloofsgehoorsaamheid, getrou te bly tot in die dood.

7 Junie. **Lees** Hebr. 11:36-40. **Teks:** Hand. 7:60.

DIE SWYGLOOSHEID VAN GODS WOORD.

Hand. 7.60 is die doodsberig van Stefanus. Hy het ontslaap. Sy vriende het hom begrawe en 'n rukkie oor hom getreur. Ons vra: „Is dit al? Is dit die einde?"

Die ongelowige wêreld, aangespoor deur Satan, sal dadelik skreeu. „Ja, dit is all" Maar uit die Skrif kom 'n ander, bemoedigende antwoord: „Nee, Stefanus leef wel nie meer nie, maar die Woord van God wat deur hom verkondig is, sal nie swyg nie." Nie alleen het dit dadelik baie belangrike gevolge vir die Christelike kerk van toe gehad nie, maar deur die eeue heen het dit bewaar gebly tot vandag.

Die lewe, werk en sterwe van Stefanus was nie verniet nie. Dit was die begin van die verspreiding van die evangelie oor die toenmalige beskaafde wêreld. Maar deur sy lewe, werk en sterwe, kry ons ook 'n duidelike beeld van die aanslae wat Satan op die kerk van Christus doen. Dog bowe al kry ons 'n beeld van, maar ook die versekering van, die onvernietigbaarheid van die kerk en die swygloosheid van Gods Woord.

Ook ons is vandag draers van die Woord wat Stefanus verkondig het en gelowige kinders van die Jesus aan wie hy getrou was tot in die dood. Die Gees waardeur hy vervul was, wil ook werksaam wees in ons. Daarom moet ons altyd weer vir ons helderheid kry oor die vraag in wie se diens ons werklik staan met ons kerklike aktiwiteite: in dié van die Meester, getrou tot in die dood, of as handlangers van die verleier, gereed om met klippe te gooi . . .

8 Junie. **Lees** Hand. 8:1-25. **Teks:** Hand. 8.4.

DIE BLOED VAN DIE MARTELARE IS DIE SAAD VAN DIE KERK.

„Die bloed van die martelare is die saad van die kerk." Hoe waar is hierdie woorde nie, maar wat beteken dit?

Dit beteken dat op grond van die vervolging van die Christene wat met die steniging van Stefanus begin het, die evangelie juis uitgebrei en op baie plekke verkondig is.

Nadat Stefanus om die lewe gebring is, het Paulus begin om met 'n geweldige ywer die Christene in Jerusalem te vervolg. Gevolglik het hulle gevlug en oral gaan skuiling soek. Waarheen hulle ookal gevlug het, hulle het nie in hulle skuilplekke gaan stilsit nie. Hulle het voortgegaan om die boodskap van verlossing uit te dra.

Een van die vlugtelinge was Filippus, een van die **sewe diakens.** Hy het in Samaria tereg gekom waar hy waarskynlik in Sigem op 'n onverskrokke en kragdadige wyse die blye boodskap gebring het. Die resultate het nie uitgebly nie. Nie alleen het hy siekes gesond gemaak en duiwels uitgedryf nie, maar ook meegewerk tot die bekering van Simon, 'n towenaar.

Die vervolgdes het onbevrees voortgegaan met hulle werk, gehoorsaamheid betoon aan die opdragte en eise van die Meester, elke geleentheid benut om hulle roeping te vervul.

'n Voorbeeld wat ook deur ons nagevolg moet word in die huidige tydsgewrig.

9 Junie. **Lees** Hand. 8:26-40. **Teks:** Hand. 8:30.

GELOOF DEUR KENNIS.

Filippus ontmoet die hofdienaar van Etiopië op die pad wat van Jerusalem af na Gasa gaan terwyl hy besig was om te lees uit die profesie van Jesaja. Toe hy hom hoor lees, het Filippus geweet dat hierdie belangrike man uit Etiopië 'n soekende is. Hy soek na God, maar hy kan Hom nie vind nie, want daar is 'n Middelaar deur wie hy tot God moet nader. Daar is egter niemand om hom aangaande hierdie Middelaar te onderrig en hom aan Hom voor te stel nie. Filippus het besef dat hy deur die Gees van God gestuur is om hierdie taak te verrig.

Op grond van die onderrig van Filippus kon die hofdienaar gelei word tot by Jesus. Hy het tot die geloof gekom en is gedoop, want hy het hartgrondig bely: „Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is."

In ons lewe word daar baie moedeloosheid, onverskilligheid en verbittering aangetref. Is dit nie miskien omdat ons 'n gemis in ons lewe ondervind nie: God as die anker van ons bestaan, as die Rots op wie ons moet bou, as die Skuilplek waarin ons moet skuil nie? Is dit nie verder waar dat ons nie altyd weet **hoe** ons na Hom moet **soek** en **waar** nie? En setel hierdie onkunde nie in 'n hoogmoedige onwilligheid om te leer van God die Skepper, Christus die Verlosser en die Heilige Gees nie?

Ons moet nooit moeg word om in diepe afhanklikheid en aangevuur deur 'n innige heilsbegeerte te wei op die blaaie van die Heilige Skrif nie. Daar leer ons God ken as Skepper en in Christus as ons Vader; ons hoor sy tug maar ook sy troos en ons sien, vind en bewandel die weg na die voet van die kruis. 'n Weg wat nie daar eindig nie, maar wat op sy genadige leiding voer na die Vaderhuis.

10 Junie. **Lees** Hand. 9:1-12. **Teks:** Hand. 9:11.

ONS IS MEDEARBEIDERS.

Die verantwoordelikheid wat 'n gelowige in die wêreld dra is groot en belangrik. Die gemeente vereis alle beskikbare kragte, helaas ook as gevolg van sovele wat hulle verantwoordelikhede ontduik. Nou gebeur dit so maklik dat ons kan begin dink dat dit net ons is wat in

sy gemeente werk, as gevolg waarvan daar soms ongesonde toestande in die gemeente kan ontstaan, of 'n verkeerde gesindheid in die hart van die gelowige.

Ons weet dan soms alléén wat gedoen kan word. En dit is ook óns wat sommer 'n saak as hopeloos afskryf. So swyg ons teenoor ons naaste, want ons glo dit help nie om met hom of haar te praat nie. Ons hoor soms 'n ampsdraer die bewering maak: By hierdie huis kom ek nie meer nie, want dit lyk asof hulle niks vir die kerk omgee nie. So sny ons die geestelike versorging van ons naaste maar af. En dan is ons gesindheid nog soms so dat iemand nie met ons optrede moet verskil nie.

Ons moet nie vergeet dat dit nie óns is wat werk nie, maar dat dit God self is wat werk, soms déúr ons. Ons is tog maar net instrumente in sy hand vir dit wat God na sy welbehae sal laat geskied. Hy werk tog die geloof in die mens, Hy roep tot bekering. Nou pas gelede nog het Saulus dreiging en moord geblaas teen die dissipels van die Here, en hier vind ons hom as die nederige kneg, van wie gesê word: „. . . want kyk, hy bid". Gister nog 'n vervolger van Jesus Christus se volgelinge . . . vandag die gelowige: „Here, wat wil U hê moet ek doen?"

U en ek het miskien al baie skade aan die werk van God op aarde gedoen omdat ons 'n situasie vermy wat hopeloos vir ons voorkom . . . en die belangrikste vergeet ons: dat ons ons lewe moet toewy aan God, sodat hy deur ons as toegewyde gelowiges in hierdie wêreld kan werk.

11 Junie. **Lees** Hand. 9:13-19. **Teks:** Hand. 9:13.

MENSE PRAAT . . .

God het dit beskik dat Saulus vir Hom 'n uitverkore werktuig sou wees om sy Naam te dra. As geleerde in die skrifte sou hy 'n onmisbare skakel onder die geledere van die apostels word. Dit is dan ook ter wille van hierdie man dat aan Ananias opgedra word om na Saulus te gaan en hom die hande op te lê.

Ten spyte daarvan dat hierdie dissipel Ananias van die Here self hierdie opdrag ontvang en dat Hy dit duidelik aan Ananias vertel het hoedat Saulus self hom, Ananias, sien inkom het, en hom die hande opgelê het, sodat hy weer kon sien, kom die antwoord van Ananias nogtans: „Here, ek het van baie mense aangaande hierdie man gehoor hoeveel kwaad hy u heiliges in Jerusalem aangedoen het". So is dit, glo liewer wat deur mense gepraat word oor die kwaad wat deur iemand, selfs 'n medegelowige, in die verlede gedoen is, ten spyte van sy nuwe weg in geloofsgehoorsaamheid, as om te getuig van die kragtige hand van die Here wat nietige sondaars roep tot bekering, in sy diens. Hierdie gepraat van mense te kwade, sou later nog baie leed en droefheid op die weg van Paulus bring.

Dit is verkeerd om mense te takseer op 'n misdaad van die verlede, om daarmee hulle getroue navolging van Jesus nóú verdag te maak, of in twyfel te trek. Lelik is dit as iemand uit jaloesie teenoor 'n ander wat ywer vir die Here, so 'n persoon dan in verleentheid probeer bring, of verkleineer . . . selfs hom teen te staan in sy goeie bedoelinge,

deur sy swakhede van gister, of sy misdaad van die verlede op die lappe te bring . . . bedek die liefde dan nie ook nie? As God van iemand 'n uitverkore werktuig wil maak . . . sal ons God wil teenstaan?

12 Junie. **Lees** Hand. 9:20-31. **Teks:** Hand. 9:22.

VERWARRING IN DIE WÊRELD.

Paulus kon nie swyg nie. Wie kan dan ook swyg oor die liefdesdaad van God in Christus Jesus as hy glo dat hierdie Jesus vir sy sonde gesterf het, en so die dood oorwin het?

Juis hier kon Paulus as geleerde in die skrifte, onderlê in die teologie, vir die jong gemeentes van besondere betekenis wees. Eerstens was hulle gekonfronteer met die Israeliete wat Christus verwerp. So lees ons dan ook dat Paulus begin het om in die sinagoges te verkondig dat Christus die Seun van God is. Hulle het selfs geredetwis. So lees ons in ons teksvers dat Paulus die Jode in die war gebring het, deur te bewys dat Jesus die Christus is.

Deur die eeue kon die Christelike kerk hierdie boodskap die wêreld indra, al het dit verwarring gebring onder die heidense volke. Maar die kerstening van die mensdom het voortgegaan. Met krag en met die kennis uit die skrifte, is getuig van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

Vandag is daar weer groot verwarring oor dieselfde persoon Jesus Christus. Vandag egter wil die wêreldgees binne die kerk weer andersom bewys dat Hy slegs 'n sosiale held was . . . 'n revolusionis . . . 'n voorstander van terrorisme, wat vanweë sy hervormingsstryd sanksie kan verleen aan moord en doodslag. Ook vind ons op dieselfde trajek die Jehovagetuies wat probeer bewys dat Jesus maar slegs 'n groot getuie was van God . . . en om dit te bewys word selfs tekste van die Skrif willekeurig verander of verwerp.

Dit is dus duidelik dat die Here ook vandag nog gelowiges in sy gemeente nodig het wat vrymoediglik sal spreek in die Naam van Jesus Christus, wat sal redetwis dáár waar Hy as die Seun van God, as God self in die gestalte van 'n dienskneg, geloën word. Wees dus getrou in u kennis van Gods Woord. Want óns het nie nodig om dit te bewys dat Jesus die Seun van God is nie . . . die Heilige Skrif getuig daarvan.

13 Junie. **Lees** Hand. 9:32-43. **Teks:** Hand. 9:36.

'N SEKERE DISSIPELIN . . .

Daar was in die tyd van Jesus baie vroue wat in Hom geglo het. So ook in die begin van die uitbreiding van die kerk. Tog is dit besonderlik dat ons hier vir die eerste keer lees van 'n vrou wat dissipelin genoem word.

Sy het 'n besondere naam gehad, naamlik Tabita. Hierdie naam was 'n Aramese uitspraak van die Hebreeuse naam vir gemsbok. In Grieks is die bok genoem Dorkas. (Heelwaarskynlik oor sy groot lewendige oë). Ons lees dikwels in die Bybel van die gemsbok. Hierdie naam het in die Hebreeuse taal beeldspraak geword vir alles wat bevallig, bekoorlik en lieflik was . . .

Hoe lieflik was hierdie vrou nie! Nee, nie na die maatstaf van ons westerse beskawing waar vroue paradeer soos vee in 'n arena vanweë 'n sieklike beklemtoning van die uiterlike nie. Maar lieflik vanweë haar geloofslewe wat 'n gesindheid teenoor haar medemens openbaar het waarin sy 'n volgeling van Jesus Christus was. Hiervan getuig Lukas: Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het. Geen wonder dat sy 'n dissipelin genoem was nie. Sy was inderdáád 'n volgeling van haar Heer.

In elke stad kan daar dissipelinne wees . . . in elke gemeente, in elke huis. Ja, oral moet daar dissipels en dissipelinne wees. . . Tabitas . . . oorvloedig in goeie werke . . . 'n lieflike geur in hierdie wêreld van stinkende eiegeregtigheid, selfsug en onreg. Hierdie gesindheid móét ons hê, wat ook in Christus Jesus was . . .

„ . . . en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur." Want „al sou ek die tale van mense en engele spreek, en die liefde nie hê nie, dan het ek 'n klinkende metaal geword of 'n luidende simbaal . . . "

Kan daar van u ook gesê word: Hier, in hierdie huisie woon 'n sekere dissipel of dissipelin . . . ?

14 Junie. **Lees** Hand. 11:1-18. **Teks:** Hand. 11:17.

SAL ONS GOD VERHINDER?

Dit was vreemd vir die Jood wat in Christus geglo het om te aanvaar dat die heidense nasies ook kon deel in die saligheid wat uit die Jode is vanweë Jesus, die Christus, die Messias. Hulle moes hulle ontworstel uit 'n bygeloof dat die verwagte Messias 'n nasionale verlosser sou wees wat slegs die troon van Dawid sou herstel. Dit is dus verstaanbaar waarom diegene wat uit die besnydenis is met Petrus getwis het toe hulle hoor dat heidene ook die Woord van God aangeneem het.

Onomwonde het Petrus die gebeure rondom die figuur Kornelius geskets met die duidelike boodskap aan hulle: As God dan dieselfde gawe aan hulle gegee het net soos aan ons wat in die Here Jesus Christus geglo het, wie was ek dan dat ek God kon verhinder?

Hoevele probeer nóg teen die prikkels skop, veral op die gebied van die kerstening van die heidene? Hier nie alleen diegene wat met openlike verset hierdie werk steeds wil kortwiek nie, maar ook diegene wat sê: Die kerk kan maar daarmee voortgaan, maar ek gee nie 'n sent daarvoor nie! As God aan ander nasies, selfs aan ander rasse die geloof skenk, mag ons dan God verhinder?

Tereg word daarop gewys hoe op politieke gebied die bantoe aangevuur word deur swart nasionalisme wat die blanke die see wil indryf! Maar wat het dit te doen met ons evangelieverkondiging? Of dink ons God is die God van ons blanke Afrikanerdom?

Ons moet daarteen waak dat God nie miskien aan ons vyand se kant gaan staan . . . omdat ons as volk sy dissipelskap nie werd is nie.

15 Junie. **Lees** Hand. 11:19-24. **Teks:** Hand. 11:23.

VERMANING.

In ons teksvers kom die diepere betekenis van die werkwoord „om te vermaan" duidelik na vore. Ons dink aan vermaning slegs by gevalle van ongehoorsaamheid en oortreding. Ons neig dus om hierdie woord slegs 'n negatiewe betekenis te gee in die sin van bestraffing. Is dit die rede waarom kinders nie meer na die vermaning van die ouers wil luister nie, en lidmate die vermaning van die ampsdraers in die wind slaan, en selfs daaroor verontwaardig voel?

In ons teksvers sien ons duidelik dat vermaning nie slegs as bestraffing gesien kan word nie. Dan verskraal ons sy betekenis. In Antiochië het Barnabas met blydskap gesien hoedat die mense hulle tot die Here bekeer het. Hy het „die genade van God gesien". En juis in hierdie verblyding het hy almal vermaan om met hartlike voorneme by die Here te bly. In hierdie woord lees ons dus eintlik die betekenis van aanmoediging, opbeuring en vertroosting. Daarom word die Heilige Gees deur Jesus die „Trooster" genoem (Joh. 14). Die Griekse woord wat hier vir Trooster gebruik word, is 'n afleiding van die werkwoord wat in ons teksvers vertaal word met „vermaning". Dit is tog ook die bedoeling met vermaning . . . om deur vertroostende aanmoediging op te roep tot getrouheid.

Ons mag nie die vermaning deur God, waar Hy deur sy ampsdraers tot sy gemeente spreek, om op te roep tot troue volharding in die geloofslewe, minag nie. Ons mag ook die vermaning van ouers of vriende of belangstellendes wat ons wil aanmoedig tot meelewe in die gemeente, nie versmaai nie. Maar ons self mag ook nie nalaat om vermanend tot ons medemens te spreek, hetsy hulle huisgenote of net bekendes, of selfs die vreemdeling is nie. Maar ons vermaning moet aanmoediging wees. En dit kan ons alleen doen as ons self getrou teenoor ons Meester staan, ja, as van ons getuig kan word, wat ook van Barnabas gesê kon word: „ . . . want hy was 'n goeie man, en vol van die Heilige Gees en geloof.

16 Junie. **Lees** Hand. 11:25-30. **Teks:** Hand. 11:29.

OM NOOD TE SIEN . . . EN NA VERMOË TE GEE.

Dat mense soms die bewering maak dat die gemeente van Jesus Christus koud is, dit is waar. Dit is omdat hulle in hulle eensaamheid of droefheid, alleen staan . . . hulle medegelowiges merk hulle nie op nie, deel ook nie in hulle verdriet nie.

Sien ons dan nie die nood van die eensame nie . . . al is dit net waar hy as vreemdeling ons kerkgebou binnekom? Bekommer ons ons nie oor die droefheid van 'n huisgesin, sodat daar nie eers 'n woord van 'n medegelowige uitgaan na hulle in hulle bittere beproewing nie?

Dit lê op ons weg om weer profeties die mens in sy worstelstryd op te merk. Maar net so belangrik is dit dat ek as gelowige, dat ons as huisgesin, en dat sy gemeente as georganiseerde liggaam, **na vermoë** in hierdie nood sal gee. En nou dink ons nie net aan finansiële hulpverlening aan wese of weduwee, aan behoeftiges of gestremdes nie, aan gemeentelike aksieprogramme van hulpverlening nie, maar geestelike vertroostende bystand.

Reël met u ampsdraer, of u as ampsdraer, reël met u lidmate in die wyk, om die bedroefde by te staan, die beproefde te onderskraag. Om die eensame te besoek, kontak te maak met 'n gesin wat die pad byster geraak het . . . bied u kragte aan in hierdie materialistiese wêreld, want dít is wat Jesus bedoel het toe Hy in sy gelykenis gesê het: „Kom julle geseëndes van my Vader. Want Ek het honger gehad en julle het my iets gegee om te eet, Ek het dors gehad en julle het my iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling en julle het my herberg gegee; Ek was nakend en julle het my geklee . . . "

17 Junie. **Lees** Hand. 12:1-6. **Teks:** Hand. 12:3b.

GODSDIENS SONDER GOD.

Herodus wil mense tevrede stel, selfs al is moord nodig daartoe. Jakobus is reeds gedood, en nou word Petrus gevang en streng bewaak. Hy kan Petrus egter nie onmiddellik laat doodmaak nie, want dit is die dae van die ongesuurde brode. Dis deel van die Paasfees, daardie verlossingsfees wat nog steeds onderhou word sedert Israel uit Egipte verlos is. 'n Fees wat saamhang met die goedertierenheid van God. Maar, al word die „dae van die ongesuurde brode" onderhou dink Herodes hoegenaamd nie aan die goedheid van God en gehoorsaamheid om die Paasfees te onderhou nie. In sy gedagte is daar moord, en dit gedurende hierdie godsdienstige feesdae: is hulle net eers verby kan hy Petrus laat ombring tot tevredenheid van die mense! God word totaal weggevaag uit die Paasfees. Al wat oorbly is die vorm van die godsdiens, die seremonie; maar dis leeg. Dit herinner hoegenaamd nie aan God nie. Dis so goed asof God nie bestaan nie. Vergete selfs die Godswoord: Jy mag nie doodslaan nie.

Ja, só maklik raak God weg in die godsdiens van die mens. Ons behou as vorm van ons godsdiens die kerk, ons onderhou die organisasie daarvan, ons erken sekere verantwoordelikhede wat ons moet nakom. Maar, dat God gesê het: Jy moet jou naaste lief hê, dit vergeet ons. Dit maak nie saak nie, selfs nie in die kerk nie, daarom kan ons wegbly of loop as ons ergerlik is vir iemand. Omdat Nagmaal dalk op hande is, bly ons nog maar stil, maar laat die Nagmaal maar net verby kom . . . Tog bid ons: Vergewe ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe.

Só raak God weg uit ons godsdiens. 'n Uiterlike vorm, maar 'n leë dop. Dit is die lis van die Bose. Daarteen moet ons elke dag waak. Anders beoefen ons godsDIENS in plaas van GODSdiens.

18 Junie. **Lees** Hand. 12:7-17. **Teks:** Hand. 12:10.

GOD MAGTIGER AS DIE SONDE.

Herodes laat Petrus in die gevangenis bewaak omdat hy eintlik so goed as ter dood veroordeel is. Al die streng gevangenismaatreëls word vir die persoon in die straat versinnebeeld deur die ysterpoort wat die gevangenis van die buitewêreld afsluit. Hierdie ysterpoort dui op die onverbiddelike binnehou van die gevangene. Maar waar dit nou ook Petrus daar binne hou, eintlik onskuldig, met die voorbedagte

rade om hom om die lewe te bring, daar dien hierdie ysterpoort vir ons om die mag van die sonde aan te dui. Herodes en die wagte ag dit 'n veilige afsluiting om opgesluit te hou wie hulle daarbinne wil hou. As hierdie ysterpoort toeswaai is die gevangene in hulle mag, sondig soos hulle redes en doel ookal mag wees.

Maar dan gryp God in. Die engel van die Here kom Petrus wek. Hy lei hom tussen die wagte deur na buite. En toe hulle by hierdie ysterpoort kom wat na die stad lei, na buite, na vryheid, toe swaai hierdie ysterpoort voor hulle oop. God laat dit oopgaan. Hierdie simbool van sondemag gee mee in sy taak voor die wil van God. God self breek die sondemag en begeertes wat in hierdie ysterpoort saamgevat was. Die Here self bevry Petrus van die oorheersing van die mag van die sonde wat van krag sou bly solank hierdie ysterpoort Petrus sou inhok.

Dit bly steeds die waarheid van die evangelie: Hoe sterk ook die mag van die sonde, soos 'n ysterpoort wat ons inkerker, die Verlosser Jesus Christus is sterker as hierdie mag. Voor Hom gee dit mee, met Hom is u op die pad na vryheid selfs deur die sterkste simbole van die sondemag heen: kyk graf en dood kon Hom nie gevange hou nie. En Hy is u geleide deur die lewe.

19 Junie. **Lees** Hand. 12:20-25. **Teks:** Hand. 12:22.

GOD, DIE ALLEEN EERWAARDIGE.

Die inwoners van Tirus en Sidon het om een of ander rede hulle die onguns van Herodes op die hals gehaal. Hulle kon dit egter nie bekostig nie, omdat hulle afhanklik was vir voedselvoorsiening uit die gebied van Herodes. Daarom kom hulle ewe onderdanig vrede soek (mede deur die omkoop van die hofdienaar). Herodes, skynbaar gestreel hierdeur, klee hom koninklik, gaan sit op die troon en spreek hulle toe. Dan hoor ons hierdie ontsettende woorde: „'n Stem van 'n god en nie 'n mens nie." Dis die woorde van mense wat verleë is, mense wat afhanklik is van sy goeie gesindheid; maar klaarblyklik mense wat weet wat die vermoë van vleitaal is. Maar dit toon ook wat die mens bereid is om te sê wanneer dit gaan om stoflike voordeel. So maklik verander hy sy sienswyse, verloën sy oortuiging en belydenis. Soos Esau van ouds wat sy eersgeboortereg verruil vir lensiesop. Ja so vlak kan die erns van die godsdienstige mens lê. So lasterlik klein kan sy Godsbegrip wees dat hy bereid kan wees om onvoorwaardelik op mense te steun met die vertroue en eerbewyse wat op God gerig behoort te wees.

Andersyds, Herodes laat hom hierdie eerbetoon welgeval. Die versoeking van die paradys geld steeds hier: Die mens wat soos God wil wees. Dit laat mens onwillekeurig dink aan 'n bepaalde sekte wat baie naby kom om mense met God te vereenselwig. 'n Stem van god en nie van 'n mens nie. Ontstellend.

Die resultaat: Die majesteit van God laat hier redelik vinnig gebeur wat altyd weer die einde van 'n houding sal wees: Hierdie menslike weldoener ontval hulle wat so maklik bereid was om aan hom goddelike hulde te bring. Dit sal altyd weer die teleurstelling wees van hulle wat op mense vertrou. Andersyds, eersug om „soos God te wil wees" het in die paradys reeds die loon van die sonde, naamlik die dood, oor die mens gebring.

20 Junie. **Lees** Hand. 13:1-5. **Teks:** Hand. 13:2.

GOD BESTIER VANDAG NOG.

Ons tekswoorde praat van werk. Vir hierdie bepaalde werk moet bepaalde mense afgesonder word, naamlik Barnabas en Saulus. Hierdie afsondering geskied op bevel van die Heilige Gees. Juis dit is vir ons 'n pragtige en gerusstellende gedagte: Die werk en die verantwoordelikhede in die kerk van die Here word ordelik gedoen. 'n Orde nie na menslike goeddunke nie, maar wel volgens 'n orde wat God self bepaal. God wat deur die Heilige Gees sê: Sonder hierdie mense vir my af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het. **Hy** het die aard van die werk bepaal. **Hy** het hierdie twee mense geroep vir hierdie taak. En uit hulle dienswerk sien ons hoe dat in die heiden-stede die Christelike gemeentes ontstaan. God bepaal nie net die werk nie, Hy roep nie net die werkers nie. Hy werk mee in sy seëninge en die wasdom deur die werking van die Heilige Gees.

God het nog nie verander nie. Dit is vandag nog waar. Daarom bely ons dat in ons vergaderings ons gelei word deur die Heilige Gees. Ons ampsdraers bely dat hulle in die hart voel dat hulle geroep is deur God self wat die gemeente gebruik het om hulle aan te wys. Aanvaar ons dit nog altyd in die geloof as sulks? Of probeer ons dikwels aan God voorsê, of met sy keuses foutvind op grond van ons menslike voorkeure en vooroordele??

Andersyds, dit is helaas so dat daar probleme opduik met sommige gekose mense. Maar Paulus-hulle ervaar dat Markus weer die wêreld lief gekry het. Daar was 'n onwillige Jona wat nie Gods genade vir Ninevé gegun het nie. Maar ook dán verloop sake nog volgens 'n orde deur God bepaal vir die mens: Ninevé word gered, en Jona gestraf om homself ook te red.

Voorwaar, God hou self sy kerk instand, al maak Hy gebruik - -- nietige mense in sy diens.

21 Junie. **Lees** Hand. 13:6-12. **Teks:** Hand. 13:10.

ONS VERRAAI ONS KINDSKAP.

Die gedagte dat God aan mense mag gegee het om kinders van God genoem te word was nog altyd vir ons mooi. Hier hoor ons egter dat die teendeel ook bestaan: kind van die duiwel. Paulus dui hierop op grond van wat hy ervaar uit die handelswyse van Elimas. Daarmee kry ons eintlik 'n omskrywing van „die kind van die duiwel". Die oorheersende karaktertrek is dan dat hy die „reguit weë van die Here verdraai". Hy doen dit omdat hy „vol is van alle bedrog en listigheid". Hierdeur was hy in staat om die goewerneur, Sergius Paulus, 'n rat voor die oë te draai en hom so te bedrieg dat hierdie man hom onderhou en hy die voordeel trek. Daarom skroom hy nie om die aandag van hierdie Sergius te probeer afwend van die evangelie wat Paulus hulle verkondig nie. Hy skroom nie omdat sy innerlike nog verder omskryf word met: vyand van alle geregtigheid. Hy sal dus sonder om te blik of te bloos enigiets oneerbaars doen of sê om sy eie belang te bevorder, of 'n goeie saak te verongeluk. So het Elimas sy kindskap verraai deur sy optrede, dat hy uitgeken kon word as „kind van die duiwel".

Nou is die vraag seker geregverdig: Hoeveel van ons word uitgeken aan ons optrede as **kind van God.** Ons wat ons juis verheug in die gedagte van kind van God te mag wees. So dikwels is dit ons woorde en werke en gedagtes waarmee ons, willens en wetens, ook die reguit weë van die Here verdraai. Dié dinge wat andere met reg ons kan laat beoordeel as kind van die duiwel.

Ons kindskap? Jesus Christus kon ly en sterwe dat ons kinders van God mag wees. Die voorreg om kind van God genoem te kan word, nee, te wees, was voorwaar duur gekoop.

22 Junie. **Lees** Hand. 13:44-52. **Teks:** Hand. 13:48.

GELOOF, ALTYD WEER 'N WONDER.

In 'n nuwe stad het Paulus hom altyd eerste tot die Jode gewend. Meestal is hy verwerp, en dan rig hy die evangelie tot die heidene. Vir die Jode knoop hy sy boodskap aan die, vir hulle, bekende dinge van die Ou Testament wat dan juis die egtheid van sy boodskap moet bewys. Tog word hy dikwels verwerp en mishandel.

Maar dan lees ons soos hier: Hierdie heidene is **bly** om hierdie evangelie te hoor. Vir hulle beteken dit 'n totale oorboord gooi en miskenning van wat tot op die stadium vir hulle heilig en geloofwaardig was. Tog verwerp hulle dit ten gunste van Paulus se boodskap. Eintlik is dit onbegryplik en onverstaanbaar, totdat ons die basiese gedagte van ons teks raaksien: „en daar het gelowig geword almal wat **verordineer** was tot die ewige lewe." Oor die ewige lewe beskik net God. Net aan wie Hy dit wil gee, daaroor besluit Hy. Hy verordineer hulle want Hy voer gesag in Sy ewige majesteit.

Voel u nou dalk onrustig? Kyk, daardie God wat so besluit, stuur in sy genade die onbekende Paulus en Barnabas na hierdie heidene wat Hy wil begunstig, met die heilsboodskap, bevestig hulle werk deur die Heilige Gees, skep so die onbegryplike wonder dat mense dit wat vir hulle heilig was verwerp om die ewige waarheid en heil uit sy barmhartigheid aan te neem, met blydskap.

Onrustig? U stel belang hierin, u lees hier en glo die Bybel omdat dieselfde wonder in u lewe gebeur het. Geloof is altyd daardie wonder, en u is as gelowige deel van daardie wonder uit Gods liefde met die mens.

23 Junie. **Lees** Hand. 14:8-20. **Teks:** Hand. 14:17.

DIE TWEE UITSIGTE OP DIE LEWE.

Vir die gelowige is ons wêreld en ons lewe so baie dae bedrukkend; dit laat ons twyfel, vervul ons met sielsteleurstelling. Die rede: omdat die vreugde van mense so lelik kan wees en ons geloofswaardes besoedel. Miskien in 'n ander sin omdat dit reën en ons wou vandag gaan werk of 'n dag buite geniet. Dalk omdat ons so min uit die lewe „mag kry en neem" omdat ons probeer om gelowig te leef.

Maar hoor wat sê Paulus, of liewer, luister na die taal van die geloof: God het Hom nie onbetuig gelaat nie deur aan ons goed te doen, van die hemel reën en vrugbare tye te gee en ons hart met voedsel en vrolikheid te vervul. Hoe wonderlik.

Maar ons: Ons was dikwels benoud toe droogtes geknel het: Nou — „dit het lekker gereën." **Paulus: God** het van die hemel reën en vrugbare tye gegee. Hoeveel klagtes uiter ons nie. Paulus kyk om hom. Daar is lewe en behoud en vooruitsig. Hy sê: God het aan ons goed gedoen.

Ons eet elke dag genoeg, selfs kieskeurig, en dan staan ons op, pruttel en is onvergenoegd. Omdat Paulus te ete had is hy bly: God het ons hart met voedsel, (en deels daarom) met vrolikheid vervul. Maar ook met die vrolikheid van 'n huis en rus en vreugde.

24 Junie. **Lees** Hand. 15:1-3; Gal. 2:4-5. **Teks:** Hand. 15:1.

GELOOF TEENOOR VERDIENSTE.

Die persone uit Judea van wie in die teks sprake is, was Joodse Christene wat in Antiochië gekom het en sonder toestemming of magtiging van die apostels verdeeldheid in die gemeente gesaai het.

Die suiwere evangelie van Jesus Christus wat die apostels daar verkondig het, is deur hierdie mense verdraai, sodat die gelowiges in die war gebring is.

Paulus en Barnabas het naamlik verkondig dat 'n mens se redding alleen geleë is in Jesus Christus wat na die wêreld gekom het om sondaars te verlos. Hy het die wette van Moses, wat na Hóm heengewys het, vervul. Die voorwaarde vir redding is alleen geloof in Jesus Christus as die enigste Verlosser uit die mag van die sonde, en nie bloot die nakoming van allerlei uiterlike godsdienstige verpligtinge nie.

Vir die Judaïste wat in die gemeente ingesluip het, is geloof egter nie voldoende nie. Hulle het die genoegsaamheid van die offer van Christus aan die kruis verwerp deurdat hulle die mens se redding afhanklik gemaak het van geloof **plus** nog iets wat die mens self moes doen; in hierdie geval, die besnydenis.

Teen so 'n vormgodsdiens waar 'n mens se verdienste voorop gestel word, het die apostels baie streng opgetree. 'n Gemeentevergadering is belê en die saak is hartgrondig bespreek. Op hierdie vergadering is besluit om die saak ook voor te lê aan die apostels en ouderlinge in Jerusalem. Die gemeente in Antiochië het egter volle vertroue in Paulus en Barnabas se standpunt.

Daar is vandag nog mense wat ons gemeentes en huise binnesluip om op allerlei wyse die evangelie van geloof in Christus te verdraai. Hulle voeg, net soos die Judaïste van ons teks, nog iets by die geloof in Christus.

Vir hulle moet ons op ons hoede wees. Ons redding is nie afhanklik van wat ons vir die Here doen nie, maar wel van wat die Here vir ons gedoen het.

As ons dit besef, sal ons vanselfsprekend baie doen, maar dan nie om iets voor God te word nie, maar omdat ons reeds deur Jesus Christus kinders van God is.

25 Junie. **Lees** Hand. 15:4-21; Gal. 2:1-10. **Teks:** Hand. 15:4.

DIENS SONDER EIE ROEM.

Toe die afvaardiging van Paulus en Barnabas in Jerusalem by die apostels aangekom het, is hulle vriendelik ontvang. Dadelik het hulle begin verslag doen van hulle werk in die verskillende gemeentes.

Nou is dit opvallend dat hulle nie gepraat het van al die werk wat hulle as apostels in diens van die kerk verrig het nie, maar „van al die dinge wat God met hulle gedoen het." Dit is bewys daarvan dat hulle deeglik besef dat dit die Here is wat hulle geroep het om die werk in sy kerk te doen. As die Here 'n mens roep, dan gee Hy self die krag en die vermoë om in sy kerk te werk, want dit is sy werk wat gedoen word. Paulus en die ander is slegs instrumente wat deur Hom gebruik word. Daarom besef hulle dat daar geen rede is om te roem op dit wat deur hulle self verrig is nie. In die werk van die Here pas dit elke mens om beskeie te wees, want dit is 'n groot voorreg om deur Hom gebruik te word.

Die apostel Paulus het altyd hierdie houding ingeneem en hy was 'n persoon wat sy hele lewe opgeoffer het in diens van die Here.

Die Fariseërs daarenteen lê die klem op dit wat deur hulle self gedoen word; dit is vir hulle die belangrikste. Daarom begin hulle ook sommer dadelik aandring op die besnydenis en onderhouding van die wet van Moses.

Die motief agter alles is om deur die mense gesien en geëer te word en nie om God te verheerlik nie.

Hierdie selfde houding is baie dikwels deur die Here Jesus self met skerp woorde afgekeur. Hy het die Fariseërs dikwels geveinsdes genoem.

By gelowiges kan daar nie plek wees vir roem nie; net plek vir dankbaarheid.

26 Junie. **Lees** Hand. 15:22-34. **Teks:** Hand. 15:26.

GELOOFSOORGAWE.

Die vergadering in Jerusalem het die volste vertroue in Paulus en Barnabas. Hulle besluit dat Paulus en die afvaardiging uit Antiochië wat die klem lê op die geloof in Christus, reg is, en stuur hulle, tesame met 'n aantal persone uit die gemeente, uit Jerusalem terug, met 'n brief waarin die optrede van die onrusstokers afgekeur word.

In hierdie brief gee hulle die allermooiste getuienis van Paulus en Barnabas: „manne wat hulle lewe oorgegee het vir die Naam van onse Here Jesus Christus."

Hulle het net een doel in die lewe gehad en dit was om Christus se Naam te verkondig en te verheerlik. Met algehele toewyding het hulle gewerk. Hulle het niks terug gehou nie en geen moeite ontsien nie. As geroepenes het hulle die Naam van die Here voor die wêreld bely.

Een wat geroep is, kan ook nie anders nie as om met algehele oorgawe te werk.

Wat maak ons met ons roeping? Dikwels gee ons slegs díe gedeelte van ons toewyding en tyd, belangstelling en goed wat oorgebly het nadat ons onsself gedien het. Mag ons die Here, wat alles vir ons oor gehad het, dan afskeep? Nee! Hy verwag die eerste en die beste ook van ons.

Hy het sy lewe vir ons oorgegee aan die kruis en ons behoort daarom geheel en al aan Hom. Dit is immers ons enigste troos dat ons in lewe en in sterwe nie aan onsself behoort nie, maar aan ons getroue Saligmaker, Jesus Christus.

27 Junie. **Lees** Hand. 15:35-16:8. **Teks:** Hand. 16:5.

GELOOF DEUR DIE WOORD.

Na hulle terugkeer in Antiochië vanaf Jerusalem, werk die apostels nog 'n tyd lank daar. Watter werk doen hulle? Hulle het bybelse „onderrig gegee en die blye boodskap van die woord van die Here verkondig." Dit was die hoofsaak. Daarvoor is hulle as apostels uitgestuur. Deur die woord van die Here, die evangelie van Jesus Christus, is die gemeentes versterk in die geloof en het hulle elke dag vermeerder in getal."

Woordverkondiging is nog altyd die hooftaak van die kerk van Jesus Christus, want „die geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die woord van God." So skryf Paulus in Romeine 10:17. Die Here het die kerk daar gestel om sy woord uit te dra en die woord van God is die middel waardeur die Heilige Gees die geloof in ons werk en gedurig versterk.

Daarom is dit van die allergrootste belang dat ons die kerk gereeld sal besoek. Daar ontvang ons die krag en die wapenrusting waardeur ons in staat gestel word om te stry teen die sonde en as gelowiges staande te bly.

Dit is opvallend dat ons teks eers praat van „versterk in die geloof," en dan van „vermeerder in getal."

Ons mag nie hierdie stelling omdraai nie! Ons krag en die van die gemeente lê nie in groot getalle nie, maar in die suiwerheid van ons geloof in Christus.

Dit is ons voorreg en roeping om daar te wees waar die evangelie van Jesus Christus verkondig word.

28 Junie. **Lees** Hand. 16:9-15. **Teks:** Hand. 16:14.

LIDIA LUISTER NA DIE WOORD.

Op sy tweede sendingreis word Paulus vergesel van Silas en Timotheus. Nadat hulle verskeie gemeentes besoek het waar Paulus tydens sy eerste sendingreis die woord verkondig het, kom hulle in 'n stad aan met die naam van Troas. Dit is baie opvallend hoedat hulle deurgaans gelei is deur die Heilige Gees.

In Troas, waar Paulus die gesig gesien het, het Lukas, die skrywer van die Handelinge van die Apostels, by die geselskap aangesluit. Dit lei ons af uit die feit dat hy vanaf vers nege praat van „ons".

So kom hulle dan vir die eerste keer in Europa. Ook daar wil God dat die evangelie van verlossing verkondig word. In Filippi, die vernaamste stad van daardie deel van Macedonië het hulle op die sabbatdag uitgegaan buitekant die stad langs 'n rivier waar die gebruiklike bidplek was. Daar ontmoet hulle 'n groepie vroue aan wie hulle die evangelie verkondig.

Van Lidia, een van die vroue, word uitdruklik vermeld dat sy na Paulus „geluister" het, en die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is.

Om te luister is om aktief te wees. Dit is om jouself oop te stel, ontvanklik te maak vir die woord van die Here. Dit het Lidia gedoen en die Here het haar in staat gestel om te glo.

Dit is waarom ons kerk toe gaan. Om te luister, in te neem wat verkondig word. As 'n mens in die kerk sit en slaap of aan ander dinge sit en dink, is jy besig om die Gees van die Here teen te staan.

Jesus het self gesê: „Salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar."

29 Junie. **Lees** Hand. 16:16-24. **Teks:** Hand. 16:17.

CHRISTUS SE NAAM HET GROOT KRAG.

Wat die slavin in hierdie teks van Paulus en sy medewerkers sê, is volkome waar. Hulle wás dienaars van die Allerhoogste God en hulle hét aan die mense die weg van verlossing verkondig. Hulle is die wêreld ingestuur om dissipels te maak van al die nasies, hulle te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en om hulle te leer om alles te onderhou wat Jesus hulle beveel het.

Waarom sou Paulus dan baie ontevrede gewees het omdat sy dit gedoen het? Die antwoord is: Omdat sy deur die Duiwel gebruik is. En hy wil juis nie dat mense in Jesus Christus glo nie. Hy is die grootste teenstander van God. Die slavin het dus nie die evangelie bevorder nie, maar die teenoorgestelde gedoen.

Jesus het sélf meer male die Duiwel bestraf as hy mense laat uitroep dat Hy die Seun van God is.

Die Duiwel ken God en hy gebruik ook die woord van God, maar nie om Hom te dien en vrees nie. Hy wil die werk van God teenstaan.

Paulus is bekend met Satan se listige planne en in die Naam van Jesus lê hy hom die swye op. Sodoende word die slavin, tot groot ergenis van haar besitters, ook verlos.

Daar is in ons tyd ook mense wat die mond vol het oor God en sy woord, maar wat net die teenoorgestelde doen as wat die woord sê. Hulle is die handlangers van Satan wat die mense bedrieg met vroom woorde. Ons hoor hulle praat van menseregte en barmhartigheid, maar as ons mooi kyk, sien ons die duiwelse kommunisme wat haat en verwoesting saai.

Die tragiek is dat ons die Duiwel se taktiek nie meer so goed ken nie.

Hoe meer ons ons in die woord van God verdiep, hoe beter sal ons toegerus word om die Duiwel se werk te erken en in die krag van die Naam van Christus te oorwin.

30 Junie. **Lees** Hand. 16:25-34. **Teks:** Hand. 16:30, 31.

REDDING ALLEEN DEUR DIE GELOOF.

In die lig van wat daar gebeur het, voel die tronkbewaarder verlore. Hy besef dat hy te doen het met 'n hoër gesag as waaraan hy tot daartoe gewoond was. Daarom vra hy die kinderlike vraag. Voorheen was daar in sy selfversekerde lewe nie plek vir so 'n vraag nie, want hy het nie geweet dat daar 'n God is wat só kan ingryp in die lewe van sy kinders nie.

Nou het hy skielik bewus geword van sy eie verlorenheid, maar veral van die grootheid van God.

„Wat moet ek doen om gered te word?" Hierdie vraag kan uiteenlopend beantwoord word. Die Fariseërs sou byvoorbeeld die klem laat val op, „wat moet ek doen?" Dít sou dan neerkom op eie prestasie en verdienste, en niemand kan sy redding self verdien nie. Die klem moet val op die „gered word," want dit is iets wat met 'n mens gebeur.

Daarom antwoord Paulus: „GLO in die Here Jesus Christus en jy sal GERED WORD." Die redding uit die verlorenheid ís reeds daar. Jesus Christus hét dit reeds gebring. Die geloof is die hand waarmee hierdie redding geneem word. Dit beteken egter terselfdertyd dat die tronkbewaarder van homself sal moet afsien. Nie in díe sin dat hy heeltemal onaktief word asof daar niks is wat hy moet doen nie! Hy sal nog moet stry, want daar is baie dinge wat hierdie geloof sal wil benadeel.

Sy lewe sal moet staan in die teken van dankbaarheid wat in dade geopenbaar word.

Wie so glo, het die redding nie as verdienste verkry nie, maar as genadegawe ontvang.

1 Julie. **Lees** Hand. 17:1-14. **Teks:** Hand. 17:5.

'N VOLKSOPLOOP BEWERK.

Op hulle reis kom Paulus en Silas in Thessalonika aan waar daar 'n sinagoge van die Jode was. Paulus het drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte. Sommige van hulle is oortuig en het hulle by Paulus en Silas aangesluit. Daar was egter ook ongelowige Jode wat afgunstig was. Hulle het slegte manne van die leeglopers saamgeneem en die stad in opskudding gebring deur 'n volksoploop te bewerk. En hulle het die skare in opskudding gebring en ook die stadsowerhede wat dit gehoor het. Die optrede teen Paulus het meermale hierdie kenmerk vertoon naamlik dat die skare opgesweep word. Dit was natuurlik ook die werkwyse van die vyande van Jesus Christus wat daarop uitgeloop het dat Jesus gekruisig is.

Dit is baie bekende klanke in ons tyd. Betogings en opswepings kom byna daagliks op een of ander plek in die wêreld voor. Dit het die werkswyse van die protesterendes geword. Terwyl enkeles 'n sekere standpunt het, word die leegloper opgesweep en meermale bloot gehuur om saam te betoog. Waarom baie protesteer weet die deelnemers nie altyd nie. Dis nie 'n opskudding as gevolg van die eie oortuiging nie. Dit het maar op die pad van die leegloper gekom. Hy het die geskreeu van die enkeles gehoor. Hy val daarby in ter wille van die avontuur wat dit bied, of ter wille van die betaling en voedsel wat hy daaruit kry.

Hierdie volksoplope teen die evangelie en die kerk mag ons nooit van koers af bring nie en ons die geloof in ons Verlosser Jesus Christus beroof nie.

2 Julie. **Lees** Hand. 17:10-14. **Teks:** Hand. 17:11.

EDELMOEDIGE MENSE

Paulus en Silas wat in hulle arbeid in Thessalonika nie so suksesvol was nie, is onder die vervolginge uit in die nag deur vriende na Beréa weggestuur. Volgens sy gebruik het Paulus ook hier na die sinagoge van die Jode gegaan om die evangelie te verkondig. Hierdie mense

was egter edelmoediger as dié in Thessalonika. Hulle het die Woord met welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek. Dit het tot gevolg gehad dat 'n groot aantal van die aansienlike Grieke gelowig geword het.

Hierdie gelowiges word edelmoedig genoem. Dit kan ons getuig dat daar vandag nog sulke edelmoedige mense in die eredienste is en in die samelewing beweeg. Mense van edel geboorte en edel karakter

Wat is dit wat mense edelmoedig maak? Mense wat die Woord van God met welwillendheid ontvang word hier edelmoedig genoem. En sulke persone is daar in elke erediens. Jaar na jaar kom hulle getrou in die kerk. Hulle luister aandagtig. Hulle pas daardie woord wat verkondig word, op hulleself toe. Hulle gaan vanuit die kerk met 'n ernstige voorneme om volgens daardie woord te leef.

Verder word die mense edelmoedig genoem wat elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Met ander woorde, hierdie mense kom uit die kerk met die woord wat hulle welwillend ontvang het, maar tuis ondersoek hulle die Skrifte of die kerk se woord waar was. Dag na dag word daar getrou in die eie Bybel gelees! Ook met die bedoeling om die woord van die kerk te toets. Nie in neerhalende, kritiese gees nie maar om medeverantwoordelikheid te dra vir die egtheid van die verkondigde woord!

3 Julie. **Lees** Hand. 17:15-21. **Teks:** Hand. 17:21.

IETS NUUTS TE SÊ EN TE HOOR.

Paulus kom in Athéne. Hy wag op die koms van Silas en Timótheüs. In die sinagoge en op die mark het hy met Jode en godsdienstige mense gesprekke gevoer. Sommige van die wysgere het egter met hom gestry. Paulus word dan na die Aréopagus gebring met die bedoeling dat hy aan hulle sy nuwe leer sal verkondig. Trouens hierdie mense het vir niks anders tyd gehad as om iets nuuts te sê en te hoor nie!

Hierdie begeerte van die wysgere van vroeër, is ook die begeerte van baie hedendaagse kerkmense. Ons wil in die prediking altyd iets nuuts hoor. Ons wil in ons gebede altyd iets nuuts sê. As daar nie iets nuuts gesê word nie, dan is die prediking en die erediens vir ons betekenisloos. As ons nie iets nuuts kan bid nie, dan sien ons nie die nodigheid om te bid nie.

Dit is 'n baie gevaarlike standpunt om teenoor die godsdiens in te neem! Ons moet besef dat daar geen terrein van die lewe is waar voortdurend iets nuuts gesê kan word nie. Daarby het die kerk ook nie op die oog om iets nuuts te sê nie, want die boodskap van die kerk is die eeue oue bekende evangelie van Jesus Christus wat vir sondaars gesterf het, en vir ons die dood oorwin het. Aan hierdie evangelie het elkeen van ons elke dag behoefte omdat ons almal sondaars is en sterflik is.

Dieselfde geld ons gebede. Dit moet geensins ons strewe wees om iets nuuts in ons gebede aan God te sê nie. Dit kan ons tog nooit doen nie. Vir God kan ons tog nooit iets nuuts sê nie. Ons bid tot God met die bedoeling om hom te loof en te dank vir sy seëninge aan ons gegee. Ons bid tot God met die bedoeling om Hom te vra vir alle geestelike en liggaamlike nooddruf wat ons elke dag ondervind.

4 Julie. **Lees** Hand. 17:21-34. **Teks:** Hand. 17:23.

AAN 'N ONBEKENDE GOD.

Die preek wat Paulus op die Aréopagus gehou het, het aangesluit by wat hy daar in Athéne gesien het. In Athéne was daar tempels en altare vir verskillende gode, selfs 'n altaar met die opskrif: Aan 'n onbekende God. Hierdie, vir die Grieke op daardie tydstip nog onbekende, God, verkondig Paulus aan hulle. Hy stel Hom aan hulle bekend as die Skepper wat aan almal lewe en asem en alles gee. Hy sluit sy redevoering af deur te verwys na die feit dat hierdie God selfs die opstanding van die dode bewerkstellig het.

Toe hulle van die opstanding van die dode hoor, het sommige begin spot, maar ander het gelowig geword.

Ons godsdiens behels onder andere hierdie twee geloofswaarhede. Ons glo in die ewige, lewende God, Vader, Seun en Heilige Gees. Gewoonlik is dit vir die lidmate van die kerk maklik om hierdie deel te aanvaar. Wanneer ons belydenis van geloof aflê of kinders doop of as ampsdraers bevestig word, is dit een van die vrae waarop ons maklik bevestigend kan antwoord. Ja, ons glo in God, die Vader, Seun en Heilige Gees. Na hierdie waarhede wou selfs die Grieke nog luister.

Daarby kom egter nog dat ons aanvaar dat hierdie lewende God ook vir ons iets beteken. Hy gee aan ons vergewing van sondes, die wederopstanding van die vlees, en die ewige lewe. Hieroor struikel baie. Dit is dinge wat ons persoonlik in ons daaglikse lewe raak en vir ons van beslissende belang is by die wederkoms van Jesus. Aanvaar ook hierdie dinge wat die Here ons genadiglik skenk.

5 Julie. **Lees** Hand. 18:1-11. **Teks:** Hand. 18:9.

SPREEK EN MOENIE SWYG NIE.

Hierdie skrifgedeelte vertel ons van die besoek van Paulus aan Korinthe. Korinthe was 'n vooruitstrewende handelstad. Omdat hier baie goeie vooruitsigte was, het mense van oral hulle hier gevestig met die gevolg dat Korinthe 'n kosmopolitiese stad was. Daarmee het Korinthe ook verval in ondeug. Hier het misdaad, ontug en bygeloof gefloreer. God toon egter aan Paulus dat hy nie hoef te vrees nie maar om te spreek en nie te swyg nie.

Paulus ontmoet hier vir Aquila en Priscilla. Hulle was almal tentmakers en het saam hulle ambag beoefen. Elke sabbat is die evangelie in die sinagoge verkondig. Crispus die hoof van die sinagoge en Justus wie se huis langs die sinagoge gestaan het, het tot die geloof in Jesus Christus gekom en saam met hulle baie van die Korinthiërs.

Die kerk in Suid-Afrika het ook as gevolg van die industriële ontwikkeling wat ons beleef het, wat sy swaartepunt betref, verskuif vanaf die platteland na die stad. Vroeër was die meeste van ons lidmate en die getalsterkste gemeentes op die platteland. Vandag vind ons hulle in die stede.

In die stede is die gemeente gestel onder 'n kosmopolitiese bevolking. Die stryd van die Christen gelowige is moeilik onder hierdie omstandighede. Die Christen leef en beweeg onder ondeug, ontug,

misdaad en ongeloof. Die nuusmedia beklemtoon hierdie ondeug, ontug, misdaad en ongeloof. Uit wat ons ervaar en waarvan ons lees en hoor, voel dit meermale asof alles verlore is en asof daar niemand is wat nog Christen is nie.

Die Bybel leer ons dat God nog baie mense het in 'n stedelike gemeenskap en in 'n moderne wêreld. Ons taak is alleen om nie bevrees te wees nie, maar te spreek en nie te swyg nie.

6 Julie. **Lees** Hand. 18:12-23. **Teks:** Hand. 18:23.

DIE EINDE VAN PAULUS SE TWEEDE REIS.

Paulus is deur die Jode by Gállio die goewerneur van Acháje, aangekla daarvan dat hy die mense sou oorhaal om God op 'n onwettige wyse te vereer. Gállio wou die saak egter nie verhoor nie.

Nadat Paulus nog verskeie dae daar gebly het, het hy saam met Priscílla en Aquila vertrek na Sirië en in Efese gearbei. Vervolgens het hy na Cesaréa, Antiochië, Galásië en Frigië gegaan. Met nadruk word gestel dat Paulus met hierdie besoeke van hom die dissipels versterk het teen die dwaalleraars.

Dwaalleraars bestaan daar nog steeds in ons tyd en hulle sal met hulle arbeid voortgaan tot die einde van die wêreld.

Feit is dat evangeliedienaars van ons kerk deur verskillende leraars van sektestrominge beoordeel word, en aan die publiek voorgestel word as leuenagtige broodprofete. Die evangeliedienaars van ons kerk word deur hulle beskou as mense wat die leer van die kerk verkondig, terwyl hulle self anders oortuig is. Hulle hou nou maar aan om die leer van die kerk te verkondig, om veral die doop aan kinders te bedien by wyse van besprenkeling, ter wille van die goeie werk wat hulle het, en die betaling wat die gemeente aan hulle gee. Hierdie standpunt van die sektariese groepe verwerp ons met die grootste minagting. Die leer van die kerk is dieselfde as die Bybelse evangelie. En die evangeliedienaar is daarvan oortuig dat die Woord wat verkondig word, die Woord van Jesus Christus is, en die sakramente wat bedien word volgens die instelling van Jesus Christus is.

Daarby weet ons dat dit die taak van die kerk en die evangeliedienaar is, om mekaar te versterk teen die dwaalleraars op godsdienstige en maatskaplike terrein.

7 Julie. **Lees** Hand. 18:24-28. **Teks:** Hand. 18:28.

DEUR DIE SKRIFTE BEWYS DAT JESUS DIE CHRISTUS IS.

Om uit die Bybel te bewys dat Jesus die Christus is, is enersyds baie maklik, omdat daar soveel waarhede aan die lewe van Jesus Christus gebind is, wat Hom 'n uitsonderlike mens maak. Sy wonderlike geboorte, sy uitsonderlike lewe en werk, sy aangrypende kruisdood en sy opstanding uit die dood, is 'n paar voorbeelde hiervan.

Ons moet in ons diens aan Jesus ons ook nie verbind aan een of ander onpersoonlike idee of leerstelling van Jesus nie. Ons is diensknegte van hierdie werklike Jesus, hierdie Persoon van die geskiedenis, hierdie Kind gebore in Betlehem, hierdie Seun wat opgroei in Nasaret, hierdie Man, wat preek in die omstreke van Kapérnaüm en wat sterwe buite Jerusalem! Ons mag nie alles wat Jesus geleer het, probeer naleef, maar dit dan doen los van sy persoon nie.

Maar aan die anderkant is dit geweldig moeilik om uit die Skrifte te bewys dat Jesus die Christus is. Apollos moes die Jode kragtig in die openbaar weerlê. Dit is nie so vanselfsprekend dat Jesus die Christus is nie. Ons moet dit vir onsself uitmaak en ons moet andere daarvan oortuig.

Dit is duidelik dat Jesus se lewe uniek was, maar die Bybel en die geskiedenis en die teenswoordige lewe, vertel van ander wonderlike mense. Trouens dit is juis om sy mensheid onthalwe dat baie aanstoot neem aan Jesus van Násaret.

Ons erken dat Jesus die Christus is, omdat ons daarvan oortuig is, omdat ons dit glo. Maar glo is nie mense werk of die vrug van mense se werk nie. Iemand anders doen iets, wat ons laat glo. En hierdie iemand anders is God self. God wat in Jesus ons so beïnvloed dat ons glo.

8 Julie. **Lees** Hand. 19:1-7. **Teks:** Hand. 19:2.

„HALWE GELOOF".

Die Heilige Skrif konfronteer ons deurgaans met die oproep „Bekeer julle"! Volgens die populêre godsdiensmening sou dit dan beteken: verbeter en verander jou lewe, . . . ruk jouself geestelik reg! Dit was ook die godsdienstige opvatting van sommige sogenaamde dissipels in Éfese. Hulle was dissipels van Johannes die Doper . . . maar nog nie van Jesus Christus nie, trouens, van Jesus Christus weet hulle nie, en van die pinkstergebeure het hulle niks verneem nie! Op Paulus se navraag antwoord hulle: „Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie." En tog is hulle gelowiges . . . gedoopte gelowiges! Hoe kan dit? Die mistasting bestaan daarin: hulle het 'n onvoltooide preek gehoor, . . . hulle het (in hulle geloofslewe) by die eerste deel van die geloofskennis vasgesteek naamlik „hoe groot my sonde en ellende is." Verder het hulle nie gekom nie. Hulle was nie meer in die erediens, toe daar uitgeroep is: „Aanskou die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem nie." Die volle raad van God het hulle nog nie gehoor nie . . . en die polsslag van die evangelie het by hulle verby geklop!

En u en ek? Het ons al die „voltooide preek" van God gehoor? Het ons al die soete klanke van die evangelie geabsorbeer, naamlik dat vernuwing en wedergeboorte — net soos bekering — 'n suiwere genadedaad van die Heilige Gees aan ons is . . . 'n genadedaad wat teruggryp na die reeds volbragte verlossingswerk van Jesus Christus in kruis en opstanding? Indien wel, sal ons nooit trag om ons lewe met vroom kunsgrepe te verander, of met hardvogtige inspanning te verbeter nie . . . dit is nie nodig nie, want sien u, dan is ons reeds „nuwe skepsels in Jesus Christus!"

9 Julie. **Lees** Hand. 19:13-20. **Teks.** Hand. 19:15.

CHRISTELIKE MISBRUIK.

Magié of towerkuns was in die ou Oosterse wêreld 'n verbreide verskynsel. Deur allerlei towerformules het hulle gemeen om mag oor die gode te verkry, en hierdie mag dan weer ten gunste of ten kwade van mense aan te wend. So gesien, is met die towerkuns winsgewende besigheid gedoen.

Nou lees ons van die sewe seuns van Skeva — 'n Joodse owerpriester — wat as rondtrekkende duiwelsbesweerders in Éfese aangekom het. En as hulle dan verneem van die buitengewone kragte wat God deur die hande van Paulus gedoen het, waag hulle dit om die Naam van Jesus Christus oor die wat bose geeste gehad het, uit te roep. Miskien, so meen hulle, het Paulus net 'n beter spreuk of formule, naamlik die Naam: „Jesus Christus" geken!

Dan wag hulle gespanne op hulle „towerwoorde, . . . totdat die bose gees self antwoord en sê: **„Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?"** Waarlik, Satan ken Jesus Christus . . . en hy beef voor Hom. Ook ken Satan die gesante en die Kerk van Christus . . . en voor hulle neem hy die wyk, maar hulle wat buite die gemeenskap van Jesus Christus staan, tot hulle sê Satan: „wie is julle?" . . . en dan oorval en oorweldig hy hulle!

Is die Naam van Jesus Christus vir u ook net 'n naam sonder meer, 'n naam wat as towernaam of towerformule moet geld in tye van nood, siekte en lyding? Weet dan, in die stryd teen sonde en Satan, sal u oorweldig en oormeester word, ja, geestelik ernstig vervreemd raak! Nee, u word opgeroep om soos Paulus in die gemeenskap met Jesus Christus self te lewe, . . . eers dan kan ook ú uitroep: „ . . . in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het."

10 Julie. **Lees** Hand. 19:13-20. **Teks:** Hand. 19:19-20.

ONHERROEPLIKE GELOOFSBESLUIT.

Oral waar die Naam van Jesus Christus verkondig word, ontstaan krisis — krisis wat die leuen ontmasker en die skynbestaan van mense oopruk! Dan ontstaan 'n skuldbesef, . . . 'n skuldbesef wat 'n aanloop is tot geloof — geloof in Christus die Verlosser van die wêreld.

Hierdie dinamiese trefkrag en vernuwende effek van Gods Woord laat hom in Éfese geld. Nie alleen het talle heidene geloofsbelydenis gedoen nie, maar selfs beroepsduiwelbesweerders het hulle boekerye byeengebring en in die openbaar verbrand. Wat 'n radikale keuse, . . wat 'n onherroepilke besluit. Dink daaraan: Hulle boeke — dit wil sê papirusse met towerspreuke — is juis hulle professionele toerusting en bedryfskapitaal. En dit word nie deur hulle verkoop nie . . . ook nie begrawe nie, maar verbrand! Verbranding is altyd 'n teken van radikale uitwissing — dit kan nimmer meer teruggehaal word nie. Hiermee bely die bekeerde towenaars: „Ons breek onvoorwaardelik met ons vorige sonde-lewe . . . dit is uitgewis en onherroeplik verby!" En hulle doen dit in die openbaar, — ten aanskoue van hulle vorige klandisie — om daarmee te kenne te gee, dat hulle hul nie skaam vir die evangelie van Jesus Christus nie!

Het u al u heidense praktyk verbrand en radikaal met u sondige lewe gebreek, of het u dit net tydelik begrawe? Hink u nog op twee gedagtes — tussen geloof en bygeloof — of kan u met geloofsoortuiging saam met Paulus uitroep: „Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag?"

11 Julie. **Lees** Hand. 19:24-28. **Teks:** Hand. 19:28.

GROOTHEIDSWAANSIN VAN DIE SONDE.

Éfese was by uitstek 'n toeristestad, met as besondere besienswaardigheid: die tempel van Artemis — ook Diana genoem. As godin van die lewensvrugbaarheid word sy in haar sierlike tempel by wyse van seksrites vereer en gedien. Geld, seks en 'n verwronge lewensideologie maak dus die lewenspatroon van Éfese uit.

Dan, meteens word Éfese met die evangelie van Jesus Christus gekonfronteer, die evangelie wat verkondig, dat die ware en lewende God nie met hande gemaak is nie, maar inteendeel, dat Hy juis in Jesus Christus alles geskep het. Hierdie proklamasie bedreig die lewensideologie, die sekskultus en dus die toeristebedryf in Éfese. Sakemanne vrees die benadeling van hulle bankbalans — veral Demetrius, die welvarende silwersmid. Vandaar die woede en oproer van die lede van sy vakbond, as hulle uitskreeu: „Groot is die Diana van die Éfesiërs!" Wat 'n angsvallige histerie en wanhopige poging tot verstewiging van eiewaan. Die afgod van seks en geld moet ten alle koste op haar troon gehou word.

Die lewenspatroon van ons moderne beskouing neig al meer in die rigting van die in Éfese. Die verafgoding van seks en geld is ook vandag aan die orde. Die menslike liggaam en geestelike waardes word ter wille van kommersiële gewin misbruik. Daar word ook vandag uitgeroep: „Groot is die Diana van liberalisme en permisiwiteit!" Die verwronge ideologie van humanistiese „uhuru" word oral gepropageer. En wee de Kerk wat die sonde-afgode van ons tyd as duiwelse valsheid en bedrog ontsluier. Met histeriese woede sal die liberale „vakbonde" van satan trag om die evangelie van Christus dood te skreeu.

Maar vir ons is Christus, die Opgestane Heer, die Enigste Naam wat „Groot" genoem kan word, want alleen aan Hom is gegee alle mag in hemel en op aarde en alleen in Hom is ons meer as oorwinnaars — ook oor die mag van die moderne Diana!

12 Julie. **Lees** Hand. 20:7-12. **Teks:** Hand. 20:9.

EREDIENS-ONGEVALLE.

Die voorreg van gereelde kerkgang en omgang met die Woord van God kan vir die halfhartige mens gevare inhou. Dan word die erediens uit 'n vermaaklikheid-oorweging bygewoon — sonde innerlike bewoënheid en bekering!

Dit is ook die geval in die lewe van die jonkman, genaamd Eutichus. Na 'n lang afwesigheid, doen Paulus weer by Troas aan op sy laaste heenreis na Jerusalem. Op die eerste dag van die week — dit wil sê Sondag — vind die prediking by monde van Paulus plaas. Deur nuuskierigheid gedwing, bereik ook Eutichus die propvol bovertrek, met nog slegs die vensterbank as sitplek oor. In die Woord van God toon Eutichus nie veel belangstelling nie — slegs in die mense en menslike samekoms sonder meer. En dan gebeur die onverwagte: verdoof deur satan en oorweldig deur die slaap, stort hierdie jongman na benede — drie verdiepings ver — en word hy as 'n dooie opgetel. Hierdie erediens-

ongeval is nie alleen simbool van die uitval uit die gemeenskap van die heiliges — dit is die Kerk — nie, maar ook uit die gemeenskap met God self. Meer nog: sy neerstorting en dood is ook en veral, teken van die ewige neerdaling en dood wat op die halfhartige wag.

'n Vraag van lewensbelang is hierdie: Met welke gesindheid gaan u na die erediens? Hoedanig is u belangstelling in die Woord van God? Is u soos Eutichus slegs nuuskierig ten opsigte van die mense en menslike handelinge . . . of, laat u die Heilige Gees toe om u in die gemeenskap van Jesus Christus te vernuwe? Waak dan en bid, sodat u nie ook soos Eutichus in versoeking val nie!

13 Julie. **Lees** Hand. 20:22-31. **Teks:** Hand. 20:24.

GEHEILIGDE SORGELOOSHEID.

Nêrens lees ek dat God in hierdie bedeling aan Sy gelowiges net maanskyn en rose belowe het nie. Inteendeel, reeds Dawid het uitgeroep: „Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige . . . " Christus self het ook onomwonde verklaar: „die pad is smal en die poort is nou wat na die lewe lei . . . ", en by 'n ander geleentheid het Hy gesê: „as hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg."

Ook in die lewe van Paulus het dit nie anders daaraan toegegaan nie. Hy dra, volgens sy eie woord, die littekens van die lyde van Jesus Christus in sy liggaam om. Waarlik 'n volle maat van beproewinge was sy deel. Dink maar aan sy steniging, gevangeskappe, skipbreuk, honger en dors, en vele ander fisiese en geestelike ontberings, soos in II Korinthiërs 11:23-28 weergegee. En nou, in ons voorgelese gedeelte moet ons verneem van boeie en verdrukkinge wat op hom wag!

'n Vraag van belang is: Wat is Paulus se reaksie? Is dit een van beklaging en selfbejammering? Nee, luister: „ . . . Ek bekommer my glad nie en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie . . . " Kan dit waar wees? Vanwaar hierdie selfverloënende sorgeloosheid? Die geheim word egter deur homself verklap as hy uitroep: „sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het . . . " 'n Loopbaan en 'n bediening, . . . dit het Paulus van Christus ontvang, en daaroor is Paulus diep en innig dankbaar. Om ingeskakel te wees in die grootsheid van Gods heilsplan in Christus Jesus — dit is vir Paulus hoofsaak . . . en in die lig van hierdie genade, vervaag alle sorge en teëspoede.

Wat is u reaksie ten tye van teëspoede en verdrukkinge? Onvergenoegdheid en murmurering, of dankbaarheid oor u hoë roeping in Christus Jesus?

14 Julie. **Lees:** Hand. 20:32-38. **Teks:** Hand. 20:35(b).

BEGENADIG TOT DIENS.

Die ongeskrewe wet van hierdie wêreld is: neem uit die lewe soveel jy kan — ten regte of ten onregte. Soos die verlore seun in die gelykeniis, stel ook die verlore wêreld sy eis: „ . . . gee my die deel van die eiendom wat my toekom." En dan word daar ook in losbandigheid en brassery geleef, totdat die ewige hongersnood van God se oordeel hul oorval.

Maar ons leef onder 'n ander wet: die wet van die Koninkryk van God. En een van die stelreëls van die Goddelike huishouding is „Dit is saliger om te gee as om te ontvang." Die vraag is nou: Hoe moet ons dit verstaan? Luister dan: In Christus Jesus, die Gekruisigde en Opgestane Heer het ons reeds alles ontvang, naamlik vergewing van sondes, wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe — ja, ons is nuwe skepsels in 'n nuwe Koninkryk. Wie dus Christus in die geloof ontvang, is reeds salig. Maar Let Wel: wie reeds in Christus salig is, kan net nie anders nie as om te gee, homself te gee, netsoos Christus Homself aan ons gegee het — nie om daarmee die saligheid te verdien nie, maar uit loutere dankbaarheid, . . . omdat hyself reeds die saligheid in Christus het. Wie homself so aan sy naaste „gee" word self ook in die proses verryk, . . . hyself groei in die geloof, en dit is in hierdie sin dat die Skrif sê: „Dit is saliger om te gee as om te ontvang."

Onder watter wet lewe u vandag: de wet van die wêreld . . . of die wet van die Koninkryk van God?

15 Julie. **Lees** Hand. 21:1-14. **Teks:** Hand. 21:13.

VIR DIE NAAM VAN DIE HERE JESUS.

Ons vind die apostel Paulus hier haastig op pad na Jerusalem. In hoofstuk twintig lees ons dat hy vir die ouderlinge van Efese sê: „En kyk, ek gaan nou gebind deur die Gees na Jerusalem; en watter dinge my daar sal oorkom, weet ek nie, behalwe dat die Heilige Gees in elke stad kragtig getuig en sê dat boeie en verdrukkinge my wag." Sy seereis het ten einde geloop en nou bevind hy hom in Cesaréa wanneer hy oor land na Jerusalem sal reis. Ook hier getuig die Heilige Gees kragtig dat boeie op hom wag. Die profeet Agabus neem Paulus se gordel en bind sy eie hande en voete en sê: „Dit spreek die Heilige Gees: So sal die Jode die man wie se gordel dit is, in Jerusalem bind en in die hande van die heidene oorlewer." Hierop smeek Paulus se reisgenote en die broeders van Cesaréa hom om nie na Jerusalem te gaan nie. Maar Paulus antwoord dat hy selfs bereid is om te sterwe vir die Naam van die Here Jesus. Jesus beteken alles vir Paulus en daarom is hy bereid om alles vir Hom te gee.

Hy vir wie Jesus niks beteken nie, gee niks aan Hom nie. Hy vir wie Jesus min beteken gee min. Hy vir wie Jesus alles beteken, gee alles.

16 Julie. **Lees** Hand. 21:15-26. **Teks:** Hand. 21:21.

VALSE BESKULDIGINGS.

Paulus het nou in Jerusalem aangekom. Hy gaan na die huis van Jakobus. Al die ouderlinge is daar teenwoordig en Paulus vertel aan hulle op hoe 'n magtige wyse God hom gebruik het om die heidene tot Christus te bring. Hulle verheerlik God daarvoor; maar dan begin hulle ook onmiddellik aan Paulus verduidelik dat daar ernstige moeilikheid is. Daar is bewerings in omloop dat Paulus ook die Jode, wat onder die heidene woon, leer om hulle kinders nie te besny nie. En dit voorspel niks goeds vir Paulus nie.

Hierdie beskuldiging is egter nie waar nie. Paulus het wel met groot krag getuig, die vorige keer toe hy in Jerusalem was, dat dit nie nodig was vir die redding van die heidene dat hulle besny moet word nie. Jesus alleen is voldoende om volkome te red — met of sonder besnydenis. Hy het diégene teengestaan wat beweer het: „as julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie' (Hand. 15:1).

Onmiddellik by sy aankoms in Jerusalem lê die valse beskuldiging vir hom en wag. Maar so is Jesus ook deur valse beskuldgigings veroordeel. Die Christen moet nie verbaas wees as hy valslik van allerlei dinge beskuldig word nie.

17 Julie. **Lees** Hand. 21:27-36. **Teks:** Hand. 21:36.

WEG MET HOM!

Ten spyte van wat Paulus doen om van die teendeel te getuig, kom die Jode met net meer valse beskuldigings na vore. Nou beweer hulle dat hy 'n Griek in die tempel ingebring het. Iemand wat **nie 'n** Jood was nie, kon wel tot in die buitenste voorhof van die tempel kom. Kennisgewings in Grieks en Latyn het hom egter streng verbied **om** in die binneste voorhof te kom. Oortreding is met die dood gestraf.

As gevolg van die valse beskuldigings probeer die Jode om Paulus dood te maak. Die Romeinse soldate red hom egter van **die Jode deur** hom te vang en te boei. So gaan die profetiese woord van Agabus in vervulling, naamlik dat Paulus in Jerusalem gebind sal word.

Die skare volg die soldate en skreeu: weg met hom! **Net soos die** skare ook in verband met Jesus van die Romeine geëis het: „Kruisig Hom." Hulle kan Jesus nou nie meer in die hande kry nie want Hy sit nou aan die regterhand van God. Die haat ontbrand nou teen Paulus wat sê dat daar alleen in Jesus redding is. Elkeen wat van Jesus getuig moet nie verbaas wees as mense sê: weg met hom of haar nie. As mense Jesus nie kon bykom nie rig hulle hulle aanvalle op dié wat van Hom getuig.

18 Julie. **Lees** Hand. 21:37-22:21. **Teks:** Hand. 22:1.

PAULUS GETUIG.

Paulus, die gevangene van die Romeinse soldate, vra nou toestemming om die volk toe te spreek. Dit word gegee en Paulus begin deur aan hulle te sê: luister na my verdediging teenoor julle.

Op die eerste gesig lyk hierdie verdediging egter vreemd. Trouens, dit lyk glad nie na 'n verdediging nie. Ons sou verwag dat Paulus dié dinge waarvan hy beskuldig word, punt vir punt sou weerlê. Dit doen hy egter nie maar begin vertel hoe hy as streng Jood, eers die volgelinge van Jesus vervolg het. Voorts vertel hy van sy ontmoeting met Jesus, sy bekering en die opdragte wat hy van Jesus ontvang het.

Paulus se verdediging is niks anders as 'n getuienis vir Jesus nie. Jesus het gesê: „ . . . hulle sal die hande aan julle slaan en julle vervolg . . . en dit sal vir julle uitloop op 'n getuienis." Dis aan Jesus wat hierdie skare ten diepste behoefte het en dis van Hom wat Paulus getuig. As hulle sy getuienis sou aanneem, sou hulle beskuldigings teen Paulus ook verval.

As my eie persoon vir my belangriker is as Jesus, sal ek beskuldigings teen my altyd krampagtig probeer weerlê. As Jesus die belangrikste is, kan ek selfs beskuldigings gebruik om vir Hom te getuig.

19 Julie. **Lees** Hand. 22:22-23:11. **Teks:** Hand. 23:11.

GETUIENIS DIE DOEL.

Ons het in die voorafgaande gedeeltes gesien hoe Paulus vals beskuldig is, hoe die skare hom wou doodmaak, hoe hy toe gevang en geboei is deur die Romeinse soldate. Ons het ook gesien hoe dit alles uitgeloop het op 'n kragtige getuienis wat Paulus vir Jesus gelewer het voor die volk. Op hierdie wyse het Paulus, die apostel wat die Here na die heidene gestuur het, ook geleentheid gekry om in die hart van die Jodedom, in Jerusalem, vir Christus te getuig. So gebruik God die kwade bedoelinge van die mense te goede. Net soos Hy die boosheid van die mense wat Jesus gekruisig het, gebruik het om deur die kruis vir ons redding te bring.

In die gedeelte wat ons saam gelees het, sien ons dat Paulus nou ook nog geleentheid kry om voor die Joodse Raad self te getuig van Jesus se opstanding. In ons teks bevestig Jesus self Paulus se getuienis. As Hy aan Paulus verskyn, praat Hy net oor een ding, die belangrikste in al die gebeure vandat Paulus in Jerusalem gekom het, naamlik sy getuienis vir Jesus. Paulus moet goeie moed hou want hy sal nog verder moet getuig — tot in Rome.

Om van Jesus te getuig in woord en daad is die belangrikste taak vir elke Christen.

20 Julie. **Lees** Hand. 23:12-22. **Teks:** Hand. 23:12.

MENSE SE PLANNE EN GOD SE PLAN.

Ons het gister gesien dat die Here aan Paulus gesê het dat hy ook in Rome vir Hom sal getuig. Nou lees ons dat die Jode sweer dat hulle nie sal eet of drink voordat hulle Paulus doodgemaak het nie. Die Jode met hulle planne teen die Here met Sy plan. Die Jode is koorsagtig besig met 'n sameswering teen Paulus se lewe. Rustig gebruik die Here 'n seun om al hulle planne in duie te laat stort. Die Here het gesê dat Paulus na Rome sal gaan en na Rome sal hy gaan. Hoe diep word ons hier nie weer getref deur God se almag en Sy wonderlike sorg nie. Hoe futiel is alle menslike gewerskaf en heen en weer gehardloop tog nie as daar nie met God rekening gehou word nie.

Dit laat ons dink aan wat Psalm 2 sê: „Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die Here en teen sy Gesalfde — Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle."

21 Julie. **Lees** Hand. 23:23-35. **Teks:** Hand. 23:24.

NOOIT SONDER 'N ROEPING NIE.

Jesus het gesê: „Hulle sal die hande aan julle slaan en julle vervolg en oorlewer in sinagoges en gevangenisse en julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van my Naam. En dit sal vir julle uitloop op 'n getuienis." (Luk. 21:12). Hoe letterlik gaan hierdie woorde nie in

vervulling in die lewe van Paulus nie. Ons het gesien op welke kragtige getuienis Paulus se vervolging en gevangeneming reeds uitgeloop het. Nou word hy ook na 'n goewerneur gebring en in Hand. 24 kan ons Paulus se getuienis voor goewerneur Felix lees. In Hand. 26 luister ons na sy getuienis voor 'n koning.

Die Jode se planne om Paulus dood te maak het maar net meegewerk dat hy vinnig oorgebring is na goewerneur Felix. So werk hulle planne teen God uit in die guns van God.

Die Christen is geroep om vir Christus te getuig en dit maak dat hy nooit sonder roeping is nie. Want selfs wanneer hy 'n gevangene voor goewerneurs en konings is, kon dit hom sy roeping nie ontneem nie. Daarom is sy lewe nooit doelloos of betekenisloos nie. Selfs as hy lank aan 'n siekbed gekluister is kan hy sy roeping nog volg. Hoegenaamd geen omstandighede kan hom sy roeping ontneem nie. Daarom is sy lewe nooit waardeloos nie.

22 Julie. **Lees** Hand. 24:10-16. **Teks:** Hand. 24:16.

ONBERISPELIK WEES VOOR GOD EN DIE MENS.

Paulus verantwoord homself voor die regterstoel van die goewerneur, Felix. Hy maak van hierdie geleentheid op sy beste gebruik! Om homself te beskerm? Om verdediging aan te haal, waarop hy vrygelaat moet word? Nee! Skrifgebonde verkondig hy die evangelie van Jesus Christus.

In sy oortuigings en ewe so besielende prediking, neem die opstanding van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges, die middelpunt. Wat Paulus hiermee met groot nadruk sy toehoorders wil inskerp, is dat daar in die hiernamaals 'n oordeel wag op diegene, wat hulleself nie onberispelik in die tyd bewaar nie. As Christen en iemand wat daarvoor waak om in die genade van God tog nie te veragter nie, oefen hy homself hierin ook altyd.

Hy wil nie hiermee te kenne gee, dat hy van inbors so volkome en volmaak is nie. Verre daarvandaan! Anders sou hy mos ook nie van die beeld van 'n oefening gebruik maak nie! Nee, hy streef dáárom na hierdie ideaal, jaag daarna, asof hy dit kan gryp, omdat hy deur Christus Jesus gegryp is (vgl. Filip. 3:12).

Maar nou rig sy oefening hom nie soos díe van so baie Jode, op die vervulling van uiterlike wetsvolbrenging nie, maar op die inwendige. Noukeuriger gesê, die „gewete"! die bewussyn moet „rein" wees „voor God", wat alle dinge sien en ken; die gewete moet rein wees ook voor „die mense", wat die apostel dan nooit kan verwyt, dat hy hulle onheil soek nie.

Paulus verhaal aan sy toehoorders, dat hy daarna met inspanning streef om in die kennis en in die vrese van die Naam van die Here te wandel!

Maar dan kom sy prediking mos weer net daarop neer, dat jou verhouding tot God, en dat jou verhouding teenoor jou naaste, in ooreenstemming moet wees met die uitdruklike gebod van God — jy moet die Here jou God liefhê én, jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Pasop! By die opstanding wag daar oordeel vir diegene, wat nie met 'n rein gewete voor God en die mense gewandel het nie!

23 Julie. **Lees** Hand. 24:22-27. **Teks:** Hand. 24:25(b).

NEEM TOG STANDPUNT!

Die goewerneur, Felix was skynbaar baie beïndruk deur die oortuigende prediking van Paulus! Ons kan miskien sê: dit het hom baie diep in die hart getref.

Maar hiervoor bestaan daar gegronde rede. Felix was 'n ontwikkelde man! Felix het seker ook wel 'n bietjie godsdienssin en godsdiensvroomheid daarop nagehou! Ja, deel die Skrif vir ons met nadruk mee, Felix was „met die dinge van die Weg noukeurig (letwel!) bekend!"

Maar kyk, hy maak geen keuse nie, hy neem geen beslissende standpunt in nie. Daarom stel hy die saak van Paulus uit!

Tog, die Woord van God keer nooit ledig na buite nie. Diep in sy sondige hart het die prediking van die evangelie van Jesus Christus, wél iets aangeraak. Daarom hoor hy op sy versoek 'n paar dae later vir Paulus weer aan oor die geloof in Christus. Die prediker benut nou die geleentheid ten volle en aktueel; hy handel oor „geregtigheid" en „selfbeheersing" en die „toekomstige oordeel."

Só diep sny die Woord van God in sy hart, dat Felix baie bang geword het! Egte woordverkondiging is raak en tref altyd. Die toehoorder het hom aan baie ongeregtighede skuldig gemaak. Sy lewe was losbandig. Hier is nou 'n norm buite en bo die mens, wat hom tot insig dwing en tot bekering roep! Daar val nie aan te twyfel nie — voor God en voor die mense verraai-erken Felix deur vrees, dat hy nie 'n rein gewete het nie. Maar alhoewel diep beïndruk, „baie bang", kom hy nie tot die beslissende stap nie. Hy stel maar uit, en maak hom van die saak weer af. Die goeie geleentheid gaan vir Felix vir goed verby, en hy wag sondeverknog op 'n ánder een, wat hom nooit weer sal voordoen nie.

Waak tog vir hierdie standpuntlose gesindheid, omdat u die dag en die uur nie weet, wanneer u voor naakte werklikheid van die ewigheid en die dood staan nie. Dan het u geen keuse nie en moet u immers verantwoording doen oor heel u lewe! 'n Christen mag nie die hede ontvlug vir 'n ander geleentheid nie. Nou is die welaangename tyd van genade en vir boetvaardige terugkeer. Bekering mag vandag nie op die lange baan geskuif word nie. Dan pas baar môre, die ewigheid, ook geen vrees nie.

24 Julie. **Lees** Hand. 25:13-22. **Teks:** Hand. 25:19(b).

ONTGAAN DIÉ HEILSFEIT U?

Festus is baie verleë met die geval, Paulus, voor hom! Hy steek dit ook nie weg vir koning Agríppa nie. Hy wil dolgraag aan die gevangene reg laat geskied, want hy vind niks wat op goeie grond teen die apostel aangevoer kan word nie. Sy beskuldigers het fel teen hom opgetree, maar toe die klagte kom, hoor Festus gans iets anders as wat hy verwag het om te verneem. Lelike dinge, wat werklik straf verdien, word heeltemal nie teen Paulus aangevoer nie!

Noodwendig blyk dit, dat wat die mense wel teen Paulus het, is 'n geskil binne die godsdienstige raamwerk van die Jodedom. Verder ook omdat die opstanding ter sprake gekom het; meer bepaald die opstanding van Jesus Christus.

Uit die Skrifverband blyk dit, dat Festus van al hierdie dinge maar weinig begryp. Welliswaar weet hy, dat Jesus deur een van sy voorgangers tot die kruisdood veroordeel was. Dat Paulus van 'n gekruisigde kan beweer, dat hy leef, ontgaan hierdie landvoog.

Ek wonder baie kere of die dood en of die lewe van Christus vir ons in godsdienstige belewing (gebed, dankbaarheid, ens.) nie ook baie dikwels onopgemerk bly nie!

Hierdie feitelikheid van die neerbuigende sondaarsliefde van onse God, wat in die tyd hom voltrek het, en in die ewigheid hom tans voortsit, is immers die spil waar rondom heel ons godsdienstige lewe en ons geloof wentel. Ons troos in die tyd; ons hoop en verwagting vir die ewigheid!

As Christus nie plaasbekledend gely en gesterf het nie — is daar geen grond vir genade, niks waarop ek boetvaardig kan pleit om vergewing van my menigvuldige sondes nie; dan sou ek ook nooit my sondige naaktheid kon bedek met die borggeregtelike wit kleed wat Hy vir my verwerf het nie!

En as dit nie so is, dat Hy nou lewe en bo die tyd verhewe, daar in die ewigheid ,sy middelaarswerk voortsit nie, dan sou ek ook op niks kan steun vir my regverdigmaking nie!

Begryp ú wel deeglik, dat hierdie heilsgebeure onlosmaaklik aan ú eie lewe, u saligheid vir tyd en ewigheid, intiem verbonde is?

Sou u hiermee in verleentheid verkeer, of dat hierdie heilsfeit u ontgaan, dan is dit in die verborgene van u lewe nie in orde — met God nie.

25 Julie. **Lees** Hand. 25:23-26:3. **Teks:** Hand. 26:1.

ALTYD IN DIE TUIG.

Koning Agríppa gee aan Paulus 'n heel besondere geleentheid! „Praat vir jouself, man!" Hiermee het Paulus toestemming om te praat oor die dinge, wat hy meen om oor homself te moet sê. Nou is die gulde geleentheid om voor hierdie hoë owerheidspersoon homself los te pleit?

Sedert sy gevangeneming blyk dit egter, dat Paulus homself nog nooit ingebeeld het, dat hy werkloos is nie. Welliswaar kon hy sedertdien nie meer die Here in die sending dien nie; hy kon sedertdien ook nie meer persoonlik die gestigte gemeentes versorg nie. Maar ondanks gevangeneming en boeie, bly hy steeds 'n kragtige getuie van Christus en verkondiger van die heilsboodskap. Van die een verhoor na die ander, bereik die evangelie die keiserlike hof in Rome, en kom aansienlike mense onder die verkondiging van die Woord.

As Paulus nou vergunning kry om vir homself te spreek, beteken dit vir Paulus dieselfde en niks anders nie, as om Christus te verkondig. Vir hom is die lewe Christus (Fil. 1:21). Voor daardie luisterryke geselskap, voor Festus, die Romeinse prokurator met al sy offisiere en hoogwaardigheidsbekleërs, voor Agríppa en Bernice en al die aansienlikste manne van die stad — dáár te midde van prag en praal, getuig Paulus, 'n geboeide gevangene, van . . . Jesus!

Hy pleit nie om vrylating nie, hy weerlê nie al die valse beskuldigings nie. Die man wat daar in die tronk van Filippi in die nag, met sy voete in boeie geknel, lofliedere tot eer van God aanhef (Hand. 16:25), staan hier vas in die vryheid waarmee Christus hom vrygemaak het (vgl. Gal. 5:1). Hy praat nie vir homself nie. „Ek ag my lewe vir myself nie dierbaar nie" (Hand. 20:24); maar hy getuig vir die saak van Jesus Christus. „Ek ag my gelukkig, koning Agríppa", nie om oor homself te praat nie, maar omdat hy Christus mag vergondig!

Die liefde van Christus dwing vir hom, die nood van die arme ryk mense rondom hom, is vir hom opgelê, en hy trag om hierdie mense tot geloof in God te beweeg,

Nee, in gevangenskap is Paulus nie werkloos nie; omstandighede bring hom nie van stryk nie. Gedurig bring hy mense onder beslag van die Woord van God . . .

Is u ook oral en altyd 'n kragtige getuie en wegbereider vir die saak van onse God?

26 Julie. **Lees** Hand. 26:19-27. **Teks:** Hand. 26:27(b).

JY KAN DIT NIE ONTKEN NIE!

Wat is Paulus tog nie 'n wonderlike begenadigde mens, dat hy so onbeweeglik sterk onder die allermoeilikste omstandighede, 'n godvrugtige en ook baie standvastige getuie van Jesus Christus bly nie! Onder geen omstandighede skroom hy om die Woord onvervalsd op die man af te verkondig nie.

Aan die koning laat hy duidelik blyk, dat hy nie in geestesvervoering is nie. Agríppa is immers met die dinge waarvan hy getuig, volkome op hoogte. Daarom spreek die apostel met vrymoedigheid tot hom (vs. 26). Die dinge wat die Woord verkondig, het mos ook nie in 'n verlate hoek gebeur nie! Die woord- en daadverkondiging van Jesus het nie verborge gebly nie! Iedere mens weet daarvan; ook Agríppa is daarmee vertroud. Maar dan moet die koning homself ook rekenskap gee, sy houding bepaal.

Daarom vra Paulus hom onverwags: „Glo u die profete, koning Agríppa? Ek weet dat u glo." As Agríppa die profete aanvaar, kan Paulus verdere woordverkondiging doen, want dan kan hy aantoon, dat die profesieë in Jesus vervul is; dan kan Agríppa Jesus aanvaar as die Messias.

„Ek weet dat u glo" — kyk net hoe oorrompel Paulus vir Agríppa! Saam met Bernice het hy nooit verwag dat hulle herinner sou word aan wat daar in die jeug by hulle ingesaai is nie: hulle geloof aan die profete.

By u sit hierdie geloof ook nog vas! U het nog nie heeltemal u christelike opvoeding vergeet nie, die dinge wat u vroom moeder en u biddende vader u in die hart ingesaai het nie! Maar met die kennis hiervan, of die herinnering hieraan, en dit sonder die praktiese toepassing daarvan, kan u by God nog nie verbykom nie. Met al u lofwaardige godsdienstige agtergrond, het God vir u Jesus Christus, die vervulling van die profesieë, in die arms gelê, soos aan Siméon van ouds (Luk. 2:28).

„Ek weet u glo," maar God is hiermee nog nie tevrede nie. Siméon het vir Jesus in die arms geneem. En dit moet u ook doen. Dit beteken dat u uself aan Hom volkome moet oorgee en uself aan Hom volkome onderwerp; dit beteken dat u deur Hom vir God sal loof, omdat u geloofsoog sy heil mag aanskou (vgl. Luk. 2:30).

U God moet nie 'n dooie boek nie, maar 'n lewende Heiland weesl

Gee daarom vir uself rekenskap; bepaal daarom u gesindheid!

27 Julie. **Lees** Hand. 26:24-32. **Teks:** Hand. 26:28.

BYNA, MAAR NIE HEELTEMAL NIE.

Omdat hy hulp van God verkry het (vs. 22), het Paulus hom oortuigend voor koning Agríppa verantwoord. Dit kon ook nie anders nie — hierdie vors raak baie diep in sy hart oortuig, dat die profete gelyk het. Agter daardie profete skuil die God, wat Homself in die tyd openbaar het en die profesieë vervul het deur Jesus Christus sy Seun. Agríppa het steeds geduldig geluister. Hy verneem dat 'n mens jou van die duisternis tot die lig moet bekeer, en van die mag van die Satan tot God (vs. 18); die troosvolle toesegging, dat 'n mens deur geloof in God, vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes mag ontvang, ontsnap nie sy opmerksame oor nie.

Hierdie dinge meet die koning, en daarom kon die apostel hom nou persoonlik vermaan — hy ís mos met die dinge van die Weg bekend; dat Christus borgtogtelik gely het èn die eerste was uit die opstanding van die dode, het mos nie in 'n hoek gebeur nie!

Nou is dit die regte sielkundige oomblik, en Paulus stel Agríppa voor 'n beslissing, wat vir hom lewensbelangrik is vir die tyd en die ewigheid. Maar — dan oorweldig die ou sondige mens weer hierdie vors; dan word Agríppa weer te magtig: „Jy beweeg my byna om 'n Christen te word." Hy laat hom nie maar sommer so oortuig nie! Hy gee nie sommer so in nie. Hy wil nie 'n christen wees nie!

Is ek reg? In toenemende mate word hierdie sondige onwil steeds méér openbaar deur die mens van ons tyd. In die antwoord van Agríppa skuil baie presies wat God met die Heilige Skrif en met die Kerk en met ons christelike opvoeding bedoel. Inderdaad — God beweeg ons daarmee om christene te wees!

Wat is ú antwoord? Hang u maar net in die kleed van Christus (soos Calvijn die bybel noem), óf, soek u intieme lewenskontak met Jesus self?

„Byna" — dit help nie veel nie; „byna" — dit is nie geheel niel

Uit vervloë kinderjare ruis hierdie lied:

Word nou bewoë — sien u gevaar!
Word nou bewoë — Jesus is daar!
Hoor, altyd nog sy bee:
„Kom, sondaar, met My mee;
Ek vul jou hart met vree" —
Kom nóú tot Hom!

28 Julie. **Lees** Hand. 26:24-32. **Teks:** Hand. 26:29.

TEN VOLLE CHRISTEN WORD.

Soos dit ook in die kerk gebeur, het Agríppa dit onder die prediking van Paulus baie benoud gehad. Wat die prediker daar met soveel oortuiging sê, is waar; ek kan daaraan nie verbykom nie! Saam met Festus is hy in 'n hoek gedryf.

Maar op ruwe manier maak Festus hom daarvan los: „Jy is kranksinnig, Paulus!" In die hart van Agríppa is daar egter tog wel iets aangeraak, en daarom stel hy dit meer beleefd aan Paulus: „Jy beweeg my byna om 'n Christen te word."

Hierdie antwoord op die Woordverkondiging van Paulus, is baie ironies (byna sarkasties) bedoel, Agríppa het die preek van Paulus in sy doel en strekking terdeë begryp. En dit is presies wat Paulus wou, en wel, dat Agríppa, maar ook almal wat hom aanhoor, so mag word soos hy is, naamlik 'n christen — dat hy van die profete en deur die profete by Jesus Christus en sy kruis en versoening teregkom.

Paulus verwys nie na homself om eie voortreflikheid in die lig te stel nie, maar om te verklaar, dat hy ondanks sy gevangenskap as christen gelukkig is. Die boeie wat hy niemand toewens nie (vs. 29), verhinder dit nie. Die egte en ware blydskap om in Christus te wees, gun hy al sy toehoorders. Hier spreek die heerlikheid en die triomfantelike van die geloof, wat ondanks gevangenskap en boeie, tog onwrikbaar vasstaan in die vryheid (!) waarmee Christus die syne vrygemaak het.

Wil u ook die triomfantelike vreugde van hierdie vryheid deel, ondanks watter benouende omstandighede u ook al knel?

Dan is 'n profete-geloof (Agríppa!) en verstandelike kennis van heel die inhoud van die Bybel, nie genoegsaam nie! U mooi kerklike meelewing en u onberispelike maatskaplike doen, is nie voldoende nie!

Daar moet iets bykom, iets gebeur — die Skrif, Jesus Christus en al die troosvolle toesegginge uit die Woord van God mag nie alleen maar belydenis van die mond bly nie, maar moet innige belewenis van die hart word: u moet 'n christen word! Uit die profete en deur die Heilige Skrif, moet Jesus Christus deur die werksaamheid van die Gees van God vir u lewendig word. U moet uself heeltemal gaan verloor in hierdie lydende Christus, wat eersteling was uit die opstanding van die dode . . .

29 Julie. **Lees** Hand. 27:7-13. **Teks:** Hand 27:13a.

DIE MENS WIK . . .

Die stuurman en die eienaar van die skip waarop Paulus was, was waarskynlik ervare mense wat die seevaart goed geken het. As ervare reisiger was Paulus ook nie onkundig oor sulke sake nie.

'n Belangrike beslissing moes gefel word: Die hawe waarin hulle was, was eintlik nie geskik om te oorwinter nie. Andersyds was dit al só laat in die jaar, dat die skeepvaart in daardie gebied uiters gevaarlik was. Paulus het besef watter ontsettende risiko hulle sal loop as hulle dit in daardie tyd van die jaar op see sou waag. Die stuurman en die skeepseienaar het anders gedink. Die Romeinse bevelvoerder aan boord het die hoogste gesag gehad en hy het besluit om die vaart voort te sit vanaf Mooi Hawens.

„En toe die suidewind saggies waai, het hulle gedink dat hulle hul voorneme kon uitvoer . . . " Die „voorneme" van die gelowige Paulus om liewers in die swak hawe te bly, het misluk: Hy was 'n gevangene en hy moes hom aan die beslissing van sy meerderes onderwerp. Ook die voorneme van die heidene om Mooi Hawens te bereik het misluk.

Die Bybel vertel egter van Iemand wie se voorneme nie misluk nie: God wie se voorneme was en is om vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe te vergader.

Paulus wou in Mooi Hawens bly; die hoofman wou na Fenix vaar; God se voorneme was anders: Nà ontsettende ontberings, kom hulle op die eiland Malta aan. Dáár sou verskeie siekes om Christus ontwil genees word; dáár sou Paulus gedurende daardie winter die evangelie verkondig.

Laat ons nie ontsteld word as ons voornemens misluk nie. **Hy** weet hoe en waar Hy sy kinders wil gebruik.

30 Julie. **Lees** Hand. 27:13-20. **Teks:** Hand. 27:20.

SONDER HOOP?

By hulle vertrek uit Mooi Hawens, was die weer mooi. Die bemanning was doodseker dat hulle hul doel sou bereik. Maar 'n geweldige storm het losgebreek.

Asof die geweld van wind en branders nie genoeg was nie, het dit dae lank boonop ook nog dig bewolk gebly. Dit was dus onmoontlik om hulle koers te bepaal, want 'n kompas was daar nie op die skip nie en die son en sterre was totaal onsigbaar. Was die donker dae die begin van die groter donkerheid van die dood waarin hulle weldra sou versink? Dít het hulle verwag nadat hulle alle denkbare noodmaatreëls getref het. Dit was hopeloos. Hulle het alle hoop om gered te word laat vaar.

In die eerste plek gaan dit gewoonweg om die hoop om van verdrinking in die see gered te word. Die woorde „hoop" en „redding" roep egter allerlei assosiasies by die Bybelleser na vore: Die hoop van die Ou Testamentiese gelowiges was gerig op die Here en sy heilsdade. Daar is geen element van onsekerheid in die Ou Testamentiese hoop nie: Die Here kan en sal die gelowiges tot hulp kom.

So is dit ook in die Nuwe Testament. In die Nuwe Testament word dit duidelik gestel dat Jesus Christus ons Hoop is. Op Hom hoop ons vir redding!

In die meeste gevalle gebruik die Bybel die woord „redding" om te verkondig dat God aan elke mens 'n heilsaanbod maak: redding van algehele ondergang in Gods gerig aan die einde. Hierdie redding is 'n **geskenk** op grond van die heilswerk van Jesus Christus. Los van Sy Persoon is daar geen redding uit die sonde en die gevolge van die sonde nie. Dit alles moet **geglo** word. Alles het daarop gedui dat die skip met almal daarop, in die storm sou vergaan. Tóg gryp God in en die mense word gered.

Is u koersloos soos daardie skip in die storm? Vrees u die ondergang in die eindgerig? Bid God om genade, sodat u Jesus Christus, die blinkende Môrester, sal raaksien. **Laat Hy u koers bepaal!** Hierdie Jesus is die Leidsman tot die lewe!

31 Julie. **Lees:** Hand. 27:21-28. **Teks:** Hand. 27:23.

HEILSSEKERHEID EN DIENS AAN GOD.

Vanweë die onweerstaanbare storm op see, het almal aanvaar dat daar vir hulle geen hoop meer is nie. Toe staan Paulus op om 'n belangrike aankondiging te maak: Hy kan bekend maak dat nie een van hulle sal omkom nie. Hy weet dit met sekerheid, want sy God aan wie hy behoort en vir wie hy ook dien, het dit deur middel van 'n engel laat weet.

Dit is merkwaardig dat Paulus ook as gevangene geen twyfel daaroor het dat hy aan God behoort nie. Daar is by hom geen heilsonsekerheid nie. Die vyand kan hom maar arresteer; die storm kan maar woed; hy behoort aan God.

Hoe leef 'n mens wat so seker is dat hy aan God behoort? Maak hy soos hy wil, soos 'n kind wat dink sy sterk pa sal altyd vir hom die kastaiings uit die vuur krap? Of verlustig hy hom dalk in salige passiwiteit omdat die Magtige aan wie hy behoort, tog sal sorg? O nee, Paulus reageer anders: Hy wéét dat hy aan God behoort en hy díen Hom. Hy dien hom deur sy gebede; hy dien Hom deur sy sendingwerk; hy dien Hom deur sy hele lewe. Ja, sy sonde is om Christus ontwil vergewe; die Heilige Gees het sy lewenshouding verander en nou dien hy die Here selfs as gevangene. Hy bely Sy Naam voor vriend en vyand. Hulle moet weet waar hy staan.

Op grond waarvan kan sondaars soos ons die blye sekerheid verkry dat ons aan Gód behoort? Glo kinderlik gelowig in die Jesus Christus van die Bybel. Wie in Hóm glo, het **kinders** van God geword. Hulle is Syne!

Reggeaarde kinders van God is dankbaar en dien Hom met hul hele lewe.

1 Augustus. **Lees** Hand. 28:1-6. **Teks:** Hand. 28:5.

GODDELIKE BESKERMING.

Half verkluim kom die skipbreukelinge op die eiland Malta aan. Dit is nog nie dadelik die einde van hulle ontberinge nie. Dit is koud en boonop dreig die reën. Paulus help hout bymekaar maak om die vuur aan die brand te hou. Dan gebeur dit: 'n Giftige slang byt in sy hand vas. Die inboorlinge wag in spanning op die normale gevolge van so 'n dodelike slangbyt. Weldra sal Paulus opswel of skielik dood neerval. Maar Paulus wat die slang in die vuur afgeskud het, het niks oorgekom nie.

Die Maltese se uiteindelike oordeel, dat Paulus 'n god is, is natuurlik totaal verkeerd. Hulle aanvanklike konklusie, naamlik dat Paulus 'n moordenaar moes wees omdat hy van slangbyt moet sterf selfs nadat hy uit die see gered is, bevat wel 'n element van waarheid: Dit is so dat al die smarte op aarde vrugte van ons sonde is. 'n Fout in hulle redenasie is egter dat hulle meen dat Paulus 'n groter sondaar as die ander is, omdat juis hy deur die slang gepik is. Dikwels word juis die gelowiges in hierdie lewe getref deur ramp op ramp, terwyl die goddelose die een sukses na die ander behaal. Die feit dat die een mens siekliker is as die ander, is nie altyd daaraan te wyte dat die een 'n groter sondaar as die ander is nie.

In hierdie geval word Paulus deur God bewaar ten spyte van die dodelike slangbyt. Ons gedagtes loop verder: Ons loop met die gif van die ou Slang in ons lewens. As Gód nie red nie, gaan ons ten gronde in die ewige oordeel. Goddank, Hy het sy Seun gestuur. Hy red op daardie dag, en die Slang word „afgeskud" in die poel wat brand met vuur en swael!

2 Augustus. **Lees** Hand. 28:1-10. **Teks:** Hand. 28:2.

MENSLIEWENDHEID.

Hiér dui die woord „mensliewendheid" op die houding wat die inboorlinge van Malta teenoor die vreemde skipbreukelinge aangeneem het. Hulle het die verskrikte en halfverkluimde mense hulp en gasvryheid geskenk. Later genees Paulus hulle siekes en by sy vertrek word hy en die res van die geselskap van die nodige voorsien. Wanneer Julius, die Romeinse bevelhebber, Paulus toelaat om in Sidon vriende te besoek en versorging te ontvang, word sy optrede ook as „mensliewendheid" bestempel (27:3).

Volgens Titus 3:4 het God se „mensliewendheid" tot uitdrukking gekom deur middel van Jesus Christus. Deur sy Seun het God sy „liefde tot die mense" duidelik aan die lig laat kom. Dit bring egter mee dat ons op aarde in verantwoordelikheid en gehoorsaamheid teenoor God reg sal lewe.

Tot die regte manier van lewe behoort dat ons, uit dankbaarheid vir Gods verlossing deur Jesus Christus, Hom sal liefhê. Die Maltese wat met die evangelie nog onbekend was, het seker nie dié soort „mensliewendheid" aan Paulus-hulle bewys nie. Maar as húlle darem soveel vir die medemens in nood gedoen het, hoeveel te meer is ons wat die lig van die evangelie het, nie aan ons naaste verskuldig nie?

In ons land kom jaarliks groot getalle immigrante aan. Hulle kom om self beter te kan leef, maar hulle kom ook omdat ons wettige owerheid hulle aanmoedig om te kom — in belang van ons land.

Hulle kom hier aan as vreemdelinge in 'n vreemde land.

Laat ons ywerig besin oor ons taak as Christene teenoor hierdie mense. Besinning wat nie tot optrede aanleiding gee nie, is egter net so nutteloos soos 'n vlieswolkie tydens 'n somerdroogte.

Mag ons in die beoefening van die Christelike liefde tot die naaste, nie in die skande kom as dit vergelyk word met die „mensliewendheid" van die heidene nie.

3 Augustus. **Lees** Hand. 28:7-10. **Teks:** Hand. 28:8

GEBED EN GENESING.

Publius, die vernaamste man op die eiland Malta, het veel gasvryheid aan die skipbreukelinge betoon. In sy barmhartigheid sou God hierdie heiden 'n groot genadeloon gee. Dit het so gekom: Die vader van Publius was ernstig siek: Paulus, die apostel van Jesus Christus, het die sieke besoek. Daar het hy gebid. Dit was 'n erkenning dat hy van God afhanklik was vir wat hy wou doen. Vervolgens het hy sy hande op die sieke gelê en hom gesond gemaak. Wat presies die sin van die

handoplegging hier is, is nie duidelik nie. 'n Mens kan in elk geval aanvaar dat die simboliese handeling 'n nou verbintenis tussen Paulus en die kranke voorstel. Calvyn merk in hierdie verband op dat Paulus die sieke as't ware met sy eie hande vir God wys, om Sy genade af te smeek.

Volgens sommige mense is gebed en medisyne twee dinge wat nie met mekaar versoen kan word nie. Hulle sê 'n gelowige bid om genesing en dan het hy nie medisyne nodig nie. Natuurlik is God nie van medisyne afhanklik nie en skenk Hy soms genesing sonder die gebruik van medisyne. Uit die Bybel blyk dit ook dat vrome Godskinders juis bid en medisyne gebruik. Die Here maak dikwels van middele gebruik om sy doel met ons te bereik. Hy gee tog ons daaglikse brood, maar Hy gee dit deur middel van die arbeid van die boer.

Hierdie geskiedenis in Handelinge beklemtoon in elk geval dat Gód die eintlike gewer van genesing is. Sonder sy seën is die mens en die menslike hulpmiddele magteloos.

Laat ons die lewende God bid om ons te genees van die melaatsheid van ons sonde. Ter wille van sy Seun Jesus Christus sal Hy dit doen.

4 Augustus. **Lees** Hand. 28:23-31. **Teks:** Hand. 28:28.

VERBEURDE VOORREG.

Gód is die Een wat redding skénk. Hy skenk dit deur sy Seun, naamlik Jesus Christus. Paulus het sy bes gedoen om die vernaamste Jode in Rome hiervan te oortuig. Die gedagte dat Jesus die Gekruisigde, Gods Heilbrenger, is, is vir hulle ten enemale onaanvaarbaar.

Hierdeur word die apostel egter nie verras nie en hy word ook nie moedeloos nie: Hierdie reaksie van die Joodse leiers, is in wese maar dieselfde as dié waarmee die ou profete moes worstel.

Toe dit geblyk het dat sy prediking op hulle geen indruk gemaak het nie, het Paulus nie die evangelie „verander" sodat dit in hulle smaak kon val nie. Hy het sy stellinge gehandhaaf en hulle in duidelike taal laat verstaan dat hulle 'n gulde geleentheid versmaai. Niks minder nie as die heil van God is vir hulle aangebied, dog tevergeefs. Nou sal die nie-Jode die aanbod ontvang en dit aanvaar! Die Jode sal nie later kan kla omdat die nie-Jode aan die heil deel kry nie. Dáárdie Jode kon die heil ontvang, maar hulle wou nie.

God is nie willoos soos 'n ruggraatlose Eli wat net paai en mooipraat nie. Sy lankmoedigheid is verrassend, maar Hy is nie verleë nie.

Daar kan vir 'n mens of vir 'n volk die stadium kom wanneer die genadetyd verby is. Wanneer dit so ver is en God as't ware die rug draai op 'n mens of 'n volk, is dit nie vanweë liefdeloosheid van sy kant nie. Die rede vir so 'n verskriklike gebeurtenis, is dat die mense volhardend weier om sy genade-aanbod te aanvaar.

Mag onse God vir ons ore grawe om fyn en skerp te hoor; mag Hy ons harte verander sodat ons sal gehoorsaam. Vir Jood én nie-Jood geld nog steeds die Ou Testamentiese profetewoord: „Luister, en julle siel sal lewe!"

5 Augustus. **Lees** Deut. 1:1-5. **Teks:** Deut. 1:2.

ONGEHOORSAAMHEID KOM MENS DUUR TE STAAN.

Die boek Deuteronomium begin met die geskiedenis van Israel waar hulle baie naby aan die beloofde land, Kanaän, gekom het. Tussen hulle en hul bestemming vloei die Jordaanrivier. Daar is goeie rede waarom Israel verhinder word om Kanaän binne te gaan. Selfs die vrome Moses sou nie die voorreg hê om sy volk die beloofde land in te lei nie. Die rede hiervoor is die volk se ongehoorsaamheid en ongeloof. Hulle was nie bereid om God se beskikking oor hulle te aanvaar nie.

Die byna bomenslike reis deur die woestyn het hoë eise aan hul geloof in God gestel. Hulle moes Hom ten volle vertrou, al het omstandighede dikwels teen hulle sin en gevoel vir regverdigheid ingedruis. As gevolg van hulle sondigheid het dit veertig jaar geduur voordat hulle die afstand van elf dagreise vanaf die berg Horeb tot by Kades-Barnea afgelê het.

Israel het Kanaän nie verdien nie. Hulle het dit as 'n ware gawe uit die hand van God ontvang, slegs omdat God Israel uitverkies het om as Sy volk daar te woon.

Dit is duidelik dat God die lotgevalle van volke en nasies bestem. Daarom mag ons nie die plek waar ons woon, ons lewensmiddele, ons gesondheid en al die ander seëninge as vanselfsprekend aanvaar nie. Alles is onverdiende guns en genade.

God het, soos met volke en nasies, ook met elke huisgesin en elke afsonderlike mens 'n doel. Ons het 'n taak om tot eer van die Here te vervul. En hoeveel makliker en gouer sal ons nie aan dié doel, wat God vir ons gestel het, beantwoord as ons eie ongehoorsaamheid vir ons nie 'n struikelblok in die weg lê nie!

6 Augustus. **Lees** Deut. 1:6-8. **Teks:** Deut. 1:8.

GEHOORSAAMHEID AAN GOD BRING OORWINNING

In die boek Deuteronomium word die berg Sinaï Horeb genoem. Nadat Israel daar vertoef en God Sy wet aan Moses gegee het, kry hulle die opdrag om verder te trek. Hulle moet gaan en die hele Kanaän van die noorde tot die suide verower. Dit was 'n geweldige opdrag. Vanself sou hulle nooit so-iets aangepak het nie. Miskien was Israel op daardie stadium, na hulle sondige afvalligheid rondom die goue kalf, nie geestelik en liggaamlik voorbereid vir 'n militêre aanval op die Kanaäniete nie. Maar juis die feit dat die Heilige van Israel dit beveel het, het die volk aangespoor om te gehoorsaam.

Israel se oorwinning was seker. Al was hulle ontrou, het God getrou gebly ooreenkomstig Sy verbond. God het dié land met 'n eed aan hulle voorvaders en hul nageslagte belowe. Israel moet nou biddend pleit op grond van God se belofte en vertrou dat dié belofte in vervulling sal gaan. Sonder hierdie vertroue dat God Sy Woord waar sal maak, is al die mens se ondernemings tevergeefs. Die mens moet egter altyd seker maak dat wat hy vra, met die wil van God ooreenstem. Dan is sy sukses verseker.

Dit is belangrik om te onthou dat as God iets aan ons toegesê het, ons opgeroep word om dié opdrag gehoorsaam uit te voer. Dit word dus verwag dat ons tot aksie sal oorgaan om te doen wat God aan ons opgedra het. So dikwels laat 'n mens kosbare geleenthede onbenut verbygaan omdat ons nie bereid is om moeite te doen nie. Ons moenie verwag dat alles in ons skoot moet val nie. Om gelowige van God te wees, beteken om aktief gehoorsaam te wees.

7 Augustus. **Lees** Deut. 1:19-33. **Teks:** Deut. 1:30.

LAAT DIE HERE GOD WEES OOR U.

Die probleem waarmee Moses hier worstel, is so oud soos die sondige mensheid. Dit is die probleem van die traagheid en wederstrewigheid van Israel teenoor die Here. Hul gebrek aan lus en ywer vir hul taak en hulle opstandigheid oor hulle omstandigheid in die woestyn, het Moses baie moedeloos gemaak. Eenmaal het Israel by Meriba vir Moses en Aäron verwyt dat hulle die volk in die woestyn gebring het sodat hulle daar moes swaarkry en sterwe. Op daardie stadium het hulle juis nie water gehad om te drink nie. Toe God Moses beveel om met die rots te praat, het hy die rots geslaan. Dit het toe water gegee, maar Moses was ongehoorsaam aan God omdat die volk hom moedeloos en gefrustreerd gemaak het. Moses is egter terdeë gestraf.

In die gelese Skrifgedeelte het ons nog 'n voorbeeld van hoe Israel nie hul vertroue op die Here gestel het nie. In plaas daarvan dat hulle die land van die Amoriete binneval en in besit neem, soek hulle allerhande uitweë. Eers moes verkenners gaan vasstel watter roete hulle moes volg. En toe hulle berig dat dit 'n mooi en goeie land is, weier Israel om aan te val. Daarna begin hulle weer met hulle verwyte dat die Here hulle haat en na die woestyn gebring het om deur die Amoriete verdelg te word. Maar hulle vergeet dat dieselfde God, wat hulle uit die slawerny van Egipte verlos het, nou ook vir hulle sal stry en hulle van ondergang sal bewaar.

Die gelowige moet die Here vertrou. Hy moet Sy Woord glo. En dan moet hy God ook werklik as God aanvaar en eerbiedig. Ons moet God Sy gang met ons laat gaan. Dit is ons voorreg om te volg waar Hy ons lei. Alles wat die Here doen is goed.

„Rig vrolik op Gods weg u spore,
en neem u plig getrou in ag;
daar word uit alles heil gebore,
wanneer ons biddend daarop wag.
Wie steeds gelowig Hom vertrou
het seker op geen sand gebou!" (Ges. 17:6).

8 Augustus. **Lees** Deut. 1:34-46. **Teks:** Deut. 1:35.

VERSPEELDE KANSE.

Hoe is dit moontlik dat God, wat nooit verander en by Wie daar geen skaduwee van omkering is nie, hier so 'n teenstrydige uitspraak gee! Hy sweer dat hulle, aan wie Hy Kanaän met 'n eed beloof het, daar nie sal ingaan nie. Ja, die volk het inderdaad sy kanse verspeel. As hulle nie op so 'n skaamtelose en ligsinnige manier die Here uitgetart het nie, kon hulle gouer in die beloofde land gekom het.

Dit is nie God wat verander nie. Israel wou nie die gawe uit Sy hand aanneem nie. Dit was so goed asof hulle God se helpende en onderskragende hand weggeklap het.

Die onwilligheid van die volk het 'n dieperliggende tekortkoming verraai, naamlik ongeloof. Daarom is Israel se moedswilligheid slegs die vrug van die opstandigheid van hulle harte. Hierdie eienskappe maak van 'n mens 'n ondankbare wese. Want hy waardeer dit nie dat God vir hom net die beste wil nie. „So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16). En tog lees ons aangaande Christus, ons Verlosser: „Hy het na sy eiendom gekom, en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie." (Joh. 1:11).

Israel het egter die duur vrugte van sy verkeerde gesindheid gepluk. Te laat het hulle wakker geskrik en ewe hoogmoedig self besluit om teen die Amoriete te veg. Hulle het dit net besluit omdat hulle afgunstig was op diegene wat Kanaän sou beërwe. En die Here het hulle 'n gevoelige neerlaag laat ly.

9 Augustus **Lees** Deut. 2:1-8. **Teks:** Deut. 2:7.

GOD SE TOORN HET VERANDER IN GENADE.

Ons teksvers praat van die onbegryplike wonder van God se genade. In die voorafgaande verse het ons gelees van die toorn van God oor Sy volk vanweë hulle ongehoorsaamheid. En nou hoor ons dat God te midde van die oordeel ook genade betoon.

Die Here het die werk van Israel geseën sodat hulle 'n sekere welvaart beleef het. Hulle kon van die kinders van Esau voedsel en water koop. God het wonderlik vir Sy wederstrewige volk gesorg, sodat niks hulle ontbreek het nie. Maar God se genade word nog mooier in die volgende gesien: Ons lees dat Hy Israel se trek deur die groot woestyn geken het. God ken dus hul afvalligheid en gedurige ongehoorsaamheid. En nieteenstaande dit alles het Hy hulle geseën. God is voorwaar 'n Vader en die enige Here. En hoe regverdig is God nie teenoor die nakomelinge van Esau nie! Israel mag hulle geen leed aandoen of iets van hulle besittings neem nie.

In hierdie opdrag van God het ons die beginsel van naasteliefde. Ons moet mekaar gun wat mekaar toekom. Want wie teen sy naaste oortree, oortree teen God. Hierdie Skrifgedeelte hou ook 'n pragtige vertroosting in. Al het ons alles in ons lewe deur die sonde verbrou, mag ons bly hoop op die genade van God. En Sy genade word beliggaam in Sy Seun, Jesus Christus, wat ons met God versoen het.

10 Augustus. **Lees** Deut. 3:23-29. **Teks:** Deut. 3:27.

BERUSTING IN GODS BESLUIT.

In hierdie Skrifgedeelte is Moses, die kneg van die Here, besig met 'n ontroerende smeekgebed. Hy wil so graag sy lewensideaal, wat hy met soveel ontberinge nagestreef het, verwesenlik sien. Voor hom lê Kanaän, die beloofde land . . . maar hy mag oor die Jordaan nie gaan nie!

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

TRANSVAAL SE LEWENSKRAGTIGE LANDELIKE UNIVERSITEIT IS DIE UNIVERSITÊRE TUISTE VAN U KIND.

Die P.U. vir C.H.O. bied:

- ☐ Voortreflike studiefasiliteite in ses fakulteite (Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Teologie, Opvoedkunde, Ekonomiese Wetenskappe, Regte).
- ☐ Gespesialiseerde kursusse soos Bodemkunde, Beeldende Kunste, Biblioteekkunde, Kommunikasiekunde en Perswetenskap, Musiek (ook Kerkorrel), Publieke Administrasie.
- ☐ Ruim studiebeurse en -lenings.
- ☐ Aangename koshuislewe en lewendige studentelewe.
- ☐ 'n Verskeidenheid sportsoorte onder leiding van die Sportinstituut.

Skryf om nadere besonderhede aan:

DIE REGISTRATEUR (AKADEMIES),
P.U. VIR C.H.O.
POTCHEFSTROOM.

VZ&R — K585/205AT/2

Wat God eenmaal in Sy wysheid besluit het, sal niemand verander nie. Die digter, Totius, het hierdie gedagte pragtig uitgebeeld in sy gedig, „Die Godsbesluit":

„Bo al u donker bome, o Heer,
groei my 'n enkele reusboom uit:
dit is die wag-'n-bietjiebos van u besluit.
Van ver so skoon, so groen, so blink —
maar hoe verward wanneer ek dieper kyk en dink
as wat 'n sondaar pas.
En steek ek dan my hande uit na u besluit
dan gryp ek in die dorings vas."

Die gelowige ontvang egter die genade om te berus en God se besluit te aanvaar. In die geval van Moses het God vir hom nuwe vergesigte geopen toe hy op Pisga gestaan en kyk het na die beloofde land. Al kon hy nie oor die Jordaan gaan nie, sou hy weldra oor 'n ander diep rivier gaan na sy ewige tuiste by God. In Christus het God vir Sy gelowige kinders die eintlike beloofde land voorberei.

11 Augustus. **Lees** Deut. 4:1-8. **Teks:** Deut. 4:1.

DANKBAARHEID LEI TOT GEHOORSAAMHEID.

Moses openbaar hier die mooi gesindheid dat hy tevrede is met God se beskikking rakende hom en die beloofde land. Hy gaan voort om as voorganger in die Naam van die Here op te tree en spoor Israel aan om Sy gebooie te onderhou.

Dit word hier in hoofstuk 4 beklemtoon dat die volk uit die tugtiging van die Here moet leer. Vir die reggesinde gelowige word altyd die goeie uit tugtiging gebore. God het nie die hele volk uitgedelg by die berg Peor nie. Hy het geleentheid tot versoening met Hom gegee deur lede van die volk te laat deelneem aan die straf van die skuldiges. Op daardie dag het vier-en-twintigduisend gesterf. Dit was bedoel om Israel te louter. Hulle behoort dankbaar te wees dat God die volk gespaar en hulle nie na verdienste gestraf het nie. Hierdie dankbaarheid vir die vergifnis van sonde moet as dryfveer dien om God te gehoorsaam.

As Israel die Here se gebooie onderhou, sal hulle lewe. So lank Israel van God afhanklik wil wees, sal dit met hulle goed gaan. Hulle moet nooit op eie krag en verdienste staatmaak nie. Die gehoorsaamheid aan hul eie drange en begeertes het hulle agter afgode aan laat hoereer.

Ons swak en nietige mense moet ons net op God verlaat en wag op Sy guns en genade. Dan sal ons ook, soos Israel van ouds, as 'n wyse en verstandige volk geprys word. Ons moet net nie toelaat dat die gawes van liefde en gehoorsaamheid aan God as gevolg van ons ongehoorsaamheid, deur ons vingers glip nie.

12 Augustus. **Lees** Deut. 5:1-21. **Teks:** Deut. 5:2.

DIE VERBONDSGOD.

Moses het telkens die volk van Israel in vergadering opgeroep en hulle toegespreek. In die rede wat 'n aanvang neem in hoofstuk vyf, herinner Moses eers die volk daaraan dat die Here by Horeb met die volk 'n verbond gesluit het; „Die Here onse God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit."

Die nadruk val by herhaling op die verhouding tussen God en die vol Israel. Die Here is die God van Israel, en die volk Israel is die volk van die Here. Hierdie verhouding word uitgedruk deur die woord „verbond". God verbind Homself aan die volk. Dit doen God uit genade. God het Israel uitverkies en skenk aan Israel sy seëninge geestelik en stoflik. So het Hy hulle uitgelei uit die slawehuis van Egipte.

Die verbond bind aan die anderkant ook die volk. God gee sy wet aan Israel tot onderhouding en tot gehoorsaamheid. „Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe."

Die verbond met die volk aangegaan hou dan heil in vir die volk. Die heil is daarin geleë dat God Homself aan die volk verbind het. Hierdie verbond hou stand. God vra egter gehoorsaamheid. Hy alleen moet gedien word as die enige Here. Geen ander god mag voor sy aangesig gebring word nie.

In Jesus Christus sluit God 'n nuwe verbond met die mense. Die nuwe Israel kom tot stand. In die geloof het ons hieraan deel. Hierdie verbond vra van ons opnuut gehoorsaamheid en trou.

13 Augustus. **Lees** Deut. 5:22-33. **Teks:** Deut. 5:32.

DIE REGTE VERSTAAN VAN DIE WET.

Om die wet van God te onderhou is die uitdruklike opdrag deur die Here God aan die volk Israel, sy verbondsvolk. Dit gaan om die doen soos die Here julle God julle beveel het; „julle mag nie regs of links afwyk nie."

Die wet van God is nie net 'n saak om kennis van te neem, of om van buite te leer nie, maar dit is 'n saak van die hart en die lewe. In die feit dat die Here Israel eers verlos het uit die band van slawerny en daarna sy wet aan hulle gegee het, lê die rede om in dankbaarheid vir die verlossing die gebooie te onderhou, en as tweede motief, dat dit dan met die volk sal goedgaan. Die onderhouding van die wet uit dankbaarheid gee aan die volk welsyn en lewe. „In al die weë wat die Here julle God beveel het moet julle wandel, sodat julle kan lewe en dit met julle goed kan gaan." God gee nie alleen verlossing uit diensbaarheid nie, maar ook die moontlikheid van lewe.

In Jesus Christus het ons die grote verlossing uit die hand van God. God verlos ons van die mag van sonde. Aan ons word die wet ook voorgehou as reël van die dankbaarheid waarvolgens ons moet lewe. Ons moet egter waak teen die verkeerde opvatting van die wet. Ons onderhou nie die wet om daardeur die saligheid te verdien nie, maar ons mag nie links of regs afwyk van die wet nie omdat ons God dankbaar is vir die verlossing.

In hierdie verband hoor ons die woorde van Jesus Christus: „Laat julle lig so skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is verheerlik." So word die boom geken aan die vrugte wat hy voortbring.

14 Augustus. **Lees** Deut. 6:1-5. **Teks:** Deut. 6:5.

LIEFDE TOT GOD.

„Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod." Hierdie is die opsomming van die eerste tafel van die wet soos deur Jesus Christus self uitgespreek. Liefde tot God — dit is die groot gebod. Daaroor gaan dit in die eerste tafel. Liefde moet aan God bewys word deur Hom trou te bly, geen afgode voor sy aangesig te hê nie, geen beeldediens nie, en die regte en eerbiedige gebruik van sy Naam.

Op een woord na staan die woord wat Christus uitgespreek het net so in ons teks. Veelbetekend is dit dat dit hier staan. Die eis om liefde tot God vloei voort uit die „onse God" van vers vier. Hier is daar geen plek vir verdeelde liefde nie. „Met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag." Hart en siel kan hier in dieselfde betekenis gesien word. Dit dui die innerlike aan waar die liefde setel. Die liefde tot God is nie iets buite die mens wat hy maar teësinnig sal gehoorsaam nie maar die liefde tot God behoort deel van die mens te wees. Die liefde tot God kom eerste en dit moet alles oorheers.

Met alle krag van hart en siel maar ook met die krag van die liggaam, want ook in die dade van die mens moet die liefde tot God na vore kom. Hierdie liefde tot God kán op grond daarvan dat Hy die mens eerste liefgehad het, dat Hy met die mens 'n verbond opgerig het en dit bevestig het in die Seun van Sy liefde, Jesus Christus; „Want so lief het God die Wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Die eis van liefde tot God hou steeds stand in ons moderne wêreld. „Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag."

15 Augustus. **Lees** Deut. 6:4-9 en 20-25. **Teks:** Deut. 6:7.

VAN GESLAG TOT GESLAG.

Op verskeie plekke in die Bybel word die opdrag helder en duidelik gegee om die kennis van God en sy gebod deur te gee aan andere — aan hulle wat hierdie kennis nog nie het nie,of nog nie so uitgebreid en helder besit nie. Die opdrag om die kennis van die Here veral aan kinders te leer, kom dikwels in die Bybel voor. In Deut. 4:10 word aan ons beskrywe dat die volk vergader is; „om te leer om My te vrees al die dae wat hulle op aarde lewe, en dit aan hulle kinders te leer." Ook die Psalmdigter van Ps. 34 laat die oproep opklink: „Kom, kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van die Here leer."

Ook ons teks het hierdie saak tot inhoud. „En jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan." Geloof is 'n sekere kennis van God en sy beloftes, sê die Heidelbergse Kategismus onder andere. Hierdie kennis van die enige, getroue God is die mees kosbare erfenis op aarde, en dit moet bo alle dinge en ten alle koste deurgegee word van geslag tot geslag. Die wyse waarop dit gedoen moet word, is om

daaroor te praat in die huis, op die pad, aan die begin van die dag, in die aand, tydig en ontydig, oral en te alle tye. Die kinders van die volk van die gelowiges moet voortdurend herinner word aan die dade van uitkoms, van verlossing wat God verrig het. Hierdie kennis moet nie alleen in die hart gedra word nie maar moet met die mond bely word en moet deur die daad bekragtig word.

Veral hoor ons die opdrag om Gods weg en wet te leer in die doopbevel van Matt. 28. Nadat die opdrag tot die doop gegee is word gesê: „en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."

Nou die vraag: Getuig die uiters swak kennis van die katkisante en die lidmate nie ernstig teen ons nie?

16 Augustus. **Lees** Deut. 6:10-19. **Teks:** Deut. 6:12.

WAAK TEEN AFVALLIGHEID IN TYE VAN VOORSPOED.

Aan die versoeking om van God en sy weldade te vergeet in tye van voorspoed, word daar deur baie toegegee. Mense wat deur een of ander teëspoed geteister word, of in een of ander ellendige toestand verkeer, is gewoonlik meer standvastig in die geloof as hulle medemense wat tye van voorspoed beleef. Die mens wat geteister word is in baie gevalle dan aangewese op die hulp van God. So ken ons die spreekwoord dat nood leer bid. Die mens wat egter voorspoed beleef is al te geneig om op eie kragte te vertrou en afvallig te raak in die geloof.

Nou waarsku Moses die volk van Israel dat hulle daarteen moet waak om nie die weldade van die Here te vergeet nie. Die volk het reeds flink gevorder op die pad na die beloofde land. Moses stel aan die volk dat as hulle die beloofde land Kanaän ingegaan het, hulle oorvloed sal ken. Mooi stede, huise, wingerde en olywe sal hulle deel wees. 'n Vrugbare en goedontwikkelde land het op hulle gewag. Dit alles, tesaam met die verlossing uit Egipteland wat hulle reeds ondervind het, het hulle uit die hand van die Here ontvang. Daarom sou dit skandelik ondankbaar wees indien die volk, nadat hulle soveel geniet het, afvallig sou raak en die Here sou vergeet. Hierteen word nou ernstig gewaarsku. Die God wat hulle uit Egipte uitgelei het is alleen God. Die knie mag nie gebuig word voor enige ander god nie. Rykdom en voorspoed mag dan ook nie kom in die plek van die vrese van die Here nie.

In ons land ken ons die afgelope paar jare ook groot voorspoed. Op stoflike vlak gaan dit met ons op enkele uitsonderings na besonder goed. Die waarskuwing klink op: Ons mag nie toelaat dat die rykdom en voorspoed ons geloof verdring nie. Vas van voet en met oë gevestig op Jesus Christus ons owerste Leidsman en in dankbaarheid vir die groot weldade aan ons bewys, moet ons voortgaan.

17 Augustus. **Lees** Deut. 7:1-11. **Teks:** Deut. 7:6.

GEEN KOMPROMIS MET HEIDENDOM.

Die volk van Israel word opgeroep tot algehele lojaliteit teenoor die Here hulle God. En nou word die voorskrif ook gegee dat hulle hulle geensins met die heidense godsdienste wat hulle in die land Kanaän sal aantref mag kompromitteer nie. Hier kan die gedagte gekoester word, dat aangesien God Israel nou uitverkies het, Hy in geen

ander volk hoegenaamd geïnteresseerd is nie. Dit is egter nie so nie. Die volk Israel is opgeroep tot diens van die Here waarvan hulle nie losgemaak kan word nie. „Want jy is 'n volk, heilig aan die Here jou God." In Bybelse sin beteken die woord „heilig" om afgesonder te wees — die volk Israel is dan afgesonder tot diens van God alleen. Daarom word die voorskrif gegee dat al die altare en klippilare en heilige boomstompe omgegooi en verbrysel moes word.

Onder die volkere van die wêreld is die volk Israel geroep om deur sy besondere gebondenheid aan God, getuie van God in die wêreld te wees. Die besondere verbondenheid van Israel aan God is nie as gevolg van sy eie goedheid of grootheid nie, maar as gevolg van die liefde en trou van God. In hierdie besondere verbondenheid is daar geen plek hoegenaamd vir die diens aan 'n ander god nie.

In Jesus Christus sien ons die trou en liefde van God tot ons kom. Ware liefde en trou soos die wat in Jesus Christus tot ons kom ken geen kompromis met die heidendom nie. Hierdie liefde en trou oorwin die heidendom en vra van ons wederliefde en trou. Ook ons is opgeroep tot diens aan God in liefde en trou waar daar nie plek is vir diens, of liefde, of trou, aan enige ander god nie.

18 Augustus. **Lees** Deut. 7:12-26. **Teks:** Deut. 7:14.

DIE SEËNINGE VAN GOD.

In Deut. 7:12-16 kry ons een van die geliefkoosde temas van die boek, naamlik die seëninge van die troue God. In hierdie verse tree die eis van die verbond op die voorgrond.

Aan die volk van Israel sou daar groot seëninge bo die maat toebedeel word. Ons kry hier 'n beskrywing van die seëninge wat Israel by die onderhouding van die gebooie sou ontvang. „Geseënd sal jy wees bo al die volke; daar sal by jou geen man of vrou onvrugbaar wees nie, ook nie onder jou vee nie." Om geseënd te wees beteken om onder die beskerming van God gelukkig te wees. Voorspoed en geluk in dan jou deel.

So het die volk dit reeds ondervind. Die Here God was die Een wat eerste gehandel het. Hy het die verbond met die volk gesluit. Die Here het voortgegaan om die volk te lei en te bewaar. Dit was die Here God self wat die volk verlos het uit die slawehuis. Die volk van Israel het die eiendomsvolk van God geword.

Aan die verdere voortgang van hierdie seëninge is daar egter 'n voorbehoud verbonde. „En omdat julle na hierdie verordeninge sal luister en dit hou en dit volbring, sal die Here jou God aan jou die verbond en die goedertierenheid hou wat Hy jou vaders besweer het."

Die antwoord van Israel op die eis van die verbond word gevra. Die goedertierenheid en guns wat die volk reeds ondervind het sal voortgaan „omdat julle na die verordeninge sal luister." Hieraan kon die volk egter nie ten volle beantwoord nie.

Tog bly die Here se vrye liefde tot die volk, die grondslag van alles. „Omdat die Here julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die Here julle met 'n sterk hand uitgelei."

Die volheid van die seën van God bly weggebêre vir die voleinding, nie as vrug van die mens se wetsonderhouding nie, maar as vrug van God se vergewende genade in Jesus Christus.

19 Augustus. **Lees** Deut. 8:1-2. **Teks:** Deut. 8:2.

DIE BETEKENIS VAN GOD SE GEBOOIE.

In die hoofstukke wat Deut. 8 voorafgaan, lees ons hoe Moses die wette van die Here opnuut weer by die volk ingeskerp het. So vind ons by hom onder andere ook 'n herhaling van die Tien Gebooie wat reeds in Exodus 20 volledig opgeteken is. Maar as hy dit nou klaar gedoen het, dan kom hy hier in Deut. 8 met dieselfde belofte wat die Here God reeds lank tevore aan die aartsvaders gedoen het: dat as die volk hierdie gebooie van God sorgvuldig hou, hulle nie alleen sal lewe en vermenigvuldig nie, maar ook die beloofde land in besit sal neem.

Maar dis nie al nie. Direk na die belofte, spreek hy verder ook die woorde van ons teksvers: „En jy moet dink aan die hele pad waarlangs die Here jou God jou nou 40 jaar lank in die woestyn gelei het."

En dis belangrik. Want met hierdie opdrag leer Moses die volk op watter manier hulle aan die Wet van God moet vashou. Hulle moet die Wet nie sien as 'n middel waardeur die beloftes van God verdien of afgedwing kan word nie, maar as 'n geleentheid om vir die Here dankie te sê vir 'n belofte wat Hy nie nodig gehad het om te gee nie, maar wat Hy uit loutere genade nogtans gegee het.

Ja, as Moses dus die volk beveel: Doen die Wet van die Here maar doen dit terwyl julle dink aan die hele pad waarlangs hy julle gelei het, dan sê hy baie duidelik vir hulle dat hulle redding by God alleen berus, en dat hulle hoogstens met die hou van die Wet net daarvoor dankie kan sê.

En so geld dit ook vir ons: Ook ons moet die Wet hou om dankie te sê. Want toe ons onsself nie kon red nie, het God in sy Seun dit vir ons gedoen, en vir ons soveel temeer rede gegee om uit loutere dankbaarheid sy gebooie te hou.

20 Augustus. **Lees** Deut. 8:3-10. **Teks:** Deut. 8:3.

DIE DOEL VAN BEPROEWINGE.

In die verse wat ons teksvers voorafgaan het Moses die volk beveel om die Wet van die Here te doen terwyl hulle in dankbaarheid terugdink aan die pad waarlangs die Here hulle vir 40 jaar lank deur die woestyn gelei het.

Maar wat het hulle nou gesien terwyl hulle so teruggekyk het op die pad wat agter lê? Daar was baie dinge. Partykeer voorspoed en partykeer teëspoed; vreugde, maar heel dikwels ook leed; soms blydskap, maar om eerlik te wees, meeste van die tyd hartseer, en pyn en lyding. Ja, as hulle eerlik wou wees oor dié besondere deel van hulle lewe, dan sou hulle moes erken dat die beproewinge miskien meer was as dié dinge wat hulle eerder sou wou hê.

Maar nou kom Moses in ons teksvers en sê hy vir hulle iets wat baie duidelik verklaar waarom dinge so gebeur het.

Hy sê vir hulle dat die Here dit gedoen het met 'n doel. Die Here het hulle verneder en kaalgestroop van alle selfvoldaanheid; Hy het hulle dikwels laat honger en dors ly, en hulle later ook geleer om die manna wat hulle tevore nie geken het nie te eet. Ja, Hy het hulle op baie maniere beproef.

Maar dit was alles om hulle te leer dat daar ander dinge is wat groter is as dié dinge wat mense so hoog skat. Dinge soos die beloftes en die genade en die Woord van God. Dinge waarvan 'n mens alleen die waarde leer ken deur die lyding en beproewing heen.

En so het die Here ook met ons gemaak. Deur lyding en smart heen het Hy vir ons geleer hoe lief Hy ons het. Maar die wonder van alles is dat Hy in ons plek die smarte gedra het sodat ons op sy rekening die genade kon ontvang.

21 Augustus. **Lees** Deut. 9:13-19 en 23-26. **Teks:** Deut. 9:26

'N GEBED VIR GOD'S VOLK

Met die deurlees van die Skrifgedeelte kom daar 'n beeld van Gods volk voor ons oë op wat nie mooi is nie. In vers 13 lees ons hoe die Here self sê dat Israel 'n hardnekkige volk is en dat Hy hulle maar liewer wil verdelg. In vers 16 vertel Moses hoe hy aanskou het hoe die volk afgode dien. En in vers 23 word verhaal hoe die volk wederstrewig was en die Here nie geglo en na Sy stem nie geluister het nie.

En tog lees ons aan die einde van al hierdie aanklagte hoe Moses voor die aangesig van die Here neergeval en vir die volk gebid het.

En wat hy tot die Here gebid het, is baie belangrik. Want toe hy vir die volk intree was dit bloot net 'n uitroep om Gods genade. Hy het niks gehad om vir die Here aan te bied nie. Geen prestasie, geen heldedaad, geen verdienste nie. Menslik gesproke het hy dus geen reg of geen rede om hoegenaamd vir Israel by die Here te bid nie.

En tog doen hy dit! En wat meer is: As ons gaan kyk na sy gebed dan sien ons dat hy hom selfs op iets beroep ook! Hy beroep hom op Gods genade. Want die volk vir wie hy bid, sê hy, is die volk wat God só liefgehad het dat Hy hom uit Egipte verlos het. Hy vra dus genade op grond van Gods genade alleen.

En so is dit ook met ons. Soos Israel van ouds verdien ons geen verlossing nie. Tog is daar Een wat vir ons intree. En die grond waarop Hy vir ons om verlossing smeek, is God se eie genade aan die kruis van Golgota.

22 Augustus. **Lees** Deut. 10:10-15. **Teks:** Deut. 10:14-15.

GOD HET UITVERKIES.

In ons teksvers praat Moses van die onverstaanbare wonder van God se uitverkiesing. Hy sê twee dinge: In die eerste plek, dat alles aan die Here behoort — die hemel en die aarde en alles wat daarin is. Maar verder in die tweede plek dat God, ten spyte daarvan dat alles aan Hom behoort, een volk uitverkies het en dat Hy aan daardie volk sy liefde betoon het.

Maar nou is die vraag: is hierdie uitverkiesing van God werklik so onverstaanbaar, of soos sommige mense sê: onregverdig?

Die antwoord is: ja en nee. Aan die een kant „Ja", as 'n mens die wonder daarvan met die verstand wil probeer deurgrond, of as 'n mens by dié wat uitverkies is die rede of grond vir hulle uitverkiesing wil gaan soek. Want dan stuit 'n mens teen vrae waarop daar geen antwoord is nie.

Maar aan die ander kant is die antwoord op hierdie vraag ook „Nee". Nee, God se uitverkiesing is nie so onverstaanbaar of selfs onregverdig nie, solank ons dit gaan sien binne die raamwerk van God se liefde vir al Sy skepsels — daardie liefde wat ten volle geopenbaar is aan die kruis van Golgota.

Want as ons Sy uitverkiesing gaan sien in die lig van die kruis, dan verstaan ons dat God Israel uitverkies het omdat die Verlosser uit hom gebore sou word: Hy in wie elke gelowige bestem is tot Goddelike uitverkiesing.

23 Augustus. **Lees** Deut. 11:8-12. **Teks:** Deut. 11:11-12

DIE BELOOFDE LAND.

Nadat Moses nou in verse 8 en 9 vir die soveelste keer die volk ingeskerp het hoe belangrik dit is om Gods gebooie te onderhou, gaan hy in ons teksverse voort om te praat oor die heerlikheid van die beloofde land wat deur die gehoorsames in besit geneem sal word.

Hy praat eers van die land self: Dis 'n mooi land. Want berge en rante is daar baie. Maar dis ook 'n bruikbare land. Want tussen die berge en rante is daar volop laagtes; volop bewerkbare en vrugbare grond „wat van die reën van die hemel water drink." Maar uitnemender as al hierdie eienskappe is die feit dat hierdie land vir God na aan die hart lê. Dis 'n land waarvoor Hy self sorg, en wat Hy gedurigdeur onder oë het. 'n Land waar 'n mens dus veilig en vrolik kan woon.

En as 'n mens nou daaroor dink dat hierdie beloofde land, wat Israel toe wel in besit geneem het, net maar 'n skadubeeld was van die eintlike beloofde land, die nuwe Jerusalem wat wag vir die Nuwe Israel, dan besef ons opnuut hoe wonderlik die toekoms is vir elkeen wat in Christus glo. Dis 'n toekoms waar ons sal geniet van die heerlikheid van ons Vaderhuis tot in ewigheid.

24 Augustus. **Lees** Deut. 11:19-21. **Teks:** Deut. 11:18-21.

KOSBAARDER AS GOUD.

In die vorige verse het Moses met die volk gepraat oor die wonder van die land wat God aan sy gehoorsames beloof het. In eenvoudige maar tog treffende woorde het hy die uitnemendheid daarvan beskryf.

Maar soos so dikwels te vore kom hy weer in hierdie stuk met 'n vermaning oor die belangrikheid van Gods gebooie na vore.

As hy praat met die grootmense en die ouers dan pleit hy dat hulle sy vermaninge nooit moet vergeet nie. Hulle moet dit vashou met hart en siel, en gedurigdeur daarvan bewus wees soos iets wat jy in jou hand dra, of soos iets wat altyd voor jou oë is.

En as hy dink aan die kinders dan pleit hy weer; dan pleit hy dat ook hulle geleer moet word dat Gods gebooie, en die vashou daaraan, kosbaarder is as goud. En hulle moet dit nie maar net nou en dan doen nie. Hulle moet dit inskerp, tydig en ontydig: tuis en op pad, saans en soggens, in die eie kring en ook daar buite. Want, so sê hy, vir hulle wat dit doen, sal die dae in God se beloofde land baie en heerlik wees.

En as hierdie woorde dan gegeld het vir die Jode van ouds, dan geld dit vandag ook nog vir ons. Laat ons dan ook nie vergeet nie dat die vashou aan Gods gebooie vir ons kosbaarder is as goud.

25 Augustus. Lees Deut. 11:26-32. Teks: Deut. 11:26-28.

SEËN OF VLOEK?

In ons teksvers stel Moses die volk voor 'n keuse. As hulle vashou aan die gebooie van die Here, dan sal hulle geseën word. Maar as hulle verkies om sy gebooie te verwerp, sal 'n vloek hulle tref.

En as ons nou gaan kyk na die oorspronklike betekenis van hierdie woorde, dan sal ons besef hoeveel hierdie woorde vir die Jode beteken het. Die woord „seën" hang in Hebreeus baie nou saam met „vrugbaarheid". Om geseën te word het dus vir hulle iets konkreets beteken. In alles sou hulle die seëning van vrugbaarheid ervaar, in hulle huise, in hulle kuddes en op hulle lande. En as gevolg van daardie seëninge sou hulle lewens betekenis kry.

Maar die woord „vloek' 'beteken weer net die teenoorgestelde. Om vervloek te wees beteken letterlik om sonder enige gewig te wees, om lig te wees, dit wil sê ook om sonder enige besittings of belangrikheid of betekenis te wees. En vir die Jood was dit iets vreesliks.

Maar behalwe vir die letterlike betekenis het daar in hierdie twee dinge wat Moses die volk voorgehou het, ook 'n diepere betekenis gelê. Want toe hy hulle die seën beloof het, was daar alreeds 'n belofte van die grootste Seëning van alle tye in: Die Seun wat God aan die mensdom sou gee en wat oneindig meer as net stoflike seëninge sou bring.

En vandag het ons reeds daardie Seën ontvang! Laat ons dus uit dankbaarheid elke dag vashou aan die gebooie van Hom wat daardie Seën klaar aan ons geskenk het.

26 Augustus. Lees Deut. 12. Teks: Deut. 12:5 en 11.

GODGEWILDE EN EIEWILLIGE GODSDIENS.

God openbaar nie net Wie Hy is nie, maar ook hoe Hy gedien moet word, sluit ook in waar Hy gedien moet word. Omdat God se diens 'n heilige voorreg is, kon Israel nie maar soos die Kanaäniete op 'n profane wyse onder elke groen boom dien nie. Die enigste heiligdom is die plek wat God gekies het om Sy Naam te laat woon. Die Kanaäniete het 'n veelgodedom voorgestaan wat hulle gerieflik met die natuur verbind het. Teenoor hierdie baie aanbiddingsplekke het God vir Sy diens net een plek aangewys. God is 'n enige God wat alle eiewilligheid uitskakel deur self vir Sy Naam 'n aanbiddingsplek aan te wys. Hy is Skepper van die natuur en nie deel daarvan nie.

Op die plek wat God bestem het, moes elke Israeliet die keur van sy offerandes bring. Dit moes die beste wees wat met vreugde en hartelus gebring word, soos God dit self bepaal het. So skakel God elke vorm van menslike willekeur uit.

In ons eie lewe is daar nog soveel eiewillige godsdiens. Ons dien God waar ons wil en soos ons wil. Ons dink dat die kerk nie vir ons nodig is nie. Ons sê ons lees mos die Bybel en bid by die huis. Daarby word ons swakste en gebrekkigste offer vir God afgestaan en dan nog met 'n swaar gemoed. Die dankbare Christen gelowige sal sy keur gelofte-offers bring, met vreugde, soos God dit wil en daar waar Hy vir Sy dienswerk 'n plek en tyd bestem het.

God se diens is nie 'n geleentheidsdiens net vir doop, dood of troue nie. Wie so dien verstar in 'n bygelowigheid. 'n Siekbed, begrafnis, doop of troue is nie 'n natuurkrisis nie. Dit mag nie oorbeklemtoon word ten koste van jou ander dienswerk nie.

27 Augustus. **Lees** Deut. 13. **Teks:** Deut. 13:4.

WAT BRING LUISTER MEE?

Die tekshoofstuk gee 'n voorskrif met betrekking tot valse profete en voorstanders van afgodery. Die luister na sulke vreemde stemme bring vreemde navolging en vreemde diens mee.

Wie of wat is ons besig om na te volg, te vrees en te dien? Ware navolging kan alleen agter Christus aan wees. Weet ons nog wat die vrese van die Here beteken en ken ons Sy gebooie? Die Godsvrese is nie bangheid of angstigheid nie. In Sy teenwoordigheid is daar huiwering, maar dit skep nie net distansie nie, maar smee ook 'n innige band. Wie God vrees sal Sy gebooie onderhou. Die Godvresende is 'n gehoorsame. Wie Gód vrees, het geen ander vrees nie.

Na God se stem alleen mag geluister word en Hy alleen mag gedien word. Ons luister so graag na vreemde stemme. Baie wend hulle tot waarsêers of fortuinvertellers. Ons luister graag na die afgod wat ons Noodlot noem. Ander luister na die stem van hulle gevoel byvoorbeeld. „As ek so voel sal ek kerk toe gaan." Selfs die teerste gevoelens mag jou nie agter die vreemde laat aanloop nie.

Die Here sal selfs beproewinge oor ons bring waarin Hy ons toets of ons onder alle omstandighede aan Hom vashou en Sy stem gehoorsaam. Op ons lewenspad kan ons baie stemme van verleiding te wagte wees. Onder toelating van God sal daar valse profete wees wat selfs wondere doen. Gaan ons geloof dáárby wankel? Alle tekens bewys nie die egtheid van 'n profetiese woord nie. Alles wat aanspoor tot 'n vreemde diens buite Gods Woord om, moet afgewys word. Johannes sê: „Geliefdes vertrou nie elke gees nie, maar beproef die geeste of hulle uit God is, want baie profete het uitgegaan in die wêreld." Om te weet dat dit Skrifwoord is, sal die Skrif geken moet word. Alles wat mooi klink, is nie noodwendig reg nie.

28 Augustus. **Lees** Deut. 14:1-21 en Rom. 8:14-17. **Teks:** Deut. 14: 1 en 2.

KINDSKAP IS HEILIG.

As lede van die verbondsvolk, staan Israel in 'n besondere betrekking tot die Here. Feitlik in een asem word hulle genoem kinders van die Here en 'n volk heilig aan die Here hulle God. Hulle is deur God uitverkies om Sy eiendomsvolk te wees.

Kindskap en heiligheid word hier in verband met mekaar gesien. Hoe kan ons kind van God wees en wat impliseer die heiligheid?

Kindskap van God is geen menslike verdienste of prestasie nie. Ons is nie kinders vanweë ons voortreflikheid nie. Ons is dit vanweë God se uitverkiesende genade. God is die oorsaak van alle kindskap en eiendomsvolklikheid. Hy is van ewigheid af Vader. Die Vader-kind verhouding in die Bybel is van omvangryke betekenis. Van die diepte daarvan was die kerk van alle eeue bewus. Die gebed wat Christus ons gegee het, begin met „Onse Vader" en so ook die belydenis van die kerk: „Ek glo in God die Vader".

Ons kan ook nie maar kind wees na eie goeddunke nie. God reël Sy huishouding self. Eerstens kan ons alleen deur Jesus Christus, die Seun van God, tot kind aangeneem word. En sulke kinders is heilig aan die Here. Heilig beteken afgesonder. God se kind mag hom nie vereenselwig met afgodspraktyke nie. Kindskap is volgens die tekshoofstuk onverenigbaar met heidense gewoontes soos om byvoorbeeld die liggaam te ontsier of gruweldade te doen. Die kind van die Here is afgesonder tot Sy diens alleen. As Vader wil Hy sy beskuttende beveiliging en beskermende liefde aan Sy kinders verleen. In Christus Sy Seun het Hy Hom neergebuig na ons. Wie Christus nie ken nie, kan God ook nie as Vader hê nie. Hy het juis Sy Seun gestuur om die Vader-kind verhouding wat deur die sonde geskend en ontheilig is, weer te herstel en te heilig.

29 Augustus. **Lees** Deut. 15:7-18 en 2 Kor. 9:1-15. **Teks:** Deut. 15:11.

'N GEOPENDE HAND.

In hierdie teks kom die sorgende karakter van die Deuteronomiumboek na vore. Hier het ons 'n voorskrif vir die behoeftige. In sowel die Ou- as die Nuwe Testamente word die gelowige op die hart gedruk om sorg te dra vir die medemens in nood. „Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die ellendige en die arme in jou land . . . want die arme sal in die land nie ontbreek nie."

Diesulkes sal daar altyd wees, ook in die rykste en florerendste land. Nood is egter nie net materieel van aard nie. Nood kan ook geestelik wees. Veral in ons tyd is geestelike nood seker die grootste nood.

Tiperend van Deuteronomium is dat elke Israeliet gesien word as 'n broer van diegene wat naas hom geplaas is. Ryke en arme is broers. Jou land is ook sy land. Albei deel in die weldade van God. Vir jou broer in nood moet jy jou hand oopmaak want ook jy leef nie anders as uit God se hand nie. God verbind Sy seën aan die geopende hand. Die geslote hand kan 'n vloek oor jou bring. Wat sal gebeur as God Sy hand toemaak? Die prediking van die oop hand waarsku teen innerlike verset. Verset sluit die hand. Dit is 'n hartsaak. Die hand word bestuur deur die hart. Van die hand kan niks verwag word as die hart verhard is nie.

Die priesterskap van die gelowige is hier ter sprake. Ons moet mekaar sien as die naaste vir wie Christus gesterf het. Hy het Hom sonder voorbehoud vir almal gegee. Almal lewe van gegewe goed. Die hand kan op verskillende wyses oop wees. Die hand kan byvoorbeeld oop wees vir armes in materiële nood of vir eensames in geestelike nood. Wie hom laat regeer deur die barmhartigheid van God, sal self barmhartig wees. 'n Bewoë hart bewerk 'n milde hand.

30 Augustus. **Lees** Deut. 16:1-17 en Hebr. 4:1-13. **Teks:** Deut. 16:12.

GODDELIKE HERINNERING.

„Jy moet daaraan dink dat jy 'n slaaf in Egipte was." Hierdie woorde kom herhaaldelik voor in die Deuteronomiumboek. Die Deuteronomiumboek is 'n herinnering aan wat God gedoen het en wat Hy gebied. Dit mag die mens nie vergeet nie, en nie vergeet om hieruit te lewe nie. Die hele Boek is dan ook ingestel op die praktyk van die lewe met God. Die belofte en die wet word telkens herhaal.

Die volk moet daaraan dink dat hulle slawe was in Egipte. So begin die Tien Gebooie ook. Hierdeur herinner God die volk aan verskillende dinge. Hulle moet daaraan dink dat hulle vreemdelinge was, dat hulle armoede geken het, dat hulle verdruk was, dat hulle wat soos slawe geleef en behandel is nou 'n uitverkore werktuig van God geword het. Hierdie woorde spreek God wanneer Hy nadere voorskrifte gee vir die Rusdagviering. Die Sabbat is nie 'n passiewe toestand van niksdoen nie, maar 'n dag van aktiewe diens tot eer van God. Op dié dag moet daar uit die herinnering geleef word dat daar rus en bevryding gekom het van die slawehuis in Egipte. Dit bring gehoorsame en dankbare aanbidding aan die alleen ware God.

Die Ou Testamentiese gelowige het gerus op die laaste dag van die week omdat hy uitgesien het na die volmaakte rus wat Christus sou bring wanneer Hy die mens verlos uit die slawehuis van die sonde. Die Nuwe Testamentiese gelowige rus in die volbragte werk van Christus wat gekom het. Daar word nie langer uitgesien na die rus aan die einde van die week en die herinnering nie, maar uit die rus wat gekom het, begin die Christen sy sabbat op die opstandingsdag van die week as 'n herinnering dat jy al die dae vorentoe sal rus van jou bose werke.

31 Augustus. **Lees** Deut. 16:18-22 en Spreuke 17. **Teks:** Deut. 16:19.

REG EN GEREGTIGHEID.

Oor die verdraaiing van die reg, partydigheid en die aanneem van 'n omkoopgeskenk is daar baie uitsprake in die Bybel. Hieroor word baie gehandel in die Wysheidsliteratuur soos byvoorbeeld Psalms en Spreuke. „Hoelank sal julle onregverdig oordeel en partydig wees vir die goddelose mense" Psalm 82:2. „Die goddelose neem 'n omkoopgeskenk aan wat uit die boesem kom, om die paaie van die reg te buig." Spreuke 17:23.

Vanweë sonde en ongeregtigheid was dit van die begin af nodig dat daar regters en owerhede sou wees. Misdaad moes op een of ander wyse bekamp word, anders sou die samelewing onduldbaar word. Dit was 'n opdrag van God dat Israel regters en opsigters vir hulle aanstel. Hulle moes die volk oordeel volgens 'n regverdige regspraak. Die voortbestaan van Israel was afhanklik van gehoorsaamheid en reg. Hier word die negende gebod nader omskryf.

Tog het daar spoedig op regsgebied ook baie wandade onstaan. Nie alleen is die reg dikwels verdraai nie, maar was die uitsprake ook partydig en omkoopsgeskenke het groot invloed uitgeoefen op die regverdige oordeel.

Die Bybel eis dat die skaal van die reg suiwer gebalanseer moet wees. Daar moet sonder aansiens des persoons geoordeel word. Gebeur dit nog altyd? Die minder aansienlike mens wat 'n eerlike lewe voer, word dikwels deur die goddeloses wat die aansien het, verdruk. Omkoopgeskenke speel 'n magtige rol. Op hierdie gebied is daar nie net tasbare oortreding nie. Ons ken die uitspraak: Daardie man het 'n skoen agter hom. Dit is hier waar dikwels nie sonder aansien des persoons nie en met 'n stuiwertjie agteraf baie bereik word.

Die gelowige moet lewe uit God se straffende geregtigheid en vergewende genade. Hy die onskuldige is in ons plek as 'n misdadiger gestraf.

1 September. **Lees** Deut. 16:21-17:13 en Hebr. 9:1-15. **Teks:** Deut. 17:1.

GEBREKKIGE EN VOLMAAKTE OFFER.

Die Goddelike voorskrif wat die kwaliteit van die offer beskryf, kom telkens voor in die Bybel. Daar word duidelik onderskeid gemaak tussen dit wat vir gewone gebruik goed was en dit wat 'n heilige doel moes dien.

Die offer aan God moes sonder gebrek wees. Die offerdier sonder liggaamsgebrek het egter nie beteken dat dit 'n volmaakte offer was nie, maar die voorskrif wat die gebrek wou bekamp, het juis die onvolmaaktheid, vlekkeloosheid en foutloosheid van die offergawe sowel as van die gewer beklemtoon. Die dier wat geoffer is, kan nooit volwaardig en volkome wees vir wat die mens aan God verskuldig is nie. Die mens sou nooit kon roem op sy offergawe nie. Die offergawe moes egter ten minste die beste voorhande wees, want 'n verkeerde offer of minderwaardige offer het gespruit uit die verkeerde gesindheid van die hart.

Die vlekkelose offer en enigste offer sonder gebrek was die selfoffer van Jesus Christus. Hy was tegelyk Hoëpriester en Offerlam. So volkome was daardie offer dat dit net eenmaal nodig was en nooit weer herhaal hoef te word nie. Daarmee het die seremoniële tempeloffers dan ook verval. Die Lam van God is geoffer tot 'n volkome versoening. Wie dit glo, bring sy dankoffers sonder reservering. Hoe skuldig staan ons nie hier nie! Hoe gebrekkig is ons dankbaarheid nie! Ons bring nie maklik aan mekaar gebrekkige en minderwaardige geskenke nie. Maar moet God altyd met die minste te vrede wees? Daardie sieklike afknypseltjie of oorblyfseltjie uit ons voorraadskure staan ons af terwyl God die enigste wat Hy liefgehad het en daarmee alles en volkome ter wille van ons geoffer het. Al wil ons ook hoe redeneer, die gebrekkige is maar net bewys van die kwalitieit van die geloof en daarmee ook ons dankbaarheid. Behoort alles nie aan God nie?

2 September. **Lees** Deut. 18:15-22; Hand. 3:22-26. **Teks:** Hand. 3:22.

CHRISTUS ONS GROOT PROFEET.

„Christus" is die Griekse vorm van die Hebreeuse naam „Messias" Albei hierdie name beteken in ons taal „Gesalfde". Christus is die ampstitel van Jesus.

Op die vraag „Waarom word Hy Christus, dit is Gesalfde, genoem?" antwoord die Heidelbergse Kategisme so: „Omdat Hy deur God die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar het . . . "

Jesus het Homself nie as groot Profeet benoem nie, maar is deur God die Vader tot hierdie amp geroep, aangestel en verordineer. Jesus die Christus is die Vervuller, die Openbaarmaker van die profete van die ou Verbond. Die profete van die ou Verbond wys heen na Christus — die groot en enigste Profeet van die Nuwe Verbond. In Jesus, die Christus, het die openbaring van God tot volle werklikheid gekom. Hierdie openbaring is volkome — niks kan of sal daarby gevoeg word nie en niks mag daarvan weggelaat word nie.

Die profete van die Ou Verbond is met olie gesalf, as sondaarmense was hulle onvolmaak. Jesus egter, is die Gesalfde van God, met die Heilige Gees gesalf tot ons hoogste Profeet en Leraar. Hy is die volmaakte — Hy is self God. Hy is God die Woord. Hy is nie 'n profeet wat die Woord van God bring nie, maar is self, in eie Persoon, Woord van God, die Openbaring, die Openbaarmaker, die hoogste Profeet, die Leraar van Sy volk, dit is Sy gelowiges.

Na Hom moet ons luister; volgens alles wat Hy met ons spreek, moet ons handel. En Hy spreek met ons — elke dag spreek Hy tot ons deur Sy Woord; leer Hy ons om in Hom te glo, want wie in Hom glo sal lewe tot in Ewigheid.

3 September. **Lees** Num. 35:26-28; Deut. 19:1-7; Heb. 9:11-28.
Teks: Heb. 9:15.

CHRISTUS. ONS ENIGSTE HOËPRIESTER.

In die tyd van Moses het God vrystede aangewys waarheen 'n persoon wat per ongeluk, per toeval, 'n mens doodgeslaan het, kon vlug. Iemand wat manslag begaan het kon deur die bloedverwante, die familie van die oorledene, gedood word om die vergote bloed te wreek. Maar in 'n vrystad was hierdie doodslaner veilig — net vlug kon hom red van die wraak van die bloedwreker. Sou hy dit buite die vrystad waag, kon hy doodgeslaan word.

Hierdie vlug voor die bloedwreker het geduur tot die dood van die hoëpriester binne wie se ampsterrein die betrokke misdaad begaan is. Na die dood van die hoëpriester mag die vlugteling nie meer tereggestel word nie; die skuld van die doodslaner is dan as versoen beskou.

Hierdie hoëpriester van die Ou Verbond was onvolmaak — hulle het self sonde gedoen. Voordat hulle vir andere versoening kon doen, moes hulle self versoening van God vra. Telkens weer moes hulle offer, want die offers wat hulle gebring het, was onvolmaak. Selfs al kon die dood van die hoëpriester iemand wat sonder opset doodgeslaan het vryspreek, kon die dood van een enkele hoëpriester nie alle doodslaners van alle tye vryspreek nie. Hierdie hoëpriester onder die ou Verbond wys heen na Jesus, die Christus, die Gesalfde van God, gesalf tot ons enigste volmaakte Hoëpriester, wat deur die hemele deurgegaan het om ons in alle opsigte gelyk te word, uitgesonderd die sonde.

Deur Homself aan die kruishout in die dood oor te gee as 'n offer, het Jesus Christus, ons enigste volmaakte Hoëpriester, vir ons 'n volmaakte, eenmalige offerande gebring om ons van alle sondes vry te maak.

In Adam het ons almal 'n doodsonde begaan — sonde wat net die dood verdien. Maar ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus, het Homself oorgelewer aan die dood om ons 'n ewige lewe in ewige vryheid te skenk.

Wie in Christus glo, vlug nie meer voor die toorn van God nie, maar mag God nou Vader noem; mag as vrygekoopte ingaan in die huis van die Vader met sy baie woninge waar ons enigste Hoëpriester 'n plek berei het vir elkeen wat in Hom glo.

4 September. **Lees** Deut. 20:1-4; Matt. 1:18-23; Luk. 1:31-33.
Teks: Deut. 20:1(b).

CHRISTUS, ONS EWIGE KONING.

Die God van Abraham, Isak en Jakob, die lewende God van Israel, het Homself nog altyd openbaar nie net as Skepper van hemel en aarde nie, maar ook as die Onderhouer daarvan. Nog altyd het Hy Hom openbaar as enigste Leidsman en koning van Sy volk. As enigste Leidsman het Hy Sy volk laat optrek uit Egipteland uit die slawehuis; as enigste Koning het Hy al die vyande van Sy volk verslaan en vir hulle verlossing bewerkstellig, was Hy as Koning met Sy volk. Maar in en deur Christus het God Homself geopenbaar as Koning van 'n groter volk, naamlik die volk van God wat al die gelowiges uit al die tale en nasies van die wêreld insluit.

In en deur Christus het God Homself geopenbaar as Immanuel — dit is, as dit vertaal word: God met ons.

Deur die Heilige Gees het God die Vader Sy Seun Jesus Christus van ewigheid af verordineer en gesalf as ons ewige Koning. As ewige Koning het Christus in die wêreld gekom om Sy volk te verlos van die vors van die duisternis aan wie hulle onderworpe was, onder wie hulle slawe was van die sonde.

As ewige Koning het Christus sy volk laat optrek uit die slawehuis van die sonde en die ewige dood. Die vors van die duisternis kon nie standhou voor Christus, die Vors van die Lig en die ewige Lewe nie. As ons ewige Koning het Christus Homself in die dood gegee, het Hy neergedaal na die hel. Hy het nie soos 'n aardse koning Sy leërs beveel om die stryd aan te knoop of hulle in die stryd gelei nie, Hy het alleen die strydperk betree. Deur Homself in die dood te gee en as Lewende op te staan uit die dood, het Hy die dood oorwin. Deur hierdie oorwinning het Christus bewys dat Hy die ewige Koning is voor wie die magte van die duisternis moes swig.

Al wat herdie Koning van Sy volk, van Sy gelowiges vra, is net geloof. Onwrikbare geloof in Hom wat bewys het dat Hy die ewige Koning is. Wie in Hom glo, ken geen vrees meer nie, want Hy is ewig, is Almagtig.

5 September. **Lees** Deut. 21:1-9; Matt. 27:22-25.
Teks: Deut. 21:8; Matt. 27:25.

DIE BLOED VAN CHRISTUS REINIG ONS VAN ALLE SONDE.

In die Heilige Skrif is „bloed" en „lewe" sinoniem, gelyk aan mekaar — dieselfde. Bloed is lewe. Dikwels praat ons van lewensbloed. Iemand wat bloed vergiet, neem 'n lewe.

In die Ou Testament is „bloed" 'n belangrike faktor. Lev. 17:11: „Want die siel van die vlees is die bloed, en Ek het dit aan julle gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel". Alles draai dus om bloed by die offers.

Hierdie profetiese gedagtegang in die Ou Testament kom in die Nuwe Testament tot volle ontplooiing, tot volle verwerkliking in die bloedstorting van Jesus Christus onse Here.

Die gebed van die oudstes van die stad in Deut. 21:8 word volle werklikheid in die waansinnige, onbesonne kreet van die volk van God by die verhoor van Christus voor Pilatus: „Laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom." In Sy Almag en Majesteit maak God hierdie woorde van nyd tot woorde van heil. Hierdie selfde woorde vol nyd deur die volk gespreek, maak God tot woorde van troos en gemoedsrus vir Sy volk, sy gemeente. Vandag spreek sy volk, sy gelowiges, hierdie selfde woorde uit as 'n geloofsbelydenis.

Wanneer ons ons kinders na die doopvont bring, is dit met hierdie bede in die hart: „Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom." Wanneer ons aansit aan die tafel van onse Here Jesus Christus is dit ook met dieselfde bede. En ons sê dit, ons bely dit omdat ons weet dat die bloed van Jesus Christus vir ons 'n nuwe lewe skep — 'n lewe tot in ewigheid.

„O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is Sy oordele en onnaspeurlik Sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was Sy raadsman gewees?

Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."

6 September. **Lees** Deut. 22:22-30; Joh. 8:1-11; Matt. 5:27-28.
Teks: Joh. 8:11.

DEUR DIE WET KRY ONS KENNIS VAN SONDE.

In Adam is elke mens 'n sondaar; maar nie elkeen van ons besef dit nie. Die algemene gedagte is dat die mens 'n natuurlike, ingebore gawe het om te kan onderskei tussen goed en kwaad. Dit is 'n foutiewe opvatting. Selfs Paulus het later besef dat hy nie sou weet dat begeerte sonde is, as die Wet nie gesê het: „Jy mag nie begeer nie."

Die enigste betroubare rigsnoer in verband met ons kennis van goed en kwaad is die wet van God soos vervat in Sy Woord. Deur die wet kry ons kennis van die sonde. Elke mens wat homself beoordeel in die lig van die kennis van die wet van God, moet vind dat hy sondaar is. Geeneen is sonder sonde nie. Met hierdie feit vereenselwig die mens hom nie. Ons het die natuurlike neiging om sondes te klassifiseer in growwe en minder growwe vorms. In Joh. 8 en Matt. 5 stel Christus dit egter baie duidelik en onomwonde dat alle sonde, „hoe gering ookal volgens ons maatstawwe, voor God 'n ernstige oortreding is". (Matt. 5:27-28).

Wie 'n aanklaer wil wees, staan self as aangeklaagde voor God.

Met die gebeure in Joh. 8 gee Christus aan die wet 'n nuwe inhoud. Christus maak nie die wet tot niet of verklaar dit as oorbodig nie. Waar die wet die mens so veroordeel dat hy ten gronde gaan, die dood verdien, veroordeel Christus die sonde so dat die mens vry word van die ewige dood. Christus het die wet aan die sondaarmens gegee juis as 'n krag, as 'n wapen om teen die sonde te stry:

„Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en dood. Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees — deur Sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur; en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees; sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees". (Rom. 8:2-4).

Volgens die wet verdien elkeen van ons, netsoos die owerspelige vrou, die dood; want ons staan almal voor God as sondaars. Tog spreek Christus ons vry met sy kruisdood — maar nadat hy ons vrygespreek het, gee Hy ons die wet in die hand as 'n rigsnoer vir ons lewe as vrymanne. In dankbaarheid moet ons daardie wet gebruik as wapen teen die sonde.

7 September. **Lees** Num. 23:27-34; Gal. 3:7-14. **Teks:** Deut. 23:5.

'N VLOEK IN 'N SEËN VERANDER.

In die Bybel speel die seën 'n belangrike rol. Almal, selfs Esau, het die krag daarvan erken en eerbiedig. Dieselfde geld ook vir 'n vloekspraak.

In Num. 23 en 24 tree hierdie feit sterk op die voorgrond. 'n Vloek of 'n seën is ook so bindend beskou en kon nie verander word nie. Alleen God kon dit verander volgens Sy wil (Num. 24).

In Deut. 23:5 verander God inderdaad ook 'n vloek in 'n seën. In hierdie verhaal kom die onmag van die mens en die almag van God sterk na vore. In plaas van vloekwoorde kom seënwoorde uit die mond van Bileam. God verander die vloek in 'n seën. Die woord „verander" beklemtoon die ongelooflike wat hier plaasvind. As Israel ten regte beoordeel moes word, het hy die vloek ten volle verdien. Tog gebeur dit nie. Die verkiesende liefde van God was die bepalende faktor. Israel verdien die vloekspraak, maar ontvang in plaas daarvan 'n seën van God.

Ook by die nuwe Israel, die gemeente, die gelowige, die volk van God, is die situasie nie anders nie. Die hele gemeente staan onder die vloekspraak van Gal. 3:10: „Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie."

Tog gaan hierdie vloek ook nie in vervulling nie. Ook hierdie vloek word verander in 'n seën deur die verkiesende liefde van God in Jesus Christus soos Gal. 3:13-14 dit beskrywe: „Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word — want daar is geskrywe: vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang — sodat die seën van Abraham na die heidene kon kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang."

In Christus het ons, in plaas van die verdiende vloek, die onverdiende seën ontvang. Wie glo in Hom wat hierdie seën gebring het, sal Hy ook laat deel in die seën.

8 September. **Lees** Deut. 24:1-4; Jer. 3:1-12. **Teks:** Jer. 3:1 en 12.

VERBONDSTROU.

Met die voorbeeld van die geskeie vrou sinspeel die profeet Jeremia op 'n voorskrif in die Mosaïese wet. Jeremia gaan uit van die veronderstelling dat hierdie wet by sy toehoorders bekend is. In die Ou Testament word die verhouding tussen God en Sy volk meermale uitgebeeld as 'n huwelik en word Israel dan gesien as bruid van God, as verbondsgenoot van God. Maar Israel het telkens ontrou geword. Sy het weggeloop van haar Eggenoot en agter afgode aan gehoereer. Die Verbond wat God met haar opgerig het, en sy herhaaldelik vergeet. Wanneer God haar egter getugtig het, het sy wel weer teruggekeer — maar nie met haar hele hart nie.

Vir God is die huwelik onontbindbaar. Vir Hom is skeiding altyd egbreuk; dit kan nie weer herstel word nie. God wil nie dat daar in die huwelik willekeur heers nie. Verbond veronderstel gebondenheid; liefde vra trou.

Wanneer daar eenmaal troubreuk was, is daar eintlik **volgens** Goddelike reg nie meer 'n moontlikheid van volkome herstel nie. **Tog** het God sy volk so liefgehad dat Hy, wat vir die Wet onmoontlik was, moontlik gemaak het deur Christus aan die kruis. God het Sy eie Seun aan die kruis verlaat sodat Sy volk nimmer meer verlaat **sou word** nie. Deur die kruis wil God Sy verbond met Sy volk volkome **herstel.** Opnuut bied Hy sy trou aan. Deur Christus maak Hy 'n terugkeer moontlik. Al wat Hy vra, is opregte berou, 'n opregte **terugkeer** — opregte geloof.

Ons as gelowiges is die volk van God — die bruid van Christus. In en deur Christus het God die Vader 'n ewige Verbond met ons opgerig. Van ons word gehoorsaamheid aan hierdie Verbond gevra. Ten alle tye moet ons hierdie gehoorsaamheid betoon. As ons 'n ernstige voorneme het om getroue verbondsgenote te wees, sal God ons daartoe help, om Christus ontwil alleen.

9 September. **Lees** Deut. 26:1-11. **Teks:** Deut. 26:11.

VREUGDEVOLLE DANKBAARHEID.

Die boek Deuteronómium bevat hoofsaaklik redevoeringe wat Moses oos van die Jordaan gehou het in die land Moab, toe die volk Israel op die punt gestaan het om die beloofde land binne te trek. Op hierdie belangrike tydstip het Moses baie om te sê en hy sê dit met warmte en oortuiging, as prediker en profeet. Hy sien die volk van die Here reeds in die land wat aan die vadere belowe is en in hierdie betrokke gedeelte roep hy hulle op tot dankbaarheid, ja tot vrolike en vreugdevolle dankbaarheid.

Met die offer van die eerstelinge van al die vrugte van die land moet Israel erken dat God die gewer is van alles wat goed is. „En jy moet vrolik wees oor al die goeie dinge wat die Here jou God jou en jou huis gegee het." Hierdie „vrolik wees" moet dus vrug wees van die dankbaarheid vir alles wat die Here God uit Sy vrye genade aan hulle gegee het. Dat hulle nog iets het om aan God terug te gee, moet hulle tot vreugdevolle dankbaarheid stem.

Hierdie vreugde en vrolikheid wat uit die dankbaarheid voortkom moet dus nie iets tydeliks wees nie maar dit moet heenstrek oor ons hele lewe. Dit moet só deel word van ons lewe dat ons selfs in dae van teleurstellings en donkerheid in vreugdevolle dankbaarheid kan terugdink aan die goeie dinge wat die Here aan ons en ons huis gegee het.

Ons het 'n Vader in die hemel wat sy sorgende hand nie van ons terugtrek nie, al wil dit soms só voorkom. Nie alleen gee Hy tydelike seëninge nie, maar ook oor ons ewige belange hou Hy 'n wakende oog. Daarom het Hy selfs Sy Eerstelinge, Sy Enigste — Jesus Christus ter wille van ons sondes tot in die dood gegee. Sal ons dan nie vrolik wees en dié God met blydskap dien nie?

10 September. **Lees** Deut. 26:12-15. **Teks:** Deut. 26:15.

BID OM DIE SEËN VAN GOD.

Die Here het met 'n eed beloof dat Hy die volk Israel sal seën en dat Hy aan hulle sal gee 'n land wat oorloop van melk en heuning. En tog kry ons hier 'n gebed dat God die volk Israel en die land wat Hy aan hulle gegee het, moet seën, dit wil sê voorspoedig moet maak sodat hulle in geluk en voorspoed kan leef.

God belowe dat Hy sal gee en sal seën maar tog moet ons nog telkemale bid, ja vra dat Hy sal gee en seën. Só leer Hy ons byvoorbeeld om te bid vir ons daaglikse brood alhoewel Hy Sy kinders belowe dat as hulle eers Sy koninkryk en Sy geregtigheid soek al die ander dinge soos voedsel en kleding vir hulle bygevoeg sal word.

Dit is God se wil dat ons moet bid en vra, want nêrens besef die mens sy algehele afhanklikheid van God só duidelik as in die gebed nie. Ondanks al ons uitvindings kan ons die brood nie skep nie. Die Here moet dit gee op Sy tyd. En verder, slegs een gebrekkie aan ons liggaam en die beste kos sal ons walg en niks baat nie. Van Sy seën is alles afhanklik. Sonder Sy seëninge ly 'n mens gebrek al het jy 'n oorvloed van alle lewensmiddele. Want waarlik, ons lewe bestaan nie uit die oorvloed van ons besittings nie maar uit die seën van die Here — dit maak ryk. Al staan dan ook reeds die spyse gereed op ons tafel, dan nóg moet ons bid om die sorg en die seën van God.

God belowe dat Hy sal seën maar dit is só onmisbaar dat ons sal onthou dat dit Jesus Christus is wat ons beveel om te bid maar ons terselfdertyd ook leer om te bid vir die seëninge van God.

11 September. **Lees** Deut. 26:16-19. **Teks:** Deut. 26:18.

EIENDOMSVOLK.

Aan die vooraand van die inbesitneming van die beloofde land het die Here Sy kneg Moses gebruik om die volk tot hernude trou aan die Allerhoogste op te roep. In die wedersydse verklaring van die Here en Sy volk teenoor mekaar beluister ons die taal van verbondsvernuwing. In vers 17 sê die Here vir Sy volk: „Vandag het jy My laat verklaar", en dan volg die belofte dat Hy vir Israel 'n God sou wees. Dit beteken nie dat 'n mens dwang by God sou kon uitoefen nie. Dit dui slegs aan hoedat Hy Hom oor die skepsel ontferm en tot hom nader in die taal wat hy verstaan.

In ons teksvers is dit weer die Here wat op sy beurt die volk plegtig laat verklaar dat hulle Sy eiendom sou wees en Sy wil sou doen. Hulle is Sy eiendom, Sy volk met 'n bepaalde doel en daarom moet die verbond hernu en opnuut bevestig word.

Israel was die eiendomsvolk van die Here omdat Hy hierdie volk uit vrye genade uitverkies het om die Messias aan die wêreld te gee. Hierdie eiendom moes daarom met die oog op sy edel bestemming ongeskonde bewaar bly.

As verlostes van die Nuwe Verbond behoort ook ons tot die volk wat God deur die soenverdienste van Sy Seun uit die ganse mensheid vergader. Ons is Sy eiendomsvolk om die Verlosser, Jesus Christus te verheerlik, Hom bekend te maak en Sy wederkoms te verkondig.

Daarom kan ons dan ook sing:

Die Heer is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van Sy wei te wees.

12 September. **Lees** Deut. 27:15-26. **Teks:** Deut. 27:15.

VERVLOEKING.

In hierdie teksvers word gewaarsku teen die oortreding van die tweede gebod. Maar hier word iets bygevoeg wat nie voorkom in die oorspronklike wet wat opgeteken is in Exodus 20 nie, en dit is die vervloeking. „Vervloek is die man wat 'n gesnede of gegote beeld maak." Só sien ons verder in die gelese gedeelte dat die vervloeking ook in verband met ander gebooie gebruik word.

In die Ou Testament sien ons dat die vloek of vervloeking 'n gevreesde mag is met 'n vreeslike uitwerking. Die vloek maak die sterke kragteloos, die aansienlike veragtelik, die ryke arm, die vrugbare onvrugbaar. Die mens, die stad, die volk, die land, die huis waarop die vloek neerkom staan volkome weerloos.

Die woord „vervloek" gee op felle toon uitdrukking aan 'n Goddelike oordeel en dit tree in werking nadat daar gesondig is; God spreek hierdie vloek uit oor die wetsoortreders. En nou is dit só dat alle mense, ook ons, onder hierdie vloek te staan gekom het omdat ons van nature sondaars is en ook die wet daagliks oortree.

Maar nou kom die evangelie en verkondig aan ons die heilsfeit dat God ons van hierdie vloek bevry het. En Hy het dit gedoen deur die Messias. Want dit is Hy wat ons losgekoop het van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word. Die prys wat Christus vir ons bevryding van die vloek betaal het, bestaan daarin dat Hy vir ons 'n vloek geword het. En hierdie „vir ons" beteken, in ons plek of ter wille van ons. Hy het geword wat ons was. Hy word 'n vervloekte. Hy neem die vervloeking met al die gevolge wat ons verdien op Hom sodat ons nie onder hierdie vloek omkom en verlore gaan nie.

13 September. **Lees** Deut. 28:1-14. **Teks:** Deut. 28:2.

LUISTER, EN JULLE SIEL SAL LEWE.

Voorwaarde vir die ontvangs van die seëninge van God is dat goed geluister moet word na die stem van die Here God. Die klem val dus op die luister of die hoor van die Woord van God. In die Ou Testament kry ons verskillende verskyningsvorms waardeur God Sy wil bekend maak soos byvoorbeeld engele, maar ook hier het dit gegaan nie om wat daar gesien is nie, maar om wat daar gesê is en dus, wat daar gehoor is.

Ook die volk Israel moet gelowig luister na die stem van God, want eers as hulle luister, sal hulle weet wat die wil van God is en sal hulle Sy wil kan uitvoer. Om hierdie rede is die luister na die Woord van God of die hoor van die Woord 'n saak van die hoogste belang.

Ook in die Nuwe Testament staan nie die sien van Jesus in die middelpunt nie maar die luister na wat Hy spreek. Die evangelie wil gehoor word. Tot met die wederkoms is dit die hoor van die Woord wat die belangrikste bly.

Maar nou is daar verskil tussen hoor en hoor. 'n Mens kan die Woord van God hoor maar dit kan jou koud laat, maar as 'n mens waarlik hoor dan is dit tegelyk onderwerping aan wat gehoor is. Die ware gehoor vind eers plaas as dit word tot ge-hoorsaamheid, en as daar geloof te bespeur is, want die geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God. Heel korrek stel die profeet Jesaja dit as hy in hierdie verband ook sê: „**luister**, en julle siel sal lewe".

14 September. **Lees** Deut. 28:64-68. **Teks:** Deut. 28:68.

JULLE IS DUUR GEKOOP.

Moses sien die volk Israel reeds in die beloofde land maar hy sien ook hulle afval en ongehoorsaamheid en die oordeel wat hulle gaan tref. In ons teksvers kry ons die dieptepunt van hierdie oordeel as die volk Israel deur slawehandelaars op skepe na Egipte gebring sal word. Dit is die grootste denkbare onheil wat oor hulle kan kom want Egipte bly vir Israel die simbool van verdrukking en slawerny.

Maar die ergste sal met hulle gebeur as hulle hulle daar op die slawemark bevind. Daar sal geen koper wees nie met ander woorde niemand sal in hulle belangstel om hulle te koop nie. Die slawekopers sal slegs hulle neuse optrek en by hulle verbystap en dit sal hulle smaad en ellende nog groter maak.

Hier het ons baie beslis nie met evangelie te doen nie maar met oordeel. Maar laat ons die evangelie teenoor die oordeel stel — die feit dat daar lemand was wat ons wou koop en inderdaad gekoop het, naamlik Jesus die Christus. En die prys wat Hy betaal het, was groot, soos wat die apostel Paulus dit ook stel: „Want julle is duur gekoop." Hy het ons gekoop met Sy kosbare bloed en nou is ons nog wel slawe — maar gelukkig nie slawe wat geen koper het nie, maar slawe wat losgekoop is uit die sonde en ellende, ja slawe van Jesus Christus.

15 September. **Lees** Deut. 29:1-13. **Teks:** Deut. 29:29.

DIE VERBORGE EN GEOPENBAARDE DINGE.

In ons Skrifgedeelte vestig Moses die aandag van die volk op al die weldade wat God aan hulle bewys het vanaf Egipte tot hier in die velde van Moab teenoor die land Kanaän. Verder het hulle in die bevoorregte posisie verkeer dat die woorde van God aan hulle toevertrou is. Moses self was die boodskapper van God aan Sy volk en tog berus hy daarby dat daar nog veel van die heerlikheid van God verborge is.

Dikwels is die Godsregering vir die mens onverstaanbaar en raaiselagtig. Want Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie. Die mens voel dan geneig om vrae te stel en rekenskap te vra. Al die vrugtelose vrae vermoei die mens net en tevergeefs wag hy op 'n antwoord. Met Moses moet hy toestem: „Die verborge dinge is vir die Here onse God."

Hoewel daar veel is wat God nie geopenbaar het nie, wat ons dus aan God moet oorlaat, is daar genoeg wat wel geopenbaar is, in Skrif en geskiedenis, waaruit die gelowige lering kan trek. Só het God Hom ook in Christus Jesus geopenbaar, die vleesgeworde Woord.

Daarom moet ons ons in ons geloofslewe nie negatief besig hou met die verborge dinge nie, maar moet ons positief glo in die geopenbaarde dinge — in Jesus Christus. Die Godsopenbaring moet deur ons geken en geglo word. Sy woorde moet nie maar sorgvuldig bewaar word nie, maar dit moet in die hart oordink word.

Die Heilige Skrif, dit is die geopenbaarde dinge, moet voortdurend deur ons ondersoek en deurgrond word. Dan sal ons geloofslewe vir ons veel betekenis hê.

16 September. **Lees.** Deut. 30:1-20 en 1 Joh. 5:1-4. **Teks:** 1 Joh. 5:3.

DIE GROOT GEBOD

In Deut. 30:16 word die volk beveel om die Here hulle God lief te hê, in al Sy weë te wandel en Sy gebooie en insettinge en verordeninge te hou, sodat hulle kan lewe. Daarby ontvang hulle die versekering dat hierdie bevel vir hulle nie te swaar sal wees nie, omdat die woord naby hulle is; in hulle mond en in hulle hart. Kom hulle hierdie gebod na, wag daar vir hulle lewe en geluk. Kom hulle dit nie na nie, sal dood en ongeluk hulle deel word. Hulle word gestel voor die besliste keuse en dit word ook aan hulle gesê wat om te kies: „Kies dan die lewe dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, DEUR DIE HERE JOU GOD LIEF TE HÊ."

Liefde tot God — dit is die groot gebod en dit beteken vir die mens lewe. As ons hierdie gebod nakom, sal ons lewe. Maar hoe kan ons, wat van nature geneig is om GOD en ons naaste te haat, liefde teenoor God betoon? Ons kan God alleen liefhê deur Sy gebooie en insettinge te bewaar. Die apostel Johannes sê die volgende: „ . . . Dit is liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar; en Sy gebooie is nie swaar nie."

Ons moet dus net soos die godsvolk van die Ou Verbond, die gebooie van die Here bewaar, sodat ons kan leef. Ons moet Hom liefhê met alles wat ons besit. Geen arbeid of moeite, geen opoffering is te groot; geen taak te moeilik as dit ter wille van 'n geliefde persoon gedoen word nie. As ons God waarlik liefhet, sal ons ontdek dat Sy

gebooie nie te swaar is nie. Vir die natuurlike, onwedergebore mens lyk hulle swaar, en daarom verontagsaam hy Gods gebooie. Maar vir die kind van die Here is dit nie 'n las nie, maar 'n lus. Hy weet ook dat sy hemelse Vader nooit onredelike eise aan hom sal stel nie, maar alleen van hom vra wat hy kan doen. Die kind van die Here weet dat hy God alleen kan liefhê omdat God hom eerste liefgehad het. Die kind van die Here weet dat hy uit homself nie in staat is om God lief te hê nie, maar hy weet daarby dat God Sy Eniggebore Seun in hierdie wêreld gestuur het, as 'n versoening vir ons sondes, sodat ons deur Hom kan lewe.

17 September. **Lees** Deut. 31:1-8. **Teks:** Deut. 31:6.

ONS METGESEL.

Moses het sy lewenstaak voltooi en besef dat sy einde naby is. Hy weet dat hy die Israeliete nie in die beloofde land sal inlei nie en daarom sê hy dat Josua voor hulle sal uittrek soos die Here gesê het. Moses het uit ondervinding geleer dat die volk baie van 'n man verg en hy praat vir Josua moed in deur hom te verseker dat hy nie alleen trek nie, maar dat die Here saam met hom trek. As God vir hulle is, sal die magtige vyand nie voor hulle kan stand hou nie. Josua sal slegs dien as 'n instrument in die hand van die Here om die volk in die beloofde land in te lei. Dit is 'n geweldige taak wat daar op hom wag, maar hy het die versekering dat die Here hom nie sal begewe of verlaat nie. En net soos Israel, trek elke gelowige die toekoms in, wetende dat God ook met hom is, met sy belangstellende, opsoekende en vertroostende liefde. Hy gaan voor sy gelowige kinders uit met sy Woord en Gees. Hiermee rig die Here die lewe van elke gelowige.

Hy trek saam met ons die toekoms in — 'n toekoms wat Hy self vir ons bepaal het. Hy trek saam met ons op die pad wat oor blinkende hoogtes van vreugde en geluk gaan. Hy vergesel ons ook in die donker dal van doodskaduwee en smart.

Vrees dan geen kwaad,
want dit is die Almagtige wat met jou trek.
Hy sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat.

18 September. **Lees** Deut. 32:19-27. **Teks:** Deut. 32:20.

ONTROUHEID.

Die Here het die tekens van sy teenwoordigheid by die volk Israel gegee en sy guns aan hulle bewys. Maar nou sou Hy Hom van hulle af terugtrek en sy aangesig vir hulle verberg, om sy ongenoeë met hulle te toon. Hulle het die rug op Hom gekeer en nou sal Hy sy rug op hulle draai.

Maar hier sien ons hoe langsaam die Here is as Hy sy oordele oor die volk bring. Hulle het met hulle afvalligheid begin deur te versuim om goed te doen, en toe het hulle verder gegaan deur alles wat sleg is te doen. So sou God eers sy guns van hulle weerhou, en hulle die uitwerking daarvan laat sien om hulle daardeur tot inkeer te bring. Die redes waarom God die volk wou verlaat, was die volgende: Hulle was wederstrewig en ontevrede; hulle het hardnekkig aan hulle sondes vasgehou; hulle was ontrou en dus onbetroubaar. Toe HY hulle in sy

Verbond opgeneem het, het Hy gesê: „Hulle is tog My volk, kinders wat nie sal lieg nie." (Jes. 63:8), maar hulle het deur hulle optrede die teendeel bewys. Hulle was ontrou in hul wandel voor God, en daarom het die Here Hom van hulle afgekeer.

Mag dit nooit van ons en ons volk gesê word dat ons kinders is in wie geen trou is nie. Mag ons tot inkeer kom voordat die Here sy rug op ons keer. Mag die Here onse God ons deur sy Woord en Gees getrou maak aan die verbond wat Hy met ons gesluit het, sodat ons nie in ontrouheid sal verval nie.

19 September. **Lees** Deut. 33:25-29. **Teks:** Deut. 33:27a.

SEËNBEDE.

Moses spreek hier 'n seën uit oor die Israeliete. Hierdie seënbede is mooi omdat in hierdie bede alles opgesluit lê wat Israel nodig het: Moses se begeerte is dat God, wat van die voortye af met hulle vaders was; wat die ewig-onveranderlike God is, vir sy volk 'n woning, dit is 'n toevlug moet wees. Voorts wens hy hulle toe dat hulle nie alleen sal ervaar dat daar onder sy arms 'n skuilplek is nie, maar ook dat God self onder hulle sal staan om sy ewige arms uit te strek om hulle te dra en te beskerm soos 'n adelaar haar kleintjies dra en beskerm.

In Moses se hart leef die bede dat die Here sy volk moet beskerm want hy weet: In sigself is hulle magteloos, mag God hulle dan behoed!

Daar wag vir ons ook soms moeilike tye. Het ons in onsself die krag om te oorwin? Nee, glad nie. Ons kan nie eens deur ons eie krag staande bly nie. Ons vyande lê op die loer. Deur eie skranderheid kan ons hulle nie afslaan nie. Ons is verlore, indien daar nie 'n sterke hand onder ons gehou word nie. Moses het dit geweet en daarom bid hy: „Haas u dan, o Here, tot hulle hulp en red hulle."

Gevoel ons nie so dikwels dat ons ook hieraan 'n behoefte het nie? Laat ons dan weet dat ons eie krag te kort sal skiet in nood en dood. Dit is soos 'n riet wat knak.Moses het dit geweet en daarom het hy die Here gevra om Sy krag in Israel se swakheid te volbring; want al loop hulle pad deur vuur en water, dit sal hulle nie brand of oorspoel nie. Dit ondervind almal wat hulle hulp en krag alleen van God verwag.

Hierdie seënbede moet ook in ons harte weerklink, elke dag van ons lewe, want ons mag dit weet: Die verhoring van elke gebed is die werk van genade van dié God wat mildelik gee en nooit verwyt nie.

20 September. **Lees** Deut. 34:1-7. **Teks:** Deut. 34:1-4.

DIE HERE IS MET HOM.

Moses se einde is naby. Die laaste ure het aangebreek. Weldra sal hy sterwe. Hy is gereed om te sterf en het ook reeds van sy geliefde volk afskeid geneem. Nadat hy die seën oor hulle uitgespreek het, maak hy hom klaar om te sterwe; nie gedwonge nie, maar soos iemand wat vrywillig die einde tegemoet gaan. Die Heilige Skrif trek vir ons 'n sluier oor wat daar in Moses se gemoed omgegaan het in hierdie laaste oomblikke. Waarom sal ons dan nou trag om sy gewaarwordinge

te vertolk, want ook hier, aan die einde van sy lewe, is dit nie Moses nie, maar die Here wat die belangrikste is. Laat ons dan eerder nagaan hoe die Here in hierdie laaste ure van sy kneg, Hom teenoor Moses betoon het.

Eerstens moet ons vra: Wat het Moses heel laaste in sy lewe ondervind? Die Bybel gee aan ons die antwoord: Die Here is met Moses — en dit is die belangrikste. Moses het geen behoefte aan aardse begeleiding op sy laaste tog nie. Hy laat almal agter en trek uit die laer waarin hy veertig jaar gewoon het. Weldra is hy by die laaste tente op die vlaktes van Moab verby. Dan klim hy met die kronkelende bergpad op, totdat hy die top van die Nebo bereik het.

Hier heers daar 'n plegtige stilte. Ver van die laer, buite die bereik van die oë van sy volk, staan Moses daar op die eensame plek. Hy het alles verlaat. Geen menslike wese is by hom nie, en tog is hy nie alleen nie, want die Here is by hom. Die Here wys hom immers die hele land. Hoe onuitspreeklik salig moes dit net nie gewees het om te ondervind: God, my God, verlaat my nie!

Dan kan 'n mens gerus maar sterf.

Mag dit ook eenmaal ons voorreg wees, as ons alles agterlaat en alleen die doodsvallei betree; want dan sal die laaste vyand ons geen kwaad kan aandoen nie, wanneer ons ervaar dat die Here by ons is. Ja, selfs die dood sal ons nie kan skei van die liefde van God wat daar in Jesus Christus, onse Here is nie.

21 September. **Lees** Deut. 34:1-8. **Teks:** Deut. 34:5.

LEWENSEINDE.

In min maar veelseggende woorde beskryf ons teksvers Moses se einde. Aanskou hierdie vrome en kyk na hierdie opregte, want die einde van hierdie man is vrede. Ja, selfs sy einde was wonderbaar. Moses was 'n buitengewone persoon. Dit kom nie alleen in sy sterwe na vore nie, maar ook in sy hele lewe.

Ons lees dat Moses gesterf het. Hy het werklik die dood gesmaak. Nadat hy die raad van God tot die einde gedien het, het hy die weg van alle vlees gegaan. Hy het gesterf sonder dat hy die beloofde land binne gegaan het. Maar origens, hoe heerlik was sy heengaan nie? Hy het 'n hoë ouderdom bereik en daarby sy lewenskrag behou.

Dikwels kom die dood onverwags. Moses is egter nie onverwags deur die dood oorval nie. Hy was voorbereid op sy heengaan. In sy laaste ure is hy ver van die mense, maar naby sy God. Hy is volkome met die Here versoen, en of hy nou leef en of hy nou sterf, hy behoort aan die Here. Hy is gereed om te sterf. Dit is met hom nie die geval soos by so baie mense wat tot die einde toe aan die lewe probeer vasklem nie. Hy het gedurende sy lewe die regte keuse gemaak; hy het die Here altyd naby hom gehad en daarom kon hy in vrede sterwe.

Wil ons hê dat die dood vir ons ook nie die vreeslike ingang tot die ewige verdoemenis moet wees nie, maar die geopende deurgang tot die ewige lewe, dan moet ons hier, aan hierdie kant van die graf, soos Moses die goeie keuse maak. Alleen God se genade deur die bloed

van die kruis, maak waarlik tot sterwe bereid. Die Seun van God het daardie weg vir elke gelowige geopen, sonder dat hulle dit verdien het, en daarom moet die gelowige kind van die Here ook sy lewe wy in diens aan die Here.

22 September. **Lees** Deut. 34:9-12; Hebr. 11:23-29. **Teks:** Deut. 34:10.

NAGEDAGTENIS.

Moses is dood. Weldra word hy opgevolg deur Josua. In die ry van profete in Israel is Moses nie die laaste nie, maar tog vind ons sy gelyke onder die mense nie. Josua, die nuwe aanvoerder, mag wel vervul wees met die Gees van wysheid, maar aan Moses sou hy nooit gelyk word nie. Josua was alleen maar 'n leidsman gewees. Maar wat van die profete wat later sou kom? Baie van hulle mag wel heerlike openbaringe aan Israel gebring het, maar daar kan van niemand van hulle gesê word dat hulle so kragtig in woorde en in dade as Moses was nie; hy het sy gelyke nie gehad nie. Ons ken sy optrede vanaf die slawehuis in Egipte tot hier op die Nebo. Dit is eintlik wonderbaar. En dit alles spruit uit sy geloof.

Moses troon bokant die ry van gelowiges uit soos wat ons hulle in Hebreërs 11 aantref. Deur die geloof het Moses die uitnemende keuse gemaak en „het hy die smaad van Christus groter rykdom geag as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning. Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien." Deur daardie selfde geloof het Moses so gehandel asof hy deur die sluier van die skadudiens en die skadubeeld van die profesie heengekyk het op Hom wat die einde van die wet is, naamlik Christus. En deur so 'n geloof het Moses sy behoud gevind in Hom, na wie al Moses se offers heenwys, naamlik die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem.

So moes Moses dan ook dien om ons na Christus heen te wys. Dán eers eer ons sy nagedagtenis na behore en is sy geskiedenis vir ons winsgewend, wanneer ons aan die voet van die kruis rus vind in die dood van ons Heiland — 'n rus wat geen Moses kan gee nie. In die krag van Christus se opstanding ontvang ons die krag tot 'n nuwe lewe — 'n lewe wat Moses ons nie kan bied nie. Die wet het wel deur middel van Moses gekom, maar die genade en die waarheid het deur Christus gekom. Die naam van Moses behoort nie tot die onvrugbare herinneringe van 'n lang gestorwe verlede nie. Sy naam bly in ewige gedagtenis. Maar tog, hy wys weg van homself en sy nagedagtenis is ons waarlik tot 'n seën, wanneer ons van Moses af wegkyk en opkyk na die God van Moses, wat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus is.

23 September. **Lees** Rigt. 2. **Teks:** Rigt. 2:7.

DIE DAAD VAN GOD.

Veelseggend en mooi is die woorde van ons teksgedeelte. Die volk Israel het God gedien in daardie besondere tyd, die tyd toe God Josua op wonderbaarlike wyse gelei het. Hulle het in díe tyd al die groot werke, die magtige dade van God waargeneem. Dit is alles aan hulle

gedoen. Hulle was die bevoordeeldes. Hierdie dade van God het geloof en diens gevra en dit was dan ook inderdaad so, want veel makliker is dit om onmiddellik te reageer uit dankbaarheid op 'n daad van God, as wanneer God swyg. Ja, so lank as wat die herinneringe aan Josua en aan die werke van die Here nog by die oudstes van Israel lewendig was, het die volk die Here gedien. Maar namate die ooggetuies gesterf het, het die volk die volgende geslagte agter ander gode aangeloop. As God rigters stuur, uit medelye met hulle verdrukking deur die vyand, om hulle te verlos, dan gaan dit beter, maar as die rigter dood was, het hulle nog erger as hulle vaders agter ander gode aangeloop.

En hierdie dinge, hierdie gesindheid is eie aan die mens. Dit is 'n natuurlike geneigdheid onder alle mense en nie net onder die geslagte van Israel nie. Geheueloos, herinneringsloos raak ons as ons nie die sigbare daad van God by ons het nie. Daarom het ons die geskrewe Woord van God wat alleenlik van die groot dade van God spreek om ons kennis, as 'n onmisbare deel van ons geloof, instand te hou en te versterk. Die ewige Woord en die prediking daarvan deel ons steeds mee van die groot dade van God deur die Josua van 'n nuwe verbond, ons Verlosser Jesus Christus. In die geloof dien ons steeds uit dankbaarheid vir die groot daad van God.

24 September. **Lees** Rigt. 3. **Teks:** Rigt. 3:9.

GEKOOP.

Verkoop is die volk Israel in die hand van Kusan Risatáim, die koning van Mesopotamië. Waarom? Hulle het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. Hulle het die Here vergeet en die Baäls en die heilige boomstamme gedien.

Die toorn van die Here God was swaar op hulle en nou moet hulle in diens staan van 'n vreemde heerser.

In hulle verdrukking en ellende weet hulle nou waarheen. Die tugtiging het die gewensde uitwerking. Hulle roep, ja hulle skree tot die Here hulle God. Hulle het nie alleen die onderdrukking smartlik gevoel nie, maar ook besef dat die oorsaak lê in die feit dat hulle die Here God vergeet het.

En nou kom Otniël as 'n verlosser om Israel te verlos, vry te maak uit die hand van sy heerser. Teruggekoop is hulle nou vanuit die verdrukking, maar die gesindheid om te vergeet bly, want telkens val hulle as sondaars maar weer terug om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here.

Om so 'n gesindheid met God te versoen, om sy toorn op die mens uit die weg te ruim deur dit self te dra, moes die Rigter van die nuwe verbond kom om vry te maak. Vry te maak van die skuld om God telkens te vergeet en agter ander verleidelikhede en afgode aan te loop. Ja, om self die skuld te betaal vir alle oortredinge. Om so los te koop uit die mag van die sonde en die dood.

Uit genade sonder dat ons geroep of geskree het, koop God los, bevry Hy deur ons Rigter. Ons in ons verhardheid van hart en met die gesindheid om te vergeet, besef nie die benouenis en ellende waarin ons verkeer vanweë die sonde nie sodat ons daarvan sou roep en skree na God nie. Daarom het God uit liefde eerste opgetree, ons tot heil.

25 September. **Lees** Rigt. 4. **Teks:** Rigt. 4:8.

VERTROUE OP GODS BELOFTES.

Barak twyfel. God het wel bevel gegee deur Debóra die profetes dat hy na die berg Tabor moet trek om Sisera te oorwin. Maar Barak sal alleenlik optrek as Debóra saamgaan. Hier verraai hy die swakheid van sy vertroue op God se beloftes. Die belofte moes vir hom genoeg gewees het om hom aan te spoor, maar vir hom is dit nie. Sy gehoorsaamheid is gebrekkig. As hy alleen die wens uitgespreek het dat Debóra moes saamgaan, sou hy nie sy troebele gesindheid verraai het nie, maar nou dat hy as voorwaarde stel en sê: maar as U nie met my saamtrek nie, gaan ek nie, staan hy skuldig teenoor die bevel. Die eer van die oorwinning sal hom dan ook nie toekom nie, maar 'n vrou.

Geloofsvertroue handel in slaafse gehoorsaamheid. Geloof is dan ook nie net kennisname van die beloftes van God nie, maar ook vertroue in die beloftes. 'n Hartlike vertroue daarom daarin dat, wat die weg ookal mag wees wat God verkies vir die mens tot heil, Hy dit doen sonder om na ons gedagtegange, beslissings en verskonings te vra.

Gods Woord is daar. Die beloftes hou stand. God handel. Ons glo en handel verantwoordelik in gehoorsaamheid daaraan.

26 September. **Lees** Rigt. 5. **Teks:** Rigt. 5:10.

DINK NA!

Die profetes rig haar tot bepaalde groepe van persone. Hulle moet aandagtig let op wat die Here God aan hulle gedoen het. Al die rus, vrede en veiligheid wat hulle geniet, is vanweë die oorwinning deur die Here hulle God. Die ry op wit eselinne dui op weelde en rykdom. Al die vername en vooraanstaande persone moet luister. Hulle wat op tapyte sit en rus en so ongestoord sit en lê, moet ook nadink. Selfs die kooplui wat ongehinderd kan rondtrek moet die vrugte van die oorwinning deur God nie gedagteloos aanneem nie, maar moet nadink, dit ter harte neem en daarvan praat. Die almagtige dade van God moet nie vergeet word nie. Hulle moet wakker bly en die regverdige dade van die Here besing. Gemaksug maak 'n mens lusteloos en diensloos, en daarom moet gewaak word vir 'n afgod. Veeleer streel in so 'n toestand fluitspel die hart as na besittings en troppe vee gekyk word, terwyl die lofsang tot die hoër diens en ware diens aan God by hulle verbygaan.

Sekerlik kry ons die gesindheid nog voortdurend terwyl alles rustig en vreedsaam om ons aangaan sonder honger, dors, naaktheid, gevaar of oorlog, sonder die besef van ons geestelike droogte. Die daad van God aan 'n verlore, hulpelose, sondige mensegeslag word nie opgemerk nie of andersins terloops opgemerk. Gemaksug en louheid is aan die orde van die dag.

Dink na oor die daad van God toe Jesus Christus Hom verneder het sodat God geëer en vereer word en ons in Hom besit wat deur mot en roes nie verniel kan word nie, naamlik die rykdom van Sy genade.

27 September. **Lees** Rigt. 6:1-24. **Teks:** Rigt. 6:17.

SOEKE NA 'N TEKEN.

God praat met Gideon, die toekomstige verlosser van Israel. Tog is Gideon nie geheel seker oor die opdrag nie. Hy is te gering. Dalk droom hy, dalk bedrieg hy homself. Daarom versoek hy die onbekende op 'n eerbiedige wyse om 'n teken. Hy wou weet of hy werklik 'n godspraak ontvang het. Hy begeer meer vastigheid en daarom die teken. En hierdie versoek is nie 'n bewys van sy ongeloof nie al wys die behoefte aan 'n teken op die gebrek van die mens in sy verhouding met God.

Hierdie teken kon Gideon vra, want ons moet onthou die geskrewe Wil of Woord van God soos wat ons dit het in sy volmaakte getuienis as die Boek van die Openbaring, het hy nie gehad nie. Sy begeerte is in ooreenstemming met die wyse van Godsopenbaring in die Ou Verbond.

Die teken gee God aan hom om alles te bevestig.

Kan ons vra vir 'n teken? Nee, want watter groter duidelikheid kan daar in die lewe van 'n mens wees as God Hom juis openbaar het in die gestalte van die mens Jesus Christus, Sy eniggebore Seun. En Sy geskrewe Woord, die Bybel, díe getuig van hierdie Openbaring. Daarom kan daar niks by die Boek bygevoeg of weggelaat word nie. Die Bybel is Gods Woord. Daarom soek ons nie in ons immer ongenoegsaamheid na 'n teken, openbaring, visioen of gesig nie, want Gods Woord is en bly genoeg. Die Woord geld alleen in ons lewe en daarom ook dié woorde van Paulus naamlik: „want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke".

28 September. **Lees** Rigt. 7:1-15. **Teks:** Rigt. 7:9.

GODDELIKE ALMAG.

Gideon moet op bevel van God met 300 manskappe die vyand aandurf wat nie eers getel kan word nie. 'n Menslik onmoontlike taak is dit gewis. Hier word duidelik die menslike onmag gestel teenoor die Goddelike Almag. Die onmag om teen die vyande alleen te stry en as gevolg daarvan slawediens en onderdrukking, die onmag van Gideon in sy eie oë om as rigter op te tree, die onmag om met 300 manskappe teen 'n ontelbare vyand te veg, kom duidelik na vore.

Maar nou het ons teenoor die menslike onmag die almagtige dade van God. Wat vir die mens in sy onmag en kleinheid heeltemal onmoontlik lyk en ook is, is vir God in sy Almag volkome moontlik. Selfs as 'n mens dit uit homself, uit eie krag onmoontlik vind om God te dien en gehoorsaam te wees, dan kan God dit so bewerkstellig dat die mens dit wel doen deur krag aan hom te gee. As dit militêr onmoontlik is vir net 300 mense om teen 'n ontelbare vyand te veg met die doel om te oorwin, dan kom God en gee op 'n baie eenvoudige wyse die oorwinning omdat Hyself die stryd aanbind. „As God vir ons is, wie kan teen ons wees."

29 September. **Lees** Rigt. 5:16-25. **Teks:** Rigt. 7:18b.

BELYDENIS VAN SY NAAM.

Die oorwinning deur Israel word behaal, nie deur die bekwaamheid van Gideon nie. Die engel het vroeër aan Gideon gesê: „Die Here is met jou, dapper held!" Dit word ook nie behaal deur die getal of oormag van sy soldate nie, want hy het maar slegs 300 gehad. Ook is dit nie geleë in die krag van sy wapens nie want hy het slegs oor fakkels en ramshorings beskik. Dit het ook nie geskied deur sy moed of deursettingsvermoë nie want hy het teëgepraat en tekens gevra waarmee God hom moes oorreed. Die oorwinning was alleenlik daar deur die Almag van God. God se krag en Sy daad het alles bepaal. God self was die Oorwinnaar en Gideon met die 300 man instrumente in sy hand.

Maar oorwinning is bysaak by God — die erkenning, die belydenis van Sy Naam is die hoofsaak. Daarom moet die hele aksie rondom die aanval in die laer van die vyand eerstens vir God wees en daarna vir Gideon. Geskied die oorwinning dan ook eerstens soos verder in die hoofstuk gestel word deur „die swaard van die Here en van Gideon!" Hy moet bely word as die Een wat die oorwinning gee. Sy Naam moet voorop staan.

Vandag geld dan ook nog steeds die volgende: Die mensdom moet leer om te glo dat God die wêreld, sonde en dood oorwin het in Jesus Christus. In die Naam van Jesus sal elke knie buig en elke tong bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

30 September. **Lees** Rigt. 8:22-28. **Teks:** Rigt. 8:23 en 27.

DIE HEERSKAPPY VAN MENSE EN VAN GOD.

Vir 'n mens is daar miskien niks moeiliker as om mag te hê en daarin nog 'n opregte mens voor God te bly nie. Dit is of die mens wat mag of leierskap verkry, nader as ander mense aan die oerversoeking lewe, naamlik om soos God te wil wees. Hieraan word ons deur die aangegewe teksverse herinner.

Gideon het die aanbod om koning te wees, afgewys. Israel sou geen koning soos díe van die ander volke hê nie. Die verbondsvolk sou hom daarin van die volkere onderskei dat God — en nie 'n vergoddelikte mens niel — as koning oor hulle heers. Toe Gideon geweier het om 'n koning soos die konings van die nasies te wees, het hy daartoe bygedra dat Israel sy karakter as Godsvolk behou het en dat die eer van God gehandhaaf is.

Maar Gideon het later blykbaar spyt gekry dat hy die geleentheid om mag te bekom laat verbygaan het. Selfs net die vooruitsig om mag te bekom was 'n te swaar versoeking. Gideon, die getuie vir die alleenheerskappy van God, het deur sy persoonlike optrede aanleiding gegee tot afgodery waardeur die heerskappy van God misken is. In die goue skouerkleed is nie God nie, maar 'n mens geëer.

Om Gideon se sondige daad nét af te keur, kan 'n uiting van ons selfgeregtigheid en onbarmhartigheid teenoor die maghebbers en die leiers op verskillende gebiede wees. Veel meer moet ons diegene wat mag uitoefen in die gebed aan God opdra, sodat hulle in die versoekinge staande kan bly. En in die geloof moet ons daaraan vashou dat Christus meer is as Gideon. In hierdie geloof sal ons onderdane van die Here bly en sal Sy eer gehandhaaf word.

1 Oktober. **Lees** Rigt. 9:1-6. **Teks:** Rigt. 9:23.

GOD EN DIE BOSE IN DIE GESKIEDENIS.

In ons teksvers sien ons hoe die skrywer 'n daad wat op sigself afkeurenswaardig is met God in verband bring. Hy sê selfs dat dit God is wat die opstadigheid teen koning Abimeleg laat posvat het. Hy het 'n bose gees gestuur tussen Abimeleg en die burgers van Sigem.

Nou kon ons miskien sê dat dit die bose gees is en nie God self nie wat die bose gesindheid laat ontwaak het. Deur die werk van die bose gees het 'n gees van rewolusie onder die burgers van Sigem begin heers. Maar die bose gees handel nie op eie ingewing nie. God laat hom ook nie net toe nie. Hy stuur die gees. Omdat die verkeerde gesindheid teen Abimeleg nie buite die wil van God was nie, het dit 'n goeie doel gedien. Deur die gees van opstand is die onreg teen die sewentig seuns van Jerubbaäl aan die lig gebring. Die skuld van die onreg het op Abimeleg neergekom. Die onreg is reggestel.

Die opstand teen Abimeleg kan ook heeltemal gewoon verklaar word. Mag wat met bloedvergieting verkry word, is aan opstandigheid en teengeweld blootgestel. Op die geleë oomblik sal dit openlik uitbreek. Moet ons tussen die verklarings kies? Nee, die Bybelskrywer vertel 'n logiese verloop van gebeure. Hy getuig egter dat in daardie gebeure wat so 'n gewone verklaring het, die wil van God geopenbaar is. Ook so iets as die opstandigheid teen Abimeleg, is nie aan die wil van God onttrek nie. Sy wil word daarin voltrek. Ook te midde van gebeure wat op sigself nie heilsaam is nie, moet die heilswil van God geglo word.

2 Oktober. **Lees** Rigt. 10:6-16. **Teks:** Rigt. 10:16.

BEROU EN VERGEWING.

Herhaling is nuttig om iets in te skerp. Dit kan egter ook afstomp. Herhaling kan die erns van 'n saak beklemtoon. Te veel herhaling kan ook maak dat die erns van 'n saak nie meer besef word nie.

In Rigters 10:6-16, hoor ons die soveelste keer van Israel se sonde, sy verdrukking, sy berou en God se hulp. As ons alles van Rigters 3 af gelees het, sal die opeenvolging van gebeure vir ons geen verrassing meer inhou nie. As ons hier weer van Israel se sonde lees, kan ons al vooruit sê wat gaan volg. Is dit met die skuldbelydenis werklik nog 'n saak van erns? Gewaagder is die ander vraag wat in ons huiwer. Is die vergewing ook nog 'n saak van erns? Is berou en vergewing die sewentig-maal-sewende keer van dieselfde erns as die eerste keer?

Vanuit die inleiding tot die verhaal van die agste rigter, moet die vraag bevestigend beantwoord word. Die berou is hier ernstiger bedoel. Israel het nie net opgehou om die vreemde gode te dien nie. Hulle het dit uit hulle midde verwyder en daarmee daadwerklik van die afgode afskeid geneem. Hulle het hulle na die Here gewend en Hom gedien.

Toe die verbondsvolk weer volk van die verbond wou wees, het hulle die verbondseëninge ontvang. Die vergewing van Israel se sonde word veronderstel in die woorde: Die Here het ongeduldig geword oor die moeite van Israel. Dit wek God se ergernis as die volk wat weer Syne wil wees, as slawe van 'n ander behandel word. Die ergernis van God is altyd, elke keer, 'n saak van erns.

Selfs die sewentig-maal-sewende keer dat 'n berouvolle sondaar voor God verskyn, is die vergewing net so werklik en nuut as toe hy die eerste keer bely het: Ek glo die vergewing van sondes. Die herhaling van die evangelie stomp nie af nie. Dit skerp die genade van God by ons in.

3 Oktober. **Lees** Rigt. 11:1-10. **Teks:** Rigt. 11:1.

DIE SIN VAN ONS LEWE.

Heel aan die begin van Jefta se verhaal word daar twee dinge van hom gesê: Hy was 'n dapper held en hy was die seun van 'n hoer. Dat hy 'n dapper held was, was sy dáád. Dat hy die seun van 'n hoer was, was sy lot. Die verdere vertelling laat ons sien dat daad en lot by Jefta nie harmonies byeen kon wees nie. Dat hy die seun van „'n ander vrou" was, het swaarder geweeg as die feit dat hy 'n dapper held was. Die lot het die oorhand oor die daad verkry.

Dit het só gebeur: As seun van die ander vrou is Jefta deur sy broers verdryf en 'n erfdeel misgun. Op een of ander wyse moes die verstoteling 'n eerbare plek in die lewe vind. Om die agterstelling te kanselleer, moes hy 'n voorste plek vind. Die geleentheid het gekom. God het Hom oor die vernederde ontferm. Jefta is gevra om as redder van sy volk op te tree. Maar hy wou té seker maak dat hy wat teruggedring is, vorentoe vorder en het 'n onbesonne belofte gedoen. Daardeur het hy sy kind, sy enigste, al wat kosbaar is, verloor.

Jefta se verhaal leer ons om nie op onbesonne wyse sin aan ons lewe te probeer gee nie. Ons moet die sin van ons lewe met sy bates en laste in Christus vind. In Hom het ons almal 'n nuwe lot: kinders van God. Ons het 'n nuwe daad: diens van dankbaarheid. Ons verwerf nie self die sin van ons lewe nie. Dit word ons as 'n genadegawe in Christus geskenk.

4 Oktober. **Lees** Rigt. 11:30-40. **Teks:** Rigt. 11:30-40.

„LAAT U WIL GESKIED."

Die verhaal van Jefta se dogter is 'n ontroerende verhaal. Dit is ontroerend vanweë die vreemde lot wat vir haar bestem was. Onbewus van haar vader se onbesonne gelofte het sy hom as oorwinnaar jubelend tegemoet gegaan. Toe hulle mekaar ontmoet, het haar vader se oorwinningsvreugde weggesterf en haar jubeling het verstil tot 'n laaste versoek. Dit was haar lot dat die enigste lewensvervulling vir 'n vrou in daardie tyd haar ontneem sou word.

Die verhaal ontroer omdat die ongewenste lot die dogter nie wanhopig gemaak het nie. Sy was nie 'n heldin, verhewe bo die verskil van droefheid en vreugde nie. Sy was 'n gewone mens. Sy het geween oor die treurige lot wat haar getref het. Sy het haar vriendinne saamgeneem om deur baie dae en nagte heen die las van haar skielike groot droefheid met haar te deel. Maar sy het nie uitsigloos geleef nie. Deur die vreemde beskikking te beween maar nie te vervloek nie, het sy dit aangeneem en daarmee moedig op weg gegaan. Wenend het sy geleer om te wil soos God wil.

Die verhaal bring egter eers dán heilige ontroering as ons dink aan die genade wat hierdie vreemde lot draaglik maak. Die vreemdheid van 'n onverklaarbare lewenslot word draaglik deur die bekende genade in Hom wat ons kwellende vrae met Hom aan die kruis geneem het. Sedertdien moet ons wel nog dikwels vra, maar nie asof in uitsigloosheid nie.

Miskien sal ons selfs in die ewige lewe nie van alle antwoorde voorsien word nie. Want die een ding wat nodig is, sal ons dan volkome weet: Sy genade is genoeg. Die hoogste lewenswysheid is nie geleë in die beantwoording van alle vrae nie. Dit is geleë in die antwoord van die geloof: „Laat U wil geskied."

5 Oktober. **Lees** Rigt. 15:9-14. **Teks:** Rigt. 15:14.

DIE GEES BRING VRYHEID.

Simson is waarskynlik die bekendste van al die rigters. Die populêre vertelling het van hom 'n held in die algemene sin van die woord gemaak. In hom sien die jeug en die volwassenes die versinnebeelding van 'n mens wat kragtig weerstand bied en die teenstanders verpletter. Andere weer skep daar skynbaar behae in om van Simson net 'n swakkeling te maak. Dit maak nogal soms die indruk dat sulkes nie verdra dat daar ander mense is wat meer as die gewone vermag nie.

Simson staan egter in een opsig naby aan elke mens, ongeag of hy oor meer as die gemiddelde vermoë beskik of nie. Want in die kern van die saak gaan dit hier om wat die Gees vir elke mens kan doen. Hy is die Gees van Vryheid. Die Gees van die Here het oor Simson vaardig geword en die toue wat aan sy arms was het geword soos linnedrade wat in die vuur brand. Dit kan 'n beskrywing wees van hoe Simson dit ervaar het. So maklik het hy die toue gebreek. Maar dit is deur die Gees van die Here.

Ons is soms deur aanvegtinge van binne en verskrikking van buite onmagtig en gebonde. Dan moet ons die moontlikheid van vrywording nie bereken met die oog op ons krag nie maar met die oog op die krag van God. Ons bly dikwels die gevangenes van allerlei sondes, teleurstellings en probleme van die verlede en die hede. Dit is omdat ons ons nie werklik deur die Gees van die Here in volle vryheid laat stel nie. Maar as die Gees van Christus in ons werk, sal ons met verrassing en blydskap begin bely:

„My, magteloos gebonde,
Maak U van bande vry."

6 Oktober. **Lees** Rigt. 15:15-20. **Teks:** Rigt. 15:17 en 19.

DIE VERHAAL IN TWEE NAME.

Dit gaan ons by die oordenking van hierdie gedeelte om twee plekname: Kakebeenshoogte en Roepersfontein. Kakebeenshoogte is die plek van Simson se selfverheerliking. Roepersfontein is die plek van God se verheerliking. Die eerste naam gee Simson self. Die tweede naam word deur andere gegee.

Van Roepersfontein word daar iets meegedeel wat nie van Kakebeenshoogte gesê word nie, naamlik dat die plek tot vandag toe daar is. Die skrywer bedoel sy eie tyd enkele eeue later. Roepersfontein bly dus baie langer in herinnering by die gelowiges as Kakebeenshoogte. 'n Mens doen soms groot dade, maar dit gaan gou verby. Kakebeenshoogte, plek van Simson se mag, het nie 'n blywende verlossing vir Israel beteken nie. Roepersfontein is die plek waar dit geopenbaar is dat God 'n hoorder van die gebed is — tot vandag toe.

Naas die teenstelling tussen Kakebeenshoogte en Roepersfontein, moet ons ook op die verbondenheid let. Twee dinge kan daaroor gesê word. Kakebeenshoogte maak doodmoeg en bring die noodsaak mee om te bid. Kakebeenshoogte word 'n Roepersfontein. Die Here laat ons in ons kragsontplooiing moeg word sodat ons ons krag in Hom kan vind.

Roepersfontein is ook die verduideliking van Kakebeenshoogte. Die kragtige dade van Kakebeenshoogte word deur Roepersfontein gesien as dade waartoe God krag gegee het. Dan is daardie moeite nie tevergeefs nie. As ons eenmaal ons afhanklikheid van God by Roepersfontein leer bely het, sal ons Sy bekwaammakende krag ook by Kakebeenshoogte bely. Dan het ons vermoeidheid en ons werkkrag betekenis gekry. Die plek van werk en die plek van vermoeidheid is 'n plek waar God is. Omdat God daar is, is Kakebeenshoogte en Roepersfontein in 'n sinvolle harmonie.

7 Oktober. **Lees** Rigt. 17:1-13. **Teks:** Rigt. 17:6.

BEELDEDIENS EN ONGEHOORSAAMHEID.

Miga het 'n eie heiligdom gestig en ten dele toegerus met afgodsbeelde. Die silwerbeelde wat met die skenking van sy moeder bekom is, word by die ander gevoeg. Dat sy seun as priester in die heiligdom optree, het Miga nie welgeval nie. Daarom het hy die vreemde leviet uit Betlehem gasvry ontvang en oorreed om priester by hom te word. Nou het Miga gereken sal God hom en sy huis met die goeie versadig.

Miga se bedoeling was om die Here met hierdie doen en late te vereer maar in werklikheid maak hy hom skuldig aan beeldediens en oortree die tweede gebod. Hy maak hom ook skuldig aan veragting van die heiligdom in Silo waar die verbondsark gestaan het. Dit was hom nie geoorloof om 'n eie heiligheid op te rig nie; God self het dit verbied. (Deut. 12:5). Hy moes opgegaan het na die plek deur God aangewys en daar voor die aangesig van die Here verskyn het. (Deut. 12:11).

Hierdie onwettige en eiesinnige optrede was moontlik omdat daar geen sterk regeerder in Israel was wat die eer van God beskerm het, die oortreders gestraf het en die volk voorgegaan het in godsvrug nie. Miga doen gevolglik wat goed was in sy eie oë sonder om hom verder te bekommer oor wat God verorden het. Die priester in sy heiligdom is self ook so verdorwe dat hy Miga nie reghelp nie. Niemand roep Miga tot verantwoording nie maar een ding is seker, hy en sy priester het die toorn van God opgewek.

Goeie bedoelings het geen waarde as dit die oortreding van die wet en verordening van die Here beteken nie. God vra gehoorsaamheid van Sy volk, nie beelde en heiligdomme hoe goed ookal bedoel nie.

8 Oktober. **Lees** Rigt. 18:1-31. **Teks:** Rigt. 18:31.

DIE ONWETTIGE HEILIGDOM WORD BEROOF.

Die Daniete kon die grondgebied wat hulle toegewys is (Jos. 19:40-46) nie behou nie vanweë die druk van die kant van die Amoriete. Hulle is uiteindelik in die bergagtige streek van hulle erfdeel vasgedruk en moes noodwendig begin soek na 'n ander gebied om te bewoon. Vyf verkenners word uitgestuur om Kanaän te deurkruis op soek na 'n geskikte en bekombare gebied.

Die verkenners reis noordwaarts en kom op die heiligdom van Miga af. Na 'n gesprek met die priester gaan hulle verder tot by Lais. Die inwoners van hierdie gebied, wat blykbaar aan die Sidoniërs verwant was, het rustig en onbesorg gewoon en hulle net oor hulle gemak en welvaart bekommer. 'n Gebied onbeskerm en weerloos teen strooptogte, sonder vyande maar ook sonder vriende in die dag van onheil. Dit was wat die verkenners gesoek het en daarom haas hulle hulle terug met die goeie nuus.

Die Daniete vertrek met hulle families en besittings om die gebied te gaan beset. Hulle stuur 'n gewapende groep om Miga se heiligdom te beroof en die priester word oorreed om saam te gaan. Miga moes sy poging om sy eiendom te red laat vaar vanweë die oormag van die Daniete en huiswaarts gaan na sy leë en priesterlose heiligdom.

Lais is verower en verbrand en die Daniete het hulle eie stad Dan op die puin gebou. Hulle het ook 'n heiligdom gebou, Miga se beelde daarin opgerig en Miga se priester daar aangestel.

Die Daniete maak hulle ook skuldig aan beeldediens en ongehoorsaamheid in 'n onwettige heiligdom met 'n onwettige priester. Die huis van die Here was in Silo waar die ware priester gedien het en waar God gewag het op Sy volk, ook die Daniete, om voor Sy aangesig te verskyn. 'n Hele stam is nou besig om God te vertoorn.

9 Oktober. **Lees** Rigt. 19:1-21. **Teks:** Rigt. 19:2.

DIE ONTROUE BYVROU.

Die verval wat onder die volk van God ingetree het word nou nog verder oopgevlek.

'n Leviet wat in die gebergte van Efraim vertoef het, het 'n vrou afkomstig uit Betlehem in Juda as byvrou geneem. Die vrou se liefde het egter verflou en sy het aan die leviet ontrou geword en haar skuldig gemaak aan hoerery. Hoerery was 'n ernstige vergryp wat verreikende gevolge kon hê. Uit vrees vir die gevolge van haar optrede en omdat sy nie meer veel aan die leviet gehad het nie, keer sy terug na haar ouerhuis.

Na verloop van vier maande besluit die leviet om sy byvrou te besoek en te kyk of hy haar liefde nie weer kan opwek en haar oorreed om weer by hom te kom woon nie. Hy raak met die vrou versoen en herstel die goeie verstandhouding maar ondervind vele moeite om sy skoonvader se toestemming te verkry om te vertrek. Uiteindelik vertrek die geselskap huis toe. Toe dit laat word besluit hulle om in Gibea te oornag. Aanvanklik bewys niemand gasvryheid aan hulle nie, maar 'n ou man afkomstig uit die gebergte van Efraim wat in Gibea gewoon het, het hulle later in sy huis ontvang. Min het die geselskap geweet wat hulle hier te beurt sou val.

Die vrou se vader en haar man het hulle nie veel bekommer oor haar hoerery nie, nieteenstaande die strenge bevele wat God in dié verband gegee het. Hoerery is 'n gruwel in die oog van die Here en die direkte oortreding van 'n gebod. Die koninkryk van God is vir hoereerders geslote en Hy sal dit tydelik en ewiglik straf.

10 Oktober. **Lees** Rigt. 19:22-30. **Teks:** Rigt. 19:25.

DIE GRUWELDAAD VAN DIE GIBEANIETE.

Die inwoners van Gibea het nie lank getalm om te toon tot welke weersinswekkende dade hulle in staat is nie. Die leviet en sy geselskap was nie lank in die huis nie toe sommige Gibeaniete die huis omsingel en eis dat die leviet utgelewer word dat hulle hom kan beken. Die ou man smeek hulle om sy gas geen kwaad aan te doen nie; hy sal eerder sy dogter en die byvrou aan hulle uitlewer. Die wellustelinge weier die aanbod. Die leviet stoot toe sy byvrou by die deur uit en laat haar aan haar lot oor in die hande van hierdie gewetenlose skepsels.

Die hele nag het hulle haar verkrag en mishandel, hulle vuil luste op haar afgekoel. Teen dagbreek laat hulle haar los en met haar laaste krag probeer sy om in die huis te kom waar haar man lê en slaap. Naby die deur sak sy neer en kon slegs haar hande op die drumpel gelê kry voordat sy gesterwe het.

Vroeg die oggend maak haar man die deur oop en sien sy vrou daar aan die slaap en sê haar aan om op te staan dat hulle verder kon gaan. Toe sy nie antwoord nie besef hy sy is dood. Hy maak toe klaar, laai sy vrou op haar esel en vertrek huis toe. By die huis aangekom sny die leviet sy byvrou in twaalf stukke en stuur dit dwarsdeur Kanaän rond om bekend te maak wat die inwoners van Gibea gedoen het.

Tragies en wreed was die einde van die vrou wat haar aan hoerery skuldig gemaak het. Maar God straf en vergeld die mens na sy dade, tydelik en ewiglik. (Ps. 62:13). Die leviet se oneerbare optrede is afstootlik en veragtelik en die ou man wou een gruwel met 'n ander gruwel afwend ten koste van sy eie kind, 'n kind van die verbond, en ten koste van 'n ander man se vrou wat ook sy gas is.

11 Oktober. **Lees** Rigt. 20:1-18. **Teks:** Rigt. 20:8 en 9.

DIE BENJAMINIETE MOET GESTRAF WORD.

Die stamme van Israel kom by Mispa byeen onder die besef dat die skanddaad van die inwoners van Gibea gestraf moet word. Slegs die stam van Benjamin het weggebly en daardeur kant gekies vir Gibea. Die leviet vertel aan die vergaderde menigte wat hom en sy byvrou te beurt geval het in Gibea.

Gibea is skuldig en hierdie skandalige optrede wat nie geduld mag word nie moet gestraf word. (Lev. 18:20, 22 en 29). Wreek hulle hierdie daad nie sou hulle die wraak van God oor hulleself bring. (Josua 7).

Boodskappers vertrek na die Benjaminiete en versoek hulle om die booswigte uit te lewer om hulle straf te ontvang. Die Benjaminiete weier om dit te doen. Hulle trek hulle weerbare manne saam te Gibea en maak gereed om die aanslag van die ander stamme af te weer.

Israel ruk op teen die Benjaminiete en op pad raadpleeg hulle die Here. Die hele volk van God is nou in 'n oorlog betrokke vanweë die optrede van die Gibeaniete. Iedere gelowige Israeliet het egter geweet dat dit tot oorlog sal lei as die skuldige nie uitgelewer word nie. In opdrag van God mag wat in Gibea gebeur het nie verdra word nie, dit moet ten alle koste gestraf word anders sal God die straf oor Sy hele volk bring.

12 Oktober. **Lees** Rigt. 20:19-48. **Teks:** Rigt. 20:48.

DIE STAM VAN BENJAMIN BYNA UITGEROEI.

Die oorlog breek in sy harde werklikheid los. Israel het 'n ontsaglike getalle-oorwig maar reeds met die eerste geveg rig die Benjaminiete 'n slagting onder hulle aan. Die selfvertroue van Israel is geskok, die oormag kan die oorwinning nie meebring nie, God alleen kan dit gee. Die Israeliete het in hulle wraaksug en oormoedigheid God slegs geraadpleeg om praktiese probleme op te los maar van verootmoediging en geloofsvertroue was daar nie sprake nie. Hulle ween voor die aangesig van God en raadpleeg Hom weer. Die Here antwoord: Trek op Hulle trek op en nogmaals word 'n slagting onder hulle aangerig.

Die menigte is verslae, God het hulle verlaat en nou eers dring dit tot hulle deur dat God by hulle ook skuld en oortredinge vind. Hulle is ook met sonde en gruwels bevlek. Die leviet se gedrag en houding het berisping vereis, Israel het hom nie vermaan nie. Die gebeure in Gibea was 'n aanklag teen die hele volk en die farisese houding van Israel om sonder skuldbesef in eie krag op te trek was 'n fout. Verder terug lê ook die ongestrafde beeldediens van Miga en die Daniete.

Israel gaan na Bet-el en soek die aangesig van die Here op in 'n meer opregte gesindheid. Die Here antwoord dat die vestings van Benjamin die volgende dag sal val. Op seshonderd man na word nie leër van Benjamin uitgewis en die stede met die banvloek getref. Die oordeel is voltrek, die gruweldaad van Gibea is gestraf tot voorbeeld vir die hele volk.

Wat gaan ons nog te beurt val wat soortgelyke gruweldade in ons midde soms met weinig belang en kommer verdra.

13 Oktober. **Lees** Rigt. 21:1-25. **Teks:** Rigt. 21:18.

DIE STAM VAN BENJAMIN BLY BEHOUE.

In Mispa het die Israeliete gesweer dat niemand van hulle sy dogter aan 'n Benjaminiet as vrou sal gee nie en daarmee was die stam van Benjamin feitlik afgesonder en met die heidene gelykgestel. Een van die twaalf stamme was nou tot ondergang gedoem want slegs 600 mans het oorgebly.

Die Israeliete wat in Bet-el byeen is, word deur smart en weemoed oorval by die gedagte dat een stam gaan verdwyn. Hulle ween jammerlik voor die aangesig van God maar onverstaanbaar is hulle houding as hulle God verwytend vra waarom dit so moet wees dat een stam gaan uitsterf. God was tog nie die oorsaak daarvan nie want hulle het in hulle wraaksug gesweer om as die Benjaminiete nie in die oorlog uitgeroei word nie hulle as heidene te beskou en af te sonder.

Israel bewandel nou in hulle poging om die stam van Benjamin van ondergang te red bedenklike weë. Die eintlike probleem was die ligsinnige en onnodige eed om geen vrou aan 'n Benjaminiet uit Israel te gee nie. In plaas daarvan om God nederig in verootmoediging om vergewingte vra en Hom te smeek om die eed ongedaan te maak gaan hulle op slinkse en gruwelike wyse te werk om die een te ontduik. Nog 'n slagting moet in Jabes in Gilead aangerig word as straf omdat hulle nie saam opgetrek het teen die Benjaminiete nie. Die doel van die bloedbad is egter net om die meisies in Jabes vir die Benjaminiete te bekom. Wederregtelik word die 400 meisies uitgesonder van die banvloek. Die ontbrekende 200 meisies word nou soos vee in Silo geroof.

Die stam van Benjamin is gered maar Israel het hulle soos heidene gedra om dit te doen. Die volk van God het in ligsinnigheid en ongeloof verstrik geraak.

In Rigters 17-21 word 'n geskiedenis vertel waarin die opregte geloof ten enemale ontbreek.

14 Oktober. **Lees** 1 Sam. 1:1-18. **Teks:** 1 Sam. 1:15b.

GEBEDSVERHORING.

Hanna is diep bedroef, sy het geen kind nie. Vir 'n vrou in daardie dae wat dit 'n veel groter beproewing as vandag. Benewens haar eie smart was daar nog die opvatting dat sy eintlik 'n moordenares is, wat die lewensmoontlikheid van die man ontvang het, maar dit vermoor het, omdat sy dit nie kon teruggee nie. Sy is 'n bespotting in die oë van die wêreld, en niks kan haar vertroos nie. Selfs die getroue liefde en toewyding van haar man kan haar nie troos nie. Hierdie vrou gaan soek ook nie haar hulp by allerlei menslike oplossings nie.

Wanneer die gesin opgaan om in Silo te aanbid, gaan die vrou haar nood uitstort voor die aangesig van die lewende God. Sy lê die veragting wat sy moet verduur en die groot begeerte van haar hart voor Hom neer. Sy doen dit met die sekere wete dat Hy alleen kan help. Hy alleen kan haar uit haar ellende verlos.

Die geloof word dan ook nie beskaam nie. By die wisseling van die jaar ontvang Hanna 'n seun van God.

Elkeen van ons het sy eie nood en smart. Wat doen ons daarmee? Die wêreld kan ons nie help nie, selfs die troue liefde en versorging van ons dierbares is tevergeefs. Daar is alleen een wat kan help as ons ons hart uitstort voor die lewende God. Hy voorsien nie alleen in die aardse nood nie. Wanneer ons tot die dood toe benoud tot Hom bid, skenk Hy ons uitredding uit die doodsgevaar van die sonde. Hy skenk ons Sy Seun, so verhoor Hy die gebed en verlos ons van ons nood.

15 Oktober. **Lees** 1 Sam. 2:12-26. **Teks:** 1 Sam. 2:17b.

GODSVERAGTING.

Die voorskrifte ten opsigte van die offers word nie meer gehou nie. Eli se seuns het al wat heilig is vertrap en verbreek. Die offers wat die mense aan God gebring het, het hulle ontheilig en 'n bespotting daarvan gemaak, deur eerste te neem wat hulle wil en die oorskiet aan God te wy as 'n offer. Waar die mens vroeër van die offer ook 'n bepaalde deel kon kry as 'n gawe uit Gods hand, daar lê hulle nou beslag op die beste. Die oorskiet word aan God geoffer.

Die gevolg van hierdie optrede is dat die mense die offers verag. Dit is tog nie meer 'n offer aan God nie, maar 'n offer aan hierdie mense. Die offer aan God word 'n bespotting onder die mense. Die skuld hiervoor rus nie op die skouers van die volk nie, maar op die priesters wat hierdie heilige saak ontheilig het deur hulle optrede. Daarom straf God Eli en sy seuns.

Hoe dikwels gebeur dit nie dat die optrede van gelowige kerkmense die kerk en die geloof verlaag tot iets plat en alledaags nie. Dit gaan dikwels in ons geloofslewe nie meer om God en Sy diens nie, maar dit gaan om ons as mense met ons eie belange en eie voorkeur. Uiteindelik word die kerk en die geloof 'n bespotting vir die wêreld, omdat ons die heilige dinge deur ons optrede ontheilig het. Die oordeel van God oor hierdie ontheiliging sal ons ook ervaar.

16 Oktober. **Lees** 1 Sam. 3:1-21. **Teks:** 1 Sam. 3:1-21.

GOD OPENBAAR HOM.

Die woord van die Here was skaars in daardie dae: gesigte was daar nie baie nie. 'n Aaklige oordeel val oor Eli en sy seuns en hulle diens voor God in Silo. Deur hulle ongeregtighede wat hulle pleeg, het Hofni en Pinehas van God vervreem geraak. Hulle het nie meer daaraan gedink dat hulle priesters is wat in Sy diens geroep is nie. By hulle het alleen hulle eie voordeel getel, daarom kon hulle die volk ook op skandelike wyse van hulle offers beroof, om dit vir hulleself te neem. Nou het die volk óók die offers aan God verag, want die offers was blote formaliteit.

Die geestelike verval van die priesters én die volk was die oorsaak daarvan dat die woord van die Here skaars was. Hulle het God nie uit liefde gedien nie, maar uit gewoonte. Só vervreem het hulle van God geraak dat wanneer God Samuel roep, vermoed Eli nie dat dit God is, voordat Hy drie maal geroep het nie.

Samuel is egter Godvresend; van hom staan daar: „Die Here het weer verskyn in Silo" want die Here het Hom geopenbaar aan Samuel in Silo. Hierdie man hoor God spreek en dra Gods woord ook oor aan die volk, want hy vrees God.

Is ons godsdiens nie dikwels blote gewoonte en formaliteit nie? Hoor ons daarom dikwels nie meer God spreek nie, maar volg bloot ons eie wil? Wie God dien met opregtheid en liefde soos Samuel, sal Hom hoor spreek, en kan in Sy weë wandel.

17 Oktober. **Lees** 1 Sam. 4:1-13. **Teks:** 1 Sam. 4:3b.

GOD LAAT HOM NIE DWING NIE.

„En die woord van Samuel het tot die hele Israel gekom, en Israel het uitgetrek vir die geveg." 'n Volk wat met 'n halwe oor luister na Gods woord kom dikwels bedroë daarvan af. Wanneer Samuel sê God gaan 'n ding doen in Israel, waarvan elkeen wat dit hoor se twee ore sal tuit (1 Sam. 3:12), dink die volk blykbaar dat dit die geleentheid is wat God hulle gun om die Filistyne te verslaan. Hierdie ideaal koester die volk lank reeds, nou gryp hulle na die geleentheid om dit te verwesenlik. God sal hulle help in hierdie stryd.

Groot is die teleurstelling as hulle die onderspit moet delf. Dit kan tog nie wees nie, hulle sal God nou dwing om hulle te help. Die volk is so behep met hulle eie ideale dat hulle die woord van God nie meer verstaan nie. Verstaan hulle dan nie dat Samuel se woorde 'n oproep is om hulle tot God te bekeer nie? As hulle dit nie doen nie, sal God 'n ding doen waarvan die mense se ore sal tuit by die aanhoor daarvan.

Die ark van God is vir hulle verteenwoordigend van God self, met die ark in hulle midde moet hulle wen. God sal nie Sy ark in die hande van die vyand laat val nie.

God laat Hom nie dwing nie. Israel word verslaan en die ark weggevoer. Dan eers kom die volk tot inkeer.

Ook ons kan God nie dwing nie. Ons moet leer om in Sy woord te hoor wat Hy tot ons wil sê en ons gehoorsaam daaraan onderwerp.

18 Oktober. **Lees** 1 Sam. 4:1-13. **Teks:** 1 Sam. 5:7.

DAAR IS GEEN ANDER GOD AS DIE GOD VAN DIE HEMEL EN AARDE NIE.

Die teenwoordigheid van die ark in hulle midde het vir die Filistyne tallle gevare ingehou. Eers plaas hulle die ark 'n simbool van die God van Israel, langs hulle eie god Dagon. Die volgende môre is daardie prentjie verander. Dagon staan nie meer trots langs die ark nie. Hy lê op sy aangesig voor die ark. Hierin moes die Filistyne 'n aanduiding sien dat Dagon nie langs God kon plek inneem nie; Dagon is niks werd nie. Slegs 'n beeld van mensehande. Weer word Dagon langs die ark geplaas. Die volgende môre is hy stukkend; sy hande en sy kop is af. Die afgod Dagon word vernietig. Die inwoners van Asdod word ook getref deur geswelle en muise. Inderdaad wil God aan hulle toon dat Hy veel magtiger is as Dagon. Al het hulle die

oorwinning oor Israel behaal, is dit nog geensins 'n teken dat Dagon dit moontlik gemaak het nie. Die God van Israel het hulle in Dagon se hande gegee om hulle te straf. Nou toon Hy aan hulle dat Hy veel magtiger is as Dagon. Dié is maar 'n swakke mensgemaakte afgod wat nie kan red nie.

Dagon kan hulle nie eers beskerm teen die plae wat hulle teister nie. Nee, die ark van God moet weg uit hulle midde, hulle het geleer niks kan langs die lewende God geplaas word nie en niks kan voor Hom standhou nie. Nog 'n keer vra hulle om 'n teken om sekerheid te kry dat God hierdie plae beskik het en dit nie toeval was nie. Twee koeie met kalwers word voor die wa gespan om die ark terug te neem. Die onmoontlike gebeur. Die koeie los die kalwers en kies koers na Bet-Semes. God toon aan hulle dat dit Hy is en nie net toeval nie.

Hoe dikwels word God nie naas ander afgode in die lewe gestel nie? Die afgod van eie eer, van weelde, gemak en luiheid. Hulle word uitmekaar geslaan want God alleen is die lewende God. Hom alleen moet ons dien.

19 Oktober. **Lees** 1 Sam. 6:11-7:4. **Teks:** 1 Sam. 7:4.

BEPROEWING OM TE LOUTER.

„God het geen welbehae in die dood van die sondaar nie, maar daarin dat die sondaar hom sal bekeer en lewe." — Die waarheid van hierdie woorde blyk uit die geskiedenis wat voor ons afspeel. God het die volk van Israel swaar gestraf vanweë hulle oortredinge. Hulle het Hom verlaat en verag, nou laat God toe dat Sy ark deur hulle eie toedoen weggevoer word. 'n Teken dat die volk God deur hulle optrede so ook uit hulle land en lewens verjaag het. Sonder God en sonder die ark as 'n teken van Sy teenwoordigheid, verduur die volk talle teenslae. Die Filistyne verslaan en verneder hulle. Wanneer hulle die ark terugkry, deurdat God dit self terugbring in hulle midde, erken hulle nie die heiligheid van God nie. Nuuskierig gaan bekyk hulle die ark. Nou word die ark nie meer deur die skeiding in die tabernakel vir hulle oë bedek nie hulle gaan dit van nader bekyk. God tref die inwoners van Bet-Semes swaar oor hulle verkeerde handeling.

Wanneer Samuel nou die volk vermaan om hulle tot die Here te bekeer en die vreemde gode te verwyder, doen hulle dit. Die straf van God is nie uit woede nie, ook nie om die mens te dood nie, maar om hom terug te lei na God.

20 Oktober. **Lees** 1 Sam. 7:5-17. **Teks:** 1 Sam. 7:8.

GOD RED DIEGENE WAT HOM IN GELOOF AANROEP.

By Mispa is die kinders van Israel byeen. Hulle gaan haal water en gooi dit voor die aangesig van die Here uit as 'n teken van berou oor hulle sondes. Terwyl hulle hier voor God vergader, is hulle ook deeglik bewus van hulle eie swakheid en magteloosheid.

Die Filistyne hoor van hierdie byeenkoms op Mispa en trek die Israeliete tegemoet om te veg. Die vorige keer het Israel in eie krag en oormoed die Filistyne aangedurf. Hulle wou selfs God dwing om hulle die oorwinning te gee, deur Sy ark na die slagveld te neem.

Nou is daar 'n ander houding te bespeur; hulle storm die vyand nie tegemoet in eie krag nie. Nee, hulle word bevrees, in eie krag kan hulle die vyand nie oorwin nie.

Hulle rig 'n versoek aan Samuel: „Laat nie na om die Here onse God vir ons aan te roep nie, dat Hy ons uit die hand van die Filistyne verlos." Wanneer die mens sy eie swakheid besef en sy krag van God vra, dan alleen kan hy staande bly en die vyand die hoof bied.

God verhoor dan ook die gebed van Samuel en Hy het die Filistyne in verwarring gebring, sodat hulle verslaan is voor Israel.

Wie in eie krag die stryd aanpak, is vooraf gedoem tot mislukking, maar as ons God bid om krag, dan laat Hy ons nie alleen nie, maar red ons deur Sy krag.

21 Oktober. **Lees** 1 Sam. 8:1-9. **Teks:** 1 Sam. 8:7.

VERWERP GOD VIR 'N KONING.

Die volk wil 'n koning hê. Daar is egter niks mee verkeerd nie, want Israel se wetgewer maak in Deut. 17 voorsiening vir die koningskap en hoe dit gereël moet word.

Wat egter sonde was, was die gesindheid wat agter die hele saak geskuil het. Die vir Samuel oënskynlike wantroue in homself deur die volk was dieperliggend. Hierdie wantroue in hom is geleë in 'n wantroue in die Here God en Sy leiding. In die persoon van Samuel het hulle dus Homself verwerp. Hulle wou 'n koning hê omdat die Here, hulle God en Koning, in hulle oë hulle nie meer van langdurige voorspoed kon verseker nie. In plaas daarvan om die teëspoede wat hulle getref het in eie boesem, naamlik hulle sondes, te gaan soek, wou hulle dit gaan soek in die feit dat hulle nie 'n koning soos ander volke rondom besit het wat hulle in die stryd kon voorgaan nie.

Wie is dit per slot van rekening geagte leser, wat in Sy voorsienigheid te werk gaan „wat die tye en die geleenthede verander; wat konings afsit en konings aanstel?" (Dan. 2:21.) Wie anders as die Here?

Toe die volheid van die tyd gekom het, het die Jode ook vooruitgesien na die Een wat Sy Koninkryk op aarde sou oprig. Na Hom wat die juk van die verdruktes met geweld sou afwerp. Maar toe Hy nie aan hul „wense" voldoen het nie, is „die steen deur die bouers verwerp." (Matt. 21:42).

Wanneer ons teëspoed kry, mislukkings ervaar, en ons bid tot Christus en daar kom nie onmiddellik 'n kits-oplossing nie, is ons nie ook geneig om die bestiering van God in ons gedagtes te verwerp, en dan op eie insig te vertrou nie?

In eie boesem moet ons egter die hand steek en bely:

„Here wees my, sondaar, genadig."

22 Oktober. **Lees** 1 Sam. 9:15-20. **Teks:** 1 Sam. 9:18.

DIE KONING EN DIE SIENER.

In hierdie hoofstuk het ons 'n beeld van Saul, dié deur-God-geroepene wat deur Samuel as koning gesalf sal word. Maar die beeld van Saul bly ons sy hele lewe by as die een van kontras; van verandering. Bewondering en verering word afgewissel met vrees en afsku. Hy is die deur-God-verkorene en tog ook die verworpene.

Hier kom hy in aanraking met die man wat vir hom by die volk moet terugstaan, die man wie se pad nog baie met syne sal kruis verder in sy lewe; die man Samuel, siener van God.

Die dienaar van Saul sê aan die begin van hierdie hoofstuk aan hom: „Maar kyk in hierdie stad is 'n man van God" — hierdie dienaar van Saul is eintlik vir ons in die Skrif 'n onbekende man, maar tog het ons hier kennis van sy getuienis aangaande God. Hy dra kennis van die man van God; net soos die dogtertjie in Naäman se huishouding aangaande Elisa.

Hierdie man Samuel was geëerd — iemand wat groot invloed in die openbare lewe uitgeoefen het.

Ook in die lewe van Saul, deur sy begin in die openbare lewe aan te kondig, sowel as sy einde; 'n man wat gebeurtenisse in die lewe kon verklaar, wat die plan van God in die lewe van Sy volk en enkelinge kon vooruitsien en skilder.

Ons enigste Koning en Hoëpriester Jesus Christus sien ook ons lewens deur. Hy sien in die swakke Petrus 'n rots; in die verwerplike Ragab 'n voorwerp in Sy diens. Hy sien in die geknakte riet en die rokende lamppit 'n wanhopige bede om 'n onmoontlike herstel.

Ook u en ek kan en wil Hy in Sy diens gebruik, al is ons nog so swak en ons beste werke doemwaardig voor Sy aangesig.

23 Oktober. **Lees** 1 Sam. 10:1-16. **Teks:** 1 Sam. 10:6.

DIE GEES VAN GOD.

Die mens word onderskei van die dier deur die feit dat hy 'n verstand en 'n rede het. Ons keur dikwels iemand se optrede af deur te sê dat hy hy soos 'n redelose dier handel.

Verder leer ons uit die Bybel dat die mense ook weer in hierdie opsig van mekaar onderskei kan word deurdat persone in genadegawes van mekaar kan verskil volgens die genade wat aan ons gegee is. (Rom. 12:6.)

God skenk met ander woorde aan elke mense besondere geestesgawes, ooreenkomstig die taak waartoe Hy hulle roep. Sommige mense is skerpsinniger as ander, terwyl andere weer makliker een of ander kan aanleer.

So lees ons ook in die boek Rigters, in die geval van Gideon, dat die Gees van die Here hom gevul en geroep het om Sy volk te regeer.

In ons teks het ons dit ook in die geval van Saul. Die Gees van God het oor hom vaardig, in hom werksaam geword. Ons lees dat God sy hart verander het en dat hy 'n ander mens was. God se Gees het op hom gekom met die oog op dienslewering, om te profeteer, om oor die volk te regeer, — aan hom is gedagtes en gewaarwordinge geskenk om hom by sy veranderende omstandighede aan te pas.

Maar tog, ten spyte van die feit dat hy so 'n goeie begin gehad het, was hy in sy latere lewe die ongehoorsame, wat die Gees bedroef gemaak het.

Dit was die verskil tussen Saul en Dawid. — Dawid het ook besondere genadegawes ontvang maar hy het God in sy eie lewe geken en erken, deur die krag van die Heilige Gees; waaruit daaglikse gehoorsaamheid voortgevloei het.

Óns kan ook nie ontken dat ons sekere verstandelike genadegawes ontvang het nie. Wend ons dit aan tot uitbreiding van Gods koninkryk? — tot grootmaking van Sy Heilige Naam?

Ken en erken ons die krag van die Heilige Gees in ons lewe, en werk dit die vrug van die liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing?

24 Oktober. **Lees** 1 Sam. 11. **Teks:** 1 Sam. 11:6.

GOD REGEER.

Saul het 'n beslissende oomblik in sy toetrede tot die koningskap bereik. Onder leiding van die listige Nahas, wat slang beteken, het 'n bloeddorstige horde Ammoniete op die weerlose Jabes toegesak.

Al die oë in Israel het nou na Saul se kant vir hulp gedraai. Hulle het op sy dade gewag en hy tereg, op 'n goddelike aanwysing hoe hy sy taak moet aanpak. Die aanwysing het gekom.

Ons lees dat, toe die onmenslike eis vir die sluit van die verbond met die Ammoriete, naamlik die eis van 'n oog wat die manskap weerloos sou laat in die hantering van pyl en boog, die ore van Saul bereik het, die Gees van die Here oor hom vaardig geword het. Wat 'n vernedering, wat 'n smaad en bespotting sou hierdie daad nie vir Israel wees nie?

Met groot wysheid en taktiese sin het Saul, deur ook die naam van Samuel, wat steeds groot invloed op die volk uitgeoefen het, in een asem met syne te noem, die volk in hegte monstering saamgesnoer en die res is vir ons geskiedenis.

Die Here het deur Saul, wat ook die eer aan Sy naam laat toekom het, die moedelose gesindheid van die volk beweeg. Die Here doen dit op sy eie wyse en manier. So het Hy ten tyde van die laaste plaag met die dood van die eersgeborenes, guns vir die volk Israel in die oë van die Egiptenaars verleen om hulle te laat trek.

Vandag? Lyk dit nie in hierdie woeste wêreld van ons soms, waar volke raas in hul opgewondenheid en wêreldgrotes vir die stryd beraadslaag, asof God die Here Sy rug op alles gekeer en die wêreld aan sy eie lot oorgelaat het nie?

Nee; gelowige broeder en suster, God lê oneindig veel geduld aan die dag, want wag kán Hy. Maar die tyd sal sekerlik aanbreek dat Hy die streep sal trek — dat Jesus Christus op die wolke van die hemel sal verskyn; dat die dag van ewige vrede sal aanbreek." Al die trane sal God van die oë afvee en daar sal geen dood meer wees nie."

25 Oktober. **Lees** 1 Sam. 12:20-25. **Teks:** 1 Sam. 12:22.

NOOIT VERLATE NIE.

God het Sy volk lief. Wanneer Hy Sy volk lief het, gaan dit om die diepere dat Hy in die verborgene ook tot daardie volk behoort.

Hierdie wederstrewige volk van God voel nou verworpe; bang dat hulle geheel en al deur God verlaat sou word. Miskien weet sommige van hulle self nog nie so goed dat hulle werklik verlate is nie. Ja, wie weet dit eintlik? Wie weet inderdaad dat hyself ook nie verlate is nie?

Tog, ten spyte van alles, bly Hy nog by Sy volk. Waarom? Mens moet nie gaan soek na verborge deugde en verdienste in hul geledere nie; hulle nie beter maak as wat hulle werklik is nie.

Hulle vorm die volk wat nie alleen verlate is nie, maar wat ook hul God verlaat het. Diep in die binneste ontdek hulle dat hulle aan God en aan die naaste alles skuldig is. Die hand wat uit eie boesem kom, is vol melaatsheid.

In hulself vind hulle Judas, die verraaier terug, wat sy Heer vir dertig silwerstukke verkoop het. Maar hier hou die ooreenkoms op. Die volk soek deur middel van Samuel berou en belydenis by God. — Judas nie. Samuel sê daarop aan hulle: (vers 20) „Wees nie bevrees nie. Julle het al hierdie kwaad gedoen; maar wyk nie van die Here af nie, . . . " Ter wille van Sy grote Naam is daar diegene wat die Here nie wil verlaat nie; maar wat Hy in al hul verlorenheid wil red.

Jesus Christus is deur God en mens aan die kruis op Golgota verlaat. Daarop, geagte leser, kan u u gerus maar verlaat; selfs in u donkerste uur sal God die Vader u nooit begewe en nooit verlaat nie — ter wille van Sy seun Jesus Christus.

26 Oktober. **Lees** 1 Sam. 13:1-14. **Teks:** 1 Sam. 13:12.

GEHOORSAAMHEID IS BETER AS OFFERANDE.

Met een enkele vergryp het Saul nie net 'n streep deur sy eie toekoms nie, maar ook deur die toekoms van sy nageslag getrek. Hierdeur het hy verseker dat sy nageslag die troon van Israel wat deur hom begin is, nie sal bestyg nie.

Oënskynlik kan dit lyk asof Saul in 'n moeilke posisie verkeer het. Sewe dae lank word sy geduld nou al op die proef gestel — waar hy op die koms van die profeet Samuel wag, terwyl die kameraderie wat onder die manskappe geheers het ook op 'n end is, en wat nou groepies — groepies begin wegsplinter en verstrooi begin raak.

Sy geduld kan dit nie meer dra nie. Israel se gevaarlikste vyand is met die modernste wapens tot die tande toe gemonster; en op hom, die koning en generaal, berus die verloop.

Nou handel hy vinnig — totdat Samuel se woorde hom tot die werklikheid terugskok: „Jy het dwaas gehandel."

Saul se optrede was 'n daad van rebellie teen die soewereiniteit van God; en gegewe straf was dus geregverdig. Dit was 'n daad van rebellie omdat hy gedink het dat hy oorlog teen die staatsvyande kon maak sonder die raad en bystand van God.

Dit is dikwels moeilik om geduldig te bly wag. So moes die dissipels van die Here ook in Jerusalem bly wag vir Pinksterdag, terwyl die begeerte in die harte gelê het om uit te trek.

Saul het homself sterk gehou — hy wou onafhanklik van God en ander mense optree — en waar hy meen dat hy sterk sou wees, was hy eintlik dwaas. Arme onnosele drommel, sou ons kon sê.

Ons het ook al soms moed verloor ten tyde van ernstige siektes, en langdurige droogtes. Alle hoop en selfs gebede opgegee vir enige moontlike redding. Maar die Here ken die nood van elke hart en ten alle tye sal Hy nie toelaat dat u bokant u kragte versoek word nie, want saam met die versoeking sal Hy ook die uitkomste skenk sodat u dit sal kan verdra.

27 Oktober. **Lees** 1 Sam. 14:22. **Teks:** 1 Sam. 14:6.

DIE HERE ALLEEN GEE OORWINNING.

In die boek Samuel, 'n boek van teëstellings, soos ook elders in die Bybel, vind ons die gedurige botsings van geloof en ongeloof; van getrouheid en van afval.

Hierdie hoofstuk is geen uitsondering nie. Hier vind ons Israel se militêre minderwaardigheid, Jonatan se manmoedige daad, die verrassende hulp van Gods kant, en Saul se onewewigtige persoonlikheid wat te voorskyn kom in sy aanvanklike weifeling maar later so oordrewe ywer.

Nou reeds blyk al dat die Here Sy guns aan Saul begin onttrek. Nie Saul nie, maar sy seun Jonatan blyk die uitverkore held te wees, deur wie die Here die oorwinning gee.

Hoe dapper gedra hierdie jonge Jonatan hom nie. Vergesel van sy wapendraer, sluip hy onder die houtgeruste Filistyne in en veroorsaak groot verwarring. Op pad na hierdie dappere oorwinning gebruik die jong man Jonatan die woorde van ons teks: „Kom ons gaan oor na die wagpos van daardie onbesnedenes; miskien sal die Here vir ons optree, want by die Here is daar geen verhindering om deur baie of deur min te verlos nie."

Dit is die woorde van 'n vreeslose jongman teenoor die ruggraatlose onbeslistheid van sy vader. By hom is dit dus 'n geloofsdaad — die Here kon deur baie of deur min die oorwinning bewerk. So gaan God dikwels te werk, broeder en suster; deur die swak, maar toegewyde werk van Sy skepsele op aarde; nie deur vuur en swael uit die hemel nie — maar deur 'n mensedaad.

'n Enkele man het die Hervorming in die 16de eeu begin; en deur 'n man wat 'n liggaamlike siekte gehad het, naamlik Paulus, is Sy evangelie tot die heidene van die destyds bewoonbare wêreld gebring.

Glo u dit vandag ook? Ja, steeds werk God deur die Heilige Gees in die swakke mensekind. Verklaar uself bereidwillig as werktuig. Want baie is daar om te verrig in die koninkryk, omdat die lande reeds wit van die oes is.

28 Oktober. **Lees** 1 Sam. 15:1-23. **Teks:** 1 Sam. 15:22.

GOD EIS GEHOORSAAMHEID VAN DIE MENS.

Saul ontvang opdrag van die Here om op te trek en die Amalekiete te verslaan. Meer nog: Koning Agag en sy stad moet met die banvloek getref word. Dit beteken dat Agag en al sy mense sowel as diere om die lewe gebring moet word.

Saul bring egter nie die wil van God volkome tot uitvoering nie. Hy en sy manskappe spaar naamlik die lewe van Agag, sowel as die beste van die vee, wat hulle dan ook saam terugbring.

Toe die profeet Samuel hom daaroor aanspreek, is sy verweer dat hulle van plan was om dié vee aan die Here te offer.

Dit mag dalk na alle waarskynlikheid vir koning Saul onnodig en sinneloos gelyk het om ook die beste vee dood te maak, maar die feit dat hy God se weë nie wou of kon peil nie, was geensins 'n verskoning om ongehoorsaam te wees nie. Dit geld ook vir elkeen van ons. God se weë is nie ons weë nie, en nog minder is sy gedagtes ons gedagtes.

Nie wat ons goedvind nie, maar wat God goedvind. Ons mag nie ons insig en oordeel gebruik om ongehoorsaam aan die opdragte en eise van God in ons lewe te wees nie.

Samuel sê aan Saul dat om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, en om te luister, beter as die vet van ramme.

Al dink ons soms dat ons handelswyses en besluite God dalk mag behaag, nogtans staan een ding altyddeur vas: God eis onvoorwaardelike gehoorsaamheid, en dan ook as teken van ons dankbaarheid vir ons verlossing in Jesus Christus.

29 Oktober. **Lees** 1 Sam. 16:1-13. **Teks:** 1 Sam. 16:7.

DIE HERE SIEN DIE MENS IN SY HART.

Vanweë die ongehoorsaamheid van Saul het die Here hom as koning van Israel verwerp.

Samuel kry bevel om sy horing met olie te vul, en na Isai, die Betlehemiet te gaan, want die Here het vir sy volk 'n ander koning onder die seuns van Isai uitgesoek.

Daar aangekom rig Samuel 'n offermaaltyd aan, en hy nooi ook die seuns van Isai uit. Eliab, die oudste seun, verskyn eerste voor die profeet, en hy dink: „Gewis, hier staan voor die Here sy gesalfde!" Samuel het hom laat beïnvloed deur die voorkoms en die lang gestalte van dié seun.

Die Here betig egter nou sy profeet met die woorde van ons teksvers: „Kyk nie na sy voorkoms en sy hoë gestalte nie, want Ek ag hom te gering. Want nie wat die mens sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan."

Eliab word as kandidaat vir die koningskap deur God verwerp. Die werklike koning wat God uitverkies het, is die jongste seun, Dawid, wat op daardie stadium skape in die veld opgepas het.

Sy vader ag hom nog te jonk en te gering om by die offermaaltyd aan te sit, maar God ag hom groot genoeg om koning van sy volk te word.

Wat dikwels vir ons groot en voldoende voorkom, is voor God gering en verwerplik, omdat God dieper kyk as wat die menslike oog sien. God se oordeel dring deur alle uiterlikheid en skyn en tref die mens in die hart. Niemand kan die skerpe Oog van God ontwyk nie, nog minder hom anders voordoen as wat hy werklik is.

Voor mense wel, maar voor God staan ons in al ons sondes en naaktheid.

30 Oktober. **Lees** 1 Sam. 17:31-36.; Joh. 10:12-13. **Teks:** 1 Sam. 17:34-35.

DIE GOEIE HERDER.

In die gelykenis van die „goeie herder" lees ons: „Die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar. En die huurling vlug omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie."

In krasse teenstelling hiermee getuig Dawid van homself in ons teksvers as volg: „U dienaar het vir sy vader die kleinvee opgepas, en as daar 'n leeu of 'n beer kom en 'n stuk kleinvee uit die trop wegdra, dan gaan ek uit agter hom aan en verslaan hom en ruk dit uit sy bek uit; en as hy my aanval gryp ek hom aan sy baard en verslaan hom en maak hom dood."

Op grond van die egte en ware herdersgesindheid wat Dawid hier openbaar, kan ons hom 'n goeie herder noem. Inderdaad klink die herderslied baie mooi in die mond van Dawid: „Die Here is my Herder; niks sal my ontbreek nie . . . " Maar tog moet ons hom slegs sien as 'n voorafskaduwing van die eintlike goeie Herder wat aant' kom was in die wêreld, die Herder van Israel, wat selfs bereid was om sy lewe vir die skape af te lê.

Maar al het Dawid as gevolg van sy goeie herderseienskappe dalk nooit agter die kudde in die veld fouteer nie, tog sien ons dat hy as volksherder later ook sy swakhede gehad het, want hy bly nog maar begenadigde, sondige mens.

Maar dit is Jesus Christus, die sondelose mens, die groot Herder van die kudde van die Nuwe Verbond wat alleenlik kan sê: „Ek is die goeie Herder. Die goeie Herder lê sy lewe af vir die skape."

Maar hoe staan die saak met u en my?

Glo ons dat Hy ook sy lewe vir ons afgelê het?

31 Oktober. **Lees** 1 Sam. 17:38-58. **Teks:** 1 Sam. 17:45.

MET GOD IN DIE STRYD.

Dawid, die jongste seun van Isai, verklaar homself bereid om teen die uittartende reus Goliat, te veg. 'n Jong skaapwagter teen 'n geharde, gemilitariseerde reus. Wat 'n ongelyke stryd! Menige Israeliet het seker hierdie jong man se dapperheid en vreesloosheid met die grootste verbaasdheid gadegeslaan. Geen wonder nie, want selfs koning Saul, 'n geoefende krygsman, sien nie kans vir dié brutale reus nie. Maar dis juis wanneer sake uit 'n menslike oogpunt tevergeefs en hopeloos lyk dat God dikwels die swakheid gebruik om sy krag te toon aan die swaarmoedige twyfelaar.

Dawid staan met 'n slingervel teenoor die swaargewapende Filistyn. Maar hy deins nie 'n duim terug nie. Hy weet dat God die oorwinning aan hom sal gee. Met die volle oortuiging van 'n diepe, kinderlike, onvoorwaardelike geloof, sê hy vir die Filistyn: „Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskare . . ."

In sy krisisoomblik twyfel hy nie aan sy God nie. Net so seker as wat sy God is, net so seker sal hy die oorwinning behaal. Dit is geen grootpraterige houding wat hy aanslaan nie, maar juis 'n houding van nederigheid en onderdanigheid aan God, 'n daadwerklike oorgawe aan die Een wat die belangrikste in die stryd is.

Dawid se durf en dapperheid het dus 'n geloofsoorsprong. Wat by die mens nie moontlik is nie, is by God moontlik.

Steeds bly dit egter nog 'n ongelyke stryd, maar ten nadele van die reus! Want wie kan staan voor die lewende God van Israel?

1 November. **Lees** 1 Sam. 18:1-13. **Teks:** 1 Sam. 18:3.

WARE VRIENDSKAP!

In hierdie hoofstuk lees ons hoe die groot vriendskap tussen Dawid en Jonatan sy oorsprong het. Jonatan kom só onder die indruk van Dawid se gelowige eenvoud dat sy siel aan hom verkleef raak.

Ten spyte van die feit dat Jonatan die wettige troonopvolger van Saul was, sien hy Dawid nogtans nie as 'n bedreiging vir sy koningskap, soos wat sy vader deur Dawid bedreig gevoel het nie. Jonatan koester alleen maar die diepste bewondering vir Dawid, alhoewel hy toe al moes besef het dat nie hy nie, maar Dawid vir die koningskap bestem is. Sy liefde vir Dawid is onvoorwaardelik en hoog verhewe bo die afguns, haat en jaloesie van sy vader jeens die gesalfde van God. Ons kan Jonatan dan ook tereg een van die edelste figure van die Ou Testament noem.

Jonatan sluit 'n verbond met Dawid en hy verdedig ook sy vriend teenoor die agterdogtige Saul. Op die lange duur egter, kon hy nie altyd meer vir Dawid in die bresse tree nie, en moet hy hom desnoods aanraai om te vlug. Selfs toe Dawid in die woestyn Sif was, het Jonatan hom nog bemoedig, en hom verseker dat hy koning van Israel sal word.

Op Gilboa het Jonatan teen die Filistyne gesneuwel en sy lyk is saam met dié van sy vader en twee van sy broers teen die muur van Bet-San vasgeslaan.

So word dan beëindig, wat sekerlik as een van die mooiste vriendskapsbande ooit tussen twee mense bestempel kan word.

Dawid en Jonatan.

Onwillekeurig dink ons aan die opsomming van die wet deur Christus: jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

2 November. **Lees** 1 Sam. 18:14-30. **Teks:** 1 Sam. 18:14.

VOOR EN TEËSPOED.

„En Dawid was voorspoedig in al sy weë want die Here was met hom."

Die besondere voorspoed wat Dawid ondervind het, was besondere begenadiging van God. Vooruitgang en voorspoed in die gelowige se lewe is nooit iets anders as loutere genadeloon nie.

Meestal dink mense dat dit uitsonderlik is as dit met jou sleg gaan. Ons is onder die indruk dat voorspoed eintlik die natuurlike lewensstaat is waarin die mens verkeer en dat teëspoed die uitsondering op die reël is.

Inderdaad is dit so dat die mens in sonde ontvang en gebore word en dat teëspoed eintlik ons deel is as dit nie was vir die genadige hand van God wat ons daagliks met sy seëninge oorlaai nie.

Nog meer as dit; want deur die geloof omskep God ook nog dikwels die ellendes en beproewinge tot 'n bate in ons lewe. Vir die ongelowige is teëspoed 'n groot nadeel en las in sy lewe, maar God se genade is so diep en wyd dat hy ook die teenslae gebruik om jou al meer en meer onder die bekering te bring. In Romeine lees ons: „En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na Sy voorneme geroep is.

Nêrens lees ons dat die gelowige sonder meer onvermengde geluk en voorspoed sal smaak nie. Maar juis toon God sy sondaarsliefde ook in die voorspoed wat ons geniet. En hoe meer voorspoedig ons is, hoe meer behoort ons ook onder die besef van God se genade te kom.

Ten slotte kom dit daarop neer dat voor- en teëspoed die handeling van God in die lewe van die gelowige is.

3 November. **Lees** 1 Sam. 19:18-24. **Teks:** 1 Sam. 19:18-24.

DIE HERE LEI EN BEWAAR.

Die vlug van Dawid na die profeet Samuel is verstaanbaar. In Betlehem het God 'n begin met hom gemaak, deurdat Samuel hom as koning gesalf het. Nou keer hy na Samuel terug om daarmee weer volkome die saak in die hande van God oor te gee. Hy wat begin het sal ook voleindig. Die Here moet nou aan hom die weg vorentoe wys. Tot dusver kon hy nog min of meer kop bo water hou, maar intussen het Saul die skroef aangedraai. Dinge het te warm begin word.

Alhoewel hy hom as vlugteling na die aangesig van God wend, is dit nogtans 'n geloofsdaad — 'n verstandige stap. Die gelowige moet juis nie probeer om 'n eiewillige weg te bewandel nie, want God alleen is die Leidsman en Voleinder van ons geloof.

Wat verder in ons teksvers verhaal word, is 'n onbetwisbare bevestiging van die woorde van Psalm 91: „Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige."

Saul en sy boodskappers mag kom om Dawid by Samuel gevange te neem, maar telkens word hulle gevang deur die Gees van God en staan hulle magteloos teenoor Dawid.

Deurdat die gelowige die leiding van God soek, staan hy ook onder die beskerming van God, en geen haar sal van sy hoof val as dit nie die wil van die Vader is nie.

4 November. **Lees** 1 Sam. 20. **Teks:** 1 Sam. 20:3.

DIE DOOD — NET EEN TREE.

Ken u die volgende gediggie van Magister Martinus uit die Middeleeue?

„Ik leef en weet niet, hoe lang;
ik sterf en weet niet, wanneer;
ik reis en weet niet, waarheen;
't verbaas mij, dat ik vrolik ben."

Die eerste twee reëls daarvan herinner ons aan die woorde van Dawid aan Jonatan: „daar is maar net een tree tussen my en die dood." Die stelling is waar. Van die oomblik dat die heilige olie op die hoof van Dawid gedrup het, moes hy ly, vlug en ontbeer. Die koning soek sy lewe.

Maar hierdie stelling is nie net waar wat die lewe van Dawid betref nie. Dit geld vir elke mens. Daarom behoort dit almal tot ernstige nadenking te stem. Maar ons mag nooit oor die dood nadink los van die evangelie nie — anders is die dood afskrikwekkend en vreeslik. Dan deins ons daarvoor terug en word vreesbevange omdat daar maar net een tree tussen ons en die dood is.

Die evangelie laat ons egter sien hoe Jesus gely en gesterwe het, maar ook hoe Hy uit die dood opgestaan het. Hy het die dood oorwin en van sy verskrikking beroof. Maar meer nog: Hy is verhoog tot aan die regterhand van God; Hy is daar vir ons ten goede; Hy is ons voorspraak en pleitbesorger by God die Vader; Hy tree vir ons in en is besig om vir ons 'n plek te berei. Daarin lê ons troos: dat Hy ons mensheid, ons vlees, met Hom meegeneem het as borg en sekerheid dat ons ook eenmaal daar sal wees.

Daarom sal die dood die gelowige Christen nie vir altyd hou nie, want hy gaan na sy ewige huis, die huis met die baie wonings waar Jesus vir hom 'n plek berei, Ja daarheen is ons op reis — verbaas dit u nie dat ons daaroor nie meer dikwels vrolik is nie?

5 November. **Lees** 1 Sam. 21:1-22:5 en Psalm 57. **Teks:** 1 Sam. 22:1.

DIE VREUGDE VAN ADÚLLAM.

Die meeste van ons het al grotte besoek. Hulle is elektries verlig en in sommige word selfs strelende musiek gespeel. Dit is romanties — geskik vir aangename uitstappies met vriende of familie.

So 'n grot was Adúllam nie. Daar moes Dawid vlug vir elke ligskynsel en deur die donker, kil dieptes moes hy sy weg baan. Hier moes hy woon en leef. Slegs as die nagskadus begin val en die wilde diere hul skuilplekke verlaat, kon Dawid die uitgang van die grot nader. Maar as die sonlig weer begin deurbreek dan moes hy terug na die duisternis van die grot.

Daarby het Dawid ook in geselskap verkeer wat nie baie opbeurend was nie. Elkeen wat in benoudheid was, elkeen wat 'n skuldeiser gehad het en elkeen wat onverskillig was, versamel om hom. Hy kom in aanraking met die laagstes en van hulle lippe verneem hy van hulle ellende en benoudheid.

Watter haglike omstandighede!

So 'n omgewing met sodanige geselskap is genoeg om enige mens mistroostig en droewig te stem. Maar was dit die geestesgesteldheid van Dawid?

Psalm 57, wat sy oorsprong in Adúllam het, antwoord „nee".

Dawid lewe nie in die duisternis van Adúllam nie maar — in die lig van die aangesig van die Here. Hy skuil nie onder de rotse van Adúllam nie maar — in die skaduwee van die vleuels van God.

Dawid mistroostig, teneergedruk en gespanne?

Nee, Dawid wil sing — hy wil die rooidag wakker maak met sy lofprysing, hy wil psalmsing, hy wil God loof. Die hart van Dawid is gerus.

Dit is geloof! Om jou nie blind te staar teen die sigbare wat jou omring nie maar vas te hou aan die onsigbare. Om deur die duisternis die lig van God te sien en daarin te wandel.

Wees dus nie mismoedig as u in die spelonk van Adúllam verkeer nie, want kyk, 'n Kind is gebore, 'n Seun is gegee. Die Lig is wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.

6 November. **Lees** 1 Sam. 22:6-23. **Teks:** 1 Sam. 22:18.

DOËG, 'N WAARDIGE WERKTUIG VAN SAUL.

Dit lyk vir ons of Doëg hom verlustig het in die rol wat hy moes vervul. Miskien kan ons dit ook goed begryp want hy is 'n Edomiet en dus 'n aartsvyand van Israel. Hy sou graag die vyandskap tussen Dawid en Saul verder aanblaas. En as Edomiet het hy ook geen agting vir die godsdiens van Israel nie. Daarom huiwer hy ook vir geen oomblik om sy hand te slaan aan die lewe van die priesters van die God van Israel nie. In dié sin is hy 'n gewillige werktuig in die hand van Saul.

Maar die goddelose bewind van Saul en die bebloede swaard van Doëg maak die salwing van Dawid nie tot niet nie. Die saak van die Here kan deur geen Saul en deur geen Doëg vernietig word nie — ja, nie deur al die Sauls en al die Doëgs nie!

Dit is ook die les van die geskiedenis. Daar was altyd tiranne en hulle gewillige handlangers wat die gang van Gods plan wou stuit. Herodus wat die skrikwekkende kindermoord van Betlehem gelas, om die hand te lê op die Koning van die Jode wat gebore is; Kajafas met Judas as handlanger; Caligula; Nero; Domitianus. Brandstapels, pynbanke, skavotte en roofsugtige diere.

Maar steeds hou God vol met sy heilsplan. Steeds klink die evangelie van Jesus Christus deur 'n dorre wêreld. Die evangelie, die goeie boodskap dat die Here God in Jesus Christus die mens tegemoet tree, die sondaar met die kruis versoen en die mens tot sy kind aanneem. Niks kom in die weg van hierdie boodskap nie — want Christus hou self sy kerk in stand.

Doëg het baie volgelinge in dié wat in die verlede en in die hede die diensknegte van die Here martel en poog om die kerk en sy ampsdraers verkeerd voor te stel en te skaad met die gesproke- en geskrewe woord. Hulle is een van gees met die Edomiet, wie se nagedagtenis vervloek is.

7 November. **Lees** 1 Sam. 24. **Teks:** 1 Sam. 24:2.

DIE PLEK VAN DIE KERK IN DIE WÊRELD.

Dawid, die uitverkorene, die gesalfde van die God van Israel, die gunsteling van die Here, verberg hom in die woestyn. Eensaamheid, vervolging, verguising en stryd is sy deel.

So moes die vrou van Openbaring 12 ook vlug na die woestyn.

Dawid — Vrou — Kerk. Hulle plek is in die woestyn. Hulle gestalte is nie dié van 'n heersende en triomferende nie maar die van 'n voortvlugtige in die woestyn. Satan wil maar te graag die kerk verslind en vernietig. Maar God sorg vir sy kerk. Sy duurgekoopte kerk word nie aan sy lot oorgelaat nie.

Die kerk in die woestyn. Dit is die weg van God met sy kerk. So was dit ook met sy volk — veertig jaar lank. Daar was baie ontberinge en beproewinge, daar was oneindig veel teëslae, daar was sonde en vermoeienis, maar tog was daar ook by dit alles die onmiddellike teenwoordigheid van God. Nooit het Israel die nabyheid van die Here so heerlik gesmaak as juis in die woestyn nie. Die manna en die tabernakel en die wolk- en vuurkolom — dit alles getuig van Gods sorg en nabyheid.

In die woestyn moet die kerk ook bereid wees om te ontbeer, om soms baie te ly, om bespot en gehoon te word. Daar moet die kerk bereid wees om soms teruggedruk te word in 'n hoekie van onbeduidenheid. Daar sal nie altyd op haar geroep en haar boodskap gelet word nie. Die wêreld sal hom baie selde aan die kerk steur. Maar tog is die woestyn ook 'n troosvolle plek. Want daar waar die gelowige volk in gemeenskap van die heiliges besig is met die heilige dinge, daar waar hulle by die tabernakel van God verkeer en gedek word deur die wolk- en vuurkolom van Gods beskerming en leiding — daar in die woestyn ondervind sy volk soos op geen ander plek die nabyheid van die Here. Maar wee die kerk as dit uit die woestyn tree om kompromieë met die wêreld te sluit en met die wapens van die wêreld sy stryd te voer. Op so 'n wyse verloën die kerk sy roeping en taak.

8 November. **Lees** 1 Sam. 25:1-22. **Teks:** 1 Sam. 25:1.

'N GEBED WAT VERHOOR IS.

Die dood. Die weg van alle vlees. Vooraanstaandes, onaansienlikes, rykes en armes. Godsmanne — sedert die dae van Adam en Noag, patriarge, profete, apostels, kerkvaders, reformatore — altyd maar weer die bekende refrein — en hulle het gesterwe.

Ook Samuel — een van die grotes van die volk van God. Sy naam staan naas dié van Moses. As ons terugkyk op sy lewe moet ons dadelik opmerk: God was met hom; hoe geseënd was sy lewe nie! hoe groot die taak wat hy moes verrig! In die tyd waarin hy begin optree in die Naam van die Here, was „die woord van die Here skaars." Maar hy deins nie terug vir die taak nie. In al sy opdragte was hy getrou want hy is gevul met 'n brandende ywer vir sy God. „En die Here was met hom; en Hy het nie een van al sy woorde onvervuld laat bly nie."

Hy roep die volk terug na die God van hul vaders. Hy word die hartklop van die reformasie, die leermeester van manne soos Gad en Natan wat so 'n groot invloed uitgeoefen het op Dawid. Voorwaar: geseënd is die volk wat leidsmanne het soos 'n Samuel.

Maar waar begin dit alles?

Aan die begin staan alleen maar Hanna, die huisvrou wat bid in die tempel. Hanna die kinderlose, die veragte, wat bid: „as u . . . u diensmaagd 'n manlike kind skenk, dan sal ek hom aan die Here gee al die dae van sy lewe." Eli dink sy is dronk — maar die Here gee ag op die smekinge van Hanna.

Twee bakens in die geskiedenis van Israel: Hanna wat bid — en Samuel wat sterf. En daartussen — die prediking van Samuel, reformasie, Gad, Natan, Dawid en 'n volk wat terugkeer na God. Die vurige gebed van 'n regverdige het voorwaar groot krag.

Bid sonder ophou: vir u kinders, vir die kerk, vir u volk en vir alle mense.

9 November. **Lees** 1 Sam. 25:23-44. **Teks:** 1 Sam. 25:32, 33.

ABIGAIL — 'N DEUGSAME VROU.

Abigail was 'n merkwaardige vrou. Haar lot in die lewe was glad nie maklik nie — want sy is getroud met Nabal. Indien Nabal haar huwelikskeuse was, was dit 'n ongelukkige keuse. Sy was 'n goeie, edele en deugsame vrou en juis daarom het dit vir haar meer as vir iemand anders duidelik geword dat Nabal presies is wat sy naam beteken — 'n dwaas.

Wanneer dinge in die huishouding skeef loop, moes Abigail tussenby tree. Soos in die krisis met Dawid. As sy nie ingegryp het nie sou Dawid met sy manskappe haar huisgesin met die swaard omgebring het. Dit wil sy verhoed.

En in hierdie poging van haar om reg te stel waar haar man verbrou het, leer ons 'n vrou ken wat haar kruis in die lewe gelate dra, en nogtans haar roeping teenoor haar man en haar huis ken. Sy bely wat verkeerd, onedel en sleg is en trag om dit reg te stel. Sy is nederig en taktvol. Haar betoog is nie die van 'n listige vrou wat wil verlei en bedrieg nie. Dit is nie gebore uit 'n koel berekende verstand nie. Sy spreek uit haar hart. Sy is nie slegs besorg oor haarself en haar familie nie, maar ook oor die gevolge wat 'n bloedbad vir Dawid, die gesalfde van die Here, sal hê.

Waar geen profeet vir Dawid op sy pad ontmoet om hom tot inkeer te bring nie, daar staan Abigail en spreek sy die woorde wat Samuel sou gespreek het.

Groot is die gawe wat die Here skenk in 'n edel vrou, 'n vrou wat die Here vrees en haar plek en roeping ken teenoor haar man en haar huis. „'n Vrou wat die Here vrees, sy moet geprys word."

Loof die Naam en die genade van die Here vir so 'n gawe!

Sulke vroue het ons volk nodig. Vroue wat gewillig is om hul vernaamste roeping in die huis en gesinslewe te sien, om ook daar vir Jesus Christus te getuig.

10 November. **Lees 1 Sam. 26.** **Teks: 1 Sam. 26:23.**

DIE LAASTE ONTMOETING.

Eenmaal tevore het die Sifiete Dawid verraai. Nou kry hulle weer die geleentheid. Saul gryp met albei hande na die nuus. Dit sou die laaste ontmoeting met Dawid bewerkstellig. Maar dit wis nie een van die twee nie.

Saul is ook in hierdie ontmoeting getrou aan homself. En Dawid? Sal hy staande bly in hierdie beproewing waarin God hom bring? Die vorige keer, daar in die Steenkobrotse, kon hy Saul ook om die lewe gebring het. Toe het sy manne ook soos Abisai nou, gefluister: die Here het hom in u hand gegee . . .

Maar Dawid bly nugter in sy oordeel, edelmoedig en godvrugtig. En onder die nagtelike hemel, by die slapende koning, fluister hy Abisai in die ore: „Die Here sal hom slaan, of sy dag sal kom dat hy sterwe, of hy sal aftrek in die geveg en omkom.'

„Aan My kom die wraak toe. Ek sal vergeld spreek die Here." Só staan dit geskrywe. En Dawid verstaan hierdie woord van die Here.

In geen geval mag die gelowige kwaad vir kwaad vergeld nie, want dit is in stryd met die liefde wat afskaduwing is van Gods liefde. Daarom mag die gelowige hom nie wreek nie. In plaas daarvan om kwaad met kwaad te vergeld of hom te wreek moet die gelowige liewer met die liefde antwoord en bedink wat goed is vir alle mense.

Is ons nie altyd geneig tot die teenoorgestelde nie? Ons staan so graag op ons regte. Ons is altyd so gesteld op ons voorregte en ons eer.

Dit geld nie net vir ons persoonlike lewe nie, maar ook vir die lewe en werk van die gemeente van Jesus Christus. In Dawid staan, ly en stry die ware Israel, die volk van God, teen die bose mag, wat in Saul beliggaam is. Hoe dikwels word die kerk nie in die versoeking gestel om Saul se spies teen Saul te gebruik nie.

Só het die Here van die kerk ons nie geleer nie. Indien ons dit weet, salig is ons as ons dit ook doen.

11 November. **Lees 1 Sam. 27:1-12.** **Teks: 1 Sam. 27:1.**

VERTROU OP DIE HERE.

Dawid die man na Gods hart, die een oomblik op die kruin van geloofsvertroue, die ander oomblik in die diepte van vertwyfeling. Hy het tevore saam met Abisai in die nag die laer van Saul binnegegaan. Daar wou hy nie sy hand aan die gesalfde van die Here slaan nie. Die volgende dag het hy vol vertroue vir Saul gesê: „En kyk soos vandag u lewe in my oë kosbaar was, mag so my lewe in die oë van die Here kosbaar wees, en mag Hy my red uit elke benoudheid." Dit is dieselfde Dawid wat so vol vertroue was wat nou moedeloos na die land van die Filistyne wil vlug. Daar is nou vir hom niks goeds nie, hy sal in die hand van Saul val. Nou sterf sy geloofsmoed en vertroue op God. Het die Here dan nie belowe om hom onder sy sorg te neem nie? Was sy toekoms dan nie verseker deur die belofte dat hy die troon sal bestyg nie? Hy verloor sy vertroue in die Here. Hy sal nou self sy heil uitwerk. So kom hy tot die besluit om buite die erfdeel van Israel 'n uitweg in die

vreemde te soek. Die een besluit gee aanleiding tot die volgende. In die land van die Filistyne moet hy bedrieg om die guns van koning Agis te wen. Daar is sy lewe bitterder as in die woestyn, omdat hy nie alleen sy gewete besoedel het nie, maar ook nie meer leef in die weg van die Here nie.

Vertrou op God ook as dit duister is. Die plek en taak wat God ons gegee het, mag ons nie verlaat nie. Doen ons dit tog omdat ons beredeneringe dit so wil, dan gaan ons noodsaaklik ook op 'n weg van eiewilligheid, teen ons roeping in, weg van God. „Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet my eer."

12 November. **Lees** 1 Sam. 28:1-25. **Teks:** 1 Sam. 28:6.

GOD ANTWOORD NIE.

In die laaste jare van sy tragiese loopbaan het koning Saul ontdek dat hy nie meer bid nie. In sy vroeëre jare het hy staatgemaak op die voorbidding van Samuel. Maar nou in die uur van krisis, toe die koning die wil van God moes leer ken, het Hy hom nie geantwoord nie. Saul het vergeet om te bid. Hy het verleer om te bid. „Omdat jy nie na die stem van die Here geluister het nie." Die Here het van Saul gewyk, sy koningskap sal Hy van hom wegneem. Saul het die Here vergeet en op homself vertrou. Nou vrees hy egter die bedreiging van die Filistyne en nou moet die Here help. Hy het wel probeer om langs die gewone kanale die wil van God te kenne te kry, naamlik deur drome, die Urim en die profete. Hy het dit nie gedoen omdat hy verlang na die gemeenskap met God nie, maar om invloed op God te probeer uitoefen in sy eie belang. Hy kan nie meer bid nie want hy was nie meer gewoond om te bid nie. Nou in die krisis wil hy hê God moet antwoord. Die Here het hom nie geantwoord nie. Hy laat Hom nie bespot nie. Saul is bevrees. Hy wil die Here dwing om te antwoord. In sy voorspoed was hy manhaftig, maar nou moet God antwoord en hom help. Hoe laag daal hy nie? Vroeër jare het hy nog sy kragte gewy aan die uitroeiing van die euwel van waarsêery. In sy uur van wanhoop daal hy so laag dat hy na hierdie dwaasheid gryp, waarteen hy juis sy mense wou beskerm. Saul kon nie meer bid nie.

Leer om te bid. Bid sonder ophou. Bid in voorspoed en in teenspoed. Dan sal God antwoord. Dan sal ons nie wanhopig word nie, dan sal ons op Hom vertrou en ons nie wend na towenaars en waarsêers en geeste van gestorwenes nie.

13 November. **Lees** 1 Sam. 29:1-11. **Teks:** 1 Sam. 29:3.

GEEN KOMPROMIE.

Dawid die held van Israel, wat eenmaal Goliat in die naam van die Here verslaan het, hy die gesalfde van die Here, trek saam met die Filistyne op teen sy volk. Hy die toekomstige koning van Israel, is die lyfwag van Agis. Omdat hy sy vertroue op God verloor het en bevrees was vir sy veiligheid het hy 'n kompromie met die vyand aangegaan. Om dit te bewerkstellig moes hy bedrieg en sy eer prysgee. Daar was nou vir hom geen uitkomkans meer nie. Hy sou óf sy eer by Agis moes inboet, óf hy sou verraad moes pleeg teenoor sy volk. Hy was reeds

op pad om teen sy eie volk te gaan veg. Dawid was ontrou, maar die Here bly getrou, getrou aan sy volk, getrou ook aan Dawid. „Wat soek hierdie Hebreërs?" Die Here maak van die wantroue van die Filistyne gebruik om Dawid uit hierdie doolhof van bedrog te bevry. Ondanks sy sonde ontferm die Here Hom nog oor Dawid en verbreek die strik van die Filistyne. Ter wille van sy eie veiligheid het Dawid 'n kompromie aangegaan, maar om dit te bewerkstellig moes hy bedrieg. In sy grote goedheid het God hom gered en hom die volle konsekwensies van sy daad bespaar. Koning Agis het Dawid wel gevlei, maar dit getuig reeds van sy bedrog teenoor sy volk en teenoor God.

As ons deur magte gevlei word wat God en ons volk vyandig is, weet dan dat ons reeds bedrog gepleeg het teenoor ons God en ons volk. As ons op God vertrou dan hoef ons geen kompromieë aan te gaan ter wille van ons eie veiligheid nie. „Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my."

14 November. **Lees** 1 Sam. 30:1-31. **Teks:** 1 Sam. 30:6.

VERSTERK IN DIE HERE.

Dawid en sy manne keer terug na Siklag. Die Here het hulle bevry van die bedrog waarin hulle gelewe het, maar 'n treurige verwelkoming wag daar op hulle. Siklag is verbrand, hulle vrouens en kinders is as gevangenes weggevoer. Die toestand van Siklag spreek van wraak. Die bendes wat hy tevore vanuit Siklag verslaan het, waarvan hy vrou en kind gedood het om sy leuens by Agis waterdig te hou, het wraak geneem. Sy lewe van dubbelsinnigheid en onwaarheid spreek uit die ruïnes van Siklag. Dit is die einde van die krom weg, die einde van alle onwaarheid en selfbedrog. Dawid en sy manne het van smart in trane uitgebars. Die snikke van sy manne het woorde geword, woorde van verwyt en aanklag teen Dawid, teen sy leiding en politiek wat hulle nou soveel droefheid besorg. Die aanklagte word opstand. Hulle sal Dawid, die oorsaak van hulle ongeluk, stenig. Dawid was gebroke. Sy verlede het hom ingehaal. Die selfverwyt het sy siel gepynig. Teen sy manne kon Dawid hom nie verweer nie, want hy was skuldig. Ook teen God kon Dawid hom nie verweer nie, hy was skuldig. Hy het gebuig onder die bestraffende hand van God. Sy smart het hy gely in verootmoediging voor God. Hy het sy toevlug geneem tot die genade van God. Hy het gebid om vergewing, hy het gebreek met sy eie insigte, hy het berou gehad. So het Dawid homself versterk in die Here sy God. In skuldbelydenis en berou het hy by God om genade gesmeek.

Wanneer ons selfversekerd, met ons eie insigte ons toekoms sonder God wil ingaan, loop ons ons te pletter. Wanneer ons egter met gebuigde knieë en geboë hoof ons swakheid en skuld voor God bely, is ons in die regte houding om die genade en vergewing van God te ontvang. Dan sal ons soos Dawid versterk word in die Here onse God.

15 November. **Lees** 1 Sam. 31:1-6. **Teks:** 1 Sam. 31:4.

SELFMOORD — SONDER GOD.

Die ou Hebreërs het selde tot hierdie daad die toevlug geneem. Hulle het die menslike liggaam so hoog gestel dat hulle geaarsel het om aan Gods handewerk 'n einde te maak. Die Bybel maak slegs

melding van Agitofel, Simri, Judas en koning Saul. Soos hy geleef het, so het Saul ook gesterf — sonder God. Sy lewe het net uit homself bestaan. Hy het God vergeet, hy het God verlaat. Hierdie wêreld wat hy rondom homself gebou het was besig om in duie te stort. Die Israeliete is verslaan, hyself was gewond en sou ook onvermydelik in die hand van die Filistyne val. Hy sal hulle nie toelaat om hom dood te maak nie; sy lewe is verwoes maar hierdie skande sal hy nie oor hom laat kom nie. Hy sal self oor sy lewe beslis. Hy neem sy eie lewe, maar daardeur stort hy homself in skande en sonde voor God. Saul se lewe was verwoes, daar was geen hoop meer vir hom nie, want hy het God vergeet. Hy het vergeet dat daar by God vergewing en lewe is. Daarom slaan hy ook sy hand aan sy lewe en sterf sonder God.

By God is daar altyd hoop, al lê ons lewe ook aan skerwe aan ons voete. Al het ons ook van ons lewe 'n mislukking gemaak, by God is daar vergewing. Op Golgota staan daar 'n kruishout, daar het Jesus Christus reeds vir ons mislukkings betaal. As ons in die geloof ons skuld voor God bely, dan is daar vergewing. In Hom is daar vir ons nuwe hoop en 'n nuwe lewe.

16 November. **Lees** 1 Sam. 31:7-13. **Teks:** 1 Sam. 31:13.

DIE HOOP KWYN.

Israel het sy verkiesing nie verstaan nie. Hulle kon nie begryp waarom hulle in onderskeiding van ander volke, nie deur 'n koning regeer kon word nie, maar deur die lewende God self. Israel het 'n koning begeer soos die ander volke. Die Here het Saul aan sy volk as koning gegee. Maar hierdie koning het hom in eiewilligheid gaan verhef bo die Woord van God, in hoogmoed hom verhard en hom gekeer teen die wil van die Here. En nou het die einde gekom. Saul het hom gewend tot 'n waarsegster. Hy is deur die Filistyne verslaan, sy leër was vernietig. In volhardende eiewaan het hy sy hand aan sy eie lewe geslaan. Saul se hoof hang nou in die tempel van Dagon. Israel se gebied was grotendeels in die mag van die Filistyne. Soos in die dae van die Rigters lyk dit of Israel se ondergang voor die deur is. Die hoop kwyn weg. Die Here alleen was nog die hoop wat daar vir Israel oorgebly het. Dié Here wat met Abraham en Israel sy verbond opgerig het en deur hulle met alle geslagte van die aarde. Daarom het die Here Dawid begenadig, hom geroep en gesalf om koning van Israel te wees. Omdat Hy trou bly aan sy beloftes het Hy Dawid gered van sy bedrog met die Filistyne. Deur Dawid sou die Here die hoop vir Israel weer laat ontvlam.

Deur die hardkoppigheid van die mens het die hoop vir Israel gekwyn en gesterf. Deur die belofte van God ontvlam die hoop weer. Deur ons hardkoppigheid en sonde sterf ook ons hoop. Na sy belofte het God ook vir ons uit die nageslag van Dawid, in Jesus Christus, die hoop weer laat ontvlam. Alleen in die woord van die Here is daar hoop vir alle geslagte en alle tye. Die Woord van die Here bly tot in ewigheid.

17 November. **Lees** II Samuel 1:1-16. **Teks:** II Sam. 1:16.

SOEK NA EER.

Daar kom 'n boodskapper na Dawid. Hy het geskeurde klere aan en grond op sy hoof, tekens van groot droefheid. Hy kom met 'n droewige tyding. Saul en Jonatan is dood. Israel is deur die Filistyne verslaan. Dit skyn of die man diep bedroef is. Waarom sou hierdie Amalekiet bedroef wees oor die dood van Saul? Dit is maar net bedrog. Innerlik is hy opgewonde en vol spanning. Dawid sal die nuwe koning wees. Hy behoort beloon te word vir sy daad want dit is mos 'n goeie tyding vir Dawid. Sy pad na die troon is nou oop. Hier het hy ook die kroon en armband van Saul vir Dawid saamgebring. Om seker te maak dat Dawid hom sal beloon en vereer, ken hy aan homself 'n hoofrol toe in die drama wat hy vertel. Hy beskryf die drama so dat hy alle eer sal ontvang, maar ook so dat hy onskuldig lyk. Of sy verhaal wel waar is, weet ons nie. Waarskynlik het hy die verhaal so opgedis om homself te probeer bevoordeel. Feit is dat hy bereid was om ter wille van die eer wat hom moontlik te beurt sou val, selfs die bloed van Saul op sy hoof te laat kom. Hy was bereid om ter wille daarvan sy hand aan die gesalfde van die Here slaan. Dawid was nie beïndruk nie, maar bedroef en geskok omdat die Amalekiet dit gedoen het. Volgens alle reg moes hy sterf.

Ons is ook dikwels bereid om ter wille van ons eie eer en status oneerlik te wees en selfs ons naaste te vertrap en te vernietig, miskien selfs moord te pleeg. Ter wille van ons eie eer, doen ons God oneer aan. Laat ons nooit ons eer hoër ag as die eer van God nie.

18 November. **Lees** Hosea 1:1-5. **Teks:** Hosea 1:2(b).

GOD SE SMART.

In die tyd van Hosea het Israel gekom op die stadium dat die gepredikte Woord weinig meer indruk op hulle gemaak het. Daarom moes die Woord van God toe onderstreep word met die prediking van die daad.

Israel het hulle nie meer gesteur aan die Woord wat Hosea gepredik het nie. Maar as die profeet van die Here nou sou trou met 'n ligsinnige vrou, wat weldra ook nog van haar man wegloop, dan sou dit opspraak verwek. Daaroor sou gepraat word en dit was juis God se bedoeling. Want as iedereen daaroor die mond van sou volhê om van die skande te praat en van so 'n slet van 'n vrou, dan moes Hosea aan hulle sê: net soos die vrou van my is, presies so is julle.

So is Hosea se huwelik 'n gedwonge huwelik, nie in ons sin van die woord nie, maar deur God word hy gedwing om so 'n huwelik aan te gaan: „Gaan heen, neem vir jou 'n hoervrou."

In die ongelukkige huwelik van Hosea sien ons God se smart. Soos 'n bruidegom het God Israel vir Hom as bruid geneem. God het haar (Israel) onuitspreeklik liefgehad en het daardie liefde tot Israel ook op allerlei maniere bewys deur Israel in sy liefde te vertroetel. Maar wat het Israel gedoen? Het sy God se liefde beantwoord? Nee, want God kla: die land het grootliks owerspel bedrywe deur van My afvallig te word. Geestelike owerspel met die afgode, ontrou, ja veragting teenoor God. Dit is Israel se antwoord op God se liefde. En daaroor is die Here bedroef.

Is ons beter as Israel? Ons is seker geen hoereerders en owerspelers nie. Maar aan geestelike hoerery en ontug ontbreek dit ons nie. God oorlaai ons ook met sy liefde en gunsbewys. Dink maar aan verlossing van sonde deur Christus se sterwe wat Hy ons geskenk het. En beantwoord ons God se liefde met die wederliefde en dankbaarheid wat daarby pas? Dit is erg dat God ook in hierdie tyd oor ons moet kla van ontrou en liefdeloosheid. Maar nog erger is dit, as ons daardie aanklag nie meer hoor nie.

19 November. **Lees** Hosea 1:6-12. **Teks:** Hosea 1:9.

ONHEILSNAME.

Die eerste kind wat uit die ongelukkige huwelik tussen Hosea en Gomer gebore word, word op God se bevel Jisreël genoem. (vers 4). 'n Mooi naam was dit nie, altans nie hier nie. Waar die betekenis daarvan is — God saai, strooi uit, gaan dit hier oor die betekenis van verstrooi en spreek dit van neerlaag en verbreking. Want dit is die bedoeling van die naam. Israel se mag sal verbreek word. Israel sal Jisreël word! God kan in sy liefde nie net bedroef wees nie. God se liefde kan ook toornig wees en straf. Anders sou God se liefde 'n swak liefde wees.

Die tweede kind moet Lo-Rugama heet. Die naam beteken „geen ontferming" nie. Die oordeel van die Here word al swaarder. God sal Hom nie meer oor Israel ontferm nie. Daar sal 'n tyd kom wanneer Israel nie meer Ps. 103 sal kan sing nie. Tog is daar hoop want as Israel haar sou bekeer dan kan dinge anders verloop.

Maar die bekering het nie gekom nie. Hulle het maar net gelag oor die lawwe name van Hosea se kinders. Daarom is 'n derde kind gebore. Ook sy naam word deur God gegee: Lo-Ammi. Die oordeel wat in die naam opgesluit lê oortref alle voorafgaande in heftigheid. Lo-Ammi — „nie My volk nie", dit hou in algehele verwerping, finale huweliksontbinding. Elke band wat daar nog tussen God en Israel was word deurgesny.

Jisreël het nog slegs beteken dat God Israel se krag verbreek en Israel se glorie ontneem. Tog het die liefde en ontferming gebly.

Toe is Lo-Rugama gebore. God het sy ontferming ook teruggetrek. Maar Israel het nie gebid: Here ontferm U oor ons, nie.

Dan, Lo-Ammi — „nie meer My volk nie". Dit is die finale oordeel.

Hieruit blyk die duidelike getuienis van God se lankmoedgheid. Hy wag een jaar en Hy wag twee jaar en Hy wag drie jaar. Die geskiedenis van die onvrugbare vyeboom: Laat hom nog hierdie jaar, laat hom nog een jaar, en dan — kap hom uit!

Die naam van die Drie-enige God is oor elkeen van ons uitgeroep. Maar watter naam word nóu oor ons genoem, Jisreël of Lo-Rugama of is dit dalk al Lo-Ammi. Bekeer u van u ontrou! God is liefde. Maar dit is 'n liefde waarby die toorn nie uitgesluit is nie. Vergeet dit nie.

20 November. **Lees** Hosea 2:1-11. **Teks:** Hosea 2:7.

GOD DIE GEWER EN BESITTER.

Die saak in die teksvers waaroor God spreek is nie maar 'n toevallige misdryf nie. Dit is geen misverstand nie maar „onverstand" waaroor die Here sy volk, sy „vrou" soos wat Israel hier nog genoem word, aankla. Geen vergeefbare onwetenheid nie maar skuldige onwetenheid.

Niemand kon beter as Israel geweet het dat dit die Here was wat nie alleen Skepper van hemel en aarde was nie, maar ook die Een wat alles in sy voorsienigheid onderhou en regeer. In baie Psalms kom dit na vore (Ps. 24:1, 2; Ps. 50:10, 11; Ps. 104:27, 28 ens.). Tog het Israel hierdie allereerste beginsels van die Godskennis kwytgeraak.

God het aan Israel as die verbondsvolk veel aandag en sorg verleen. Soos wat 'n man sy vrou versorg, het God Israel versorg, ja nog meer, vertroetel, as 'n prinses behandel. Dit is nie toevallig dat die Here sy profeet hier laat opnoem, nié die alledaagse dinge soos brood en water nie, maar die weelde-artikels — koring, mos, olie, goud en silwer.

En nou het Israel nie alleen sy God vergeet om te weet dat dit uit Sy hand kom nie, maar boonop met al die gawes die afgod Baäl gaan vereer.

Sou Israel werklik nie besef het dat sy aan 'n afgod gee wat sy van God gekry het nie? Nee, dit het Israel geweet, maar tog doen sy dit. Want sien, by Baäl was dit tog soveel prettiger as by die eie altaar. Tog nie so streng en styf en eng as in die eie tempel nie. Daar by die afgodsfeeste kon mens jouself „uitleef" en die volle „vreugde' van die lewe drink tot versadiging toe.

En terwyl Israel in geestelike owerspel agter die Baäls aanloop, moet God toesien hoedat sy gawes aan afgode gewy word. Israel **wou** nie weet dat God nie net die Gewer nie, maar ook die Besitter is van sy gawes. Dat hy dit gee aan die mens nie om homself daarmee op te smuk of om aan afgode aan te bied nie maar om Hom daarmee te dien.

Besef ons dit nog? Dat **alles** ons geskenk word deur God, nie sodat ons onsself as willekeurige beskikkers oor „ons" eiendom kan aanstel nie, maar geskenk word om God te dien, en sy huis daarmee te versorg. Of moet God ons eers in tye van siekte, rampe, droogte en teëspoed dit weer leer

21 November. **Lees** Hosea 7:8-14. **Teks:** Hosea 7:13(c).

ONVERHOORDE GEBEDE.

In hoofstuk sewe word 'n paar gelykenisse voorgehou. Uit die lewenspraktyk neem Hosea verskillende beelde om die boosheid en dwaasheid van sy tydgenote te beskrywe. Een daarvan ontleen hy aan die dierewêreld: „Efraim" is soos 'n onnosele duif sonder verstand. Met die naam Efraim bedoel Hosea die hele Israel. En as Israel as 'n onnosele duif bestempel word, dan is die bedoeling nie dat daar glad geen verstand by hulle is nie. Hulle het juis te veel verstand in die sin dat hulle self hul heil wil uitwerk. Die magtige moondhede was in daardie tyd Egipte en Assirië wat albei met begerige oë na Palestina gekyk het. Nou was Israel van oortuiging dat dit vir homself verstandig sou wees om hulle albei as vriende te behou en so het Israel soos 'n duif rondgefladder van die een na die ander.

Wat Israel egter gedink het verstandig sou wees, was vir die Here dwaasheid omdat Israel sy krag en hulp by Egipte en Assirië gaan soek het in plaas van by God. Nie dat Israel opgehou het om tot God te bid nie. Maar om te bid is mos om jou vertroue op God alleen te stel. Die oë te sluit is om af te sien van mense, af te sien van jouself; alleen maar die Onsielike te sien en die vertroue alleen op Hom te stel.

Daarom dat God die krasse oordeel by monde van Hosea tot Israel rig: „En tog wou hulle verlos, maar hulle het leuens teen my gespreek." Ek wou hulle in stand hou, bewaar, maar hulle het hul vertroue op Egipte en Assirië gestel. Hulle het My nog aangeroep met die mond, maar hulle harte was in Egipte en Assirië. Daarom was Israel se gebede in werklikheid leuens, 'n vroom vervloeking van God.

Nou sou die logiese wees, liewers glad nie te bid nie. Maar dit is die logika van die hel. Ook as u dalk vandag sou redeneer dat dit beter is om liewer nie kerk toe te gaan nie, as om dit net uit gewoonte te doen terwyl daar geen behoefte daaraan is nie. Of om liewer glad nie te bid nie as om 'n huigelaar te wees. Dit is die valse raad van die Satan.

Ons kla dat daar geen verhoring van ons gebede is nie en soek dan die fout by God. Maar dit is nie dat God beter moet hoor nie. Wat verander moet word is dat ons moet leer om reg te bid, met die hart te bid, nie leuentaal te spreek nie. Wat nodig is, is bekering in ons gebede.

22 November. **Lees** Hosea 9:7-14. **Teks:** Hosea 9:14.

'N VERSKRIKLIKE GEBED.

Israel se sonde word in die hoofstuk gestel in die lig van God se ontferming in die verlede. As 'n steggie het God Israel geplant en hulle sou veel vrug dra. As die verbondsvolk is groot verwagting van hulle gekoester. Maar bitterlik is die verwagting teleurgestel. In goddeloosheid het hulle verval met die agternaloop agter afgode aan. Dit is onverstaanbaar dat Israel so ondankbaar, veragtend teenoor God kan wees. Meer onverstaanbaar is egter die verskriklike gebed van Hosea. Hoor hoe bid die man van God!

„Gee hulle o Here, . . . " ja, daar is onder die goddelose menigte tog nog een wat bid en pleit by God.

„Gee hulle, o Here." Goddank, daar is 'n voorbidder op sy knieë en hy brei sy hande na die hemel uit om te smeek vir die volk wat hy so liefhet.

„Gee hulle, o Here, . . . " Dan swyg die bidder. Watter hemelse gawe sal hy van God bid? „Here, wat sal U gee". Daar is so veel wat U kan gee. 'n Nuwe hart dat hulle in U weë mag wandel. Vergewing van hulle oortredinge want hulle weet nie wat hulle doen nie. Ja, dit het Israel meer nodig as brood — God se ontferming en genade.

„Gee hulle, o Here, — wat sal U gee?" En dan kom die verskriklike vloek van die lippe van die bidder — „gee hulle 'n kinderlose moederskoot en uitgedroogte borste." Dit is die allerergste vervloeking wat die Oosterling kan tref. Dit is die bede van Hosea vir sy volk, dat God Israel moet vervloek met die uiterste vloek en hulle verdelg van die aardbodem af deur onvrugbaarheid. Dit is 'n onverstaanbare bede.

En nie met wraakgevoelens of leedvermaak bid Hosea dit nie, maar met 'n stryd in homself. Daarom is die gebed so stotterend. Want dié volk het hy liefgehad. Dit was sy volk. Dit is 'n gebed wat spreek van liefde — liefde tot God, 'n liefde wat groter was as vir sy volk. Daarom kan hy God nabid in Sy vervloeking van sy geliefde volk.

Die vraag is nou of ons liefde tot God ook groot genoeg is dat ons ook kan bid om die ondergang van dit wat vir ons lief en dierbaar is? Of die eer van God vir ons van meer waarde is as eie eer.

Dit is alleen die verskriklike vloek wat oor onse Here Jesus Christus gekom het wat ons leer om die verskriklike vloek van Hosea se gebed te kan verstaan. Dit is in Sy krag alleen dat ek kan bid om die vloekdood van myself, van alles in my waarvoor ek miskien lief is maar wat God tot oneer strek.

23 November. **Lees** Hosea 11:1-7. **Teks:** Hosea 11:3(b).

DIE SONDE VAN ONOPLETTENDHEID.

Dit is goed om nie net God se oordele nie maar ook die rede daarvoor te hoor. In die teksvers word die grond genoem waarom God in toorn ontvlam: „Maar hulle het nie erken dat Ek hulle genees het nie." Die rede is hier die negatiewe sonde van onoplettendheid. 'n Sonde wat ons as mense nie altyd as ernstig beskou nie. Selfs iets wat ons so dikwels glad nie as sonde beskou nie. Maar vir God is die „nie-opmerking" van sy goedheid genoegsaam rede om Israel aan vernietiging prys te gee.

Teenoor die groot goedheid van God word die growwe ondankbaarheid van Israel gestel Toe Israel 'n kind was, swak was, het God hom liefgehad. Hy het die kind vertroetel, met ontferming oor die jongeling neergebuig en hom versorg. Hy het die onervare kind leer loop en toe hy nie meer verder kon nie, het Hy hom op sy arms geneem en gedra. As die kind geval het, het Hy hom genees. Geen liefde was so groot soos sy liefde nie.

Maar Israel het dit alles vergeet. Dit nie eers opgemerk nie. Al die weldade het hulle natuurlik gulsig aangeneem. Tog het hulle dit nie eers 'n „dank U" waardig geag nie, omdat hulle nie daarin God se liefde opgemerk het nie. Dit is die sonde van onoplettendheid, wat neerkom op veragting, geen liefde, geen geloof nie.

Laat ons hieruit leer en aandag daaraan skenk: Onoplettendheid is sonde. Die gelowige „vergeet" nie een van God se weldade nie. Hy kyk sekere dinge nie sommer mis nie. Dit is geen gerieflike verskoning nie. Miskien teenoor ander mense. Maar vir God is dit sonde, sonde wat Hy met de dood straf. Veral sal die gelowige nie by die kruis op Golgota verbyloop en nie sien nie, of gerieflikheidshalwe vergeet wat hy gesien het nie.

24 November. **Lees** Hosea 14:2-10. **Teks:** Hosea 14:2.

BEKERING.

Ná die profesieë van oordeel en die prediking van aanklagte teen die volk Israel staan in die laaste hoofstuk van die boek Hosea die oproep tot bekering. „Bekeer jou Israel, tot die Here jou God." So dikwels het die profeet as onheilsprofeet teenoor sy volk gestaan om

alleen maar te spreek in die Naam van God van verwoesting en geen verlossing, van uitdelging waar geen uitvlugkans is nie. In plaas van seën het hy die vervloeking van God oor Israel afgesmeek.

Maar in hierdie vers sien ons hom as die profeet van die liefde. Ja, kyk hy wil sy volk iets leer; hulle leer om te bid. Op die knieë moet hulle gaan om te sê: Vergeef ons ons ongeregtigheid; wees ons genadig.

Dit is wat die oproep „bekeer jou" beteken. En wat anders is dit as troosvolle woorde, 'n blye boodskap. Bekeringsprediking is immers nie onheilsprediking nie maar altyd spreek dit van God se genade. So ook word hier aan Israel met hierdie woorde gesê dat daar nog moontlikheid tot terugkeer is. Bo die liefdevolle profeet sien ons hier die liefdevolle God. Bekeer jou tot die Here **jou** God. Die woorde „jou God" spreek van die feit dat daar van sy kant af die weg tot Hom oopstaan.

Sekerlik is die oproep tot bekering nooit ook sonder rede nie — „want jy het gestruikel deur jou ongeregtigheid". Vanweë sy sonde moet Israel hom bekeer en dit is sy skuld. Die skuld vir sy goddeloosheid kan Israel nie pak op ander nasies wat hulle verlei het of op die Baäls wat so aantreklik was nie. Die skuld is dié van die sondaar. Maar nooit is die skuld vir God te groot dat daar geen terugkeer moontlik is nie.

Ook vandag nog kom die oproep tot ons as sondaars: Bekeer jou want die moontlikheid tot terugkeer is nog daar. 'n Blye boodskap is dit. Christus het vir ons gesterf. Bekeer jou.

25 November. **Lees** 2 Kor. 5:11-21. **Teks:** Amos 1:1.

ROEPING TOT DIENS.

Amos is afkomstig van Tekoa. Dit is 'n dorpie in Juda wat nie ver van Betlehem geleë was nie, ten suide van Jerusalem. Daar het hy met skape geboer, en elders het hy wildevyebome gekweek. Hy was dus 'n man wat vir sy eie onderhoud gesorg het „Heeltemal selfstandig, sonder om baie ryk te wees," sou ons sê. Hy was nie 'n brood-profeet wat die profete-beroep beoefen het om te kon leef nie. Wat hy gedoen het as profeet, het hy gedoen om 'n heel besondere rede: Hy is deur die Here geroep tot hierdie diens.

Daar is aan ons geen beskrywing van 'n roepingsvisioen gegee soos by ander profete nie. Ons weet net dat hy profeet geword het en skaapboer gebly het. Hy het nie die een beroep vir die ander verruil nie.

As skaapboer van Tekoa het hy waarskynlik dikwels Jerusalem en ander plekke besoek. So het hy in aanraking gekom met baie ongeregtighede: Die verwêreldliking van die volk, die prag en praal van die rykes, die verdrukking van die armes. Dit moes 'n indruk op hom gemaak het.

Tot hierdie skaapboer het die Here gekom met sy opdrag. Hy, Amos, moes die boodskap oorbring; hy moes praat oor die sonde van die volk; hy moes die gerig van God aankondig. Hy moes dit doen daar waar hy beweeg het as skaapboer, as kweker van wildevyebome.

Soos Amos is elke Christen geroep tot profeet, priester en koning. Net soos hy word ons deur die Heilige Gees geroep om in die taal van ons omgewing met die mense te praat. Ons hoef nie tot die profetestand of tot 'n besondere groep te behoort om in ons omgewing die evangelie van Jesus Christus te laat deurklink nie. Ons moet in die beroep waarin ons staan, dienaars van God wees.

26 November. **Lees** Efesiërs 5:1-21. **Teks:** Amos 1:1.

TWEE JAAR VOOR DIE AARDBEWING.

Die tyd waarin Amos optree word vir ons duidelik aangedui. Dit was die goue eeu ten tyde van die konings Ussia en Jerobeam, seun van Joas, ongeveer 750 voor Christus.

Die volk het in 'n toestand van uiterlike welvaart verkeer. Die broedertwiste van vroeër is gestaak. Die buitelandse vyande is verslaan en algemene vrede het geheers. Die mense kon rustig voortgaan met hulle sake. Die rykes het hulleself nog verder verryk.

Hierdie welvaart het ook op godsdienstige vlak geheers. Daar was geen gebrek aan lofoffers en vrywillige offers nie. Ongelukkig was dit slegs uiterlik en oppervlakkig. Die innerlike van die volk was verrot. Daar was geen diepte in hulle nie. Die offers wat gebring is, was gesteelde goedere, geroof van die armes. Bedrieëry was aan die orde van die dag. Maar die volk het in die waan verkeer dat hulle opreg en godvresend was. Hulle het selfs uitgesien na die dag van die Here.

Maar Amos het deur die skyn-heiligheid en skyn-vroomheid van die volk gesien. Hy het die verkeerdhede raakgesien: Hy het die Woord van God, die waarskuwing, gebring. Daar sou geweldige dinge plaasvind as die volk nie tot inkeer kom nie. Daar was nog tyd vir bekering: Twee jaar voor die aardbewing.

Daar is 'n ooreenkoms tussen ons lewe vandag, en die tyd van Amos, twee jaar voor die aardbewing: Welvaart en voorspoed die ken ons goed. Ja, dit gaan uiterlik baie goed met die kerk. Maar is dit innerlik ook so gesteld?

Ons leef ook nou nog voor die dag van die Here. Daar word vir ons nog tyd gegun om ons te bekeer, genadetyd, om ons van die verkeerde weg af te wend.

Die Woord van God roep ons om wakker te word, sodat Christus oor ons kan skyn. Die Woord roep ons om die tyd uit te koop, want die dae is boos.

27 November. **Lees** Psalm 15. **Teks:** Amos 1:9.

GOD IS GETUIE.

Hoe dikwels word daar deur ons verbonde gesluit, ons woord gegee en kontrakte aangegaan sonder dat ons daaraan dink dat God ook by die ooreenkoms teenwoordig is nie! Beloftes wat ons eens gemaak het, word sommer baie maklik verbreek. Ons woord is nie altyd ons eer nie.

Hierdie dinge gaan nie ongemerk by God verby nie. Dit sien ons duidelik in die voorsegginge van Amos oor Tirus: Daar was 'n broederverbond tussen die Feniciërs en die Israeliete. Hiram, hulle koning, het

boustof vir die bou van die tempel aan Salomo gelewer. Dit was dus 'n heel saaklike verbond wat tussen die heidense volk en die godsvolk ontstaan het.

Maar die Feniciërs het hulle nie by die verbond gehou nie. Hulle het die Israeliete as slawe gekoop en verkoop. Daarmee het hulle kontrakbreuk gepleeg. Dit is daaroor dat Amos die gerig van die Here aankondig: God is 'n God wat die belange van sy volk behartig. Hy is 'n regverdige God wat 'n afsku het van die sonde. Die oortredinge teen sy volk sal gewreek word. Die verbond wat gebreek is, sal vergeld word.

Die wete dat dieselfde God óns God is, moet vir ons 'n gerusstelling én 'n vermaning wees: God waak oor ons belange. Maar Hy is ook getuie van elke woord wat uit ons mond gaan, elke gedagte wat ons het en elke daad wat ons doen. Vir die Christen dra elke woord die karakter van 'n eed, want God is altyd getuie.

Hoe dikwels verbreek ons nie verbonde nie, hoe dikwels pleeg ons nie meineed nie? Hoeveel maal verloën ons nie Christus soos Petrus dit gedoen het nie? Maar daar is vir ons die vertroosting: By God is vergewing. Hy roep ons telkens weer tot inkeer.

28 November. **Lees** Amos 2. **Teks:** Amos 2:6-8.

WEES DAN BARMHARTIG SOOS JULLE VADER OOK BARMHARTIG IS.

Nadat Amos begin het om die strafgerigte van God oor die heidense nasies aan te kondig, het hy die kring al nouer en nouer getrek. Damaskus . . . , Moab, Juda en uiteindelik Israel, die verbondsvolk. Oor die oortredinge van Israel gaan hy veel dieper in as dié van die heidene. Omdat Israel die verbondsvolk is, is hulle verantwoordelikheid so groot. Daar is nie 'n rede waarom God toegeeflik teenoor hulle sou wees nie. Die teendeel: Omdat God vir sy volk omgee, daarom is Hy streng.

God het beveel dat die mens barmhartig moet wees, want Hy is barmhartig. Maar Israel het nie barmhartigheid bewys nie. Onderdrukking van die arme en liefdeloosheid teenoor die swakke was algemene verskynsels. Die volk het geen bewys daarvan gelewer dat hulle die kinders is van 'n barmhartige God nie.

Enkele voorbeelde van die verval van die volk word genoem: Sosiale, kulturele en godsdienstige verval het ingetree. Hoewel die mense nog godsdienstige byeenkomste gehou het, het hulle dit in sonde gedoen, gedoen met middele wat hulle van die armes verkry het. Selfs die dogters van die armes word misbruik.

Inderdaad was die sonde van Israel groot. Ons stem daarmee saam. Maar hoedanig is ons eie lewe, hoe is ons ingestel op barmhartigheid? Wat is ons houding teenoor die diens van barmhartigheid wat elke gelowige moet verrig? Word daar nie te veel aan die owerheid oorgelaat, en doen ons self nie te min nie? Waarom moet instellings soos weeshuise en ouetehuise altyd wurg om te kan voortbestaan?

As ons nie dieselfde beskuldigings as die Israeliete teen ons wil hê nie, moet ons ons plig as gelowige, onder andere barmhartigheid, nakom. Ons moet dit doen uit dankbaarheid vir God omdat Hy ons barmhartigheid bewys in Jesus Christus; omdat Hy ons met alle goeie dinge wil versorg.

29 November. **Lees** Amos 3. **Teks:** Amos 3:12.

VALSE GERUSTHEID.

Amos, die skaapboer uit Tekoa, gebruik 'n baie bekende verskynsel om mee te illustreer wat hy wil sê: As 'n roofdier 'n skaap verskeur het, dan moet die skaapwagter 'n oorblyfsel daarvan na die eienaar toe bring om te bewys dat die dier wel verskeur is en nie gesteel nie. Die oorblyfsel is iets gerings soos 'n paar pote of 'n oorlappie.

Hierdie gelykenis vertel hy aan die selfversekerde Israeliete wat staatmaak op hulle redding; wat uitsien na die dag van die Here. Ja, sê Amos, julle sal gered word, maar op 'n manier wat julle nie dink nie! Die redding wat daar vir hulle wag, is eintlik maar vernietiging, veroordeling.

Die Here is die Herder van Israel. Hy sorg vir die volk want daar is 'n verbond tussen Hom en hulle. Daar kom wel vernietiging onder die volk deur die leeu, die Satan, maar 'n deel, hoe klein ookal, word gered.

Jesus Christus is die goeie Herder wat sy skape oppas. Hy gee selfs sy lewe daarvoor om sy skape te red. Maar wat gered word, is nie groot getalle nie, want baie is geroep, maar min uitverkies.

Nou sien ons wat gerustheid beteken. Baie mense sê hulle is geloofsversekerd, hulle vertrou. Maar is daardie vertroue nie baiemaal valse gerustheid nie?

Tot elkeen van ons kom hierdie woorde van Amos. Daar is 'n moontlikheid dat slegs 'n paar pote of 'n oorlappie al is wat nie verlore gaan nie. Laat dit vir ons 'n aansporing wees tot self-ondersoek en verootmoediging. Laat ons nie al te regverdig voor God wees nie, maar laat ons besef dat ons nietig is en net deur die goeie Herder gered word, en nie deur onsself nie.

30 November. **Lees** Amos 4. **Teks:** Amos 4:11.

GOD WIL ONS TOT BEKERING LEI.

Voorspoed en teenspoed, albei kom van die Here. Deur die werking van hierdie twee pole in die lewe van die mens, wil God die mens steeds tot bekering lei; bekering van die verkeerde weë.

Amos vertel hier hoedat God verskillende male en op verskillende maniere teenspoed gestuur het. Die doel daarvan, sien ons, is bekering. Dit is soos 'n refrein dat hierdie woord opklink:: Nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE.

Dit is God wat oor die lewe van die mens beskik. Dit is Hy wat in sy liefde, daardie liefde wat alle verstand te bowe gaan, na die mens kom. Hy wil die mens na Hom toe neem. Ja, dikwels doen God so baie om te sien of die mens hom nie maar tog tot God wil keer nie.

Die mens is dikwels geneig om teenspoed te sien as godverlatenheid. Maar hier leer Amos ons nou net die teenoorgestelde: In teenspoed is God juis besig met ons. Hy is juis daarmee besig om ons van sy bestaan, sy ywer bewus te maak.

Daar was maar een plek waar God 'n mens verlaat het in teenspoed: Dit was aan die kruis van Golgota waar Jesus uitgeroep het: My God, my God, waarom het U My verlaat? Daarna sou God ons nooit verlaat nie, maar probeer Hy ons steeds na Hom toe trek en by Hom hou.

Ons antwoord op hierdie handeling van God moet die bekering wees; daardie voortdurende terugkeer na God. Bekering is immers nie 'n daad wat vir eens en vir altyd afgehandel kan word nie. 'n Bekeerde mens is alleen bekeer as hy 'n bekerende mens is.

1 Desember. **Lees** Amos 5. **Teks:** Amos 5:19.

ONTVLUGTING IS NIE ALTYD BEVRYDING NIE.

Daar was in dié tyd groot voorspoed in die land. Die volk het die ou vyand, die Arameërs, verslaan. Staatkundige en maatskaplik voorspoed het geheers. Die mense het begin om te dink dat hierdie voorspoed die gevolg is van hulle geregtigheid. Daarom het hulle uitgesien na die dag van die Here wanneer hierdie voorspoed volvoer sal word.

Maar Amos waarsku hierteen. Die dag van die Here sal vir hulle duisternis wees en geen lig nie! Dit bring veroordeling en nie bekroning nie. Wat nodig is, is bekering: Julle moet haat wat sleg is en liefhê wat goed is. Die volk is te gerus, te selfvoldaan.

Dan word daar 'n gelykenis vertel van die man wat die leeu en die beer ontvlug het. Veilig kom hy tuis. Daar waar hy gerus is, daar waar hy veilig voel, weg van die groot gevaar, is 'n klein verborge slangetjie in die muur. Die man rus met sy hand teen die muur en die giftige slang pik hom.

As ons ons eie lewe in oënskou neem, kan ons nie dieselfde bespeur nie? Die leeu en die beer het ons ontvlug. Ons geniet rus en voorspoed. Dit lyk of God ons spesiaal begunstig. Maar dan moet ons nie dink dat God ons seën omdat ons so goed is nie! Laat ons nie té gerus wees nie. Ons het tuisgekom na die vlug voor die leeu en die beer. Nou mag ons waaksaamheid nie verslap nie. Ons moet weet dat ons nog steeds die gevaar by ons het. Dit is die gevaar van eiegeregtigheid, van selfvoldaanheid. Weet ons nog steeds dat ons sondaars is? Het ons berou daaroor of is ons trots daarop?

Ons mag weet dat ons Verlosser leef, maar ons moet ook weet dat daardie Verlosser gedien moet word, want 'n verbond het twee dele.

2 Desember. **Lees** Jona 1:1-10. **Teks:** Jona 1:3.

DIT IS NIE MOONTLIK OM GOD TE ONTVLUG NIE.

Ninivé was die hoofstad van die Assiriese ryk. Na hierdie groot stad stuur God vir Jona om teen die bedorwe sedes wat 'n gruwel geword het voor God se aangesig, te preek. Maar die bevolking van Ninivé was 'n heidense volk. Hulle het die God van Israel nie geken nie. Jona deins terug vir hierdie opdrag. Dit druis teen sy aanvaarde beginsels as Jood in want 'n nie-Joodse volk het mos nie aanspraak op die God van Israel nie. Verder is dit ook 'n ontsaglike taak want die vreemde stad is geweldig groot en wie weet wat die bedorwe Niniviete met hom sal aanvang.

Hy vlug na Tarsis onder die aangesig van God weg — so dink Jona altans. Maar met 'n storm op see, toon God aan Jona en aan die heidense seelui dat dit nie moontlik is om van sy aangesig weg te vlug nie, of om van sy roeping jou te onttrek nie. Hy is die God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het. Hy laat Hom nie inperk tot die landsgrense van Kanaän of die tempel van Israel nie.

So laat God Hom ook nie beperk tot die binneruimte van 'n kerk of die golflengte van 'n radio nie. Hy is 'n God wat gehoorsaamheid gebied, — ook op 'n Maandag en vir die res van die week — elke dag. Die weg word berei vir Hom wat sou kom om alle grense te verbreek. Sy roeping is 'n voortgesette roeping: „Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies . . . en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."

Dit eis gehoorsaamheid. Ontvlugting van hierdie bevel moet straf verwag.

3 Desember. **Lees** Jona 1:11-17. **Teks:** Jona 1:14.

NIE NET 'N GOD VIR DIE JODE.

Nadat God die lot so bestuur het dat Jona aangewys is as die skuldige oor wie se Gods-ontvlugting die ramp die heidense seelui getref het, het die see nog al ontstuimiger geword.

Jona bied homself aan om in die see gegooi te word. Dan sal die storm bedaar want hy weet dat dit om sy ontwil is dat die storm oor hulle gekom het. Die seelui kan aanvanklik nie op so 'n ontsettende daad besluit nie. Hulle menslike gevoel is daarteen en verder vrees hulle dat hulle voor hierdie almagtige God skuld op hulleself sou laai.

Dan, ten einde raad, besluit hulle op die uiterste. Eers bid hulle egter tot die Here. Hulle is so onder die indruk van sy grootheid dat hulle ook vrees dat hulle Hom mag vertoorn as hulle sy dienaar dood sou maak. Hulle bied as't ware vooraf verontskuldiging aan. Hy moet hulle dit nie toereken as vergieting van „onskuldige bloed" nie.

Hulle neem Jona dan en werp hom in die see. Kort daarna bedaar die storm. Nou is die heidense seelui nog meer vervul met vrees vir die almagtige Heer wat die storm verwek en nou ook weer tot kalmte gebied. Daarom bring hulle aan die God 'n slagoffer uit eerbied en dank vir Sy reddende genade.

God het die gebed van die heidene verhoor. Dit is 'n heenwysing na die tyd wanneer die onderskeid tussen Jood en heiden (nie-Jood)) opgehef sou word. Die weg word berei vir Hom wat sou kom as „'n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk Israel."

4 Desember. **Lees** Jona 1:17-2:10. **Teks:** Matt. 12:40.

DIE REDDING.

Nadat Jona deur die seelui in die see gegooi is, beskik God dit so dat 'n groot vis hom insluk. Vir die eerste keer wend Jona hom nou in gebed tot die Here vanuit die ingewande van die vis. „Uit benoudheid het ek die Here aangeroep, en Hy het my verhoor." God het in antwoord op die gebed van Jona dit so beskik dat die vis hom na drie dae weer sou uitspuug.

Die eerste indruk is dat dit 'n smeekgebed is om redding. Lees ons verder dan sien ons dat dit in werklikheid 'n dankgebed is vir 'n reeds-verkrygde redding. Daarom moet ons dit ook verstaan as 'n dankgebed wat deur Jona gesing is ná sy redding. Dit staan hier omdat die danklied ook beskrywe hóé hy in sy nood tot God geroep het.

Op direkte of indirekte wyse word vier sake hier aan ons verkondig: Eerstens die nood van Jona wat as straf vir sy opgehoorsame ontvlugting vir die bevel van God nou in die „binneste van die doderyk" in die uiterste nood verkeer. Tweedens dink Jona in hierdie uiterste nood aan die Here. — Sy gebed het tot by Hom gekom in Sy heilige tempel. Die Here het hom verhoor en hom „uit die kuil opgetrek". Vierdens het Jona 'n lofoffer aangehef tot eer van God vir die verlossing — „Wat ek beloof het, sal ek betaal".

Wanneer die Fariseërs van Christus 'n teken vra, dan gee Hy aan hulle die teken van Jona.

Die nood van die sonde het geroep om verlossing en God het die smeekgeroep aangehoor. In 'n genadige verlossing het Hy Sy Seun gestuur wat vir die ganse menslike geslag vir drie dae moes neerdaal na die hel en wat op die derde dag weer op sou staan. Daarmee is die ganse menslike geslag uit die kuile van die dood uitgetrek en moet ons saam met Jona offer met 'n stem van lof — „Die heil behoort aan die Here."

5 Desember. **Lees** Jona 3:1-10. **Teks:** Jona 3:10.

GOD IS 'N BARMHARTIGE GOD.

Op die tweede bevel van God gaan Jona na Ninivé om die oordeel van God oor die stad vanweë die boosheid van die inwoners, te verkondig. Na veertig dae sal die ontsaglike groot stad verwoes word.

Reeds die eerste dag se verkondiging bring 'n hele ommekeer in die stad teweeg. Die Niniviete glo God en as teken van berou roep die koning 'n algehele vas vir mens en dier uit. Alle mense moet hulle ook weerhou van verdere kwaad en tot die Here bid.

Toe die Niniviete in berou hulle tot God gekeer het, het God nie die onheil wat Hy aan hulle laat verkondig het, oor hulle gebring nie. Daar word gesê dat God „berou" gehad het oor die onheil wat Hy gesê het Hy hulle sou aandoen. Dit skryf 'n menslike kwaliteit aan God toe. Is God dan nie onveranderlik nie? Juis: na Sy regverdige oordeel is Hy onveranderlik. Maar die oordeelsprediking vra ook gehoorsaamheid en gee die geleentheid tot bekering. Hy openbaar Hom aan die sondaar as 'n streng Regter, maar aan diegene wat in berou voor Hom staan, as 'n God van barmhartigheid.

God bewys sy barmhartigheid tot ons daarin dat Christus vir ons almal gesterwe en opgestaan het. Die wat dan ook in 'n waaragtige berou oor sy eie ongeregtigheid glo in die genadige geregtigheid wat deur Christus verkry is, staan geregverdig voor 'n regverdige Regter wat barmhartig is.

6 Desember. **Lees** Jona 4:1-11. **Teks:** Jona 4:2.

DIE BARMHARTIGHEID GEE AANSTOOT.

Voordat die veertig dae wat die verwoesting van Ninivé sou voorafgaan verstreke is, maak God aan Jona bekend dat Hy die stad vanweë hulle bekering nie meer sou verwoes nie. Die Goddelike genade is só teen Jona se sin dat hy eintlik kwaad word. Dat hy na God gaan met sy toorn is 'n ligpunt, maar na die inhoud is sy gebed sondig en dwaas. Hy waag dit om God te verwyt oor wat Hy gedoen het. Hierin staan Jona teenoor Abraham wat tot die laaste gepleit het vir Sodom se behoud.

Jona wil homself nog steeds regverdig oor sy ongehoorsaamheid wat hom tot by die rand van ondergang gebring het. En hy is ook self op geen ander manier gered as juis deur die barmhartigheid van God nie.

Hier word in Jona die dwase en sondige mensekind sigbaar. Hy kan die weë van God se lankmoedigheid nie verstaan nie. Sy eieliefde en eer was sekerlik daarby ook gekrenk omdat sy oordeelsverkondiging nou nie waar sou word nie.

Jona is die dienskneg wat sy Meester te swak vind en wat reken dat hy beter weet hoe dié se eer gehandhaaf moet word, hoe met die wat teen Hom staan gehandel moet word. Eintlik eien Jona die oordeel vir homself toe.

Jona is vir ons die voorbeeld van Petrus en die ander dissipels wat aanstoot aan hulle Meester sou neem. Toe Hy aan sy dissipels begin toon het dat Hy veel moes ly het Petrus Hom ook bestraf en gesê: „Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie." Hy is die voorbeeld van almal wat in die ou tyd en ook nou ywer vir God se eer met 'n hardheid en liefdeloosheid. Dit is in stryd met die lankmoedigheid wat God aan sondare betoon. Die diens aan die Meester op hierdie wyse druis teen Sy wese en sy gebod in.

Die antwoord van die Here op hierdie dwase, toornige vraag van Jona, laat hom nogeens toe om in oorvloed te deel in Sy lankmoedigheid en liefde. Die lankmoedigheid en liefde oor en vir alle mense is die kern van hierdie bybelboek.

7 Desember. **Lees** Nahum 1:1-15. **Teks:** Nahum 1:7.

DIE GOD VAN TOORN IS 'N TOEVLUG.

Vir 'n tweede keer kondig 'n profeet die ondergang van Ninivé, die Assiriese hoofstad, aan. In sy lankmoedigheid het die Here voorheen die stad begenadig.

God word beskryf as 'n gedugte wreker wat die toorn teen Sy vyande behou. Hy duld geen mededinger naas Hom nie. Hy is 'n jaloerse God wat Hom teen afgodery en beeldediens wend. Diegene wat sulke dinge bedryf, is vyande van God en sal nie staande bly voor Sy grimmigheid en die gloed van sy toorn nie.

Maar die Goddelike wese het ook 'n ander sy. Die Here is „goed". Hiermee word sy vriendelike gesindheid aangedui teenoor sy toorn. Dit word ook nader gespesifiseer as „'n toevlug in die dag van benoudheid", dat Hy dié wat by Hom skuil „ken". „Ken" beteken dat God gemeenskap het met die wat op Hom vertrou. Daar is 'n verbondenheid waarin Hy hulle lot sy lot maak en dus ook die wat by Hom skuil help.

Nêrens anders het Hy Homself so met die nood van die mense (en dus met ons) verbind as toe Hy Sy enigste Seun gestuur het nie. Toe het Hy die gloed van God se toorn en die gramskap van God oor die sonde van die wêreld op Hom geneem.

In Christus se lyde en sterwe het die toorn van God en sy goedheid mekaar ontmoet. In Hom „ken" God ons ten volle — het Hy ons lot syne gemaak. Hy is sonde vir ons gemaak.

Die Here is 'n regverdige Regter wat nooit ongestraf laat bly nie; maar die straf vir ons sonde die het Hy gedra. Daarom kan ons ook as sy volk by Hom skuil.

8 Desember. **Lees** Nahum 2:1-13. **Teks:** Nahum 2:2.

DIE VERNIETIGING VAN DIE WÊRELDMAGTE.

Aan Ninivé word aangekondig dat 'n verwoester teen haar optrek. Die oproep om die vestings te bewaak en die mag te versterk, lyk eintlik soos 'n spottaal. Die verwoester is immers 'n instrument in die hand van die Here want Hy sê: „Kyk, Ek het dit teen jou, . . . en Ek laat jou strydwaens in rook opgaan." — Wie sal dan voor Hom bestaan?

In vers twee word die val van Ninivé in verband gebring met die bevryding van die volk van die Here. Vir die herstel is die val van Ninivé noodsaaklik. Jakob se heerlikheid en ook die van Israel is alles wat Jakob asook Israel se voorregte uitmaak, naamlik sy posisie as volk van God met al die uitwendige seëninge wat dit meebring. Hierdie heerlikheid het verlore gegaan want plunderaars het dit geplunder en die wingerdlote verniel. Dikwels word die volk van God met 'n wynstok en sy lote voorgestel.

Die vervulling van hierdie profesie bewys dat dit slegs gedeeltelik letterlik op Israel betrekking kon hê. Die hoofsaak of sentrale vervulling van die profesie is toe God in Christus Sy koninkryk opgerig het. Toe het Hy al die vyandige wêreldmagte oorwin en sy volk bevry en dié se heerlikheid gevestig.

Sy volk is die nuwe Israel — sy kerk. Die beeld van die wingerdlote woord voortgesit: „Ek is die ware wynstok, julle die lote."

9 Desember. **Lees** Miga 1:1-16. **Teks:** Miga 1:3.

„DIE HERE GAAN UIT SY WOONPLEK UIT."

In 'n tyd waarin die opwinding en geesdrif vir Kersfees besig is om op te laai en die gelowige nie kan help om op te merk hoe oppervlakkig en ligsinnig die meeste hiervan geword het nie, pas dit ons om die stem van die profeet Miga te verneem. Die gedagte wat in hierdie tyd vir gelowiges voorop staan, naamlik die koms van God na die aarde, is ook 'n gedagte wat die profeet in hierdie Skrifgedeelte boei — die moontlikheid dat God na die aarde kom. Dog waar dit vir ons byna vanselfsprekend is om oor hierdie feit in terme van blydskap te dink, hou hierdie moontlikheid vir Miga verskrikking en toorn oor die sondaars in. Die profeet word soos sy groot tydgenoot, Jesaja, deur die sosiale en politieke misstande van sy tyd genoop om kragtige protes te

laat hoor. Hy belewe sy tyd as 'n tyd waarin nederige afhanklikheid en trou teenoor God vervang is met voorbarige en eiesinnige selfvertroue. Selfverloënende geloof moes voor eiemagtigheid wyk. Die tempeldiens het van laasgenoemde simbool geword. Eweneens is afgodery in 'n toenemende mate ingevoer om die eiereg en onafhanklikheid van die volk teenoor God te beseël.

Dit is hierteen dat Miga heftige protes laat hoor. In sy profesieë gaan dit nie om vervelige sedepreke nie, maar om op profetiese trant die alwerksaamheid, alwetendheid, almag en daadkrag van God te verkondig. Teenoor mense wat maar al te veel bewus was van die feit dat hulle onvolkome was en dit tog nie wou weet nie, verkondig hy die volkomenhede van God. Hier skilder hy die moontlikheid van die koms van die Here onder die teken van God se jaloersheid oor sy eer (Eerste Gebod). In beeldende terme word die Here voorgestel as 'n Regter wat kom om onreg te wreek, dit wil sê die onreg teen sy Naam. Veroordeling, verdoemenis en ellende is die lot van diegene wat die eer van die Here aan hulleself of aan hulle handewerk wil laat toekom.

Miga herinner ons daaraan dat die koms van die Here na die aarde net so veel 'n oordeel oor die godveragters is as wat dit 'n blye oomblik is vir dié wat op die Here wag. Alleen hulle wat die oordeelsdag vreesloos en blymoedig tegemoet kan sien, durf geesdriftig en opgewek Kersfees tegemoet gaan. Die Kindjie in die krip is rede tot vreugde en hoop vir die gelowige, maar teken van bedreiging en gevaar vir die bose.

10 Desember. **Lees** Miga 2:1-13. **Teks:** Miga 2:4.

GOD BEPAAL SELF WAT SY BELANGE IS.

Die volk van Juda het die geloofsbenadering ten opsigte van die godsdiens vervang met blote selfsugtige motiewe. Die godsdiens van Abraham, Isak en Jakob, soos oorgelewer deur Moses en Aäron, het 'n versekering van die volk se veiligheid en sukses geword. In plaas daarvan dat God gedien is omdat dit Hom toekom, is die tempeldiens bedryf met die veronderstelling dat dit die volk van Juda en stad Jerusalem teen ondergang sal bewaar. So het die godsdiens 'n hefboom in die hande van mense geword.

Dit spreek vanself dat hierdie benadering wesenlik afbreuk gedoen het aan die wese van daardie godsdiens soos deur die vadere oorgelewer. God word gemaak tot 'n marionet. Mense handel asof Hy niks meer is as 'n magtelose en persoonlikheidslose rat in 'n groot masjien wat deur die mens beheer word nie. Die enigste rede vir sy bestaan is om die opdragte en wense van die mense uit te voer. Hy het Homself immers verbind om so te doen. Is dit nie **sy** stad, **sy** land, **sy** volk nie? Hulle belange is outomaties sy belange. Miga waag dit om hierdie gewilde sienswyse die nek in te slaan. Vir hom bly God die Een wat die inisiatief behou. **Hy** is de Een wat bepaal watter belang Hy met de mense wil deel. Die belangrikste van hierdie belange is sy eer. Al die ander is in ooreenstemming hiermee en hieraan ondergeskik.

Daarom sal Hy nie vir 'n oomblik huiwer om wat vir die mense na absolute waarde lyk, omver te werp as dit dien tot vermindering van sy eer nie. So sal Hy nie vir 'n oomblik huiwer om die volk van Juda van hulle land en grondgebied te vervreem as Hy agterkom dat hulle lojaliteit wat regmatig aan Hom toekom, al meer en meer op die land en materiële belange aldaar oorgaan nie. Miga wil inderdaad so 'n vervreemding voorspel.

Miga se profesie slaan nie net op die verskillende ballingskappe wat die Jode beleef het nie, maar juis ook op hul groot geestelike ballingskap: dié buite die Kerk van Jesus Christus. Hulle sogenaamde onvervreembare aanspraak op die reg om die Godsvolk te wees, is deur hulleself ongedaan gemaak toe hulle die Here, Jesus Christus nie sy eer wou gee nie. God se Messias was vir die volk van Juda nie aanvaarbaar nie, asof die mens ooit 'n regmatige aanspraak teenoor God gehad het.

Laat ons dan die les leer: nooit iets tussen ons en God laat kom nie, selfs nie eens onsself nie. God die Drie-enige het behae in dié wat Hom eer. Dit doen ons deur waarlik in Hom te glo.

11 Desember. **Lees** Miga 3:1-12. **Teks:** Miga 3:11b.

GODDELIKE TEENWOORDIGHEID.

Miga skilder vir ons 'n beeld van hoe verdraaid godsdiens maar kan wees. Die gedagte by Paulus dat die wese van die heidense godsdienste geleë is in die veronderstelling dat die mens homself voor God kan heilig en red, kom hier reeds ter sprake.

By die ou profete was daar geweldige teenkanting teen die bou van 'n tempel. Ons het alle rede om te glo dat 'n groot deel van hierdie teenkanting die gevolg was van wat die profete by die kanaänitiese godsdienste gesien het. Daar is die gode deur middel van beelde en tempels vereer, maar op so 'n wyse dat dit heel duidelik was dat die aanbidders van die veronderstelling uitgegaan het dat die tempels en die beelde die gode tot teenwoordigheid verplig. Die heidense gode was niks meer as bonatuurlike mense nie, en die heidene self in hulle eie oë niks anders as mindere gode nie. Die basiese uitgangspunt was dat daar 'n natuurlike wesenlike verband tussen die gode en die mense was. Die gode van die land was in werklikheid niks meer as die hoogste burgers van die land nie. Die godsdiens was die medium van kommunikasie en die middel om die vrede tussen mense en gode te bewaar, beide tot voordeel van die land.

Die tema van Miga se prediking kom ook hier te pas: God behou die inisiatief; **Hy** is die Almagtige, die Alwyse, die Alwerksame; Hy is outonoom. Wat die ou profete gevrees het, het gebeur. Saam met die tempel het die Godsvolk ook die heidense beskouing van die tempel oorgeneem. God word deur sy tempel verplig om in Jerusalem teenwoordig te wees. Hy as die hoogste burger van die land is verplig om die land en volk teen aggressie te beskerm.

Hoewel soveel eeue later, is ons as mense nog steeds geneig om te dink dat God 'n verpligting teenoor ons het en wel om ons materiële en nasionale belange te beskerm. God is verplig om teenwoordig te wees. Dit is waar, God het 'n verpligting teenoor mense, maar dan alleen in soverre Hy Homself verplig met sy verbonde. Ons staan onder die teken van die Nuwe Verbond. Jesus as Hoof van die Kerk is met die volk van die Nuwe Verbond tot aan die einde van die dae. Hierdie teenwoordigheid is nie die waarborg van veiligheid vir aardse belange en rykdomme nie, maar die waarborg van voortbestaan vir die Kerk. Het ons 'n behae in veiligheid en permanensie? Dan sal ons behae hê in die Kerk en die Koninkryk van God as ons vaderland.

12 Desember. **Lees** Miga 4:1-14. **Teks:** Miga 4:2b.

DIE WYE DRAAGWYDTE VAN DIE OPENBARING.

Daar is maar net een waarheid — dit is die veronderstelling waarmee Miga hier werk. Net soos wat daar net een Skepping, een wêreld en een werklikheid is, kan daar net een waarheid wees. Hierdie waarheid word deur die mens van alle eeue gesoek. Dit is naamlik die waarheid wat uiteindelik handel oor die sin van alles en die sin van die mens. Dit is per slot van rekening die waarheid omtrent God.

Miga voorsien 'n dag waarop die volkere van die wêreld na Sion sal opsien as plek van Openbaring. Daar moet 'n oomblik kom waarop die leuen finaal voor die mag van die waarheid moet wyk, 'n oomblik waarop God self sy waarheid aan die mense sal bekend maak. Dan sal alle ideologiese redetwis vergete wees omdat sulke twis die gevolg is van menslike verskil oor wat die waarheid is.

Miga wil hom dus nie net met oordeelsprediking besig hou nie, maar laat ook die klank van genade en verlossing hoor. Dit sal geskied wanneer die vyand van die waarheid, naamlik menslike eiegeregtigheid, sonde, uitgeban is. Die dag wanneer God self die Regter sal wees. Dan sal sy reg en geregtigheid geld en sal Hy met gesag sy norme van waarheid, dit is die enigste norme van waarheid, aanlê. En almal sal erken dat Hy met waarheid oordeel, omdat hulle in Hom die waarheid sal erken.

Die profeet is hier baie duidelik besig met die laaste dinge. Dit pas ook dat ons sal onthou dat Jesus Christus se koms direk in verband met die laaste dinge gereken is. In Hom is die waarheid van God aan die mensdom geopenbaar. In Hom leer die mense hoe God is, asook hoe die mens is. Hy is die verpersoonliking van al God se openbaringe — deur sy wet en deur sy woord. Hy ís die Waarheid. Gedeeltelik het die profesie van Miga dus reeds in vervulling gegaan. Sion is in 'n sekere sin reeds die middelpunt van die wêreld. In die Kerk is volkere dwarsoor die wêreld verteenwoordig en het die gelowiges reeds 'n blik op die waarheid en die vrede verkry.

Dog hierdie profesie slaan ook op die laaste dag wanneer die goddelike gerig gehou sal word. Dan sal letterlik alle volkere met die waarheid gekonfronteer word en hulle sal moet erken dat dit die waarheid is. Vir diegene wat die waarheid lief het, dit wil sê waarheid van Christus, sal dit 'n dag van groot blydskap wees, maar dit sal ook

'n dag van vrees en bewing wees vir diegene wat die waarheid haat. „Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is." (Evangelie van Joh. 2:21).

13 Desember. **Lees** Miga 5:1-14. **Teks:** Miga 5:1.

DIE MESSIAS UIT BETLEHEM.

Nadat die profeet sy profesieë aangaande Jerusalem en Sion uitgespreek het, verskuif sy aandag geheel en al na 'n klein dorpie in die suide van die land: Betlehem. Hierdie dorpie vorm eintlik 'n kontras met die groot stad wat so pas behandel is. En tog is hy nie minder belangrik nie. Dit kom ons dadelik agter as die profeet op 'n formele wyse die dorpie aanspreek by albei sy bekende name: Betlehem Efrata. Want uit hierdie dorpie sal die Messias na vore kom.

Die bedoeling van hierdie vers was nie net om te kenne te gee dat die Messias uit die nageslag van Dawid sou wees nie, maar Betlehem word inderdaad uitgewys as die plek waar hy gebore sou word. So is dit ook deur die ou Skrifgeleerdes verstaan (Mat. 2:5, 6; Joh. 7:42). Ook die vroeë Kerk het hierdie teksvers so verstaan.

So het dit dan ook gebeur. Jesus Christus is in Betlehem gebore. Na Betlehem het die Wyses uit die Ooste gekom. Dit was Betlehem se herders wat die Kindjie in die krip sondermeer as die Messias aanvaar het. Die Christuskind se begin was vol van belofte. Dit was egter sy verdere lewe wat 'n struikelblok was vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke. Sy verdere lewe het vir die Jode nie na die vervulling van die res van Miga se profesie gelyk nie. Hy die sagmoedige, het nie aan die Joodse ideaal van die Messias voldoen nie.

'n Groot deel van hierdie misverstand moet toegeskryf word aan die feit dat die tweede deel van ons teksvers nie die nodige aandag ontvang het nie. In die tweede deel word 'n belangrike goddelike eienskap aan die Messias toegeskryf; tydloosheid en ewigheid. In soveel woorde word gesê dat die Messias goddelikheid sou hê. Dit spreek dan vanself dat Miga sy tema van goddelike alwysheid, alwerksaamheid en geregtigheid ook hier as agtergrond sou veronderstel: hoe die Messias op die ou end sal wees, sal God self bepaal; die profesieë is net tot enkele aanduidinge in staat.

Ook vandag nog is daar mense wat vol van verwagtinge op loop gaan met die Christuskind uit Betlehem om dan na 'n ruk tot die ontnugtering te kom dat Jesus heeltemal anders is as wat hulle Hom voorgestel het. Laat ons tog oppas om nie met 'n bestelling by die Christus aan te kom nie. Laat ons onthou dat Hy God is en ons mense. Hy is soos wat Hy in sy goddelike alwysheid verkies om te wees, of ons Hom nou so aanvaar of nie — die Kind in die krip, Jesus aan die kruis, die opgestane Heer wat sit aan die regterhand van God, die Vader, en wat kom om te oordeel die lewende en die dode.

14 Desember. **Lees** Miga 6:1-16. **Teks:** Miga 6:7 en 8.

WAT GOD VERLANG.

Dit is eenmaal gesê dat niks vir die natuurlike mens so vernederend is as die leer dat God die mense genadig is nie. As 'n mens daaroor nadink, kan 'n mens goed verstaan waarom dit so is: die natuurlike mens is iemand wat nie graag wil weet dat hy met leë hande voor God staan nie. Die natuurlike mens hou daarvan om aan homself te dink in terme van krag, vermoë, invloed. Hy wil homself ten minste sien as enige iemand se gelyke, maar beter nog, as sy naaste se meerdere. Selfs vir God wil hy nie graag terug staan nie.

As die Woord ons dan leer dat die mens onvolkome is, geskaad deur sonde en dat sy enigste hoop op verlossing en saligheid geleë is in die verwagting dat God hom genade sal betoon, spreek dit vanself dat hierdie leer vir die natuurlike mens aanstootlik sal wees. Van nature gaan die leer van die Bybel dus teen die grein van elke mens se aard in. Dieselfde rede was ook die oorsaak waarom die leer van die Kerk deur die geskiedenis meermale van koers af geraak het.

Dieselfde gedagte is ook hier van toepassing. Die volk van die Verbond het liewer aan hulle natuurlike ingesteldheid gehoor gegee as aan die Woord van God. Gaandeweg het hulle in hulle godsdiensbeoefening wegbeweeg van die Bybelse opvatting van die verhouding tussen God en mens. Waar die Openbaring leer dat die mens as onvolkome en sondig, eerbied, ootmoed en liefde teenoor God verskuldig is, het die Verbondsvolk al hoe meer hulle verhouding met God gesien as soortgelyk met die verhouding tussen twee kontrakvennote. Die sonde van die mens het al hoe minder klem ontvang, terwyl die „vermoë" van die mens om homself as kontrakhouer te laat geld, oorbeklemtoon is.

Daarom verbaas dit nie as die profeet Miga die neiging om al hoe groter en luisterryker offers te bring uitwys as voortspruitend uit sondige oorwegings nie. Mense wat van genade niks wil weet nie, probeer die guns van God vir hulleself te **verdien.** Van ootmoed en selfverloëning wil hulle niks weet nie, maar alles van selfregverdiging en selfheiliging. In dié proses is daar probeer om mekaar te oortref met die omvang en grootte van offers.

Miga wys egter daarop dat God nie hierdie dinge vra nie. Hy vra maar net dat die mens sy sondige aard sal erken en die eer aan Hom as Onvergelykbare sal gee. God word nie gedien in terme van 'n kontrak nie, maar in terme van sy genade, en in terme daarvan vra Hy liefde.

15 Desember. **Lees** Miga 7:1-20. **Teks:** Miga 7:18, 19 en 20.

DIE ENIGE EN ONVERANDERLIKE GOD.

Hoewel Miga 'n tyd van teëspoed en beproewinge vir volk voorsien, voorspel hy tog ook 'n tyd van uitredding wat sal herinner aan die uittog uit Egipteland. Soos blyk uit die aanvang van die Tien Gebooie was die uittog uit Egipteland in die geskiedenis en godsdiens van Israel 'n gebeurtenis van allesoorheersendse betekenis. Daar het God Homself geopenbaar as Een wat daadwerklik ingryp in die geskiedenis en uitred, wat sy volk teen onderdrukkers beskerm en hulle tot volle waardigheid onder die volkere lei. Maar na hierdie gebeurtenisse wat

vir Miga so belangrik is dat hy dit met die uittog vergelyk, sal die volk God ook ken as Een wat nie 'n oomblik sal huiwer om sy volk tot gehoorsaamheid en ootmoed te straf nie, en tog nie 'n behae het in ewigdurende wraak nie. Sy oogmerk is liefde. Daarom huiwer Hy ook nie om sonde te vergewe en genade te betoon nie.

Miga het 'n baie belangrike aspek in die goddelike wese raakgesien. Al is ons nog in die Ou Testament, kry ons hier in die slotwoorde van hierdie profeet reeds 'n definitiewe blik op die Nuwe Testament, veral waar hierdie woorde in verband met die komende Messias uitgespreek word.

As Jesus Christus na die aarde kom, is dit sodat die sonde van die mense vergewe kan word. Vergifnis en versoening — die slotgedagtes van hierdie boek — gaan in vervulling met die koms van Jesus Christus. As ons nog enigsins getwyfel het dat Ou- en Nuwe Testament bymekaar hoort, behoort ons na die lees van Miga van daardie twyfel ontslae te wees. Die gedagte van stygende Openbaring word duidelik uit die Bybel self.

Ook 'n ander twyfelgedagte word opgeruim: die twyfel aan die enigheid en goddelike geïnspireerdheid van die Skrif. Die Bybel is 'n boek sonder gelyke wat met geen ander geskrif van enige godsdiens vergelyk kan word nie. Dis 'n enige Boek omdat dit leer van die enige, onvergelykbare en onveranderlike God. Dié God wat nie deur mense uitgedink is nie, maar wat lewe; wat ver bokant die denke en dade van mense verhewe is en tog met die mense is. Dit is God soos Miga reeds iets van Hom verstaan het. Dit is God soos Jesus Christus Hom aan ons geopenbaar het.

16 Desember. **Lees** Ps. 44:1-9. **Teks:** Habakuk 3:13.

ONS VOLK OOK GERED.

Trou aan die Gelofte van ons Vaders moet ons en ons kinders vergader om ons voor God te verootmoedg. Te Bloedrivier is ons volk deur Sy Genade ook by die profesie van Habakuk betrek. Op hierdie dag, meer as 'n eeu gelede het ons vaders ook as ellendiges geroep en die Here het gehoor.

„Zoals een Sabbat" behoort die erediens en die suiwere evangelieverkondiging die middelpunt van ons verrigtinge te wees. Die prediker wat heenwys na die reddende regterhand van God deur Jesus Christus het vir ons veel meer te sê as die belangrike en welsprekendste spreker. Vir laasgenoemde persone, hoe goed hulle dit ook bedoel, is daar vele ander geleenthede.

Ons tekswoord het God deur die profeet ook aan ons volk gebring om ons daaraan te herinner dat Sy Heil, Redding en Verlossing ook vir ons en ons nageslagte in ons mooi Suiderland reëel waar en werklik gemaak het.

Nie die strategie, veldheerkuns of die voorlaaier het Dingaan se Impi's verdryf nie maar Sy Genade alleen en ons vaders se geloof in Hom. Soos 'n Dawid met sy slingervel is die aanvalle van die swart hordes aangedurf en gestuit.

Waar ons volk vandag deur velerlei aanslae fisies en geestelik bedreig word bestaan die vraag: Indien ons geloof in God verswak en verwater, dat 'n volgende Bloedrivier vir ons net so gunstig sal verloop? As God Sy uitverkore volk deur die smarte van 'n Egiptiese, Babiloniese of Assiriese ballingskap heengevoer het om hulle tot hom te bekeer, wie is ons dat die heiden of kommunis ons nie ook sal trotseer nie.

Laat ons aan ons kinders sê dat by Bloedrivier God ons met 'n sterke hand uitgered het, soos Hy Sy volk uit die slawehuis van Egipte en elke sondaar deur Christus Jesus uit die slawehuis van Egipte wil lei. Met hierdie belydenis en benadering kan ons met geloof die uitdaging aanvaar en onder Sy Banier, omgord deur die wapen van die geloof, die toekoms trotseer.

17 Desember. **Lees** Ps. 62:1-9; Sefanja 2:1-3. **Teks:** Sefanja 2:1.

OPROEP TOT VEROOTMOEDIGING.

Nadat ons gister Geloftefees gevier het, of versuim het om dit te doen, is die woorde van Sefanja vir ons dringend, vermanend en aktueel. „Kom tot julleself, ja kom tot inkeer." Soos die trotse volk eers die knie in verootmoediging moes buig, moet ook ons ons trotse, selfversekerde ydelheid en onverskilligheid laat vaar.

Ons vind so min tyd en geleentheid om tot inkeer te kom. Ons snelle gang en drukke lewensprogram het ons vasgevang soos 'n drenkeling in 'n draaikolk of stroom wat nêrens heen wil nie. Ons raak geestelik nog kant nóg wal. Ons word gekondisioneer en geïndoktrineer deur 'n wêreldmening, koerant of radio wat vir ons dink en besluit. Die individu begin sy karakter verloor en bloot naprater en nabootser word van wat vir ons voorgeskryf word.

Die gevaar bestaan nou dat dit vir ons belangriker word hoe die mens ons sien en wat die mens van ons sou sê. Was dit nie altyd so dat die sondaar eers soos 'n Pulus vir God moes vra: „Here wat wil u hê dat ek moet doen nie." Dat Hy moet voorskryf, Sy Woord die eerste en laaste sê het en dat ons enigste boodskap of getuienis aan ons naaste moet wees: „So spreek die Here Here nie? Dit betaam die gelowige om voordat hy na willekeur luister na 'n bepaalde ideologie, filosofie of gepropageerde lewensopvatting of wêreldbeskouing, om gelowig te antwoord „spreek Here, U dienskneg of U diensmaagd luister."

Die wêreldmening wat ons tot inkeer wil roep, dra meer die karakter van welsyn as heil. Omdat die mensdom van alle eeu se werklike nood nie die tydelike stoflike dinge is nie of was nie, maar sy sielenood, sy sondenood, moet ons in hierdie adventstyd ons vensters en deur van ons harte wyd oopmaak na Christus wat in die wêreld gekom het om sondaars te red. Nederigheid, lydsaamheid, ootmoed en gehoorsaamheid het Hy vir ons geleer van sy krip af tot aan die kruis van Golgota. Is die kneg dan meer as sy Heer of die boodskapper as sy Koning dat ons dit nie ook sal doen nie?

18 Desember. **Lees** Sefanja 3:14-17; Rom. 8:31-39. **Teks:** Sefanja 3:14-15.

IMMANUEL — GOD MET ONS.

Na die gerig en oordeel kom die frisse klanke van Sy heilsbelofte. Vir 'n deur sonde geteisterde volk stuur die Here Sy gesant om die Messiasgedagte in te skerp.

„Die Here het jou oordele opgehef, jou vyand weggeveeg; die koning van Israel, die Here is by jou . . . "

Hoewel die mens God verlaat en Sy hand gelos het, het God getrou gebly, steeds met ons bemoeienis gemaak en nooit laat vaar die werke van Sy hande nie.

Die heilsbelofte het met die koms van Christus tot vervulling gekom; by woorde het dit nie gebly nie maar God se grote liefde het in Christus waar geword.

Die volk moes weet dat die Woord vlees geword het en onder ons kom woon het. Deur Sy Seun het die Vader Hom reëel sigbaar aan ons geopenbaar.

Die voortvlugtende mens met die oorsaak van sy ewige honger en kommer kon nou sy angste afskud want die Heer wat mag het in die hemel en op die aarde is by ons.

Kersfees wil opnuut beklemtoon hoe naby die Skepper aan Sy skepsel gekom het. Die Seun van die mens staan tussen die sewe kandelare om die soms rokende ou lamppitjies brandende te hou. Van ons wieg tot by ons graf en selfs by die ope graf verby hoor ons Sy roepstem . . . „Kyk Ek is met julle . . . "

Die eensame kan nou nie meer sê: Here ek het niemand soos die man van Bethesda nie, want die Groot Iemand, ons Redder en Verlosser, staan vlak by ons.

Vir die onverskillige dien dit tot waarskuwing maar vir die biddende gelowige dien dit tot vertroosting. Ek is nooit meer alleen as weduwee, weeskind of wewenaar nie. Langs my sterfbed, my krankbed, my eensaamheid, vrese en bekommernis klink die Kersboodskap. Die Here is by jou, jy sal geen kwaad meer vrees nie.

19 Desember. **Lees** Ps. 8; Luk. 1:46-56. **Teks:** Hab. 1:13.

STILLE VERBASING.

Die Psalmdigter het eens met verbasing uitgeroep: „ . . . wat is die mens dat U aan hom dink en die mensekind dat U hom besoek?"

Met dieselfde verbasing roep ons dit ook saam met die profeet uit. „Waarom aanskou U die trouelose?" Die kersevangelie wil aan die sondaarmens sê dat God in hierdie dae opnuut ons toeroep. „Waar is jy my kind." Deur die koms van Christus het God so onuitspreeklik diep neergedaal om 'n trouelose volk te bereik.

Deur die sonde van die eerste Adam het die afstand tussen God en mens so onherstelbaar groot geword, dat nog 'n groter wonder moes geskied om dié breuk te herstel. Uit niks het Hy hemel en aarde gemaak en deur Sy Seun aan ons te gee moes Hy so 'n massa sonde deur die mens voortgebring, tot niks reduseer. Slegs deur die verlossingswerk van Christus kan u en ek Hom onse Vader noem en slegs deur die Kindjie van Betlehem terug antwoord. „Hier is ons, Vader, maar ons het gesondig en is nie werd om U kind genoem te word nie."

Kan ons dan anders as om met stomme verbasing uit te roep; „waarom my Vader?" Geen taal of tong kan hierdie wonder besing, geen hart kan dit ten volle begryp nie. Soos 'n Elizabeth met verbasing moes uitroep en 'n Maria moes betuig moet ons as feesgangers op pad na Kersfees, hoewel stil van verbasing, in die gees gaan neerkniel by die krip van Betlehem. Sy Woord lei ons soos die ster van Betlehem na Christus toe en aan Hom alleen die goud, wierook en mirre van dankbaarheid en aanbidding toebring. As ons dan sou vra waar is die Koning van die Jode, ja ook my Koning, mag ons in die week wat voorlê Hom herontdek in ons planne, in ons huwelik, in ons Kerk, in ons hart en ons ganse bestaan. Laat ons dan nie die Kersgebeure as vanselfsprekend aanvaar nie, maar met opregte verbasing op ons „waarom" die antwoord vind. „Want so lief het God die wêreld gehad . . . "

20 Desember. **Lees** Ps. 16:1-11. **Teks:** Sefanja 3:20.

GOD BEPAAL ONS WEË.

Koning Josia die seun van Amon, die koning van Juda het met sy pragtige hervormingswerk probeer om die lot van sy volk te verander. Ons weet egter dat sy goeie werk deur sy opvolgers vergeet, verwerp en tot niet gemaak is. Meer as 'n vrome Josia sou nodig wees om die lot van die volk te verander. Die ewige dood en verdoemenis sou die mens se deel wees.

Deur genade alleen en deur die verlossingswerk van Christus alleen kon die lot van dood na lewe, van duisternis na lig, van hel na hemel verander word.

Die psalmdigter leer ons al dat die Here die deel van my erfenis en van my beker is, Hy onderhou my lot. Daar is dus vir die gelowige geen duistere mag of noodlot wat sy lewe beheer nie. Die Griek en Heiden het dit geglo. Die gelowige sien sy lot as iets kosbaars in die hand van God. Of dit beproewing, of dit dood, krankheid of vernedering is, word dit deur God gewil, en dit wat Hy wil en doen is heilig. Daarop swyg die mens en antwoord ons stil en berustend. Ja Amen Heer, dit wat U doen is wel gedaan.

Die kersevangelie verkondig aan 'n verloregaande wêreld dat God voor ons oë ons lot verander het. Nie omdat ons dit verdien het nie maar alleen deur die soenverdienste van Christus wat in Betlehem gebore is.

Die vrees en angs in ons hart verander na vrede, berusting en blydskap en die murmurering en weeklag op ons lippe verander in die danklied en lofprysing.

My „ek" wat die oorsaak van al my smarte en kommer is, wil ek dan kruisig en biddend bely: „Ek leef nie meer nie maar Christus leef in my." Laat ons dan die groot Hervormer en Herskepper van ons lot die middelpunt nie net per geleentheid in hierdie Kerstyd maak nie, maar oor my veranderde lot lofsing tot in ewigheid.

21 Desember. **Lees** Sefanja 2:1-3; Hosea 6:1-11. **Teks:** Hab. 2:1.

VERMANING TOT INKEER.

Die moderne mens kan van enigiets beskuldig word behalwe dat hy nie besig is nie. Die snelkloppende polsslag van die moderne haastige lewe tel sy slagoffers by die duisende.

Vandag was weer 'n besige dag. Hier moes iets nog allerhaas voor vakansie of Kersfees afgehandel word, daar nog 'n laaste inkopie en om ons merk ons ons naaste ewe besig en haastig. Tot ons grootste onsteltenis ontdek ons etlike belangrike sake wat op die langebaan geskuif is en nou inderhaas ons aandag moet geniet. So worstel ons in 'n mierneskompleks om met 'n gewete wat pla en 'n innerlike verwyt te ontdek dat Oujaar aangebreek het met Kersfees 'n week reeds verby sonder dat dit vir my die vreugde van Christus gebring het.

Die ware Kersfees wil iets aan u en my sê. Daar is 'n dringende boodskap wat ons ore moet bereik en waarsonder die Kersgebeure vir ons leeg en betekenisloos is.

Elkeen word opnuut by die naam geroep en word ons van Godsweë weer duidelik aangespreek. Om Sy stem bo die jolyt en rumoer van die moderne ontaarde feesgewoontes om ons te verneem, maan die profeet Habakuk om ons af te sonder. „Op my wagtoring wil ek gaan staan en op my skansmuur my stel en ek wil speur om te sien wat Hy in my sal spreek." Soos 'n wagter op die mure moet ons van die geestelike bedompigheid in en om ons ontsnap om weer perspektief te verkry en soos Paulus dit aan die gemeente van Efese stel.

Die lengte en die breedte, die diepe en die hoogte. Kry ons dit reg om ons van die oppervlakkige groef waarin ons vasgevang is los te skeur, ontdek ons die volle glorie van die sin en betekenis van die koms van Christus in ons geskiedenis, ons hede en verlede.

Gevestig op die wagtoring kan ons eers opreg 'n Josef en Maria sien aankom na Betlehem. Met die blik op die velde van Efrata kan ons die herders gewaar, die engele se vredesboodskap verneem en die Kindjie in doeke toegedraai vind.

22 Desember. **Lees** Jes. 41:8-14; Jes. 61:1-6. **Teks.** Sefanja 3:18.

UITNODIGING TOT ALLE BEDROEFDES.

Uit 'n geestesklimaat van chaos, ongeloof, valse kultusse en afgodiese praktyke spreek die profeet Sefanja God se oordeel uit.

Vertwyfeling, droefheid en verdriet word gemaai waar onverskilligheid en goddeloosheid gesaai word. Vir hulle wat ly en in die valstrikke beland het, bring Sefanja ook die boodskap van groot blydskap.

Oor drie dae vier ons Kersfees; te midde van die chaos van hierdie eeu gaan ons weer opregte kersvreugde geniet. Met kersvreugde in die hart, kersliedere op ons lippe, kersliggies, geskenke en kaarte met die mooiste wense in ons hand, bowe-al, met die evangelie, kan die vermoeide en verwarde mens werklik Christus-fees vier.

Ongelukkig is genoemde vreugde nie vir almal beskore nie. In ons midde, dalk in ons huis, ons gemeente of gemeenskap, is diegene wat nie by die krip van Betlehem kan gaan kniel nie. Ons harte gaan uit na diegene wat weens een of ander gebeure nie saam met ons bly is nie — hulle wat bedroef is en ver weg van die fees.

Ons hoor die weeklag van die eensame wewenaar, die weduwee of kind wat by die ope graf moes verby gaan. Inrigtings is oorvol van die geestelik versteurde, die liggaamlik gestremde, eensame grysaards in ouetehuise. Pyn, smart en kommer verhinder hulle wat ernstig krank in hospitale verkeer. Berou of verbittering vind ons in gevangenisse. Onverskilligheid saai die wrakstukke dik langs ons lewensweg waar ons dalk op weg na ons fees by diegene verby loop, lewe en dink wat geknel is in boeie van die dwelmmiddel, alkohol en sedeloosheid.

Vir die baie bedroefde is die Kind, in Betlehem gebore, het Hy in Getsemane geworstel en op Golgota gesterwe. God se grootste kersgeskenk was juis om diegene wat ver van die fees is te versamel, en soos die Verlore Seun te verwelkom.

Verstaan ons dit reg, dan word ons blywende feesgangers wie se kersvreugde nie volgende week ophou nie maar bly tot in ewigheid.

23 Desember. **Lees** Luk. 1:26-38. **Teks:** Luk. 1:30-33.

DIE GEBOORTE VAN DIE VERLOSSER AANGEKONDIG.

Die engel Gabriël kom met 'n besondere aankondiging na Maria toe. Hy kondig aan dat daar 'n Seun vir haar gebore sou word. Hy begin sy aankondiging deur te sê dat sy genade by God gevind het. Die grootheid van hierdie genade lê daarin dat sy uitverkies is om swanger te word en geboorte te gee aan die Seun van God wat mens sou word om 'n sondige mensdom van verderf te verlos. Daarom moes die Seun, waaraan sy geboorte sou gee, ook Jesus genoem word. Jesus beteken: die Here red. Dit is ook wat Jesus sou doen. Hy het gekom as die Here wat van sonde red. Hy die Seun van die Allerhoogste het 'n verlore mensdom so lief gehad dat hy mens geword het om ons as ons Here te verlos. Hierdie Seun wat gebore sou word, is ook die een wat op die troon van Dawid kom sit om as koning oor sy volk, die gelowiges te heers, maar sy koningskap is anders as 'n wêreldse: dit is 'n ewige waaraan daar geen einde is nie. Dit kan ook nie anders nie, want sy koningskap sou Hy bevestig deurdat Hy die twee groot vyande van elke mens sou oorwin, naamlik sonde en dood. Hierdie oorwinning het Hy behaal waar Hy aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan het. So het hy die volle aanspraak verkry om nie net oor die lewe van elke gelowige nie, maar oor die hele wêreld te heers. Dit is die geboorte wat aan Maria aangekondig is, daarom kan die Engel ook tereg sê dat sy genade by God gevind het. Maar nou kan ons juig, nie net sy nie; so het elkeen van ons genade by God gevind.

24 Desember. **Lees** Luk. 1:57-80. **Teks:** Luk. 1:66.

DIE GEBOORTE VAN DIE WEGBEREIDER VAN DIE VERLOSSER.

Alles aan die ontvangenis en geboorte van Johannes was anders. Toe daar geen hoop meer was dat die bejaarde kinderlose egpaar 'n nageslag sou hê nie, gebeur die wonder: Elizabeth verwag. Wat hierdie gebeure nog meer verbasend gemaak het, is dat Sagaria stom geword het vandat sy vrou begin verwag het. Hierby kom nog dat toe die kindjie besny geword het, sy moeder nie sy vader se naam aan hom wou gee nie, maar die naam Johannes. Hiermee het Sagaria ook ingestem. Toe gebeur nog 'n wonder: Sagaria kan weer praat. Al hierdie tekens is deur

die mense ter harte geneem sodat hulle aangevoel het dat die Here hierdie kindjie vir groot dinge bestem het. Daarom kom die vraag terug: „wat sal tog van hierdie kindjie word". En wat het nie van daardie kindjie geword nie? Die Here het hom gelei om die weg te berei vir Jesus Christus, ons Verlosser. Deur dit wat hy dwarsdeur die land gepreek het, het Johannes die weg berei vir die optrede en prediking van Jesus. Oral waar hy die doop van die bekering tot vergifnis van sonde verkondig het, het Johannes Jesus se weg as Verlosser voorberei. Dit is wat van daardie kindjie geword het. Waar Jesus, vir Wie Johannes die weg berei het, nou op daardie weg gekom het, kan elke gelowige wat van sy eie kind vra: wat sal van hom word? bly wees. Hy kan weet dat Jesus langs die weg wat vir Hom berei is, gekom het om vir ons en ons kinders die weg tot saligheid te berei. Ons hoef nie meer bekommerd te wees oor wat van ons kindjie sal word nie; Jesus het die weg tot die Vader daargestel.

25 Desember. **Lees** Luk. 2:1-7. **Teks:** Luk. 2:7.

DIE GEBOORTE VAN DIE VERLOSSER.

Hoe eenvoudig beskryf Lukas nie Jesus se geboorte nie. Dit is so natuurlik en lewensgetrou dat dit byna moeilik gaan om dit te aanvaar. Die menslike gevoel sou die geboorte van die Verlosser heel anders wou hê. Hier by Lukas vind ons niks van die sentimentele mooidoenery en speel op die gevoel waarmee die Kersfeesvierings van ons dag oorlaai word nie. Die geboorte van Christus word nie mooier, indrukwekkender en hartroerender gemaak as wat dit is nie. Ons het te doen met 'n doodgewone gebeurtenis in die alledaagse gang van die lewe. Josef en Maria moet hulle aanpas by die omstandighede waarin hulle is — daarom word die kindjie in die krip gebore. Soos enige ander baba word Jesus ook in doeke toegedraai. Waarom is die geboorte juis so? Omdat wat hier gebeur dit is dat die Seun van God mens geword het om te wees soos enige ander mens. Hy het hom so verneder dat Hy as doodgewone mens die wêreld ingekom het. Daar was geen heerlikheid aan sy geboorte nie. Dit was maar net nog 'n mens wat gebore is. Daar is egter een verskil: dit is die Seun van God wat uit liefde vir 'n verloregaande mensdom vlees aangeneem het. Ongesiens soos Hy in die wêreld gekom het sou Hy in daardie selfde liefde ook uit die wêreld gaan, maar dan as Gods Seun wat as mens aan die kruis gesterf het om die mense van sonde en dood te verlos. Dit is alles behalwe doodgewoon. Dit is Goddelike liefde en genade.

26 Desember. **Lees** Luk. 2:8-20. **Teks:** Luk. 2:17.

BESOEKERS BY DIE VERLOSSER WAT GEBORE IS.

Die eerste besoekers by die Kindjie wat in Betlehem gebore is, was herders uit die omliggende landstreke. By hulle kudde in die veld het 'n engel aan hulle verskyn en aan hulle bekend gemaak dat die lang verwagte Saligmaker, die Verlosser, in Betlehem gebore is. Hulle het toe na Betlehem gegaan om juis hierdie Kindjie, die Verlosser, te sien. Met watter getuienis gaan hierdie besoekers aan die Kindjie wat gebore is, daar weg? Oral het hulle die woord bekend gemaak wat aan hulle van

die kindjie vertel is. Hulle het die blye tyding uitgedra: die Saligmaker is gebore. Hieroor het hulle God ook geloof toe hulle weer teruggekeer het na hulle kudde toe. Dit was waartoe hulle besoek aan die Kindjie Jesus, wat gebore is, gelei het.

Die gelowige lê ook met elke kersfeesviering in die gedagte besoek af by die kindjie wat in Betlehem gebore is, maar met watter getuienis gaan hy die dag daarna weg? Hy sal kan vertel van die groot maaltyd, van die lekker piekniek, van die baie drankies, van die blink geskenk — net die Kindjie in die krip het hy nie raak gesien nie. Sy besoek aan Betlehem was 'n besoek waar daar nie 'n oomblik kans was om aan die voete van die Kindjie neer te buig nie. Dit was 'n Kersfees met 'n vergete Christuskind. Die gelowige moet egter weet dat hy sy besoek aan Betlehem alleen soos die herders kan aflê met die blye boodskap van die engel in die hart: „dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is, die Saligmaker wat Christus die Here is." (Luk. 2:11).

27 Desember. **Lees** Luk. 2:21-24. **Teks:** Luk. 2:21(a).

DIE VERLOSSER, WAT GEBORE IS, SE WEG IN DIE WÊRELD.

In Betlehem is daar 'n Kind gebore, die Seun van God wat mens geword het om ons van sonde te verlos. Hy het langs gewoon-menslike weg die lewe binnegekom, maar watter weg sou Hy in hierdie wêreld bewandel, Hy wat tot sulke besondere dinge bestem was, tot Saligmaker en Verlosser van die wêreld. Die evangelie toon dat Hy die weg van 'n gewone mens gegaan het. Net soos enige ander Joodse kind is Jesus ook op die agste dag besny en het Hy sy Naam ontvang. Die Seun van God het in sy sondaarsliefde so volkome mens geword, dat Hy in alle opsigte behalwe die sonde een met hulle geword het. Hy is besny en het so deel gekry aan die verbond wat God met Abraham en sy volk gemaak het. So het Jesus deel geword van Gods volk en gemeente. So is Jesus nou ook gebind om gehoorsaam te wees aan Gods wet. Watter liefde spreek nie hieruit nie. Die Seun van God wil die sondige mensdom waarlik verlos. Sy liefde is so groot dat Hy mens geword het om die verlossing te kan bewerk. So volkome het Hy mens geword dat Hy in alle opsigte met hulle een geword het. Hy sou selfs ook as Besnedene, wat tot die verbond van God behoort, die Wet, wat ons nie kan onderhou nie, vir ons in volmaakte gehoorsaamheid onderhou. Jesus se besnydenis bevestig weer vir ons die waarheid van Heb. 4:15 „Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde."

28 Desember. **Lees** Luk. 2:25-40. **Teks:** Luk. 2:29-32 en 38.

HULLE WAT OP DIE GEBOORTE VAN DIE VERLOSSER GEWAG HET.

In Jerusalem was daar twee mense wat die geboorte van die Verlosser verwag het; Simeon en die profetes Anna. Simeon het die gawe van die Heilige Gees ontvang en die Heilige Gees het dit aan hom openbaar dat hy die Christus, die Verlosser van die wêreld, sou sien. Waar Josef en Maria Jesus na die tempel bring om Hom, as eersgeborene, volgens die gebruik van die wet, los te koop, word hierdie belofte aan hom vervul. Hy kan die Christus in sy arms neem. By die ervaring van

hierdie voorreg het Simeon tot 'n profetiese lofsang oorgegaan. So dankbaar was hy dat hy die Verlosser en Christus kon sien dat hy nou bereid is om in vrede te sterf. Hy het die heil van die Here gesien en dit is genoeg. Die Kindjie wat hy in sy hande hou, weet hy, is gestuur om die heil en saligheid aan alle volke te bring. Die Kindjie sou die lig van die heilswaarheid aan alle volke bring en juis so is 'n groot eer aan Israel gedoen. Ook Anna, die profetes het die Here geloof toe sy Jesus sien. Hy was die Verlosser wat hulle verwag het. Hierdie blye boodskap het sy aan almal gebring wat saam met haar in geloof en hoop gewag het op sy koms. Simeon en Anna se verwagting was nie tevergeefs nie. Ook ons verwagting van die heil en saligheid is nie tevergeefs nie, daarvan getuig Simeon en Anna se blydskap. Die Here het sy belofte aan ons gehou. Die Verlosser op Wie gewag is het gekom, die Heil en Lig van die nasies is daar vir elkeen wat Hom, soos Simeon, in die geloof om-arm.

29 Desember. **Lees** Luk. 2:41-52. **Teks:** Luk. 2:49.

DIE VERLOSSER WAT GEBORE IS EN DIE LERAARS VAN SY VOLK.

Die twaalfjarige Jesus verkeer tussen die leraars in die tempel. Gewoonlik word hierdie gebeurtenis so voorgestel asof Jesus in 'n twisgesprek met die leraars verkeer het. Dit was egter nie so nie. Dit was slegs 'n gesprek waarin daar oor en weer vrae gevra en antwoorde gegee is om so tot 'n duideliker verstaan van Gods wet te kom. Josef en Maria het nie geweet dat Jesus in Jerusalem agtergebly het nie. Na 'n soektog van drie dae spoor hulle Hom in die tempel op. Maria wil tereg weet waarom Hy so gemaak het. Dit is 'n vraag wat ons ook kan vra by die lees van hierdie gedeelte: waarom het Jesus agtergebly vir die leergesprek met die leraars? Die antwoord gee Jesus self: Hy moet in die dinge van sy Vader wees. Hy is die Seun van God wat gestuur is om die wil van die Vader aan die wêreld te openbaar. Hy het gekom om die volle betekenis van die Ou Testament te openbaar. Hy het gekom om te openbaar dat God genadig is en die verlossing en heil van die mens wil. Dit het Hy ten duidelikste geopenbaar met sy sterwe aan die kruis. Reeds daar op twaalfjarige leeftyd in die tempel is Jesus besig met die dinge van die Vader Wie se wil Hy kom volbring en openbaar het. Sy hele lewe deur sou Hy besig wees met die dinge van sy Vader sodat ons vandag duidelik en helder kan weet wat dit vir ons beteken en wil sê. Die dinge waarmee Hy daar besig was, het Hy uitgebou tot die blye boodskap van die Vader se liefde, genade en barmhartigheid wat in die Seun ten volle geopenbaar is.

30 Desember. **Lees** Luk. 3:1-20 en Gal. 5:16-26. **Teks:** Luk. 3:8(a).

VRUGTE VAN BEKERING: ALLEEN MAAR WERKE?

Bekering is vrug van die Gees van God. Soos wat die werking van die Gees, en daarom ook bekering, nie eenmalige, losstaande gebeurtenis is nie, is die vrugte van die bekering ook nie bloot losstaande, aanwysbare werke nie.

Bekering word wel moontlik gemaak deur 'n eenmalige gebeurtenis: die sterwe en opstanding van Christus. Net so is bekering, dit is sondebelydenis, en geloof dat jou sonde vergewe kan word deur Christus, werklik **afsterwe** van die oue mens, en opstanding van 'n **nuwe** mens. Hierdie nuwe mens, die bekeerde, word dan deur die Gees in Christus beklee met 'n nuwe **lewe.** En hierdie nuwe **lewe** is die vrug van die bekering. Met ander woorde nie my vrug nie, maar God's vrug in my.

Hierdie nuwe lewe vind wel uiting in aanwysbare werke, maar hulle is maar slegs sigbare tekens van die eintlike vrug, die nuwe lewe.

Hierdie nuwe lewe is dus veel meer as net werke. Dit is nuwe gesindheid teenoor God, wat uiting vind in lofprysing en aanbidding, deur belydenis van sy Naam met woorde én werke, kortom, deur die mens wat jy is. Dit is ook nuwe gesindheid teenoor jou naaste: vers 10-14.

Die werke, as ons dan van die vrugte van die bekering as werke wil praat, is dus nie werke wat met opset gedoen word nie. Hulle vloei as vanself voort uit die nuwe lewe, en het dus eintlik die Gees van God as oorsprong.

So gesien behoort ons leuse dus te wees, nie die strewe na werke nie, maar die bede, „Bekeer ons tot U, Here, dan sal ons bekeer; vernuwe ons dae . . . " (Kol. 5:21). Dan sal die werke vanself voortvloei, soos wat 'n goeie boom nie anders kán as om goeie vrugte voort te bring nie. Hierdie „werke" sal dan ook waarlik „vrugte" wees: „ . . . liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." (Gal. 5:22).

31 Desember. **Lees** Rom. 7:1-6 en Luk. 3:7-14. **Teks**: Luk. 3:8(a).

VRUGTE VAN BEKERING: ALLEEN MAAR WOORDE?

Ons noem onsself Christene. Elke dag kruisig ons opnuut die oue mens van sonde, en staan ons in Christus op met 'n nuwe lewe. Daarom dra ons die naam Christen. Daarom sit ons nou hier rondom die Woord van God. Daarom lewe ons 'n nuwe lewe. So glo ons; so bely ons.

Pas ons belydenis op die lewe wat ons lei?

Lei ons hierdie lewe wat ons bely ook teenoor ons werkgewers en werknemers, ons vriende, ons huismense? Sien hulle ook in ons 'n mens beklee met 'n nuwe lewe, wat uitvloei in liefde, blydskap, vriendelikheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing? Met ander woorde is ons lewe in die week dieselfde as ons lewe Sondag in die Kerk, in die kort oomblikke as ons saans Boekevat? Verskil ek van hoe ek in hierdie kort oomblikke van my lewe is soos dag by nag van hoe mense my andersins ken?

Rondom hierdie vrae, rondom my elke-dag-se-lewe, staan of val my belydenis. Ek is in der waarheid „skyn-heilig" as ek negatief moet antwoord, want dan pas my lewe nie op my belydenis nie, en mislei ek myself. My belydenis is dan slegs maar per geleentheid 'n handige truuk.

So die Here wil, gaan ons straks 'n nuwe jaar binne. Steeds bly bekering 'n voortdurende saak van elke dag, steeds moontlik deur die eenmalige offer van Christus: 'n hartelike berou daaroor dat ek God deur my sonde vertoorn het, sodat ek dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug, om te kom tot 'n innige vreugde in God deur Christus; 'n lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe.

Deur die genade van die Here God het Christus ook vir my gesterwe, en deur Sy groot lankmoedigheid het die byl nog nie geval nie. Selfs vir die „Addergeslag" (v. 7) was daar deur Sy genade nog tyd: „Dra dan vrugte wat by die bekering pas . . . "

Memorandum

Memorandum